

DIE ERVARING VAN MAG IN KONFESSIONELE BYBELSE BERADING

deur

MARIZA TROSKIE

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER THEOLOGIAE

in die vak

PRAKTIESE TEOLOGIE - MET SPESIALISERING IN PASTORALE TERAPIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF D J KOTZE

MEDE-STUDIELEIER: PROF H J C PIETERSE

NOVEMBER 2003

ABSTRAK

Hierdie navorsing het die wyse ondersoek waarop mense konfessionele pastorale terapie ervaar. 'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering was gebruik om die ervaring van mag in pastorale berading te ondersoek, asook die rol van die pastoor in die proses van berading. Die studie het ook 'n ondersoek geloots na die rol wat die diskoers van mag in die beradingsproses van die kliënte gespeel het.

Die navorsingsinligting is verkry deur onderhoude te voer met mense wat deur pastore in die AGS Kerk (Apostoliese Geloof Sending) beraad is. Vanuit die inligting wou ek sien hoe hierdie kliënte die berading ervaar het. Die resultate van die studie belig die wyse waarop diskoerse kliënte potensieel in verskeie subjekposisies plaas, en die effek wat hierdie ervarings op hulle het.

Die navorsing veronderstel dat die rol van kennis en mag 'n invloed op die berading sal hê as berading op pastorale vlak geskied. Alhoewel die bevindings van hierdie studie nie veralgemeen kan word nie, stel dit 'n meer kontekstuele agtergrond van mag en konfessionele pastorale berading voor.

Sleutel woorde

Kennis is mag; Konfessionele Teologie; Kontekstuele Teologie; Feministiese Teologie; Diskoers; Geslagsdiskoers; Patriargale Diskoers; Magsdiskoers; Post-modernisme; Taal en Stories; Waarheid; Etiek; 'Normaliserende Blick'; Weerstand teen mag; Bewustheid; Verantwoordelikheid; Ervarings van mag.

ABSTRACT

I wanted to investigate the way people experienced confessional pastoral therapy by conducting a qualitative research study. The role of the pastor were examined as well as the effect of discourses of power and ethics in pastoral counseling.

I interviewed clients who were counseled by pastors of the AFM Church (Apostolic Faith Mission). The research supposes that knowledge and power discourses have a major influence in pastoral counseling which is often not accounted for. I wanted to see how clients experienced the effects of these discourses of power and ethics. I furthermore wanted to see how these power discourses could result in clients feeling subordinate to the pastor and his knowledge and the effect that these feelings might have on them.

The purpose of this study was not to generalize the experiences of the participants, but rather to set a contextual background of the experiences of power in confessional pastoral counseling.

Key terms

Knowledge is Power; Contextual Theology; Confessional Theology; Feminist Theology; Discourse; Gender discourse; Patriarchal Discourse; Power Discourse; Post-modernism; Language and Stories; Truth; Ethics; 'Normalizing Gaze'; Resistance of Power; Awareness; Responsibility; Experiences of Power.

INHOUDSOPGAWE

ABSTRAK

HOOFSTUK 1

INLEIDING: KENNIS IS MAG

1.1 AGTERGROND EN ALGEMENE BESKRYWING

1.1.1 Die ervaring van mag in my eie lewe

1.1.2 Nog 'n ontstellende ervaring...

1.1.3 Magsmisbruik in die praktyk

1.2 NOODSAAKLIKHEID EN BELANG VAN DIE STUDIE

1.3 PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE STUDIE

1.4 TEORETIESE/KONSEPTUELE RAAMWERK

1.4.1 Epistemologie

1.4.2 Wat is diskoers?

1.4.3 Post-modernisme

1.4.4 Sosiale konstruksie diskoers

1.4.5 Die rol van taal binne die sosiale konstruksie diskoers

1.4.6 Die rol van stories in die terapeutiese proses

1.5 UITVOERBAARHEID VAN DIE STUDIE

1.6 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

1.7 ALGEMENE BESKRYWING EN MOTIVERING VIR DIE NAVORSINGSBENADERING

1.8 NAVORSINGSMETODOLOGIE

1.9 GESPREKKE MET DIE DEELNEMERS

1.10 ETIESE ASPEK

1.11 NAGEDAGTE

HOOFSTUK 2

DEKONSTRUKSIE VAN MAG

2.1 FOUCAULT SE TEORIE OOR MAGSVERHOUDINGS

2.1.1 Die magsdiskoers

2.1.2 Die verband tussen kennis en mag

2.1.3 Die 'normalizing gaze'

2.1.4 Foucault se idees oor 'resistance of power'

2.2 DIE POSITIEWE KANT VAN MAG

2.3 DIE VRAAG NA DIE ETIESE...

2.4 DIE FUNKSIONERING VAN MAG IN BYBELSE BERADING, SPESIFIEK IN DIE AGS KERK

2.5 NAGEDAGTE

HOOFSTUK 3

JOYCE

3.1 CHRISTENSKAP - 'N NUWE ERVARING...'

3.2 GESPREK MET JOYCE

3.3 NAGEDAGTE

HOOFSTUK 4

AJ

4.1 WANNEER MAG ONSIGBAAR IS...

4.2 EERSTE GESPREK MET AJ

4.3 DEKONSTRUKSIE VAN DIE EERSTE GESPREK

4.4 TWEEDE GESPREK MET AJ

4.5 NAGEDAGTE

HOOFSTUK 5

MARYKE EN VERONICA

- 5.1 'EK IS NIE MEER 'N KIND NIE'
- 5.2 GESPREK MET MARYKE
- 5.3 GESPREK MET VERONICA
- 5.4 NAGEDAGTE

HOOFSTUK 6

SUNET

- 6.1 VASBESLOTE OM HAAR FAMILIE TE RED...
- 6.2 GESPREK MET SUNET
- 6.3 NAGEDAGTE

HOOFSTUK 7

RHONA

- 7.1 TWEE VERSKILLENDE ERVARINGS...
- 7.2 GESPREK MET RHONA
- 7.3 NAGEDAGTE

HOOFSTUK 8

SLOT: BEWUSTHEID SKEP VERANTWOORDELIKHEID

- 8.1 REFLEKSIE OOR DIE NOODSAAKLIKHEID EN BELANG
VAN DIE STUDIE

- 8.2 REFLEKSIE OOR DIE PROBLEEM- EN DOELSTELLING VAN DIE STUDIE
- 8.3 REFLEKSIE OOR DIE TEORETIESE EN KONSEPTUELE RAAMWERK
 - 8.3.1 Die rol van die Bybel in AGS pastorale berading
 - 8.3.2 Die invloed van geslags- en patriargale diskoerse op die funksionering van mag
 - 8.3.3 'Die pastoor weet die beste...'
 - 8.3.4 Die rol van taal in die magsdiskoers
- 8.4 REFLEKSIE OOR DIE BEPERKINGS VAN DIE STUDIE
- 8.5 REFLEKSIE OOR DIE ALGEMENEN BESKRYWING EN MOTIVERING VIR DIE NAVORSINGSBENADERING
- 8.6 REFLEKSIE OOR DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE
- 8.7 REFLEKSIE OOR DIE GESPREKKE MET DIE DEELNEMERS...
 - 8.7.1 Refleksie oor die ervaring van mag deur die deelnemers
 - 8.7.2 Weerstand teen mag
 - 8.7.3 Refleksies oor die 'normalising gaze'
- 8.8 REFLEKSIE OOR DIE ETIESE ASPEK VAN DIE NAVORSINGSGESPREEKKE
- 8.9 REFLEKSIE OOR DIE PAD VORENTOE...
- 8.10 NAGEDAGTE

BIBLIOGRAFIE

APPENDIX

1. NAVORSINGSINLIGTING VAN BELANG VIR DIE DEELNEMER
2. DIE DOEL VAN DIE NAVORSING
3. DIE TIPE DEELNEMER BENODIG
4. WAT VAN DIE DEELNEMERS VERWAG WORD

5. WAT GEBEUR MET DIE INFORMASIE TEN OPSIGTE
VAN DIE NAVORSINGSGESPREEKKE
6. INDIEN DAAR ENIGE NAVRAE IS
7. TOESTEMMINGSBRIEF
8. SEMI-GESTRUCTUREERDE VREALYS AAN DIE
DEELNEMERS OP GROND VAN DIE NAVORSING

HOOFSTUK 1

KENNIS IS MAG

Hierdie hoofstuk is inleidend tot die navorsing waar die effek van mag in 'n christelike terapeutiese proses ondersoek word. Die navorsingsvraag sal voorgelê en gemotiveer word, en die metodologie sal beskryf word.

1.1 AGTERGROND EN ALGEMENE BESKRYWING

1.1.1 Die ervaring van mag in my eie lewe

In 1996 en 1997 was ek betrokke in 'n gemeente waar ek ondermeer die leier van 'n huisselgroep was. In die selgroep was daar gewoonlik tussen 10 en 20 lede wat op 'n weeklikse basis byeen gekom het. My verantwoordelikheid het egter veel verder gestrek as 'n sosiale byeenkoms op 'n Dinsdagaand...

In die huissel moes ek vir die eerste keer berading doen as gevolg van vele probleme wat die selde ondervind het. Hierdie probleme het van drankmisbruik, werkloosheid, verhoudingsprobleme, prostitusie, aborsie, meervoudige persoonlikhede en nog vele meer gewissel. Tot op daardie stadium het my opleiding bestaan uit vier jaar pastorale opleiding by die AGS Teologiese Seminarium en 'n jaarlange christelike beradingskurses by die Randse Afrikaanse Universiteit.

Die tyd wat ek by die huissel moes berading doen was vir my uiters frustrerend aangesien ek nie soveel resultate gesien het as wat ek graag sou wou sien nie. Ek het letterlik ure gespandeer om mense te 'help', maar daar was nie regtig oorwinning nie. Ek het wel na 'n beradingsessie gedink daar was deurbraak, maar dit het binne kort tydperk geblyk dat dit van korte duur was.

Hierdie gevoel van mislukking het my soms baie sinies gelaat aangesien ek alles in my vermoë gedoen het om hierdie mense te probeer help. Ek was so betrokke by hulle probleme dat die probleem later eerder myne as hulle s'n sou wees. In 'n mate kon ek voel hoe afhanklik hulle van my raak om hulle probleme vir hulle op te los. Later het ek gevrees as die telefoon lui dat nog 'n probleem opgeduik het wat ek sou moes 'oplos'. Hierdie ervaring het my laat verstaan waarom soveel pastore dikwels uit die bediening bedank omdat hulle uitgebrand raak.

In hierdie tyd het ek baie vrae gevra en gewonder wat die fout kon wees. Ek het gedink dat ek tog die regte oplossings voorgehou het om my kliënte se probleme op te los, maar dit was asof hulle dikwels nie die oplossing deur my oë kon sien nie. Ek het dikwels tot die slotsom gekom dat hulle net 'n maklike uitweg soek en nie regtig gehelp *wil* word nie.

Dit was in 1998 wat ek van die kursus gehoor het by die Instituut vir Terapeutiese Ontwikkeling. Daar was ek voorgestel aan 'n heel nuwe wyse van berading. Narratiewe Terapie het my idees uitgedaag oor wat ek gedink het, berading behels. Narratiewe terapie het nuwe moontlikhede voorgehou wat my vrae rondom berading in perspektief gebring het, vrae wat ek myself twee jaar tevore reeds afgevra het...

Hierdie vrae het my gelei na Foucault (1982) wat sê dat daar 'n onskeibare band tussen kennis en mag is. Hy het ook gesê dat die dominante kennis van 'n gegewe milieu sal bepaal wie die dominante posisie in die samelewing inneem, met ander woorde: 'power is knowledge and knowledge is power.' Hierdie woorde het vir my baie betekenis gekry in die afgelope paar jaar aangesien dit my aandag gevestig het op die wyse waarop ek vroeër onbewustelik die dominante posisie ingeneem het in beradingsgesprekke. Die volgende aanhaling het vir my lig op hierdie onderwerp gewerp:

The therapist becomes the expert and the client becomes disempowered. The expert brings to therapy their own agenda and imposes it upon a person seeking help. The power imbalance often

brings quick results. However what is salient is determined by the therapeutic underpinnings of the therapists not by the person seeking help.

(McDonald 1998:4)

Wat ek hiermee bedoel is dat in my ervaring, ek die persoon met die sogenaamde 'kennis' was om probleme op te los. Hierdie kennis het my in 'n magsposisie geplaas waar ek sekere 'oplossings' volgens die Bybel voorgeskryf het vir kliënte se probleme. Hulle het opgekyk na my en dus alles wat ek voorgeskryf het probeer doen. Die probleem was dat die beradingsessies my agenda gevolg het en nooit die kliënt s'n nie. Juis omdat ek in 'n magsposisie was het my raad die toon aangegee van die verloop van die beradingsgesprek. Die persoon self was nie soseer geraadpleeg nie, al was dit sy/haar probleem wat opgelos moes word. Nadat ek bewus geword het van die wyse waarop mag in berading funksioneer wou ek nie meer uit 'n posisie van mag berading doen nie. Ek wou eerder saam met die kliënt na die oplossing soek, nie voorskrywend wees in my voorstelle nie, maar eerder saam met hom/haar reis na 'n beter bestemming.

Nog 'n ervaring het 'n groot impak op my lewe gehad en my selfs verder gemotiveer om hierdie navorsing aan te pak.

1.1.2 Nog 'n ontstellende ervaring...

Ek het kort na my kennismaking met narratiewe terapie 'n ontstellende ervaring gehad wat my soveel meer gemotiveer het om die effek van mag in bybelse berading te ondersoek...

'n Pastoor wat al langer as twintig jaar in die bediening is, het my genader om hom te help met berading aangesien sy werkslading te groot was. Hy het voorgestel dat ek by 'n paar beradingsessies insit om 'n bietjie meer ervaring op

te doen. Ek was op daardie stadium reeds redelik vertrouwd met narratiewe terapie en was baie opgewonde om aan die berading mee te doen.

'n Sestienjarige verstandelik gestremde dogter, wat ek Jenny sal noem, is deur haar ma vir berading gebring aangesien sy aanhoudend woedebuie by die huis gekry het. Jenny is in 'n spesiale skool en het die verstandelike vermoë van 'n tienjarige dogter maar is nie opmerklik gestremd nie. Ek kon sien dat Jenny baie op haar senuwees was. Die pastoor het nie gelyk of hy haar ongemak en vrees raaksien nie en het ook nie veel moeite gedoen om haar gerus te stel, of meer op haar gemak te laat voel nie. Ek het die gevoel gekry dat hy die berading so gou as moontlik wou afhandel omdat hy dadelik met die deur in die huis geval het, sonder om regtig na haar welstand te verneem.

In sy beradingsessie met Jenny het hy nie een keer vir Jenny gevra waarom sy so kwaad is, of waarom woedebuie soms haar lewe ontwrig nie. Hy het wel op grond van die feit dat sy 'n Christen was, haar probeer oortuig dat woede sonde is en verder tekste uit die Bybel aangehaal om sy standpunt te bevestig.

Hy het vir haar gevra of dit vir haar lekker was om so kwaad te word. Sy het 'ja' op sy vraag geantwoord, maar sonder om haar antwoord enigszins te valideer of te ondersoek, het hy haar weer daarop gewys dat woede sonde is en dat Jesus nie wil hê ons moet kwaad word nie. Die rede waarom Jenny woedebuie gehad het en kwaad was, is nooit ondersoek nie en Jenny se kennis het verder nooit gefunksioneer nie.

Na die gesprek het hy 'n lys sondes voorgelees waarop sy bevestigend moes antwoord indien dit op haar van toepassing sou wees, waarna hy opgestaan en sy hande op haar kop gesit het om vir haar te bid. Ek kon sien dat sy hande op haar kop Jenny ontstel aangesien sy onmiddellik probeer wegstroom het. Hy het geensins vir haar verduidelik wat hy wou doen nie, net gesê dat hy nou vir haar gaan bid. Hy het toe in 'n harde stem geeste uit haar begin uitdryf. Sy was baie ontsteld en het begin huil. Sy het probeer om sy hande fisies van haar kop af te

haal terwyl sy sê: 'nee, nee!'. Haar reaksie het hom geensins gepla nie, intendeel, eerder aangemoedig om nog vuriger te bid en haar kop nog stewiger vas te klem. Na die bidsessie het hy gesê sy moet nou nie weer so kwaad word nie want sy is vry en kan maar huis toe gaan. Hy het gesê dat hy haar darem weer so oor 'n maand of twee graag sou wou sien.

Nadat Jenny weg is het hy haar 'geval' met my bespreek. Hy het my gewys op die manier waarop die demone 'gemanifesteer' het. Dit was vir my nodeloos om te sê dat ek geen demoniese manifestasies kon sien nie, behalwe 'n baie ontstelde meisie wat erg getraumatiseer was. Aangesien ek as 'leek' by hom ingesit het, was hy, soos ek verwag het, geensins geïnteresseerd in wat ek wou sê nie, maar baie pertinent om my te 'leer' om net soos hy berading te doen. Ek het egter nie in hierdie tipe 'berading' belang gestel nie en het nooit weer ingesit op een van sy beradingsessies nie.

Die ervaring met Jenny het my erg ontnugter gelaat. Ek was ontsteld, aangesien ek beseft het dat hierdie tipe berading wel voorkom. Ek het gevoel dit was 'n saak wat ek *moes* aanspreek. Ek het gevoel dat stilswye my deel sou maak van praktyke van magsmisbruik. Magsmisbruik wat dikwels uit 'n pastoor se onkunde gebore word ten opsigte van die funksionering van mag in pastorale berading

Ek moet egter bevrydingsberading definieer as berading wat slegs 'n deel uitmaak van bybelse berading in die AGS Kerk, en nie deur alle pastore beoefen word nie. Dit is ook nie my doel om hierdie tipe berading te kritiseer nie, maar wel die aandag daarop te vestig dat magsmisbruik dikwels meer pertinent op die voorgrond en makliker sigbaar is in bevrydingsberading as in ander tipe bybelse berading. In ander gevalle van bybelse berading is magsfunksionering dikwels meer subtiel en versteek, wat dit selfs nog gevaarliker kan maak omdat dit meer onopmerklik is. 'n Mens kan dikwels die 'drade' van hierdie magsfunksionering sien in wat sommige pastorale beraders sê en hoe dit dan in die pastorale praktyk realiseer.

1.1.3 Magsmisbruik in die praktyk

Net om te wys hoe daar 'n verband is tussen dit wat deur sommige pastore voorgeskryf word en hoe bevrydingsberading in die praktyk realiseer, haal ek Lindsay (1983:97) aan, wat die volgende aanwysings aan die pastoor voorlê oor hoe om berading te doen:

Let the person confess his sins; let him open his heart and tell of his problems, but when he has done this, it is enough. He should consider the past a closed gate. Now he should look forward to broader fields, to God's promises that are his for the taking. At this moment the pastor may rise, lay his hands upon the person and pray for deliverance. The prayer of faith is an essential part of a pastor's counseling. 'Whatsoever things ye desire, when ye pray, believe that ye receive' (Mark 11:24). After praying, the pastor should leave at once.

Hierdie wyse van berading is modernisties en rigied in die benadering tot pastorale berading. Die implikasie van 'n verskuiwing vanaf bybelse berading na narratiewe terapie kan gesien word in die verskuiwing van 'n modernistiese na 'n postmodernistiese benadering.

Die geloof in 'n objektiewe kennis van die wêreld was die basis van die modernistiese begrip van waarheid en geldigheid (Du Toit 1994:13). Volgens hierdie benadering word kennis die refleksie van realiteit, terwyl daar gesê word dat daar slegs een regte manier is waarna daar na onafhanklike eksterne realiteite, gekyk behoort te word (Burr 1995:12). Dit is op grond van hierdie aanname dat die pastorale berader hom/haarself beperk deur slegs deur een lens na die beradingsituasie voor hom/haar te kyk (Hoffman 1990:4). Wanneer die pastorale berader dan ook nog in 'n gesagsposisie staan, word hierdie eensydige kennis aan die kliënt voorgehou. Gerkin (1986:98) sê: 'pluralism has greatly eroded for modern congregations any notion that the pastor has commanding authority or knowledge about many things of concern to them in everyday life.'

Postmodernisme verwerp nie die kennis van die moderniste nie, maar sê dat daar ander moontlikhede kan wees wat ondersoek moet word omdat dit wat ons as waarheid beskou, deur taal gekonstrueer word (Dockery 1995:36). Kvale (1996:239) beskryf dit in die volgende woorde:

In a postmodern era, the foundations of true and valid knowledge in a medieval absolute God or a modern objective reality have dissolved. The conception of knowledge as a mirror of reality is replaced by knowledge as a social construction of reality.

Ek sien dit as 'n groter 'open-mindedness' rondom God. Dit wat ons dink ons weet, is nie noodwendig absolute waarheid nie, omdat God Homself dikwels op nuwe maniere openbaar. Die taal wat ons gebruik om realiteite te beskryf is ook nie staties nie, omdat ons in 'n konstant veranderende samelewing leef. As gevolg van die nodigheid van verandering bring dit my by die rede waarom hierdie studie vir my belangrik is.

1.2 DIE NOODSAAKLIKHEID EN BELANG VAN DIE STUDIE

Pastorale beraad is 'n belangrike deel van die werk van pastore. Die studie kan 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling van pastorale werksywyses wat eties en epistemologies verantwoordbaar is. Pastorale beraders en akademici besluit dikwels wat as benadering tot terapie gekies moet word, terwyl daar selde gevra word na die ervaring van die mense wat aan die ontvangkant daarvan is (Graham 1996:53). Die ervarings van diegene wat hulp ontvang is belangrik en hulle stemme moet gehoor word ten opsigte van hulle ervaring van hoe mag binne die beradingsproses ervaar is.

Die vraag wat ek dan vra is: Hoe ervaar mense die pastorale hulp wat deur die AGS Kerk aangebied word en hoe funksioneer mag in die beradingsverhoudings. Dit word algemeen aanvaar dat die pastoor van 'n gemeente dikwels berading

doen. Die vraag is egter *hoe* die berading geskied? Oates (1959:15) sê van pastorale berading:

The pastor, regardless of his training, does not enjoy the privilege of electing whether or not he will counsel with his people. They inevitably bring their problems to him for his best guidance and wisest care. He cannot avoid this if he stays in the pastoral ministry. His choice is not between counseling or not counseling, but between counseling in a disciplined and skilled way and counseling in an undisciplined and unskilled way.

Ek sluit hierby aan deur te sê dat dit egter nie net vir my daaroor gaan om in 'n 'disciplined and skilled way' berading te doen nie. Daar is 'n mags- en etiese aspek in berading wat net soveel aandag moet geniet as die kwaliteit van berading wat ontvang word.

Tweedens is dit van die allergrootste belang om nie op 'n punt te kom waar 'n mens dink dat jy alles oor pastorale berading weet nie. Hierdie standpunt lei tot stagnasie. Alhoewel ek dus narratiewe berading as sinvol ervaar, is daar nog baie wat tot die uitbreiding van pastorale berading kan bydra wat nog ondersoek moet word. Hierdie ontwikkeling is uiters noodsaaklik in die AGS Kerk omdat daar nog nie baie navorsing in verband met magsfunksionering gedoen is nie. Om na die ervarings van mense te luister kan 'n groot bydrae lewer tot die verdere ontwikkeling van berading binne die pastoraal terapeutiese konteks.

1.3 PROBLEEM- EN DOELSTELLING VAN DIE STUDIE

Die navorsing handel spesifiek oor die ervaring van mense wat bybelse berading ontvang het, spesifiek in die AGS kerk en die wyses waarop die magsverhoudinge gekonstrueer en gefunksioneer het.

In hierdie studie het ek magspraktyke ondersoek ten opsigte van die pastoor wat bybelse berading beoefen. Ek het ses onderhoude gevoer met mense wat deur pastore beraad is en hulle ervarings ondersoek ten opsigte van

magsfunksionering. My doel was om te kyk hoe hulle die beradingsproses ervaar het en hoe mag binne die terapie hulle beïnvloed en geaffekteer het.

My doel is om kritiese evaluasies te maak, wat 'n positiewe rol kan speel in die ontwikkeling van pastorale berading. Hierdie navorsing kan dan gebruik word om ander bybelse beraders bewus te maak van hoe kliënte die terapeutiese proses ervaar en daaruit leer om berading meer suksesvol te maak. Eers moet daar gekyk word na die teoretiese en konseptuele raamwerk waarbinne die studie gaan geskied.

1.4 TEORETIESE/KONSEPTUELE RAAMWERK VAN DIE STUDIE

1.4.1 Epistemologie

Dit is belangrik om epistemologiese uitgangspunte te onderskei, ten einde 'n basis te lê, sodat die navorsing wetenskaplik verantwoordbaar is. Die rede vir 'n epistemologiese fondasie is om aan die leser 'n konteks te bied, waarbinne dit wat geskryf word, verstaan behoort te word.

Vir die doel van hierdie studie kan epistemologie beskryf word as: 'what we can know, and how we know it' (Lacey 1976:56, aangehaal deur Dill & Kotzé 1996:2). Epistemologie verwys na die verhouding tussen die kenner en kennis en na die proses waardeur kennis bekom en geprosesseer word (Botha 1998:44). Epistemologie is 'n wetenskapsdissipline wat tuishoort in die filosofie. Snyman en Du Plessis (1987:240) definieer epistemologie as 'kennisleer of kennisteorie; daardie deel van die filosofie wat hom met die ontstaan, totstandkoming en betroubaarheid van kennis besig hou'.

Epistemologie gaan ook oor *hoe* 'n mens dink, waarneem en besluit, en *wat* die mens dink, waarneem en besluit (Keeney 1983:17). 'Die hoe en die wat staan dus in relasie tot mekaar. Die aannames ten opsigte van *hoe* geweet word,

beïnvloed *wat* geweet word, terwyl *wat* geweet word, weer die *hoe* daarvan beïnvloed' (Kotze 1992:4). Daar kan nie bloot aanvaar word dat die mens kennis besit nie, daarom moet ook gevra word na hoe dit moontlik is om kennis te bekom. Epistemologie het verreikende implikasies ten opsigte van die relatiewiteit van betekenis en die etiese verantwoordelikheid van die mens, juis omdat dit die mens is wat moet besluit of iets moreel verantwoordbaar is, al dan nie.

Die epistemologie waarbinne ek my navorsing posisioneer gaan van die standpunt uit dat dat alle realiteite sosiaal gekonstrueer en deur taal saamgestel word. Hierdie realiteite word georganiseer en instand gehou deur narratiewe/stories, terwyl daar geen essensiële waarhede bestaan nie.

Om 'n beter idee te kry van die epistemologie waaruit ek my navorsing doen, moet daar opsommend gekyk word na die praktiese teologiese posisionering van die studie.

Wolvaardt (1993) en Pieterse (1993) verwys na drie verskillende skole in die praktiese teologie, naamlik :

- Kontekstuele teologie
- Konfessionele teologie
- Korrelatiewe teologie

Vir die doel van my studie is dit slegs nodig om na die eerste twee teologiese skole te kyk. Narratiewe terapie is 'n voorbeeld waar **kontekstuele teologie** eerder as konfessionele teologie funksioneer. In kontekstuele teologie word die praktyk as belangrik geag terwyl die Bybel nie noodwendig die algehele botoon voer nie. Die gemeenskap se politiese, ekonomiese, ontwikkelings, ekologiese, en mediese probleme word in ag geneem en fokus hoofsaaklik daarop in die berading. In die kontekstuele pastorale praktyk word al die verskillende aspekte wat die kliënt dus as belangrik beskou, in ag geneem tydens die berading:

Pastors who really seek to minister to the needs of their congregations at this time of social crisis know that they have to take very seriously the fears, expectations, tensions, mistrust and general sense of despair which are endemic to the situation...

(Chochrane, de Gruchy & Petersen 1991:85)

Die konteks waarin die kliënt hom/haarself bevind speel dus 'n belangrike rol in die berading. Die rol van die Bybel in kontekstuele berading is nog steeds belangrik, maar dikteer nie oplossings voor sonder om al die faktore wat op die kliënt van toepassing is, in ag te neem nie (Botha 1998:138).

In **konfessionele teologie** word die Bybel meer voorskriftelik gebruik as in kontekstuele teologie. In die AGS Kerk word daar van die standpunt uitgegaan dat die verstaan en vertolking van die Bybel 'n progressiewe handeling is (Möller 1991:114), tog word die Bybel gesien as die finale outoriteit oor hoe probleme opgelos behoort te word. Die konfessionele skool sien die Bybel as die enigste bron van kennis wanneer dit by berading kom. Die Bybel word as die finale bron geraadpleeg ten opsigte van enige probleme wat beraad word. Ek stem saam met Dill (1996:168) wat die volgende sê ten opsigte van konfessionele berading:

[B]enaderings soos die konfessionele benadering...bedien hulleself byna uitsluitlik met interne Christelike bronne van kennis en ervaring oor die openbaring. Na my oordeel gee dit aanleiding tot 'n ongesonde eksklusiwiteit wat sowel nuwe kennisinsigte as kritiek uitsluit vir die pastoraat...aannames en standpunte moet eerder toetsbaar wees, ook vir eksterne kritiek sodat dit kontekstueel relevant kan bly.

Die konfessionele benadering tot praktiese teologie is geneig om baie geïsoleerd te wees, waar die praktyk nie altyd in ag geneem word nie. Sosiale probleme en hedendaagse dilemmas word nie altyd aangespreek nie, wat konfessionele berading dikwels oneffektief maak (Botha 1998:136). By konfessionele berading word die praktyk ondergeskik gestel aan die gesag van die Bybel. Bybelse 'waarhede' word die riglyn vir berading wat die vraag beklemtoon: Is hierdie

raad altyd relevant en van toepassing op die kliënt se probleem? (Botha 1998:137). 'n Skool wat hierdie vraag verder ondersoek is feministiese teologie.

Die vraag wat **feministiese teologie** vra, is of teologie nog relevant is vir vandag se probleme. Deur die voorbeeld van Christus te volg, word die boodskap van hoop en verlossing verkondig. Sommige mense vra of teologie enige iets te sê het oor diskriminasie teen ouderdom, ras, gestremdes, minderbevoorregdes en geslag. Volgens Keane (1998:121) behoort die antwoord op al hierdie vrae 'ja' te wees. Die antwoord het ook die gevolg tot nuwe en kreatiewe teologieë. Teologie behoort dus dinamies te wees en nie staties nie. Die rol van feministiese teologie is om magsmisbruik in die kerk aan te spreek.

McBride (1996:182) beskryf mag in 'n patriargale sisteem as die volgende: 'It is executed as action upon a thing or person and is exerted as authority, might, control, force, aggression, domination...the greatest concentration of power rests in the hands of the elites of transcorporate business, financial institutions and political and *ecclesial hierarchies*. Those at the bottom remain voiceless and powerless to affect change.' Dit is hierdie tipe 'powerlessness' en 'voicelessness' wat feministiese teologie aanspreek (Ackermann 1996:45).

Feministiese Teologie spreek die marginalisasie van vrouens in 'n patriargale gemeenskap aan. Hierdie tipe mag funksioneer dikwels in die kerk en moet aangespreek word sodat daar 'n bewuswording kan wees van stereotipes wat deur 'n patriargale gemeenskap in stand gehou word (Ackermann & Bons-Storm 1998:11). Feministiese teologie neem konteks, kultuur en godsdienstige tradisies ernstig op (Isherwood & McEwan 1994:11). Die hoofagenda van feministiese teologie is om sover moontlik manlike superioriteit te kritiseer en om die vrou se rol in die samelewing en veral in die kerk, gelyk te stel. Dit is nie 'n kompetisie oor wie die sterkste geslag is nie, maar die beywering vir gelyke regte vir albei geslagte.

'n Groot deel van die diskriminasie teen vroue het juis in die kerk ontstaan en is ook uit die Bybel regverdig. 'Bearing in mind that the Scriptures are regarded by Christians as the most important written source of divine revelation, it is unfortunate that they should have been used for centuries to keep women in thrall' (Keane 1998:122). Dit is dus nodig om vrouens bewus te maak van diskoerse wat uit Bybel interpretasies ontstaan het, waar vrouens as die swakker geslag bestempel is. Dit is 'n realiteit wat sosiaal deur die kerkgemeenskap geskep is en deur patriargale diskoerse en tradisie in stand gehou is. Baie vrouens is nie daarvan bewus dat daar ongeregtighede in die kerk bestaan ten opsigte van geslagsgelykheid nie. Hierdie ongeregtighede word deur verskeie diskoerse in stand gehou. Om hierdie aannames beter te verstaan, moet ons eerstens kyk na wat met diskoers bedoel word.

1.4.2 Wat is diskoers?

Diskoers kan beskryf word as die proses waardeur betekenis progressief en dinamies bekom en daar gestel word. Dit verwys ook na die sistematiese en geïnstitutionaliseerde wyses van spraak/skrif of die proses waarop mense sin maak van dit wat gesê word deur taal (Lowe 1991:45). 'n Diskoers is dus die medium wat die woorde en idees vir denke, gedrag, gesprek, gewoontes en kulturele praktyke, insluit (Kotzé & Kotzé 1997:4). Diskoers is 'n kulturele skepping wat toelaat dat sosiale norme gedikteer word deur 'n komplekse web van sosiale verwisseling. Hierdie sosiale verwisseling word bemiddel deur onderskeie vorms van magsverhoudings (Wessels 1999:38).

Diskoers is 'n algemene deel van 'n mens se lewe. Ons kan sê dat ons identiteit in 'n groot mate gevorm word deur die kulturele en sosiale diskoerse wat aan ons beskikbaar gestel word. Die diskoerse wat ons identiteit vorm, hou nou verband met die strukture en die praktyke waarin ons leef binne ons gemeenskappe van dag tot dag. Dit is in die belang van die dominante individue en groepe dat sekere diskoerse as absolute waarheid bestempel word, terwyl ander diskoerse

as onbelangrik afgemaak word (Madigan 1996:50). Diskoerse het 'n groot invloed op persone se keuses ten opsigte van die wyse waarop hulle, hulle lewensverhale saamstel en watter lewensgebeurtenisse oorvertel word.

Diskoerse word gevorm oor 'n tydperk waar sekere gedagtelyne bo ander bevoordeel word. Sekere diskoerse verkry dus voorkeur bo ander diskoerse, namate mense daaraan glo. Later word sekere diskoerse nie eens meer 'n punt van bespreking nie omdat daar soveel waarde aan hierdie diskoerse geheg word, dat mense dit onvoorwaardelik glo (Lowe 1991:45). Die wyse waarop mense in die gemeenskap praat en reageer ten opsigte van 'n sekere standpunt is deel van die wyse waarop diskoerse in stand gehou word (Hare-Mustin 1994:19). Modernisme is 'n voorbeeld van 'n diskoers wat vir 'n lang tyd op hierdie wyse in stand gehou is.

Aangesien realiteite sosiaal gekonstrueer word deur taal en daar dus geen essensiële waarhede bestaan nie, posisioneer ek my navorsing binne 'n postmodernistiese diskoers wat vervolgens ondersoek word aangesien dit na betekenis verwys.

1.4.3 Postmodernisme

Die term 'postmodern' verwys primêr na 'n tyd eerder as 'n spesifieke ideologie. Postmodernisme het op die gebied van die kuns, argitektuur, letterkunde, filosofie en politiek begin. Die verskeidenheid binne die beweging het in gemeen dat postmodernisme wegbeweeg van die paradigmas van die modernisme en alles bevraagteken wat tot op daardie stadium as waarheid aanvaar en met sekerheid beklee was. Postmodernisme kan dus as 'n beweging in reaksie op modernisme beskou word.

Tot ongeveer twee dekades terug was die heersende aanname dat die Westerse wêreld daartoe instaat was om deur wetenskaplike navorsing en studies tot die

waarheid te kom. In postmoderne terme is dit nie moontlik om die 'absolute waarheid' ten opsigte van enige gebeure te bewys nie. Daar is 'n voortdurende proses waarin mense betekenis aan dinge en gebeurtenisse toeskryf (Rossouw 1993:900). Voortdurende ondersoek na die wêreld benodig 'n kontekstuele ondersoek, maar ons is egter self deel van daardie konteks. Die interpretasie van dinge en gebeurtenisse hang nie van die eksterne teks of die outeur af nie, maar van die relatiewe uitgangspunt en die bepaalde uitgangspunt van die interpreteerder. Die taal wat ons gebruik om uitdrukking te gee aan hierdie dinge en gebeurtenisse is nie neutraal nie, maar relatief en ryk aan waardebepalings (Dockery 1995:14).

In die postmodernistiese wêreld is die fondasie van waarheid en geldige kennis in moderne objektiewe realiteite nie meer geldig nie. Dit kom daarop neer dat waarheid gekonstitueer is binne dialoog: 'valid knowledge claims emerge as conflicting interpretations and action possibilities are discussed and negotiated among the members of a community' (Kvale 1996:239). Dialoog binne die gemeenskap is dus van uiterse belang omdat sogenaamde waarheid sy oorsprong daar het. Die konsep van kennis as die spieël van realiteit is vervang deur kennis as 'n sosiale konstruksie van realiteit. Dit is waar die sosiale konstruksie teorie hulle wortels het.

1.4.4 Sosiale konstruksie teorie

Die grondliggende idees van die sosiale konstruksie teorie beklemtoon die sosiale dimensie van menswees ten opsigte van kennis sowel as antropologie. Dit beklemtoon ook die deelname van mense in taal aan die skepping van 'n realiteit waarbinne gelewe word. Die bogenoemde punte kulmineer in die vraag

na waardes en etiek. Die sosiale konstruksie teorie berus hoofsaaklik op die volgende (Kotzé 1992:71):

- *Eerstens* is mens 'n sosiale wese en sy/haar bestaan as individuele wese word gekonstitueer deur sy/haar sosiale omgewing.
- *Tweedens* leef die mens as sosiale wese in die domein van taal.
- *Derdens* is taal 'n sosiale konstruksie van betekenis waaraan elke mens deelneem, en
- *laastens* is waardes en norme inherent aan elke sosiale sisteem waardeur sosiale verhoudinge en bestaan moontlik gemaak word. Daarsonder sou die mens nie as sosiale wese kon bestaan nie.

Beide konstruktiewisme en sosiale konstruksie teorie beklemtoon taal. Konstruktiewisme het egter meer 'n biologiese en individualistiese uitgangspunt terwyl sosiale konstruksie teorie meer vanuit 'n sosiale en taalkundige uitgangspunt gesien word. Die twee standpunte is egter heeltemal versoenbaar (Kotzé & Kotzé 1997:2-4).

Sosiale konstruksie teorie is meer as net 'n nuwe sosiale paradigma. Gergen (1985:3) sê: 'Social construction discourse is mainly concerned with elucidating the processes by which people come to describe, explain, or otherwise account for the world in which they live.' Sosiale konstruksie teorie is dus die poging om kennis vanuit 'n perspektief van die sosiale prosesse waardeur dit ontstaan het, te benader. Sosiale konstruksioniste sien idees, konsepte, en herinneringe as gekonstrueer binne sosiale interaksies en gemedieer deur taal (Hoffman 1992:8).

1.4.5 Die rol van taal binne die sosiale konstruksie diskoers

Sosiale konstruksie diskoers is 'n postmoderne benadering wat 'n betekenisvolle epistemologie bied vir terapieë wat gesprek gebruik as metode om mense te help (Kotzé & Kotzé 1997:1). Realiteite word deur taal gevorm. Vir die postmodernis

word werklikheid die skepping van mense deur taal en gesprek. Taal is 'n interaktiewe proses en nie 'n passiewe resepsie van reedsbestaande waarhede nie (Freedman & Combs 1996:28).

Postmoderne denke stel voor dat die taal wat ons besig, die wêreld waarin ons leef en bestaan konstitueer. Dit is binne taal wat gemeenskappe hulle siening van realiteit skep. Die sentrale rol wat narratiewe speel in die organisering, instandhouding en die sirkulasie van kennis van onself en die wêreld waarin ons leef, word deur baie postmoderne skrywers beklemtoon (Freedman & Combs 1996:29-30). Die siening dat sosiale realiteite nie noodwendig as waar bestempel kan word nie, beteken egter nie dat hierdie realiteite nie werklike effekte in die mens se lewe het nie.

Die mens is baie uniek in die opsig dat hy grootliks van taal gebruik maak om te bestaan. Hy skep simbole wat hom verder in staat stel om betekenis aan ervarings te koppel. Taal stel die mens in staat om nie net deel van 'n werklikheid te wees nie, maar om ook bewustelik betekenis uit te leef. Dit is juis hierdie kenmerk wat dialoog moontlik maak en die ruimte skep vir die mens om keuses te maak en uit te voer (Hare-Mustin en Marecek 1988:459). Die mens kies dus voortdurend hoe hy homself, sy omgewing en gemeenskap wil verstaan (Kotzé 1992:58-61). Die wyse waarop ons die lewe verstaan en daaraan betekenis gee is grootliks verantwoordelik vir ons lewensstories. Ons interpreteer en gee betekenis aan gebeurtenisse wat in ons lewens geskied om so ons lewensverhaal te vorm.

1.4.6 Die rol van stories in die terapeutiese praktyk

Stories vervoer kennis binne die konteks van die kompleksiteit van menslike sake deurdat dit ons begrip van ander mense en hulle ervaring binne die gemeenskap uitbrei. Vanuit hierdie perspektief is die rol van mense se stories nie om spesifieke tegniese oplossings te vind wat veralgemeen word ten opsigte van ander soortgelyke situasies nie. Hierdie stories vermeerder eerder die

interpretasies, kennis en ervaringe beskikbaar vir die persoon wat navorsing wil doen om 'n verandering teweeg te bring. Die doel is om idees met mekaar te deel op 'n manier wat lei tot nuwe idees (Clandinin & Connelly 1991:263).

Alternatiewe wyses van ondersoek en navorsing in die sosiale wetenskappe het in die afgelope tyd ontstaan. Binne die veld van navorsing het daar ook die behoefte ontstaan na direkte persoonlike verslae en weergawes van die betrokke navorsingsonderwerp (Ballard 1994:23). Wanneer die ervarings van persone geskets word, is dit eerder 'n refleksie van aktuele, beleefde ervarings, as die vooraf gedetermineerde kategorieë van ervarings wat 'n navorser mag dink, belangrik blyk te wees. So kan die stories van mense se ervarings deur die grense breek sodat ander in die gemeenskap, hetsy met hulle kan identifiseer of hulle stemme kan hoor (Ballard 1994:24).

1.5 UITVOERBAARHEID VAN DIE STUDIE

Aangesien ek teologie binne die AGS Kerk gestudeer het en self aan die Kerk behoort is ek nie 'n buitestaander wat krities wil wees oor berading binne die pastoraat nie. Ek het baie kontak met pastore asook mense wat deur hulle beraad is. Ek het dus die nodige toegang en samewerking vir die doel van hierdie studie gehad om met mense in gesprek te tree oor die wyse waarop hulle die berading wat hulle ontvang het, ervaar het. Ek doen die studie dus vanuit 'n posisie van kritiese-solidariteit met die AGS.

1.6 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Die omvang van die studie was beperk, aangesien die navorsing gedoen is ter gedeeltelike vervulling van die vereistes om 'n meestersgraad te voltooi. Tyd was 'n beperking gewees, maar het hopelik nie die kwaliteit van die navorsing beïnvloed nie. Ek bied die studie aan as 'n kwalitatiewe eksplorerende studie en nie as 'n studie wat tot veralgemeenbare konklusies wil kom nie.

1.7 ALGEMENE BESKRYWING EN MOTIVERING VIR DIE NAVORSINGSBENADERING

Hierdie navorsing is kwalitatief van aard, binne die gesitueerdheid van 'n sosiale konstruksie paradigma as navorsingsepistemologie. Die woord kwalitatief plaas die klem op die navorsingsproses en kan as volg verduidelik word:

Qualitative researchers stress the socially constructed nature of reality, the intimate relationship between the researcher and what is studied, and the situational constraints that shape inquiry. Such researchers emphasize the value-laden nature of inquiry. They seek answers to questions that stress how social experience is created and given meaning.

(Denzin & Lincoln 1994:4)

Ons lewens draai nie net rondom eksterne, feitelike 'realiteite' nie, maar eerder om ons ervaring van kultuur, waardes, geloof en geslag (Anderson & Goolishian 1988:379). Vanuit hierdie perpektief kan ek in die navorsing, deur die stories en die ervarings van die deelnemers, die effek van magsverhoudings in berading ondersoek (Freedman & Combs 1996:11). Daar is wel navorsers wat glo dat daar slegs een metode of wetenskaplike metode is waarmee 'n mens by die 'waarheid' uitkom. Dit lei tot die aanname dat kennis vry is van waardes, aook die sosiale, historiese en politiese konteks van die navorsing (Denzin & Lincoln 1994:8). Die kwalitatiewe navorser kan egter nie met hierdie aanname saamstem nie en lê eerder daarop klem dat elke plek, groep mense en hulle ontwikkeling in tyd, 'n konteks verteenwoordig wat in verskeie aspekte kan varieer. Selfs 'n klein variasie mag belangrike implikasies hê vir dit waaraan mense glo, hoe hulle optree en hoe hulle verandering sal hanteer of implimenteer. Mense word gevolglik toegelaat om hulle eie verstandhouding, interpretasie, toepassing en evaluasie rondom 'n onderwerp te ontwikkel (White 1995:14). Kwalitatiewe navorsing moet gesien word as deel van 'n debat en nie as 'n vasgestelde waarheid nie. Dit is belangrik om te onthou dat wanneer kwalitatiewe navorsing gedoen word, interpretasie 'n proses is waar aanvaar

word dat daar altyd 'n verskil sal wees tussen dit wat ons weergawe van die werklikheid is, en die dinge wat ons wil verstaan (Bannister et al:1994).

1.8 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Daar is verskillende en uiteenlopende literatuur ten opsigte van die verskillende metodes en benaderings wat onder die kategorie 'kwalitatiewe navorsing' val, soos onderhoude, die observasie van die deelnemer en visuele metodes. Kwalitatiewe navorsing is 'n veld van navraag in sy eie reg. 'It crosscuts disciplines, fields, and subject matter' (Denzin en Lincoln 1994:1).

Een tipe navorsingsmetodologie wat gebruik word in kwalitatiewe navorsing is **bevrydende aksie navorsing**. Volgens Zuber-Skerritt (1996:3) is bevrydende aksie navorsing, samewerkend, krities en self-kritiese navraag deur die navorser ten opsigte van 'n probleem of saak van kommer in 'n praktyk. Aksie navorsing is navorsing wat die praktyk ondersoek waar die navorsing 'n spesiale manier van kommunikasie vereis. Hierdie tipe kommunikasie beteken dat die navorser en die deelnemer mekaar op gelyke voet ontmoet.

Bevrydende aksie navorsing is baie bewus van die feit dat mag binne die navorsingsverhouding funksioneer. Zuber-Skerritt (1996:132) sê: 'obviously, power cannot be excluded from the research process and is reproduced in various forms rather than reduced: it is a constitutive feature of every social relationship', en daarom ook deel van die navorsingsverhouding. Bevrydende aksie navorsing stel voor dat 'n kritiese wetenskap onderhou behoort te word en daar 'n bewustheid behoort te wees van mag wat funksioneer. Dit lei tot kritiese vrae wat gevra moet word soos watter belangstellings groepe baat gaan vind uit die navorsing asook wie, of watter groepe, gemarginaliseer en uitgesluit word deur enige konsensus wat uit die navorsing spruit.

Practicing power in such a context thus becomes a case of listening acutely, to hear silences and ellipses, as well as what is evident; of

seeking to draw others and oneself into discursive dissonance in order to find that which can be agreed as the basis for that which will be done, that no one can deny the wisdom of doing.

(Clegg 1994:171)

Die gelykheid tussen navorser en deelnemer word in bevrydende aksie navorsing as belangrik beskou. Dit is nodig dat daar buigsaamheid en ruimte in elke gespreksituasie is, sodat die unieke vereistes van elke situasie aandag kan kry. Die vaardighede wat die navorser moet ontwikkel is hoofsaaklik tegniese bevoegdheid en interpersoonlike vaardighede wat behels dat daar kennis moet wees ten opsigte van die mens in sy totaliteit (Webb 1996:156).

Om die mens te verstaan, moet die navorser weet wat die diskoerse is wat die deelnemer se lewe rig. 'n Goeie metode om by hierdie diskoerse beter te verstaan is diskoers analise. Foucault (1972) se werk wys daarop dat die objek van kennis deur diskoerse bepaal word en dat hierdie diskoerse bepaal wat 'sienbaar' en 'sê-baar' is. Die aksie navorser kan dan fokus op die praktyke en diskoerse wat magsverhoudings vorm en in stand hou (Jennings & Graham 1996:173,174).

Alhoewel Zuber-Skerritt (1996) na diskoers analise verwys as 'n instrument van bevrydende aksie navorsing, verkies ek om eerder van **diskoers dekonstruksie** te praat aangesien die woord analise te veel aan modernisme herinner, terwyl my studie postmodernisties van aard is.

Binne die postmodernistiese paradigma word kennis gesien as die gevolg van 'n sosiale konstruksie proses en nie as die objektiewe beskrywing van eksterne realiteite nie. Daarteenoor word die modernistiese wetenskapsera gekenmerk deur 'n taal van objektiwiteit, empiriese waarneming, kwantitatiewe meting, induktivisme, verifieerbare kennis en feite (Kotzé 1992:27).

Diskoers dekonstruksie is 'n vorm van dekonstruksie wat die wyse waarop taal gekonstrueer is aanspreek. Daar word algemeen aanvaar dat daar geen gespesifiseerde reëls geld wanneer dit by diskoers dekonstruksie kom nie (Coyle

1995). Diskoers dekonstruksie behandel die sosiale wêreld as 'n teks of 'n sisteem van tekste wat sistematies deur die navorser geles word om die sielkundige prosesse bloot te lê wat daarin verskuil is (Bannister et al 1994).

Diskoers dekonstruksie verwerp die meer tradisionele verduidelikings van sosiale interaksies. Daar word geargumenteer dat diskoers ons toelaat om dinge te sien wat nie werklik bestaan nie. As 'n onderwerp egter eers in 'n diskoers verwerk is, word dit moeilik om nie aan die onderwerp te dink as werklik nie. Elke diskoers word gekategoriseer deur 'n eie styl, ideologie en inhoud. Soos reeds bespreek word diskoers sosiaal geskep en gevorm: dit stel situasies voor, objekte van kennis en die sosiale identiteite van verhoudings tussen mense en groepe mense (Fairclough & Wodak 1997:258). Diskoers verskaf dus die raamwerk vir die debat oor die waarde van verskillende maniere van praat.

'n Tema wat deurlopend in diskoers dekonstruksie gesien kan word, is die feit dat die teks benader word in eie reg en dat dit nie gesien word as sekondêre roete om iets agter die teks te sien nie. Die navorsing gaan hoofsaaklik oor hoe diskoerse saamgestel is en wat deur hierdie konstruksies bewerk word (Fiske 1992:301).

Aangesien taal die fokus van diskoers dekonstruksie is, is dit moontlik dat 'n groot aantal linguistiese patrone uit 'n paar mense se gesprekke kan volg. Dit het die gevolg dat 'n paar onderhoude met die deelnemers gewoonlik genoegsaam is, solank daar genoeg gesprek was om die navorsingsprobleem aan te spreek (Coyle 1995).

Ek het my navorsingsprobleem op die volgende wyse aangespreek: Hoofstuk twee is hoofsaaklik 'n literatuurstudie oor die funksionering van mag en etiek binne die beradingsproses waar ek spesifiek na Foucault se teorieë oor mag kyk. Hoofstuk drie tot sewe bestaan uit onderhoude wat ek met die deelnemers aan die navorsing gevoer het. Ek het mense wat deur pastore beraad is genader en uitgenooi om deel te neem aan 'n gesprek ten opsigte van hulle ervarings van die

beradingsproses. Die persone was voorsien van 'n informasie stuk wat inligting bevat ten opsigte van die voorgenome projek. Daaraan geheg was ook 'n aparte brief waarmee toestemming gegee is ten opsigte van hulle deelname aan die navorsing waarin ek onderneem om hulle te beskerm teen enige onnodige of nadelige publisiteit (sien Appendix A). Vir hierdie doel het ek voorgestel dat hulle skuilname gebruik en enige voorstelle van hulle kant af geakkomodeer sodat hulle gemaklik sou voel gedurende die navorsingsproses of met die inligting wat gepubliseer sou word.

Die onderhoude is gebaseer op semi-gestruktureerde gesprekke waarin daar op die tema gefokus is. Ek het vooraf 'n vraelys opgestel wat moontlik van nut sou kon wees, asook met die doel om die deelnemers 'n idee te gee oor die potensiële vra wat gevra sou kon word. Hierdie vrae sou egter nie die verloop van die navorsingsgesprek rig nie, maar slegs as 'n riglyn dien. Ek het my beywer om soos Dreyer (1998:12) sê, 'both insider and outsider, engaged participant an detached observer' te wees terwyl ek die gesprekke gevoer het. My eie ervarings as pastorale berader het ook baie van die vrae gerig. Ek het ook 'n etiese verantwoordelikheid gehad om nie deelnemers met my standpunte te beïnvloed nie. Die gesprekke het nie goeie of slegte berading ondersoek nie, maar wel die ervaring van mag in pastorale gesprekke. Ek het vrae gevra ten opsigte van kliënte se belewenisse van mag binne die beradingsgesprek en hoe kennis hierdie magsituasies beïnvloed het.

Die gesprekke wat ek met die deelnemers gevoer het is op audiokasset opgeneem, sodat ek dit kon transskribeer om later deeglik te bestudeer. Op hierdie wyse kon ek seker maak dat daar nie areas was wat afgeskeep is nie en sodoende kon ek meer kontrole uitvoer ten opsigte van areas wat nog verder ondersoek moes word. Na aanleiding hiervan het ek byvoorbeeld met een van die deelnemers 'n tweede gesprek gevoer om moontlike misverstande wat uit die eerste gesprek kon spruit, uit die weg te ruim.

In die laaste hoofstuk het ek weer na my navorsingsvraag en die doel van die navorsing gekyk asook my algemene gevolgtrekking en wat die navorsing vir my beteken het. Dit was vir my belangrik om hierdie faktore weer in oënskou te neem, omdat ek verder wil leer uit hierdie navorsingsondervinding ten einde goeie, effektiewe pastorale berading te beoefen. Ek wil graag by pastore 'n bewustheid skep van die effek van mag in pastorale berading sodat die etiese aspek van berading onder die soeklig kan kom.

1.9 GESPREKKE MET DIE DEELNEMERS

Aangesien die studie kwalitatief van aard was, is geen formele kwantitatiewe of statistiese data ingesamel nie. In plaas van bogenoemde, het die stories van die ervarings van die deelnemers aan die navorsing, gedien as evaluasie.

Na 'n gesprek met 'n deelnemer het ek in refleksie, die gesprekke met die kliënt opgesom in 'n poging om dit wat vir my in die gesprekke uitgestaan het, te belig. Die deelnemers het die opsommings ge-evalueer en hulle eie opmerkings gemaak, hetsy skriftelik of by latere gesprek om op bykomende vrae te reageer.

Ballard (1994:304) sê: 'What is important is that researchers should engage with research participants as equals in a process of critical reflection and mutual problem solving. In this way we may hope to understand our different realities as they exist at a particular time.' Ek stem saam met Ballard dat dit daarom gaan om saam met die deelnemer aan die projek te werk. Hierdie is nie net my navorsing nie, dit is ook die deelnemers se navorsing omdat hulle stories en ervarings ewe veel van waarde is en bygedra het tot die navorsing, deur lig te werp op 'n onderwerp wat tot dusver nog nie veel aandag geniet het in pastorale kringe nie.

In hierdie studie het ek my magsgosisie as navorser uitdaag deur byvoorbeeld aan die deelnemers die geleentheid te gee om te lees wat ek geskryf het om sodoende vir hulle die geleentheid te gee om meer seggenskap te hê oor die

inhoud van die navorsing. Ek wou seker maak dat ek, as navorser hulle reg verstaan. Die doel was nie om die berading wat die deelnemers ontvang het te ondermyn nie, maar eerder om die verband tussen die ervaring van die deelnemer en die kennis van die pastorale berader te ondersoek. Hier het ek ook die noodigheid gesien om by die deelnemers te hoor hoe hulle die navorsings gesprekke, asook my as navorser ervaar het.

Die oogpunt was nooit om pastore te diskrediteer wanneer dit by berading kom nie, maar bloot om te kyk wat die verband tussen kennis en mag is, met ander woorde hoe mag gefunksioneer het. Dit gaan dus nie om mag soseer nie, maar oor hoe mense hierdie magsverhoudings ervaar. As die deelnemers 'n positiewe ervaring gehad het, ten spyte van die feit dat mag gefunksioneer het in die beradings gesprekke, dan volstaan ek daarmee. Die idee is nie om mense negatief te beïnvloed ten opsigte van berading nie, maar bloot om hulle ervarings daarvan te ondersoek en die verband tussen kennis en mag te ondersoek.

1.10 ETIESE ASPEK

Ek het potensiele deelnemers aan die projek afsonderlik genader om deel te wees van die navorsingsprojek na aanleiding van die feit dat hulle almal by 'n AGS pastoor/pastore was vir berading in die afgelope vyf jaar. Omdat ek die ervaring van konfessionele berading wou ondersoek was my doel nie om negatiewe beradings ervarings te soek en uit te sonder nie. Die navorsingsgesprekke het gevloei uit my identifisering van mense wat ek ontmoet het in die afgelope jaar, asook vriende/kennisse wat deur AGS pastore beraad is. Die deelnemers kon kies of hulle aan die navorsing wou deelneem op grond van die informasie blad wat ek aan hulle beskikbaar gestel het.

Om stories te vertel is 'n tradisionele wyse waarop mense ervarings met mekaar deel. Dit was die deelnemer se besluit om aan die einde van die navorsing, my weergawe van sy/haar storie goed te keur deur my verslag te lees en

veranderinge aan te bring indien hy/sy wou. Indien die deelnemer nog nie gelukkig met die inligting van die verslag was nie, kon dit weer hersien word totdat die deelnemer daarmee tevrede was.

Voorsiening vir potensiële negatiewe effekte van die onderhoud op die deelnemers is gemaak. Aangesien dit nie uitgesluit kon word dat pynlike ervarings, potensieel in die onderhoud kon opduik nie, het ek as navorser voorsiening gemaak dat 'n deelnemer 'n sielkundige kon gaan spreek van sy/haar keuse, of verder met my in gesprek kon tree oor enige probleme. Die gesprekke sal onder streng supervisie geskied van my studieleier, Prof. Dirk Kotzé.

1.11 NAGEDAGTE

In hoofstuk een het ek my beywer om 'n fondasie te lê vir my navorsing. Hier het ek ook die rede vir my navorsing gemotiveer as gevolg van persoonlike ervarings. Ek het kortliks 'n verduideliking gegee van die noodnigheid van die studie, die navorsingsvraag, die doel van die studie, teoretiese en konseptuele raamwerk en hoe die navorsing gaan geskied. Dit sluit die stappe in wat gevolg gaan word sowel as die etiese inagneming. Hoofstuk twee is 'n literatuurstudie wat die funksionering van mag, kennis en etiek vir die doel van my navorsing beter beskryf en definieer.

HOOFSTUK 2

DEKONSTRUKSIE VAN MAG

Die doel van hierdie hoofstuk is om die posisie van die navorsing te beskryf, naamlik dat mag die beradingsverhouding konstitueer en in alle beradingsituasies teenwoordig is. Al die fasette van magsverhoudings sal bespreek word asook Foucault se idees ten opsigte van die 'normalizing gaze' en 'resistance of power'. My posisie in die navorsing word ondersoek en laastens word etiek in die beradingsproses bespreek. Hierdie diskoerse vorm die agtergrond van die navorsing, maar eerstens kyk ek na Foucault se teorie oor mag.

2.1 FOUCAULT SE TEORIE OOR MAGSVERHOUDINGS

2.1.1 Die magsdiskoers

Michel Foucault was 'n Franse filosoof wat 'n groot bydrae gemaak het tot die dekonstruksie van mag, en meer spesifiek die verskeie effekte wat mag op ons samelewing het. Hy het ook onder andere die verskeie maniere bevestigteken waarop die Westerse gemeenskap 'normaal' en 'abnormaal' geklassifiseer het (Foucault 1980). Foucault het sekere aspekte soos siekte, kriminaliteit en seksualiteit ondersoek, wat veroorsaak het dat sekere mense as geestesversteurd geklassifiseer was. Deur sy studies het hy tot die konklusie gekom dat mense die vermoë het om die verskeie diskoerse te bepaal wat hulle gemeenskap vorm (Townley 1994:5).

Wanneer daar na mag gekyk word as 'n diskoers, is dit nodig om van die volgende punt kennis te neem: Die diskoers van mag handel nie in effek oor mag nie, dit het eerder te doen met die produsering van mag (Wessels 1999:39).

A discourse *produces* its object, multiplies it and thereby grows stronger itself. To speak of the demystification of the *discourse on power* is to become aware of, and to draw attention to, the *power of discourse*, i.e. that power which holds us prisoner of our own discourses

(Daudi 1986:13-14 aangehaal deur Kearins 1996:5)

Wanneer daar vanuit 'n postmoderne perspektief geredeneer word, is konsensus in 'n gesprek slegs 'n fase in 'n diskussie en nie die einddoel nie. Dit is hier waar nuwe idees, nuwe differensiasies en nuwe reëls vir die diskoers bepaal word. Diskoers is dan eerder 'n spel tussen teëstanders, as 'n dialoog tussen vennote (Kvale 1996:246). Wanneer daar nie aandag gegee word aan die diskoers van magsverhoudings nie, beteken dit dat die mens hom/haar blind staar vir die wyse waarop mag onsensitief is vir verskille, asook die wyse waarop mag, lewenskwaliteit en verhoudings bepaal (Kotzé & Kotzé 1997:9). Mag hang saam met die sosiale gemeenskap en is verweef met alle tipe verhoudings, soos byvoorbeeld familie-, werks-, seksuele- en sosiale verhoudings (Shotter & Gergen 1989:67). Hierdie magsverhoudinge funksioneer nie net op grond van straf of weerhouding van positiewe beloning nie, maar is baie subtiel. Daar is nie altyd 'n duidelike skeidslyn tussen mense wat hulle in magsposisies bevind en mense wat aan gesag onderwerp word nie. Dit moet gesien word as 'n 'multiform production of relations of power and resistance' (Gordon 1980:142 aangehaal deur Kotzé 1992:9). Hierdie punt word later in meer detail bespreek.

Foucault (1980:98) sê verder: 'Power is employed and exercised through a net-like organization'. Die wyse waarop hierdie mag egter 'vervoer' word is taal. Volgens Foucault is menseverhoudings en die magsdiskoers intrinsiek deel van mekaar. Hy sluit hierby aan deur te sê dat taal die instrument van mag is en dat dit direk in verhouding met die mens se vermoë staan om deel te neem aan die verskeie diskoerse wat ons gemeenskap vandag vorm (Foucault 1980:94). 'Michel Foucault, considered language to be an instrument of power, suggesting that people have power in a society in direct proportion to their ability to

participate in the various discourses that shape their society' (Wessels 1999:10). Hierdie diskoerse produseer sogenaamde waarhede, rakende wat as normaal, abnormaal en waar beskou word.

Foucault (1980:99) kyk hoe belangrike sosiale en kulturele instansies soos die wet, die staat, die kerk, die wetenskap, psigiatrie, die sielkunde, die media en die familie, diskoerse produseer oor sogenaamde 'waarheid', byvoorbeeld hoe kinders opgevoed behoort te word, die verhouding tussen werkgewer en werknemer, die verhouding tussen man en vrou, ensovoorts. Dit het die gevolg dat sogenaamde waarheid en kennis dus ondersoek behoort te word en nie as vanselfsprekend aangeneem behoort te word nie (Knudson-Martin 1997:427). Dit dring ons om krities te wees teenoor kennis wat reeds bestaan en die aanname dat konvensionele kennis gebaseer is op objektiewe, onbevooroordeelde observasie van die wêreld soos wat ons dit ken (Burr 1995:3). Dit bring ons by die vraag na die verband wat tussen kennis en mag bestaan.

2.1.2 Die verband tussen kennis en mag

Voordat ons kyk na Foucault se idees oor die verband tussen kennis en mag moet ek eers kyk na wat met kennis bedoel word...

Eerstens kan daar gesê word dat kennis sosiale prosesse onderhou (Kotzé 1992:10). Dit is as gevolg van die daaglikse interaksies tussen mense wat ons verskeie idees van kennis tot stand kom, wat ons as sogenaamde 'waarheid' bestempel. Dit kan as volg beskryf word:

Therefore what we regard as 'truth' (which of course varies historically and cross-culturally), i.e. our current accepted ways of understanding the world, is a product not of objective observation of the world, but of the social processes and interactions in which people are constantly engaged with each other

(Burr 1995:4).

Die onderhandelde betekenis van 'n verskeidenheid 'sosiale konstruksies' vra verskeie maniere waarop mense sal reageer. Burr (:5) sê: 'Descriptions or constructions of the world therefore sustain some patterns of social action and exclude others.'

Kennis word dus nie gesien as die objektiewe refleksie of die verteenwoordiging van 'n eksterne realiteit nie, maar as die sosiale konstruksie van mense in hulle poging om saam te lewe binne hierdie wêreld (Freedman & Combs 1996:89). Kennis van die waarheid kan nie as weergawe van die waarheid beskou word nie. Kennis is *dit* wat mense skep in hulle poging om hulle verstaan van die waarheid te formuleer. Die formulering van hierdie waarhede geskied in taal (Efran, Lukens & Lukens 1985:25). Die verstaanproses is die gevolg van 'n aktiewe, koöperatiewe onderneming van mense wat in verhouding tot mekaar staan. Realiteit word geag as onderhandelde betekenis wat nie buite die domein van linguistiese interaksie kan bestaan nie (Gergen 1991:104-106).

Wanneer mense hoor dat daar ander moontlikhede is van betekenis wat as waarheid aanvaar is, kan ou betekenis in heroorweging geneem word en nuwe betekenis gevorm word (Freedman & Combs 1996:46).

Woorde en kennis kan nie beskou word as weerspieëlings van die waarheid nie, maar is eerder die uitdrukking van groepskonvensie. Kennis is dan die ooreengestemde betekenis binne die konteks van linguistiese interaksie, wat die produk is van 'n sosiale konstruksie wat histories in tyd reeds bepaal is en steeds bepaal word (Kotzé & Kotzé 1997:3-4).

Die groot vraag wat dan gevra word is: Hoe gebeur dit dat ons tot kennis van die waarheid kom en wat is die relasie tussen die verworwe kennis en die waarheid? Hierdie is 'n vraag waarmee die postmoderne denker hom/haarself besig hou (Maturana & Varela 1988:242). Die mens as die interpreteerder van kennis en sogenaamde 'waarheid' word 'n baie belangrike instrument in die aannames van wat ons as waarheid en kennis beskou. '[T]he environment as we perceive it is our invention' (Foerster 1994:288 aangehaal deur Kotzé 1992:3).

So is dit die diskoerse in 'n gemeenskap wat bepaal watter kennis as waarheid bestempel word, asook wat as reg en verkeerd bestempel word. Die mense in 'n gemeenskap wat die mag het om diskoers te bepaal beheer ook die kennis in daardie gemeenskap (Freedman & Combs 1996:38). Foucault definieer mag as 'a relation between forces', maar terselfdertyd sê hy 'every relation between forces is a power relation' (Deleuze 1988:17). Verder sê hy dat mag geanaliseer behoort te word as iets wat sirkuleer of iets wat slegs in die vorm van 'n ketting funksioneer.

[P]ower must be analysed as something which circulates, or rather as something that only functions in the form of a chain. It is never localized here or there, never in anybody's hands, never appropriated as a commodity or a piece of wealth. Power is employed and exercised through a net-like organization. And not only do individuals circulate between its threads; they are always in the position of simultaneously undergoing and exercising this power. In other words individuals are the vehicles of power, not its points of application.

(Foucault 1980:98)

Mag bestaan dus nie onafhanklik op verskeie plekke nie: 'We are all caught up in a net or web of power/knowledge, it is not possible to act apart from this domain, and we are simultaneously undergoing the effects of power and exercising this power in relation to others' (Freedman & Combs 1996:37). Mag behoort nooit aan iemand spesifiek nie en kan nooit as 'n besitting bestempel word nie (Wessels 1999:44). Dit is eerder werksaam in 'n gemeenskap en word uitgeoefen deur 'n netwerk-organisasie waar 'n paar individue aan die hoof van die groep staan (Du Toit 1994:949).

The discourses of a society determine what knowledge is held to be true, right, or proper in that society, so those who control the discourse, control knowledge. At the same time, the dominant knowledge of a given milieu determines who will be able to occupy its powerful positions.

(Freedman en Combs 1996:38)

White (1997:20) sê dat hy in die volgende opsig saam met Foucault (1980) stem, wanneer dit by kennis en mag kom: 'I understand that all knowledges are socially constructed and constitutive or potentially constitutive of life, and that power and knowledge are inseparable – all knowledges are associated with and inform practices of power.' Verder kritiseer hy die mate waartoe kultuur, ekspert kennis en diskoerse van professionele dissiplines, die plaaslike kultuur marginaliseer en diskwalifiseer, wat veroorsaak dat professionele monokulture geskep word.

The specificity and authority of expert knowledges, which are distributed from the top down, make it difficult for persons whose working lives are located in the various sites of the culture of psychotherapy to ever experience the attainment of an adequate grasp of knowledge. No matter how much they know, it is never enough.

White (1997:17)

Die konklusie wat gemaak word is dat 'n gemeenskap sonder magsverhoudings nie bestaan nie. 'The power to act in particular ways, to claim resources, to control or to be controlled depends upon the "knowledge" currently prevailing in society' (Wessels 1999:41).

As dit waar is wat Foucault (1980:82) sê, naamlik dat alle waarheid 'n konstruksie is van sekere diskoerse, dan is ons die konstruksie van die geskiedenis van diskoerse wat oor baie jare gevorm is. Deur hierdie diskoerse word ons gevorm, gedissiplineer en 'genormaliseer', en kom ons onder, wat Foucault die 'normalizing gaze' noem.

2.1.3 'The normalizing gaze'

Foucault (1979) se dekonstruksie van Jeremy Bentham se Panoptikon kan gebruik word as 'n metafoor vir 'n baie ekonomiese vorm van magstoepassing. Die panoptikon was 'n argitektoniese vorm van ontwikkeling in die agtiende eeu en was voorgestel as die ideale manier om die maksimum supervisie oor werknemers te bevorder met die minimum toesighouers. Die werknemers wat in die Panoptikon gewerk het was onderwerp aan die 'starende blik' ('gaze') van die

toesighouer te alle tye, maar kon nie die ander werknemers wat in dieselfde gebou gewerk het, sien nie. Die wernemers was geïsoleer in hulle ervaring waar hulle geobjektiveer is (Parker 1989:63). Foucault (1979:187) sê: 'It is the fact of constantly being seen, of being able always to be seen, that maintains the disciplined individual in his subjection.'

Die Panoptikon was 'n model wat vir die totale onderwerping van werknemers gesorg het. White (1991:24) sluit aan by Foucault se bespreking deur te sê:

Not only did each person feel under scrutiny at all times in relation to the rules and norms of the organization, but each person was also isolated in their experience of scrutiny; in their subjugation to normalizing judgement.

(White 1991:24)

Omdat die werknemers nie met mekaar kon kommunikeer nie, was dit vir hulle onmoontlik om hulle ervarings met mekaar te vergelyk, dit het gelei tot, wat Foucault (1979:185) die 'normalizing gaze' genoem het. White (1991:24) sê: '[T]he ever present gaze experienced by the persons occupying the individual spaces was in effect a "normalizing gaze".' Die panoptikon se funksie was om 'n uitwendige kulturele 'normative gaze' te skep, wat deur die individu geïnternaliseer is. Dit het die persoon gelei tot aksies en dade wat sosiaal of kultureel aanvaarbaar was, in hierdie geval aanvaarbaar vir die opsigters in die magposisie. So is dit moontlik om parallele te trek tussen Foucault se dekonstruksie van die panoptikon en die waaksame oog van die opsigters.

White (1991:24) sê verder: 'They would therefore become ever vigilant of their own behaviour, constantly evaluating their own actions against the norms that are laid down by the "gaze".' Geïnternaliseerde persoonlike diskoerse word ook deur Foucault gesien as 'n manier van selfkontrole om by die sosiale norme en standaarde te pas. Hy voer aan dat mense hulleself monitor en optree volgens hulle interpretasie van die voorgestelde kulturele en sosiale norme. Dit gaan so ver dat hulle ook eksterne outoriteitsfigure, soos sielkundiges en godsdienstige leiers nader vir meer leiding om sosiaal aanvaarbaar te wees (Foucault

1982:221). Dit is waarom mag geassosieer word met praktyke, prosedures, en tegnieke. Ons hoor dikwels van kliënte wat sê dat hulle tydens die berading gevoel het of hulle ondersoek, geweeg, gekritiseer en geïsoleer was. Die berader se spreekkamer is dus 'n plek waar die 'gaze' dikwels funksioneer (Foucault 1979:187).

Foucault se analise van Bentham se panoptikon beklemtoon hoe die moderne sisteem van mag mense lok om deel te wees van 'n sisteem waar die bron van mag nie altyd sigbaar is vir die persoon wat aan die magposisie onderwerp word nie (White 1991:138). Parker (1989:63) wys hoe Bentham se panoptikon soms binne die terapeutiese proses werksaam is, waar:

- die persoon onder die ondersoekende oog van die terapeut ontleed word, sodat 'n diagnose van sy/haar probleem gemaak kan word.
- daar aangeneem word dat die kliënt geensins kan bepaal wanneer hy die objek is van terapeutiese ontleding en wanneer nie.
- die kliënte geneig is om hulleself te evalueer en in die lig van hulle omstandighede en voor te doen as gewillig en tevrede met die terapie.

Deur die bogenoemde punte ontstaan 'n eksklusiwiteit met betrekking tot wat as geloofwaardig gesien word deur die kliënt. Op hierdie wyse kan 'n persoon dikwels sy/haar identiteit deur professionele kennis wat aan hom/haar voorgeskryf word, verloor (Foucault 1982:220).

Wanneer die kliënt as objek beskou word, word hulle die pion van die terapeut se kennis. 'n Postmoderne benadering kraak nie die verskeie skole van terapie af nie, maar het wel 'n probleem met hulle monopolie op absolute waarheid. Soos reeds genoem, word waarheid deur sosiale interaksie oor 'n tydperk gevorm, dus kan die terapeut geensins reeds vanuit die staanspoor aanspraak maak op besit van die waarheid as antwoord op die persoon se probleme nie (Freedman & Combs 1996:22;23). Dit is egter so dat terapeute dikwels aanspraak maak op die waarheid oor 'n kliënt se lewe wanneer hulle berading doen. Hierdie

aansprake waarmee die kliënt nie kan identifiseer nie skep dikwels 'n situasie wat Foucault 'resistance of power' noem.

2.1.4 Foucault se idees oor 'resistance of power'

Weerstand teen mag bestaan nooit buite die sisteem van magsverhoudings nie, maar is inherent deel van die magsverhouding. Weerstand teen mag is dikwels geïsoleerde gevalle waar individue normaliserende magsverhoudings bevraagteken, hetsy bewustelik of selfs onbewustelik. Weerstand teen mag is nie altyd verbaal nie, maar kom dikwels voor in die wyse waarop die kliënt op die berading of teenoor die berader reageer.

Persone in magsposisies sien 'resistance of power' dikwels as 'n soort rebelsheid of nie-samewerkende gedrag, wat die indruk versterk dat die persoon wat in die subjek posisie is, beheer behoort te word. Wanneer daar weerstand teen die magssisteem is, word die idee van onderdrukking versterk (Foucault 1982:212). Falzon (1998:52) sê na aanleiding van wat Foucault gesê het: 'No particular social ordering can ever be absolute or eternal. It means that there will always be resistance, revolt, struggle against socially imposed constraints, renewed dialogue and the transformation of social forms.'

Vryheid is die mens se vermoë om te reageer wanneer mag uitgeoefen word. Vryheid word gevorm deur sosiale konteks, maar die mens is ook 'n wese wat nie net passief die sosiale norms wat op hom afgedruk word sonder bevraagtekening aanvaar nie (Foucault 1980). Die mens kan ook sekere aanvaarde gedrag teëstaan en bestaande grense verbreed. Dit is in hierdie sin dat nuwe en onverwagte uitdagings aangepak word om die onbekende saam te verken. Hier kan mens selfs praat van 'n sogenaamde vryheid om die sosiaal aanvaarbare uit te daag (Foucault 1982:221).

Die wyse waarop vroue patriargale mag bevraagteken, is 'n voorbeeld van wat Foucault (1980:92) beskryf as 'weerstand teen mag'. Feminisme is 'n beweging wat hierdie magsverhoudinge onder die soeklig stel. Weerstand teen mag word ook onder andere gesien in die verhoudings tussen ouers en kinders, die psigiatrie en verstandelike gestremde pasiënte, die medici teenoor siekes asook tussen sielkundiges/beraders teenoor hulle kliënte.

Daar is 'n neiging dat mense die instansies van mag waarmee hulle die meeste kan identifiseer, die meeste kritiseer. Daar is 'n weerstand teen die effekte van mag wat verbind word aan kennis, bevoegdheid en kwalifikasie, asook weerstand teen die voordele wat mense in posisies van kennis het. Die wyse waarop kennis sirkuleer en funksioneer word ook bevraagteken.

Die individualiteit van die mens word onderdruk wanneer mag funksioneer en die weerstand teen hierdie tipe mag is die mens se stryd teen konformasie. Die mens kom in opstand wanneer hy/sy voel dat mag van hom/haar 'n onderdaan of subjek wil maak (Shotter & Gergen 1989:67).

Volgens Foucault (1982:212) is daar twee betekenis vir die woord subjek of onderdaan: *Eerstens* kan dit beteken dat iemand onderdanig is aan iemand anders deurdat hy/sy beheer word deur die ander persoon. *Tweedens* dat 'n persoon afhanklik is van die persoon in die posisie van mag en gebind is aan hierdie persoon deur sy eie identiteit van self-kennis of gewete. Albei betekenis stel 'n vorm van mag voor wat onderdruk, of 'n onderdaan van 'n persoon wil maak.

Oor die algemeen word daar na drie vorms van weerstand verwys: *Eerstens* is daar 'n weerstand teen dominasie, soos op die etiese, sosiale, en godsdienstige gebied. *Tweedens* is daar weerstand teenoor alle vorme van eksploitasie of uitbuiting. *Laastens* is daar weerstand teen onderdrukking van die individu self, wat hom/haarself onderwerp aan ander. Hierdie weerstand sluit onderdrukking en alle vorms van onderwerping of afhanklikheid in.

Die politiese, etiese, sosiale en filosofiese probleem van ons dag is nie die sogenaamde bevryding van die individu se institusionalisering nie, maar wel om die individu van hom/haarself te bevry waar hy/sy sogenaamde magsinstansies aanvaar en nie bewus is van alternatiewe waarhede nie (Foucault 1980).

Die vraag is: Hoe kan mense bewus word van alternatiewe waarhede rondom mag, wanneer hulle dikwels nie eens bewus is dat mag funksioneer nie? Die positiewe kant van mag het die gevolg dat die ervaring van mag mense dikwels bewus maak dat daar wel magsverhoudings bestaan waarmee hulle ongemaklik voel. Die bewuswording van mag kan dan alternatiewe waarhede tot gevolg hê, deurdat mense hierdie ervarings begin ondersoek en aanspreek. Vervolgens word die positiewe kant van mag aangespreek om hierdie punt verder te ondersoek.

2.2 DIE POSITIEWE KANT VAN MAG

Foucault (1982:215) het nie net in die negatiewe aspekte van mag belang gestel nie maar in al die fasette wat mag verteenwoordig. Hy het mag aangeprys as 'n wyse om 'n bewuswording van alternatiewe waarhede te skep. Om mag slegs as negatief te beskryf, val mens terug in die slaggat van modernistiese denkpatrone en maak ons onself skuldig aan dieselfde swart en wit denke wat etiese dilemmas in die eerste plek laat ontstaan (Foucault 1980:101).

Die verskeie faktore waaruit mag bestaan het, was Foucault (1980) se grootste passie. Soos reeds genoem, het hy voorgestel dat die mens onderworpe is aan mag deur sogenaamde normaliserende 'waarhede' wat ons lewens en verhoudings vorm. Hierdie 'waarhede' is normaliserend in die sin dat dit die norme daar stel wat ons aanmoedig om ons lewens op 'n sekere manier te konstrueer. Deur mag te ondersoek en van die effek van mag bewus te word, ontdek mense alternatiewe waarhede oor hoe berading meer eties kan geskied, in ag geneem dat mag in alle verhoudings funksioneer en nooit uitgesluit kan

word nie. Deurdat die kliënt en die berader bewus is van mag wat funksioneer in die beradingsverhouding verkry die kliënt binne die terapeutiese konteks die vryheid om hom/haarself meer vrymoedig uit te druk. Hierdie vryheid word verkry deur die kennis wat aan die kliënt beskikbaar gestel word en alternatiewe keuses waarvan hy/sy bewus word om sodoende die magsmisbruik waaraan hy/sy blootgestel word, aan te spreek. Die feit dat die kliënt 'n positiewe keuse kan maak, omdat hy/sy bewus is van die wyse waarop magsverhoudings funksioneer, gee die kliënt die keuse om hom/haarself aan magsverhoudings bloot te stel, al dan nie. Halperin (1995:17) verduidelik hierdie punt as volg:

Hence, power is not intrinsically, nor is it only, negative: it is not just the power to deny, to suppress, to constrain – the power to say no, you can't. Power is also positive and productive. It produces possibilities of action, of *choice* – and, ultimately, it produces the conditions for the exercise of freedom.

Om hierdie magsverhoudings te ondersoek, lei tot nuwe uitdagende moontlikhede in die terapeutiese praktyk. Dit skep onder andere 'n bewustheid van moontlike magsverhoudings en magswanbalanse. Dit help die terapeut om weg te breek van diskoerse van patalogie en van formele sisteme van analise wat kliënte marginaliseer en objektiveer. Dit bevraagteken en daag die bevoordeling van die sogenaamde deskundige of ekspert kennis uit en lei daartoe dat alternatiewe kennis sisteme ondersoek word (White 1995:197).

Foucault (1980:94) sluit hierby aan in die sin dat hy voorstel dat alternatiewe kennis dikwels stil gemaak en gediskwalifiseer word. Sodra 'n individu deel word van 'n gemeenskap, word sekere waarhede bevoordeel. Deur hierdie 'waarhede' te aanvaar, word daar status aan die 'waarheid' gegee, terwyl alternatiewe diskoerse onderdruk word. Omdat ons deelnemers en subjekte van mag is deur die kennis wat as waarheid voorgehou word in 'n gemeenskap, word ons op grond daarvan beoordeel, veroordeel, geklassifiseer en beweeg tot 'n sekere leefstyl. Die bewuswording van magsfunksionering lei ons tot die bewuswording van alternatiewe keuses. Dit skep 'n platform waar die persoon buite die grense

van die moontlike en aanvaarbare uitbeweeg op soek na vryheid, weg van 'n sisteem wat konformeer. Deur bewus te wees van mag word die negatiewe aspekte van die strukture wat deur die dominante kultuur bevoordeel word, aangespreek (Foucault 1982:213).

Soos reeds genoem kan mag en magsverhoudings gesien word in die hedendaagse samelewing in interaksies tussen mense, tegnieke en praktyke soos die hiërargiese strukture tussen individue in verhouding met mekaar. In die professionele praktyk vorm professionele diskoerse dikwels die ontwikkeling en die kenmerke van die terapeutiese verhouding, waar beide die terapeut sowel as die kliënt beïnvloed word (Monk 1997). Verskillende professionele gemeenskappe formuleer kennis op verskillende wyses. So ontstaan daar baie maklik konflik oor watter professies die reg het om hulleself uit te spreek oor wat as die geldige kennis in 'n sekere veld van kundigheid beskou kan word (Kvale 1996:247). As gevolg hiervan moet daar gekyk word na die etiese implikasies van die terapeutiese proses.

2.3 DIE VRAAG NA DIE ETIESE...

'n Postmoderne wêreld maak ons bewus van fundamentalistiese 'waarhede' wat vandag teenwoordig is in ons sosiaal gekonstrueerde wyse van denke en kulturele praktyke waaraan ons deelneem. Alhoewel verskeie vorms van fundamentalistiese 'waarhede' altyd teenwoordig is, word godsdienstige en wetenskaplike 'waarhede' gesien as die onmiddellike uitdaging van ons etiese wyse van bestaan (Eybers, König en Stoop 1982:227).

Die bedoeling is nie om godsdienste of wetenskap teë te staan nie, maar eerder om te aanvaar dat albei 'n rol speel in mense se lewens. Daar word eerder gefokus op die dominerende en onderdrukkende praktyke van godsdienste en wetenskap, terwyl fundamentalistiese idees en sogenaamde 'waarhede' uitgedaag word (McLean 1994:2,3). Die vrae wat terapeute hulleself kan afvra

is: Hoe kan ons steeds ons gelowe en kennis behou word sonder om ander se stemme uit te sluit of te marginaliseer? En, hoe kan deelnemende, lewewegende praktyke gestig word, wat sal bydra tot 'n meer etiese gemeenskap? (Kotzé, Myburg & Roux 2002:ix).

Om by die antwoorde op hierdie vrae te kom moet daar gekyk word na die verband tussen mag, kennis en etiek (Foucault 1972). Etiek behoort dadelik in aanmerking gebring te word wanneer daar na die verband tussen kennis en mag verwys word. Soos vroeër genoem is alle mense in 'n netwerk van kennis en mag vasgevang, terwyl almal tegelyk die effek van mag ervaar of mag uitoefen op ander (White en Epston 1990:22). Hierdie standpunt maak die etiese verantwoordelikheid van die berader soveel groter om voorwaardes te vestig wat hulle bemoedig om hulle beradingspraktyke te evalueer. Hierdie evaluasie is noodsaaklik sodat die konteks van idees binne die praktyk gedekonstrueer kan word (Meier, Minirth, Wichern & Ratcliff 1991:338-340). Op hierdie wyse word die 'kennis' en 'waarhede' wat in die praktyk funksioneer blootgelê om ondersoek te word en sodoende kan antwoorde verkry word op sommige vrae soos: Wie se kennis funksioneer in die berading? Wie trek voordeel uit die kennis? Wie word gemarginaliseer, of stilgemaak deur kennis? Wie lei onder die resultate van hierdie kennis? (Foucault 1982:228).

In modernisme word objektiwiteit, neutraliteit, en teorie-praxis onderskeid op die voorgrond geplaas, terwyl die implikasies van hierdie punte na die agtergrond verskuif word. Foucault se kennis-mag teorie daag hierdie aannames uit, waar etiese belange na die voorgrond verskuif. Wetenskaplike aangeleenthede lyk dan baie anders wanneer dit meer op die agtergrond geskuif word. Die fokus is nie soseer op die wetenskaplike waardes van kennis, 'waarhede', doktrines en gelowe nie, maar op die effek wat hierdie dinge op mense se lewens het. Die vraag is wie word benadeel en wie trek voordeel uit die kennis wat funksioneer? (Kotzé 2002:8).

Etiese diskoers is die vraagstuk oor wat as reg en verkeerd beskou behoort te word. Daar moet egter geargumenteer word of hierdie kwessie vanuit 'n etiese epistemologie of 'n wetenskaplike epistemologie verstaan behoort te word. Vanuit 'n etiese epistemologie, gaan dit nie net bloot om reg en verkeerd nie, maar ook om wie die reg/mag het om hulle oor enige aangeleentheid uit te spreek? Verder word die vraag ook gevra: Wie word deur hierdie uitsprake beoordeel? Dit gaan ook verder oor die feit dat daar meervoudige realiteite is en dat reg en verkeerd afhanklik is van die verskillende kontekste en situasies wat uit hierdie realiteite spruit (Lowe 1996).

Foucault (1982:228) sê dat die Christendom 'n 'kode' van etiek tot stand laat kom het. Dit het die gevolg gehad dat sekere individue hulleself ondergeskik gestel het aan 'n ander persoon wat 'n posisie van mag beklee het, in hierdie geval, die pastoor. Die woord 'pastoor' stel 'n spesifieke vorm van mag voor wat Foucault (1982:228) onder die volgende punte beskryf:

- Dit is 'n vorm van mag wat die doel het om 'n persoon tot verlossing te lei.
- Pastorale mag is nie net 'n vorm van mag wat vereistes stel nie, dit is ook selfopofferend en in diens van die gemeente.
- Pastorale mag kyk nie net na die gemeente as geheel nie, maar ook na die individu.
- Hierdie tipe mag kan nie uitgeoefen word sonder dat die pastoor insig in die mens se persoonlike denke, siel en geheime het nie. Dit impliseer 'n kennis van die bewuste en die vermoë om dit te rig en te bestuur.

In pre-moderne tye, het godsdien hoofsaaklik dit wat as 'waarheid' bestempel was, beheer. Die kerk speel vandag nog 'n groot rol in hierdie aangeleenthede. Die kerk het die Bybel geïnterpreteer en in geen onseker taal voorgeskryf wat as reg en verkeerd gesien moes word nie. Mense wat direk deur hierdie aannames beïnvloed was (en steeds is), het min of geen sê gehad in die diskussies oor reg en verkeerd nie. Hulle stemme was stil gemaak (Kotzé 2002:12).

Nie die Christendom (of enige godsdien) of die wetenskap het al ooit 'n regverdige of etiese gemeenskap ontwikkel nie. Al hulle pogings om 'n regverdige en etiese gemeenskap te skep het presies dieselfde onreg en onderdrukking teweeggebring. As beide godsdien en die wetenskap etiese 'waarhede' voorskryf, maar nie 'n etiese gemeenskap kan skep nie, moet hierdie 'eties' en 'waarhede' bevraagteken word (Kotzé 2002:13).

Wanneer daar gereflekteer word oor wie voordeel trek uit sekere etiese 'waarhede', is dit duidelik dat dit juis *die* is wat die 'waarhede' bepaal. Dominante wetenskaplike en godsdienstige 'waarhede' marginaliseer alle ander moontlike realiteite wat neig om van die dominante 'waarhede' af te wyk. Die dominante 'waarhede' is geneig om *die* wat hulle bepaal te bevoordeel, terwyl ander wat van hierdie 'waarhede' verskil, onderdruk word (Gallagher 1996:119).

Wanneer daar op 'n postmoderne manier na 'waarheid' en etiek gekyk word, word gesê dat niemand die finale sê het oor hoe godsdien of die wetenskap geïnterpreteer behoort te word nie. Selfs die aanname dat die Bybel die bron van alle 'waarheid' is, roep tot die interpretasie van die bron. Alhoewel baie teoloë met die aanname van interpretasie saam stem, is dit nog steeds duidelik dat modernistiese en pre-modernistiese houdings sigbaar word, wanneer daar gekyk word na die voorskriftelike manier waarop daar dikwels met die Bybel omgegaan word (Kotzé 2002:15). Die voorskriftelike manier van gebruik van die Bybel kan nooit voorsiening maak vir die verskillende wyses waarop mense krisisse ervaar en hanteer nie (Walker 1998:9).

Die alternatief van voorgeskrewe etiek, is die deelname van die gemeenskap in die besluite van wat as eties bestempel word. Dit is nie net die bemagtiging van die wat voorheen sonder mag was nie, maar 'n deelname in diskoers deur *die* wat selde uit die diskoers van bemagtigdes voordeel trek. 'Participation of all, is a primary commitment if in any way, we aspire to being ethical' (Kotzé 2002:18).

As ons kies om eties te werk te gaan, moet die dinamiese proses van etiek meer deelnemend en deursigtig word. Dit impliseer dat almal wat betrokke, geïmpliseer, ingesluit of geaffekteer word deur die etiese besluite, deelnemers moet wees van die proses van wat eties aanvaarbaar moet wees. Vir mense om deel te neem aan die proses waar die etiese herondersoek word, kom ons weer terug na die feit dat daar eers 'n bewuswording moet plaasvind van hoe mag funksioneer en marginaliseer. Dit is dan ook in die lig hiervan nodig om te kyk hoe mag in pastorale berading en spesifiek vir die doel van die studie, binne die AGS Kerk funksioneer.

2.4 DIE FUNKSIONERING VAN MAG IN BYBELSE BERADING, SPESIFIEK IN DIE AGS KERK

Om ondersoek in te stel na berading binne die AGS Kerk het ek kortliks gekyk na die opleiding by die AGS Teologiese Seminarium in praktiese teologie, spesifiek die beradingsopleiding wat ek self daar ontvang het. Ek het gekyk na boeke wat voorgeskryf is vir die teologiese studente in die AGS, asook boeke wat aanbeveel is deur AGS pastore in die algemeen. Die doel was nie om die boeke (of die pastore) te kritiseer nie, maar om te kyk hoe mag binne hierdie voorgeskrewe boeke funksioneer. Ek besef dat hierdie boeke nie alle pastore in die AGS se keuse en wyse van berading verteenwoordig nie.

Eerstens het ek gekyk na die rol van die pastorale berader soos beskryf deur Collins (1989:17,18):

He or she seeks to stimulate spiritual growth in counselees; to encourage confession of sin and the experience of divine forgiveness; to model Christian standards, attitudes, values, and lifestyles, to present the gospel message, encouraging counselees to commit their lives to Jesus Christ; and to stimulate counselees to develop values and live lives that are based on biblical teaching, instead of living in accordance with relativistic humanistic standards.

Die tipe berading wat hier beskryf word kan egter baie voorskrywend van aard wees aangesien die berader alreeds sy/haar agenda het van waarheen hy/sy met die kliënt oppad is, sodoende speel die berader se kennis die dominante rol in die beradingsproses en funksioneer mag.

Egan (1994) fokus hoofsaaklik op kliënt-gesentreerde berading en sê: 'Helpers are effective to the degree that their clients, through client-helper interactions, are in better positions to manage their problem situations...', menende die kliënt en die pastoor werk saam tot probleem oplossing. Hy sê ook: 'Clients are successful to the degree that they capitalize on what they *learn* from the helping sessions, using these learnings to manage problem situations more effectively and develop opportunities more fully' (Egan 1994:6).

Hierdie stelling het 'n baie modernistiese aanslag en beklemtoon die diskoers dat die pastoor oor ekspert kennis beskik om die kliënt se probleme op te los. Die kliënt se verantwoordelikheid is om na die pastoor te luister en van die pastoor te *leer*. Dit laat die verantwoordelikheid van probleemoplossing in die pastoor se hande (Nelson 1981:91).

Omdat ons in 'n milieu leef waar dit van die pastoor verwag word dat hy/sy 'goeie raad' sal gee, funksioneer mag op verskuilde maniere. Mag funksioneer omdat dit die pastoor se kennis is wat hoofsaaklik funksioneer, terwyl die kliënt se stem dikwels stil gemaak word omdat hy/sy nie 'n 'ekspert' is op die gebied van 'die Bybel' nie. Beide die pastoor en die kliënt is dikwels onbewus van die feit dat mag funksioneer, maar dit verminder nie die effek van mag in die beradingsverhouding nie (White 1991).

Hierdie stelling kan selfs verder geneem word wanneer mens kyk na die aanhaling uit Adams (1976:86): 'The pastor cannot set aside his convictions – even temporarily. Even if he could he would be wrong in doing so. His Christian presuppositions must at all times control the interview.'

Ek stem nie saam met wat Adams sê nie. Ek dink die klient moet in die die verloop van die berading die bepalende faktor wees ten opsigte van hoe die berading verloop. Die berader behoort bloot die fasiliteerder in die

beradingsproses te wees. Ek stem eerder saam met Efran en Lukens (1985:72) wat sê: 'At all times, it is the client, and not the therapist, who "controls" the process.'

Goldsmith (1960:90) sluit by Adams aan in die volgende aanhaling:

The practitioner is far better able to remain in his consciousness of God if he pays no attention to the person, condition, or thing, but instantly realizes, 'This person is a victim of a universal belief from which at the moment he does not know how to extricate himself'...Some patients will give you a hard battle before they yield, but do not be ensnared by any such resistance...

By die meeste heersende pastorale benaderings word die rol van die pastoor as die van 'n geestelike ekspert gesien (Adams 1972:23-24). Hy benader kliënte se probleme op objektiewe, rasionele en empiriese wyse deur die onderskeiding van die oorsake van probleme, tipes probleme en oplossings vir probleme. Deur deskriptief en uiteindelik ook preskriptief op te tree, is die gevaar groot dat die pastoor se idees aan die kliënt opgedwing word, in sommige gevalle selfs sonder om werklik die kliënt se storie te hoor. In plaas daarvan dat daar saam na wysheid gesoek word, word 'n sekere geïnterpreteerde waarheid gewoonlik as die 'regte waarheid' aangedui. Hierdie 'waarhede' word die meeste van die tyd deur die Bybel onderskryf (Bobgan en Bobgan 1979:11).

Dit is baie duidelik uit die literatuur wat ek bestudeer het dat die Bybel 'n fundamentele rol binne pastorale berading binne die AGS Kerk speel. Die rol wat die Bybel speel herinner sterk aan die konfessionele teologiese berading (sien hoofstuk 1.4). Wanneer dit by bybelse berading kom is eens dat die pastoor te alle tye sy berading vanuit die Bybel moet doen sodat die berader moet weet dat hy deur die Woord van God begelei word, en nie deur menslike wysheid nie (Adams 1986).

Hierdie uitgangspunt van hoe die Bybel gebruik word in pastorale berading is van uiterse belang omdat dit bepaal of die Bybel as 'n instrument van manipulasie of andersins as bemoedigende hulpmiddel, in die beradingsproses gebruik word.

Soos ek reeds genoem het, leef ons in 'n samelewing waar dit eens is dat die pastoor in die gemeente die meeste kennis het wanneer dit by die gebruik van die Bybel kom. Dit is eintlik 'n vereiste dat die pastoor wat berading doen 'n ekspert moet wees wanneer hy bybelse berading doen, soos wat Lindsay (1984:95) sê: 'First, of course, a minister must have a working knowledge of the Scriptures, so that he can bring peace to the troubled soul through Christ'.

Ek dink die gebruik van die Bybel is baie belangrik in pastorale berading, maar die vraag is: Hoe word die Bybel gebruik in pastorale berading? Op 'n voorskriftelike wyse of as instrument om mense by te staan in die oplossing van probleme? Ek stem saam met Collins (1989:22) wat sê: 'The Bible never claims to be a textbook on counseling.' Die Bybel spreek wel sekere sake soos eensaamheid, mismoedigheid, ouer-kind verhoudings, huweliksverhoudings aan, maar dit was nooit God se finale openbaring oor hoe om mense te help nie (Kirwin 1984). Alhoewel die Bybel baie etiese dilemmas aanspreek, sou ek sê dat alle vraagstukke nie altyd heeltemal duidelik deur die Bybel aangespreek en beantwoord word nie. Baie teoloë sou heel moontlik van my verskil en sê dat die Bybel die antwoord op alle vrae is. Alle mense ervaar egter hulle probleme verskillend en die pastoor het 'n verantwoordelikheid om nie probleme te veralgemeen hie, maar op individuele basis te hanteer.

Ek glo die gebruik van die Bybel, of verwysings daarna, is baie belangrik in pastorale berading. Dit gaan egter, soos ek reeds genoem het, oor *hoe* die Bybel gebruik word. Vanuit 'n etiese epistemologie, gaan dit nie net om reg en verkeerd nie, maar ook om, wie sê wat is reg, en wie word daaruit beoordeel? (Lowe 1996).

Die alternatief van die Bybel, wat as instrument van mag gebruik word, is die deelname van die gemeenskap in die interpretasie van die Bybel. Die deelname van die gemeenskap kan in die vorm van die persoon wees wat berading ontvang, en deel in die besluite van wat as eties en moreel bestempel behoort te word. Dit is egter nie net bloot die bemagtiging, van *die* wat voorheen sonder mag was nie. Dit is eerder 'n deelname in diskoers, van die wat selde uit die diskoers van bemagtigdes, voordeel trek. Kotzé (2002:18) sê: 'Participation of all, is a primary commitment if in any way, we aspire to being ethical.'

Dit kom neer op die feit dat beide die pastoor, asook die kliënt se kennis moet funksioneer om te bepaal, wat as moreel en immoreel gesien behoort te word in die Bybel. Alle kliënte behoort die vrymoedigheid te hê om as deelnemers aan berading, hulle interpretasies van die Bybel aan die pastoor voor te lê, sonder dat daar 'n beoordeling is van die pastoor, oor hoe *reg* of *verkeerd* 'n kliënt die Bybel interpreteer.

Op hierdie wyse kan daar debat plaasvind, nie soseer om Bybelse 'waarhede' te herdefinieer nie, maar om 'gewone mense' die kans te gee om hulle stemme te laat hoor, oor hoe *hulle* die Bybel verstaan. Pastore is dikwels so besig om die Bybel te 'preek', dat hulle vergeet om te vra, hoe die Bybel *verstaan* word.

2.5 NAGEDAGTE

In hierdie hoofstuk het ek my beywer om 'n breë oorsig te gee oor mag in al sy fasette soos deur Foucault uiteen gesit. Verder het ek ook kortliks na die etiese aspekte van berading gekyk en laastens na die funksionering van mag in bybelse berading in die AGS Kerk.

Die beste manier om te kyk na die funksionering van mag in pastorale berading binne die AGS Kerk is om onderhoude te voer met mense wat self deur pastore beraad is. Ek wil weereens sê dat my doel met die navorsing nie die kwaliteit van berading ondersoek nie, maar wel die wyse waarop mag in die onderskeie beradingsverhoudings gefunksioneer het.

Dit is vir my belangrik om na die stories te luister van mense wat beraad is, om sodoende verslag te lewer oor hoe hulle die beradingsproses ervaar het en aan hulle 'n stem te gee. In die volgende vyf hoofstukke konsentreer ek hoofsaaklik om in elke hoofstuk 'n navorsingsgesprek met elke deelnemer te hê. Die deelnemers aan die navorsing was almal vrywilligers. Om hulle identiteite te beskerm is skuilname gebruik. Al die deelnemers se berading is voltooi en hulle ontvang huidiglik geen berading nie.

Vir die doel van die navorsing het ek die gesprekke getranskribeer en kommentaar gelewer op die dialoog, om sodoende die effek van mag meer sigbaar te maak. Die dialoog self is in 'italics' getik terwyl die dele waar mag gefunksioneer het, in 'bold' getik is, om sodoende die funksionering van mag duideliker sigbaar te maak.

Die rede vir die volledige gesprek was om te verhoed dat elemente van die funksionering van mag verlore gaan. In elke hoofstuk word die deelnemer eers bekend gestel, waarop die gesprekke volg. In die geval van hierdie gesprekke was tweede gesprekke slegs in AJ se geval nodig. Na elke navorsingsgesprek, het ek die onderskeidelike hoofstukke met 'n nagedagte afgesluit, wat die gesprekke vir my opgesom het.

HOOFSTUK 3

JOYCE

3.1 CHRISTENSKAP - 'N NUWE ERVARING...

Joyce is 'n middeljarige huisvrou, wat lief is vir naaldwerk. Sy het twee jaar tevore tot bekering gekom en was voorheen 'n toegewyde Moslem. Sy is getroud en het ses kinders. Sy ondervind steeds baie vervolging deur haar man wat Moslem is, asook haar kinders wat nie kan aanvaar dat sy haar tot die Christelike geloof gewend het nie. Sy het deur vriende by die AGS Kerk aangesluit nadat sy tot bekering gekom het. Haar man het dit nie goedgekeur dat sy op 'n Sondag na die erediens toe gaan nie, daarom het sy in die week by die vroue huisselbyeenkoms aangesluit.

Deur die jare het daar huweliksprobleme ontstaan tussen Joyce en haar man as gevolg van sy vele buite-egtelike verhoudings. Nadat sy pas tot bekering gekom het, het haar man weer 'n buite-egtelike verhouding gehad en dit was in daardie stadium dat sy haar tot pastorale berading gewend het. As gevolg van haar nuwe Christelike geloof wou sy leiding ontvang ten opsigte van hoe sy haar probleemsituasie moes hanteer. Sy was op daardie stadium baie depressief en het dit sterk oorweeg om van haar man te skei. Joyce het dit sterk oorweeg om van haar man te skei, aangesien sy nie meer kans gesien het vir die liefdelose huwelik waarin sy vasgevang was nie. Sy het 'n afspraak gemaak by die pastoor van die gemeente....

Ek het met Joyce kennis gemaak by 'n AGS vrouebyeenkoms waar ons mekaar ontmoet het. Sy het vir my vertel van haar ervaring met pastorale berading, aangesien ek self pastorale veld is. Ek het haar genader om aan die navorsing deel te neem. Alhoewel sy Afrikaans magtig is en goed verstaan, het sy meer gemaklik gevoel om die gesprek in Engels te voer.

3.2 GESPREK MET JOYCE

Mariza: *Why did you go for counseling?*

Joyce: *The reason that I went for counseling, was for marriage problems. I was at a point where I really wanted to get out of the marriage. So I went to see the pastor as a new Christian, I was just a Christian a month, I didn't know about divorce and all the rest of it, so that's why I went to go and see him. This pastor was quite active in the Muslim community as his Church was close by.*

Mariza: *How did you come about going to see the pastor?*

Joyce: *I was just terribly depressed, I wasn't attending church or the women's cell. I just phoned the church and wanted to speak to a counselor. Then they made an appointment for me to see the pastor. And that's how I came to go to the Church for counseling.*

Mariza: *How did the counseling go for you?*

Joyce: *I spoke to him and I told him about my problems, and I said to him, I'm a new Christian, and I've had enough of this marriage, and **the first thing he quoted to me was, that God hates divorce.***

Volgens Joyce se ervaring word daar reeds aan die begin van die gesprek 'n waardebeplanning gemaak oor egskedding op grond van die Bybel en God se siening daarvan. Die berader is hoofsaaklik daarop ingestel om die kennis wat vir hom sentraal staan, oor te dra. Uit die wyse waarop die pastoor dadelik raad gee, lyk dit nie of dit vir hom belangrik is om na Joyce se verhaal te luister nie. Wanneer 'n persoon, in hierdie geval die pastoor, se kennis sentraal staan, toon dit hoe mag in die beradingsverhouding funksioneer.

Adams (1981:64) sê die volgende oor christelike berading: 'The thoughtful timing according to which the counselor presents what he has to say also will often be of great importance.' Voortydige stellings kan die kliënt beroof van enige vrymoedigheid om sy/haar probleme met die pastoor te bespreek omdat 'n waardebeplanning oor egskedding klaar gemaak is. Adams stel dit wel dat daar tog 'n 'goeie tyd' wanneer die berader se kennis sentraal mag staan in die beradingsgesprek. Aangesien mag funksioneer wanneer die berader se kennis

funksioneer, stem ek nie heeltemal met Adams saam nie aangesien die berader se kennis nooit sentraal kan staan in 'n beradingsgesprek sonder dat mag funksioneer nie. Dit gaan hier dus nie oor die regte 'tyd' wat die berader sy aanmerkings moet maak nie, maar oor die funksionering van mag *wanneer* die berader se kennis funksioneer.

Joyce (cont.): *He said that if it's an abusive marriage, it's a different story...*

Die vraag is egter wat alles met 'abusive' bedoel word. Joyce se man het op daardie stadium reeds 'n hele paar buite-egtelike verhoudings gehad, sou mens dit moontlik as emosionele mishandeling kon beskryf? Dit pastoor maak dus 'n aanmerking voordat hy na die kliënt se verhaal geluister het. In Joyce se geval is die volgende woorde van Pattison (1993:118) veral van toepassing: 'It is all too easy to co-opt a biblical text to bolster one's own point of view; those who say that you can 'prove' anything from scripture is right. If the person who is being cared for is both ignorant of the detail of the Bible and in awe of its supposed divine authority, a direct appeal to scripture can be very damaging.'

Joyce (cont.): *I can't blame him because I didn't give him my whole background, and all my marriage problems, I just spoke about this last affair. He said to me that by becoming a Christian, and living the life, you will go through hard times, but as you go through life, he will change... you know, you will see a change in him. And then he asked if he would like to get out of the marriage, and then I said, no, he didn't. As far as he was concerned there was never going to be a divorce in this family.*

Mariza: *Your husband?*

Joyce: *Yes. The pastor then quoted a few scriptures, but you know, **being a Christian for a month, there is only so much scripture, you can absorb.*** Die wyse waarop die Bybel in berading funksioneer is van kardinale belang. Soos ek reeds gesê het kan die Bybel baie maklik misbruik word, met die gevolg dat 'n kliënt baie skuldig kan voel omdat hy/sy nie met die Bybel se aansprake (wat eintlik die pastoor se aansprake is) saamstem nie. Deur die Bybel op voorskriftelike wyse te gebruik word die beradingsproses kortgeknip. Die kliënt beskryf 'n paar simptome van sy/haar probleem en onmiddellik word Skrif

voorgestel om die probleem op te los. Voordat die kliënt vertel het wat die probleem is, is daar 'n bybelse oplossing wat voorgehou word. Die berader wil die kliënt dikwels so gou as moontlik diagnoseer, sodat die kliënt se probleem op 'n bybels manier opgelos kan word (McLemore 1985:720-722). Op hierdie wyse rig die berader dan die gesprek volgens sy smaak om so vinnig moontlik resultate te bewerkstellig. Op hierdie wyse word die Bybel as 'n magsinstrument gebruik omdat die kliënt al die 'goeie raad' moet implimenteer om sy/haar probleme op te los.

Hart (1992:19) sluit hierby aan en sê: 'If I'm trigger-happy with scripture, I'll fail to hear counselees' true concerns. As a result I won't understand their problems, context and causes. Most important, I won't grasp how they understand the Bible. I can't hit the target unless I know what the target is. If I go too quickly to 'thus saith the Lord' before I know what saith the counselee, I won't see what the real issues are. So I have found that I have to be patient at drawing people out.'

Die effek van die hantering van die Bybel soos 'n handleiding laat die kliënt magteloos voel om te verskil, want die Bybel word altyd as finale outoriteit gesien op die hantering van enige probleme en daar mag nooit van die Bybel verskil word nie. Wanneer die Bybel op hierdie wyse gebruik word, funksioneer mag.

Joyce (cont.): *Then he prayed for me and for my husband. **Finished over there I felt the discussion I had with him, I could just as well have had with my neighbor.** I mean there was nothing my neighbor could do but just listen, and that is exactly what he did, he just listened. The only difference was, he prayed and my neighbor wouldn't have prayed for me. **I was really sorry I went there.** But then a week later he phoned, to ask how I was doing, he then said he spoke with his assistant pastor, and I could make an appointment with him, as he was more acquainted with the Muslim faith and would probably be more able to help me with my problems. I didn't make an appointment for a couple of weeks, but I joined the ladies homecell, and the homecell leader suggested that it would do me good to go and see him. So I then made the appointment and went to see him... which was just as disappointing. All he did... **he didn't hear my***

story, he knew I was a Muslim, so he started to compare the Koran and the Bible and the Scriptures on marriage.

As ons hier moet kyk wie se kennis gefunksioneer het is dit duidelik dat die pastoor die onderwerp van bespreking voorgestel het. Deurdat sy kennis gefunksioneer het, het mag gefunksioneer. Wanneer mag funksioneer is daar 'n onsensitiwiteit vir die ander persoon se behoeftes (Kotzé & Kotzé 1997:9). Joyce het 'n duidelik uitgesproke wens gehad ten opsigte van wat sy gesentreer sou wou hê in die berading. Haar kennis het egter glad nie gefunksioneer nie, terwyl die pastoor se kennis sentraal was in die gesprek. Die effek daarvan is mag wat funksioneer en Joyce se misnoë en ervaring dat die gesprek nie van waarde was nie.

Mariza: *How did he know you were there for marriage counseling?*

Joyce: *The other pastor probably told him why I came to see him previously. **So he told me all about how the wife should be submissive to her husband, you know in the Muslim culture, even if the husband says, that's black, and you know it is red, you also have to say it is black.***

Dit is opvallend hoe die patriargale stelsel, wat onder andere voorstel dat die vrou aan die man moet onderworpe wees so, vinnig deur mans voorgelê word as oplossing van baie huweliksprobleme. Bons-Storm (1996:137) sê:

Pastors and pastoral counselors, be they male or female, also find themselves in the situation of strong but disturbed modernity and patriarchy, and the conflicts they induce. Most pastors will declare that they are not patriarchal... however, they also have to look at the assumptions undergirding the psychological and theological theories they use in their work. These assumptions, which are nearly always patriarchal because they fit in the dominant belief system, easily betray their avowed emancipatory attitudes.

'n Pastoor mag dalk dink dat hy liberaal is in sy denke oor die verhouding tussen mans en vrouens, maar wanneer dit by berading kom, word die teenoorgestelde dikwels bewys.

Mariza: *Why do you think, he was talking about the Koran, what was the relevance of it?*

Joyce: *I think, he was trying to make me feel at ease that he knew what the Muslim faith was all about. So then when we discussed my problem, we discussed more what the Muslims do and how many times they pray, etc.*

Mariza: *Was this helpful?*

Joyce: *No, because the problem wasn't me being a Muslim, or my husband being a Muslim, I had marriage problems, and now being a Christian, I wanted to know, how to handle the problem.*

Volgens Joyce was dit duidelik dat die pastoor se kennis deurlopend die botoon van die gesprek gevoer het. Dit het haar gelaat met die gevoel dat haar probleem nie aangespreek was nie (Drewery & Winslade 1997:42).

Joyce (cont.): *I actually told him what the other pastor had said, namely that God hates divorce, but I wanted to know, if I'm not going to divorce him, what must I then do? I had put my husband out of the bedroom, and I wanted to know where do I go to from here?*

Mariza: *Did he answer your question?*

Joyce: *No, he told me the reason why my husband has had this affairs, is because he thinks he's allowed seven wives, which he then said is a misconception.*

Alhoewel die pastoor 'n redelike kennis gehad het van die Moslems, hulle gebruike en die Koran, was dit nie vir Joyce belangrik om daaroor te praat nie. Die pastoor het vanselfsprekend aangeneem dat sy oor die Moslem se lewensstyl en gebruike wil gesels. Dit het hom miskien selfs goed laat voel dat hy so baie kennis van die Moslem geloof het.

Sy wou egter oor haar huweliksprobleme praat en hoe om haar probleem as Christen te hanteer. Deurdat sy oor haar probleem praat, kon sy die geleentheid kry om haar ervaring weer te gee - dit sou die magsverhouding moontlik meer onderhandelbaar kon maak. Hierdie is 'n voorbeeld van hoe mag interafhanklik van kennis funksioneer omdat alle mense in verhouding met mekaar die effek van mag beleef (Freedman & Combs 1996:37).

Joyce (cont.): *He just gave me the rundown on all the Koran says about marriage, he actually came down so strong, that I almost felt I had to*

defend the Muslim way, but we never got to the issue of easing my problems, in any way.

Cochrane, de Gruchy en Petersen (1991:85) sê die volgende wat by Joyce se ervaring aansluit:

While the break up of a marriage may have nothing ostensibly to do with the surrounding culture, most perceptive pastors know that cultural norms and pressures play an enormous role in affecting human relations both within and outside the home. Pastoral care is both rooted in an historical tradition and related to personal and social transformation in a particular historical context.

Pastore in die kerk gaan dikwels van die standpunt uit dat die kerk binne 'n sosiale historiese konteks bestaan en dat pastorale sorg dus die historiese en sosiale konteks van 'n kliënt binne berading behoort aan te spreek (Cochrane, de Gruchy & Petersen 1991:90). Wanneer hierdie gesprek egter die gevolg is van die berader se kennis wat funksioneer, voldoen die gesprek nie noodwendig aan die kliënt se behoeftes nie en is dit nie vir die kliënt 'n positiewe ervaring nie. Dit beklemtoon weereens die stelling wat hier bo gemaak is, naamlik dat die kultuur en historiese konteks van 'n kliënt in ag geneem behoort te word, maar dit is net so belangrik dat die kulturele persepsies nie op so 'n wyse die gesprek oorneem dat dit nie meer relevant is vir die kliënt nie. Dit is so baie maklik om sig te verloor van wat die kliënt se probleem eintlik is en wat haar verwagtinge van die berading is. Dit is daarom belangrik om vir die kliënt te vra, wat hy/sy van die berading verwag en wat hy/sy uit die berading wil bereik. Dit plaas die bal weer in die kliënt se hande om *self* sy/haar probleem, met die *hulp* van die pastoor, op te los, sonder dat die pastoor die probleem *vir* hulle oplos. Dit haal ook die verantwoordelikheid van die pastoor se skouers af om mense se probleme *vir* hulle op te los.

Joyce (cont.): The other thing was the fact that he hardly ever looked at me, and I'm looking at him in the face and he didn't look at me, which made me feel that I must be a really bad person, because he can't look me in the eye. That I found quite disturbing with him, so that I felt a bit intimidated, because I felt, is there something wrong with me, or what? You know,

because you're a new Christian, you don't know what a pastor has knowledge of... You think, maybe God has shown him she's really evil, because this is what went through my mind or I've got something in me, like a witch or something, because he can't look at me.

Joyce was baie ontsteld oor die feit dat die pastoor haar nie in die oë gekyk het tydens die berading nie. Sy internaliseer hierdie gedrag van hom en skryf die probleem aan haarself toe. 'n Mens kan Foucault se idees oor die 'gaze' hier sien funksioneer, aangesien die effek van die 'gaze' dikwels met geïnternaliseerde persoonlike diskoerse gepaard gaan. White (1991:24) verduidelik hoe die 'gaze' funksioneer: 'They would therefore become ever vigilant of their own behaviour, constantly evaluating their own actions against the norms that are laid down by the "gaze"'. Geïnternaliseerde persoonlike diskoerse word ook deur Foucault gesien as 'n manier van selfkontrole om by die sosiale norme en standarde te pas. Hy voer aan dat mense hulleself monitor en optree volgens hulle interpretasie van wat hulle as die aanvaarbare kulturele en sosiale norme sien (Foucault 1982:210).

Joyce voel dat daar iets met *haar* fout is wat veroorsaak dat die pastoor haar nie in die oë kan kyk nie. Sy evalueer haarself en kom tot die slotsom dat sy nie aan die 'christelike standarde' wat die pastoor moontlik vir haar stel, voldoen nie. Dit volg uit haar woorde: 'maybe God has shown him she's really evil'. Sy verwys na haarself in die derde persoon omdat sy moontlik nie werklik wil glo wat sy sê, naamlik dat sy 'evil' is nie. Deur na haarself in die derde persoon te verwys, distansieer sy haarself van wat sy sê.

Om hierdie punt verder te illustreer, gebruik ek die voorbeeld van Glenda Dixon (1999:72), wat, alhoewel sy berading by 'n vroulike sielkundige gekry het, 'n soortgelyke ervaring as Joyce gehad het:

It was a personal experience as a client of a clinical psychologist that gave me an insight into the process of coming under the eye of a 'very normalizing gaze' that lead me to question the power given to the discourses of psychology to pathologize persons. During these sessions the female psychologist wrote copious notes that I was never shown. She appeared to have access to some very privileged

knowledge about me. I would leave those sessions feeling very inadequate indeed.

Alhoewel Joyce se ervaring baie van Dixon se ervaring verskil, wou ek graag illustreer dat die 'normalizing gaze' dikwels dieselfde ervaar word by verskeie mense.

Ek dink die negatiewe beeld wat Joyce van haarself het, is grotendeels gevorm deur die dominante patriargale stelsel wat in die Christen en Moslem kultuur heers. McBride (1996:182) sê: 'In the experience of oppression, subordinate people have been victimized by their own powerlessness and have internalized the negative image assigned to them by the dominant patriarchal society.' Beraders behoort bewus te wees van die wyse waarop patriargale diskoers funksioneer, sodat die kliënt haar self-narratief kan ondersoek en sy kan sien waar haar sterk- en swakpunte lê (Bons-Storm 1996:140). Dit kan 'n kliënt help om ervarings meer objektief te beoordeel en sodoende haar probleme meer effektief te hanteer. Die rol van die pastoor in hierdie proses moet egter beklemtoon word in die sin dat hy sy sosio-politieke en profetiese verantwoordelikheid ernstig in oënskou behoort te neem om diskriminerende diskoerse teen vroue bloot te lê sodat daar aktiewe transformasie kan plaasvind.

Joyce (cont.): *Then he made an appointment for in two weeks time, because he had another appointment, to carry on our discussion, because he said, this is a long procedure, and because I've been a Muslim all my life, it's not something that's going to be sorted out overnight. So he said we will have to do it in steps. But, you know, the first step didn't work for me, so, I thought it was maybe me being impatient, wanting answers like now-now, and I didn't get the answer... In fact I got no answers, and so he made the next appointment, and I wasn't too happy with the first appointment so I decided to cancel it. So I phoned and cancelled it, but I didn't give a reason. So he phoned me later on in the week, and I wasn't at home when he phoned, so he left a message on my answering machine. And he didn't realize that he hadn't switched off his cellphone, and he was speaking to somebody in the office, and I heard him say*

to this other person, ‘This is always the case with newly saved Muslims, they have the first counseling session, and then they give up...’ and that was on my answering machine. That upset me so much, that I was ready to give up being a Christian. Because I thought that being a Christian, if this is what you are going to get from a Christian, I don’t want any part of it.

Uit Joyce se reaksie kan mens aflei dat die pastoor se woorde vir haar baie ontstellend was. Daar was van die pastoor se kant af geen belang om haar kant van haar storie te hoor nie. Die pastoor se eie vooraf kennis staan in die pad om die kliënt werklik te leer ken en die probleem op te los. Dit kom neer op wat MacArthur en Mack (1994:253) sê: ‘Our knowledge is necessarily limited because there is only so much we can observe and only so much we can understand. And unless we know everything, we cannot know anything for sure about the ultimate issues of life and its meaning (on our own), because we always may discover something new that will disprove what we know.’

Die idee word geïllustreer deur die bekende storie van vier blinde mans wat in ‘n olifant vasloop. Die eerste man loop teen die olifant se been vas en dink dis die stam van ‘n boom; nog een loop teen die slurp vas en dink dis ‘n brandweerslang; die volgende man loop in die olifant se stert vas en dink dis ‘n tou; die laaste man loop in die olifant se sy vas en dink dis ‘n muur. Almal het in dieselfde olifant vasgeloop maar ‘because of the limitations of their observation each thought it was something different’. Die rede vir die illustrasie is om te wys hoe ‘n persoon of berader op grond van vorige ervarings aannames kan maak wat hom/haar op ‘n dwaalspoor kan plaas oor wat die kliënt se probleem is en hoe die probleem opgelos behoort te word. Wanneer elke kliënt as ‘n individu met sy/haar unieke probleem benader word, kan die pastoor die tyd neem om uit te vind of sy veronderstellings juis is of nie. En selfs dan het die pastoor geen reg om hierdie veronderstellings sentraal te plaas nie. Die kliënt se kennis bly altyd sentraal van die beradingsgesprek.

Joyce (cont.): *I got quite bitter and I even stopped going to the homecell for a couple of weeks after that, but God dealt with me and later I felt I needed to go, I needed to be with this people.*

Mariza: *The ladies homecell?*

Joyce: *Yes. And then I started going again.*

Mariza: *Just to come back, what role did the Bible play in the discussion with the pastor?*

Joyce: *The only time that he mentioned anything in comparison was when I mentioned my husband's background, that his father was also divorced and that he was married twice. **So he said it is a generation curse.** But he didn't really give scripture for it. **The first pastor that I saw gave me quite a few scriptures.***

Mariza: ***So, did he answer your questions with these Scriptures?***

Joyce: ***Well, I don't know, he said the hardest part for me would be the reconciling.** He said breaking up the marriage is easy to do, but staying in the marriage is much harder. There were a few things he said to encourage me, like it would be very difficult to stay in the marriage and you wouldn't trust him.*

Mariza: *Would you say you were ready to hear that?*

Joyce: ***At that stage, I think I was in such a state, I was ready to hear anything. Anything that would help me.***

Hart, Gulbranson & Smith (1992:19) sê: 'In the confusion of their circumstances, hurting people desperately need and want wisdom and words from God.' 'n Kliënt wat in 'n desperate situasie is, sal baie maklik enige iets aanvaar wat 'n persoon in 'n posisie van mag sê. Hierdie is 'n voorbeeld van hoe mag baie maklik misbruik kan word deur die berader. Die kliënt is desperaat is vir antwoorde op 'n probeem en hulle voel die pastoor, as iemand wat in noue verhouding met God staan, het hierdie antwoorde. Hierdie diskoerse wat die pastoor in 'n magsoosisie plaas onderstreep die aanname dat enige uitsprake van die pastoor as 'heilig' en 'van God afkomstig' beskou moet word.

Mariza: *And yet you said, you wouldn't go back?*

Joyce: ***There was no warmth. There was no, 'I can feel with you what you are going through.' Maybe I was expecting too much.***

Mariza: *You used the words: 'maybe I was expecting too much' but, what were you expecting?*

Joyce: *Having been there now, if somebody had to come to me, I would at least phone them a day or two later to hear how they were doing. I would keep in touch with them, because I was actually feeling suicidal, and even though speaking to him, in my mind, I was thinking, the only way out is to die.* Selfmoord is die radikale implikasie van die gevoel wat Joyce het dat niemand haar met haar probleem kan help nie. Sy het gesê dat sy voel dat die berader nie hoor wat haar probleem is nie. Sy voel sy is in 'n doodloopstraat omdat sy nou reeds by twee pastore was, terwyl nie een haar met haar probleem kon help nie. As die pastore wat jou moet help nie die probleem wat jy het aanspreek nie, hoe kan daar 'n oplossing en uitkoms kom. Selfmoord was vir Joyce 'n enigste moontlike oplossing, omdat haar stem nooit gehoor is nie. Die pastoor se kennis en realiteite was die hooftema in die beradingsgesprek. Die funksionering van mag in berading het die potensiaal om te verhoed dat lewensbelangrike inligting aangespreek word. 'n Persoon kan selfmoord pleeg omdat hy/sy nooit die geleentheid gehad het om sy/haar storie te vertel nie. Die pastoor kon selfmoord nie aanspreek nie, omdat hy moontlik nooit beseft het dat dit 'n kwessie van belang was nie.

Mariza: *Do you think he was aware of these thoughts?*

Joyce: *No, I think maybe I don't have the ability to express myself very well, so I don't know if it was because of that, that he couldn't understand what I was feeling.*

Hier is weereens 'n voorbeeld waar Joyce die gesprek internaliseer en 'n negatiewe eienskap aan haarself toe-eien as gevolg van die patriargale stelsel, asook die diskoers wat die idees in stand hou wat verhoed dat Joyce die pastoor kritiseer (Barbieri 1998:373). Joyce se volgende woorde: 'I know it is a man...' bevestig die aanname dat sy baie bewus was van die feit dat dit 'n man (wat 'n magposisie verteenwoordig) is, wat die berading doen.

Mariza: *What would have to be different for you to express what you were feeling?*

Joyce: *I know it is a man, but the fact that we were in an office and him sitting behind a desk, everything was so intimidating. It was a cold*

atmosphere. *Very cold. He was very soft spoken, but with him being soft spoken, he was very stern, which said: 'hey, get over it, cry if you want to, but get it over with, move on and get on with your life'.*

Joyce het ervaar dat die wyse waarop die pastoor met haar gepraat het, 'n onderliggende boodskap stuur. Die wyse waarop die pastoor met Joyce gepraat het, asook die atmosfeer waarbinne die berading geskied het het alles bygedra tot Joyce se ervaring van mag. Die atmosfeer het haar nie genooi om oor haar probleem te praat nie, maar het eerder vir haar gesê dat sy haarself moet regruk.

Joyce (cont.): *I know he quoted to me Psalm 23, 'though I go through the valley of the shadow of death'. He said: 'so, you see you will go through that, life as a Christian is not easy. I don't just pray for you and it's over, and your husband loves you again... It doesn't work that way **because the Bible says you are going to go through these things**, but Christ is with you'.*

Mariza: *How did you feel about what he was saying?*

Joyce: *It scared me terribly, because I've just gone through this valley and now it seems there is another valley, that's how I felt. There was no encouragement in that. I didn't feel like living anymore, and here I was being told I must go through the valley of the shadow of death. It seemed as if the pastor was trained in knowledge, like the second pastor, he knew a lot about the Muslim faith although he wasn't Muslim, and the first pastor knew about the Bible, but not one of them understood me. There was no understanding.*

Wanneer bybelse stellings gemaak word voordat die kliënt se totale situasie in aanmerking geneem is, is dit baie moontlik dat die persoon sal voel dat die berader hom/haar glad nie verstaan nie. Daar sal ook nie positiewe resultate op die berading wees nie omdat dit die berader se kennis is wat funksioneer. Adams (1980:285) se stelling klink reg wanneer hy sê: 'Full biblical interpretations of problems often must wait until the counselor is more sure of the fundamental dynamics with which he is dealing'. Die probleem hiermee is egter dat die berader steeds die ekspert is en sy 'diagnose' sentraal bly staan, ten spyte van die feit dat hy eers die kliënt se omstandighede in ag geneem het. Dit is juis een

van die maniere waarop mag funksioneer deurdat die pastoor se kennis funksioneer en nie die kliënt se kennis nie.

Mariza: *So you didn't want to see either of them again?*

Joyce: *No, because I shared my testimony once at the ladies homecell a few months ago, and **that even made me feel a lot better, because I got such a warm response from those people and nobody looked at me condemningly.***

By die huissel het die patriargale diskoerse wat dikwels in berading funksioneer nie 'n invloed op Joyce gehad nie omdat daar net vrouens by die huissel was. Joyce het nie gevoel dat die vrouens by die huissel haar veroordeel terwyl sy haar getuienis gelewer het nie. In hierdie atmosfeer het sy gevoel sy het ruimte om meer objektief na haarself en haar probleme te kyk, sodat sy *na* die ervaring by die huissel meer positief was.

Selfs die negatiewe beeld wat sy van haarself gehad het, wat heel moonlik as gevolg van die 'gaze' ontstaan het, waar sy haarself beoordeel het in die lig van die kennis van die berader, het meer positief geword. In die huissel het Joyce 'n ervaring gehad wat tydens die berading by die Kerk verlore gegaan het, naamlik dat sy die gevoel gekry het dat sy *gehoor* is. In die pastore se teenwoordigheid het sy negatief oor haarself gevoel. Die eerste ding wat 'n vrou nodig het van haar pastoor of berader, is 'n oor wat sonder oordeel luister, wat haar bemoedig om haar swak sin van selfwaarde te laat groei tot iemand wat sterk en moedig genoeg is om die realiteite van haar probleem te erken en aan te spreek (Bons-Storm 1996:140). Die pastoor moet dus sy verantwoordelikheid opneem, bewus wees van die effek van Foucault se idees oor die 'gaze' op die kliënt asook die effek van die patriargale stelsel waarin berading dikwels plaasvind.

Mariza: *How was it different?*

Joyce: *I was so scared to give my testimony, but the homecell leader asked me to do it, so I had no choice, which was a good thing, because it took me almost two years to give my testimony, because I felt people would be judging me.*

Mariza: *Is judging a word you'd like to use?*

Joyce: *Yes, because the first pastor said to me, in order to win your husband back, you are going to have to make yourself look nice, buy perfume, and do these things, that wasn't what I wanted, what I wanted to know was, if God hates divorce, where do I go to from here, and nobody told me.*

Joyce het die berading op daardie stadium baie veroordelend ervaar. Die pastoor het dit nie noodwendig so bedoel nie, maar dit het tog 'n negatiewe effek vir Joyce op die berading gehad. Wanneer beraders nie bewus is van die effek van mag op berading nie, kan hulle maklik 'n stelling soos die volgende maak wat op Joyce van toepassing kon wees. 'Someone who is upset emotionally is usually not ready to hear strong rebuke, nor to respond to it properly. In such cases, we should seek first to bring the counselee to a point of emotional stability before we confront that individual more directly' (MacArtur & Mack 1994:262). Sogenaamde konfrontasie van die pastoor se kant af behoort nooit 'n opsie te wees nie. Dit is die ideale teëlaarde vir mag om te funksioneer omdat die kliënt se opinie nie van belang is nie. Deur die regte begeleiding kan die kliënt, sonder dat die berader se kennis funksioneer, kan daar na 'n oplossing vir die probleem gesoek word, met meer positiewe resultate (White 1989:26).

Mariza: *...and he made you feel?*

Joyce: *Maybe I'm doing something that I shouldn't be doing. I'm not making myself look pretty, or whatever.*

Hierdie is 'n voorbeeld van hoe dominante geslagsdiskoerse ten opsigte van vroue funksioneer in die verwagtinge van die man. Vroue word dikwels verobjektiveer en in die posisie geplaas om 'n sekere rol te speel. Daar word verwag dat sy op 'n sekere manier sal optree en 'n sekere manier moet lyk om sosiaal aanvaarbaar te wees. Wanneer sy nie aan hierdie verwagtinge voldoen nie, raak sy verstrengel in 'n web van wat ander van haar dink. Hierdie verwagtinge speel ook 'n rol in haar selfnarratief wat bepaal wat sy van haarself dink. Hierdie web van verwagtinge word hoofsaaklik deur kultuur beïnvloed (Gergen 1994:272). Die kulturele verwagtinge wat aan 'n vrou gestel word, word deur sosio-kulturele stories versterk, wat van die een geslag na die volgende oorgedra word (Bruner 1990:114).

Mariza: *Did you in any way say something or show him that you felt uncomfortable?*

Joyce: *I think I was very quiet, if I had felt more comfortable, I would more likely have shared more of my story.*

Die feit dat Joyce ongemaklik was met die wyse waarop die gesprek gevolg het, het haar laat besluit om eerder te onttrek. Dit was haar manier om weerstand te bied teen dit wat die pastoor vir haar gesê het (Foucault 1982:212).

Joyce (cont.): *His attitude was 'come in Joyce, sit down, what can I do for you', his tone was so professional, it immediately made me feel uncomfortable.*

Hier is weereens 'n voorbeeld van hoe die pastoor se taal en houding 'n ongemaklikheid by die kliënt kan bring. (Foucault 1980:98).

Joyce (cont.): *When he phoned me a week later, he asked how I was doing, I said: 'fine', he said: 'do you need more counseling?' I said: 'No'. Then he said he had spoken to the other pastor and I'm welcome to get in touch with him. At that time I had more off days, than good days, because what has been said in the previous counseling session, it was going over and over in my mind. You know this was an experience that happened to me, and it stayed with me, you know, it was two years ago, but I can remember everything that had been said. Till now I will think twice before going for counseling.*

Die vraag wat ek myself moet afvra is of dit werklik die berading was wat Joyce so negatief ervaar het en of dit nie eerder die feit was dat mag tydens die berading gefunksioneer het nie? Die wyse waarop mag gefunksioneer het, het Joyce in die proses magteloos laat voel, aangesien haar kennis nie gesentreer het nie. Die effek hiervan is dat Joyce na twee jaar steeds bewus is van die negatiewe ervaring wat sy gehad het as gevolg van die berading wat sy ontvang het. 'n Mens kan selfs die afleiding maak dat hierdie berading Joyce negatief gestem het ten opsigte van alle berading. Berading behoort 'n positiewe ervaring te wees (Kotze en Kotze 1997:10).

Mariza: *Why?*

Joyce: *I didn't come out of it feeling good, so no matter what, it will be easier to speak to the homecell and ask them to pray for me. You know, I went for counseling just for the affair business, what would have happened if I went for my whole life, and if I had told them about my whole life. How would they have treated me then? So there was a part of me that was glad I didn't tell them, because it was bad enough feeling judged over just one incident and had they known...*

Vrouens is dikwels bang om met hulle pastore te praat omdat hulle ervarings dikwels die dominante kulturele idees van ons tyd uitdaag ten opsigte van wat dit beteken om 'n vrou te wees, in vandag se patriargale samelewing. Daar heers 'n persepsie van wat as aanvaarbaar en onaanvaarbaar beskou word, wanneer dit kom by wat van vrouens in ons moderne samelewing verwag word.

Wanneer 'n vrou voel dat sy nie aan die standaard voldoen nie, skep dit konflik binne haarself. Sy sal eerder stilbly om konflik te vermy, as om haarself te verdedig of haar saak te stel (Bons-Storm 1996:9). Hierdie kulturele diskoerse beïnvloed ook die pastoor omdat hy deel is van die patriargale stelsel. Hy is nie noodwendig bewus van die wyse waarop kulturele diskoerse sy berading konstitueer nie, maar die effek van hierdie diskoerse kan tog gesien word, wanneer daar gekyk word, na hoe die kliënt die berading ervaar. 'n Mens kan selfs verder kyk na tekste in die Bybel hierdie kulturele diskoerse versterk, terwyl ander tekste in die Bybel, wat geslagsgelykheid promoveer, verwaarloos of geïgnoreer word.

Die dominante kulturele diskoerse bepaal op watter tekste in die Bybel meer klem gelê behoort te word, soos byvoorbeeld patriargie. Daar ontstaan 'n bouse kringloop tussen die onderdrukkende kulturele diskoerse en tekste in die Bybel wat hierdie diskoerse ondersteun. Die pastoor word vasgevang in hierdie kringloop, waar hy onbewus is van sy aandeel in die wyse waarop mag in die beradingsproses funksioneer. Dit is slegs wanneer die pastoor bewus is van hoe mag funksioneer, dat hy die bouse kringloop kan stop (Barbieri 1998:373).

Joyce (cont.): *I would have definitely given up being a Christian... You know, my answering machine only keeps a recorded message for ten days, and you*

know I played that message which I got from that pastor, every day, sometimes twice a day, to listen to what he had to say...That these people that become a Christian, that after the very first session they want to get out. I should have wiped it off, but I listened to it every day and **I thought if this is a pastor that counsels, a Christian who is supposed to help you, I don't want anything to do with that.** Until one night I was lying in bed thinking of how many Muslims had gone back, so I decided I'd better get into some fellowship, to homecell. A lady at the homecell actually counseled me, some time after those experiences, I went to her house, and I explained to her what I had come through, and she encouraged me.

Mariza: *How was that different?*

Joyce: ***It was much more relaxed, we sat in her lounge, we made coffee, she told me a bit about herself, and said, 'you are so soft-spoken that anybody will take advantage of you', but even at that time I was still a bit scared to tell people, I was more embarrassed for the fact of what happened to me.***

Soos in die huissel waar daar net vrouens was, voel Joyce in die teenwoordigheid van hierdie vrou, meer ontspanne om met haar te gesels. Vroue gesels dikwels makliker met ander vroue, omdat daar 'n gevoel van gemeensaamheid is en patriargale mag nie funksioneer nie.

Mariza: *How did you overcome your embarrassment?*

Joyce: ***I couldn't think of my past without pain, even things that happened years ago, where as now, it seems as if it happened a long long time ago. The homecell helped me, speaking about it when I gave my testimony. I still didn't tell them everything, but I would say, that was the breakthrough for me. Even now, while I'm speaking to you, I already think of it as, yes, this is what I should do...You resolve some things by just listening to yourself speaking, and also getting it off, this is what I found, if somebody has to come to me, and they tell me their story, I would be prepared to listen to it over and over and over, even if I have to listen to the same story fifty times, because I found I had to speak this over and over and over again, to get it out of me to such***

an extend that it is not part of who I am, that's now right out of my system, so I would listen to you until you feel it's not who you are anymore.

Joyce se ervaring is die gevolg van die frustrasie wat die funksionering van mag veroorsaak by kliënte. Dit is 'n gevoel dat hy/sy nie die geleentheid gebied word om sy/haar storie te vertel nie. Die gevoel is dat die berader nie na die kliënt luister nie. Joyce het nodig gehad dat haar kennis funksioneer in die berading, sy het 'n behoefte gehad dat die pastoor na haar storie moet luister (White 1989:26). Die feit dat dit nie gebeur het nie, het haar gefrustreerd laat voel.

Joyce (cont.): I feel sometimes, a silent listener is so much better than someone that has all the knowledge, there is more healing in you sitting and just listening to me. I don't know if it makes any sense?

Hierdie stelling van Joyce dui op die wyse waarop sy berading anders ervaar wanneer sy voel dat daar na haar geluister word. Dit is 'n teenoorgestelde ervaring van wanneer mag funksioneer en sy voel dat hierdie tipe berading genesing kan bring in 'n persoon se lewe. Dit het haar bemagtig laat voel sodat sy veranderinge in haar lewe kon maak. Toe die vrouens in die huissel na haar geluister het, het sy ook die gevoel gekry dat haar kennis en so ook sy as persoon gevalideer word. Dit dui ook weereens op die verskillende ervarings wat Joyce gehad het toe die pastore, wat albei mans was na haar geluister het, teenoor die vroue in die huissel, waar sy meer vrymoedigheid en vryheid gehad het om haar kennis te te laat funksioneer

Mariza: Why does a silent listener sometimes help more?

Joyce: Because you are not being judged, they are just listening to you. Instead of somebody saying to me, 'God hates divorce', rather listen to why I want a divorce.

Mariza: Previously you said that the first pastor didn't give you any advice on what to do, how do you relate the two?

Joyce: I think there is a way of giving advice, without forcing it down on that person, also not judging at once, but first listen, that person will ask what he needs from you.

Weereens 'n versugting van Joyce dat sy die geleentheid wou hê om haar storie te vertel...

Mariza: *If this doesn't happen, how do you react?*

Joyce: *I'm not going to say anything anymore, I'm going to keep quiet...*

Dit is belangrik om 'n atmosfeer te skep waar die kliënt veilig genoeg voel om haar storie vir die berader te vertel. Sodra 'n persoon voel hy/sy word nie gehóór nie, verval hulle in stilswye en mens kan dit 'n tipe van weerstand noem teen die funksionering van mag (Foucault 1981). Daar is so baie boeke geskryf in pastorale teologie oor die kuns en praktyk van luistervaardighede in die spreekkamer, maar Bons-Storm (1996:11) vra die vraag: 'how can a pastor or a pastoral counselor listen to a woman who is silent?'

Hierdie is 'n baie belangrike vraag aangesien dit die resultate van die berading beïnvloed. Die effek van mag wat funksioneer is dikwels 'n kliënt wat in stilswye verval tydens die berading. Dit gebeur nie noodwendig opsigtelik nie, en die pastoor kom dit nie noodwendig agter nie. Wanneer die pastoor se kennis funksioneer het dit die effek op die kliënt dat hy/sy voel dat hy/sy nie gehoor word nie. In so 'n geval kan daar selde positiewe resultate wees. Die rede hiervoor is voor die hand liggend aangesien die kliënt voel dat die pastoor haar in elk geval nie hoor nie en daarom eerder sy/haar storie verswyg.

Die mag wat die pastoor het as man word dikwels noodwendig ook versterk deurdat patriargale diskoerse die berading verder beïnvloed. Dit veroorsaak nog verder die stilswye van vroulike kliënte (Bird 1994).

Ek het na die gesprek met Joyce vir haar gevra hoe sy ons gesprek gevind het.

Mariza: *How did this interview go for you?*

Joyce: *I found it very helpful, as I was speaking, I got to listen to what I said. I always thought something was wrong with me, when I went to see those pastors, but today's discussion actually made me realize I couldn't have been that bad. It*

was actually the first time that I spoke about my counseling experiences. Just talking about them made me feel much better.

Mariza: *Why?*

Joyce: *I think the fact that you didn't seem to judge me, or looked at me as if I did something wrong. I feel better about myself. It feels as if I can write it off as a bad experience. I believe talking about it brings healing.*

Ek het nie veel meer gedoen as om net na Joyce se verhaal te luister nie, tog het sy ervaar dat sy baie beter gevoel het na die gesprek wat ons gehad het. Dit herinner aan wat Myerhoff (1982:116) sê: 'A story told aloud to progeny or peers, is of course, more than a text. It is an event. When it is done properly, presentationally, its effect on the listener is profound, and the latter is more than a mere passive receiver or validator. The listener is changed.' Ek dink die feit dat Joyce na haarself kon luister terwyl sy haar verhaal vertel het, het haar meer objektiwiteit gegee rondom die berading wat sy ontvang het (Barbieri 1998:373). Ek dink sy het besef dat dit nie haar skuld was dat sy die berading so negatief ervaar het nie. Sy het besef dat daar nie iets met haar fout was nie. Sy het meer objektief na haar situasie gekyk en antwoorde gekry op vrae wat sy gehad het. (Adams-Westcott en Isenbart 1996:15). Gedurende ons gesprek kon haar kennis vrylik funksioneer en het sy nie gevoel daar is veroordeling nie, maar eerder empatie met haar ervaring. Mag het nie gefunksioneer soos in haar ervaring met die pastorale berading nie en die gesprek wat ons gehad het, het sy gevolglik meer positief ervaar.

3.3 NAGEDAGTE

Joyce se storie het my diep geroer in die sin dat sy die moed en deursettingsvermoë gehad het om haar tot die Christengeloof te bekeer, ten spyte van baie vervolging en teenkating van haar familie wat Moslems is. Dit was vir my ontstellend dat dit die Christen was, na wie sy haar gekeer het vir hulp, wat haar weer aan reëls en regulasies wou bind nadat sy juis uit so 'n

omgewing ontsnap het. Ek dink die skade wat in so 'n geval veroorsaak kan word is onnodig en gevaarlik. Joyce het tereg gesê dat sy op die punt was om haar nuutgevonde Christenskap te laat vaar en terug te keer na die Moslemgeloof, as gevolg van die ervarings wat sy met pastorale berading gehad het.

Wanneer mag funksioneer, kring dit uit na alle aspekte van 'n mens se lewe. Indien Joyce sou besluit om haar Christenskap te laat vaar as gevolg van uitlatings wat in onkunde gemaak is in die berading (en die telefoongesprek wat sy gehoor het), sou dit haar hele lewe en toekoms beïnvloed. Die moontlikheid was groot dat sy wel sou terugkeer tot die Moslemgeloof omdat dit beter in haar verwysingsraamwerk pas en omdat sy moontlik tot die slotsom kon kom, dat die Christengeloof net so veroordelend as die Moslemgeloof is. Christenskap sou in so 'n geval vir haar geen voordele inhou nie, want sy sou dit heel moontlik nie met 'n gemeenskap van omgee en liefde kon vereenselwig nie. Sy sou nie noodwendig weer 'n Moslem word vir die redes wat die pastoor genoem het, naamlik dat Moslems nooit lank Christene bly en na die eerste beradingsessie weer terug keer na hulle ou geloof nie. Joyce se motivering om weer 'n Moslem te word, sou spruit uit haar ervaring dat daar vir haar geen hoop is by Christene wat nie in haar kan glo en wat haar nie veroordeel nie. In Joyce se ervaring van berading het mag en kontrole gefunksioneer. Berading behoort met liefde en empatie gepaard te gaan, anders laat die beradingservaring die kliënt met onangename herinneringe wat vir altyd letsels kan laat.

As 'n mens deur hierdie verhaal kyk na die effek van mag op 'n individu se lewe is die eindresultaat skrikwekkend. Die funksionering van mag in die beradingskamer het die vermoë om 'n persoon se lewe te vernietig, sonder dat die pastoor ooit daarvan bewus is. Die spreekkamer behoort 'n plek van bemoediging en hulp te wees.

HOOFSTUK 4

AJ

4.1 WANNEER MAG ONSIGBAAR IS...

AJ is 'n 36-jarige man wat huweliksprobleme ondervind het nadat hy twee jaar getroud was. Volgens hom was daar regdeur die huwelik probleme. Toe AJ sy vrou Lanie ontmoet het, was sy 'n weduwee wat haar eerste man nege maande terug aan die dood afgestaan het. Sy was voorheen nege jaar getroud gewees en daar is twee kinders uit die huwelik gebore. AJ en Lanie is drie maande na hulle ontmoeting in die AGS Kerk getroud. Die kinders was op daardie stadium vier en sewe jaar oud. AJ het aanvanklik moeilik aangepas by sy nuwe 'kitsfamilie', maar sy verhouding met die kinders het spoedig verbeter. Met sy verhouding met Lanie het dit egter nie so goed gegaan nie... Nadat Lanie, AJ verlaat het na 'n kort, stormagtige huwelik van twee jaar, het sy haar na die AGS Kerk gewend vir huweliksberading.

AJ was aanvanklik onder die indruk dat Lanie wou probeer om die huwelik te red. Alhoewel hy nie baie positief oor die berading gevoel het nie, het hy tog besluit om sy samewerking te gee. Hulle eerste beradingsessie was met een van die pastore in die AGS gemeente waar hulle lidmate was.

Ek het AJ ontmoet deur gemeenskaplike vriende in die AGS en hy was bereid om sy ervaring van pastorale berading met my te bespreek.

4.2 EERSTE GESPREK MET AJ

Mariza: *Hoe het dit gekom dat jy vir berading gegaan het?*

AJ: *Ek en Lanie het vir voorhuwelikse berading gegaan by ons pastoor, nadat ons getroud is, het ons 'n baie op-en-af verhouding gehad. In daardie tyd het sy die pastoor gaan sien en toe is ek ingeroep en is ons 'ge-counsel'. Dit het nie juis*

gehelp nie, en toe immigrer die pastoor Engeland toe. Ons probleme was op daardie stadium nog nie opgelos nie. Lanie het na 'n ander pastoor gegaan by die Kerk wat voorgestel het dat ons hom albei saam gaan sien. Hy wou my eerste alleen gesien het.

Mariza: *Maar hy het toe reeds 'n gesprek met Lanie gehad oor julle probleme?*

AJ: *Ja, hy het toe klaar Lanie se storie gehoor en voor hy ons albei saam wou sien, wou hy my kant van die saak hoor. In elk geval, ek het hom toe gaan sien.*

Met my inloopslag was ek glad nie beïndruk met hom nie. Net sy hele 'bodylanguage' het my glad nie 'impress' nie, hy het net soos 'n 'slap-sarel' gelyk wat geen besluite kan neem nie. Hy het daar agter die lessenaar gesit met 'n kyk wat sê, 'so, wat is jou probleem nou?' Nou moet ek met hierdie man my persoonlike sake deel.

As mens na die radikale taal kyk wat AJ gebruik om sy eerste ervaring met die pastoor te beskryf, kan mens die misnoeë in sy stem hoor. Kliënte is dikwels te respekvol of bang om eerlik vir die berader te sê hoe hulle die berading negatief ervaar. Hierdie stilswye is dikwels 'n reaksie op die diskoers in ons samelewing, dat mens nooit van 'n persoon wat as die 'gesant van God' gesien word, mag verskil nie. Daar is dikwels 'n bewustheid dat 'n pastoor agter 'n lessenaar die indruk skep van mag en absolute kennis. Hart, Gulbranson & Smith (1992:18) beskryf dit so: 'I want them to know this is not a one-way street; I don't stay behind a big desk, telling them how to straighten out their lives, I'd rather we share in ministry as members of the body of Christ.' Die idee dat 'n persoon agter 'n lessenaar voorgestel word as die persoon in die gesagsposisie verhoed dikwels dat 'n beradingsvriendelike atmosfeer geskep word, waar tweerigting gesprek moontlik gemaak word. Dit is die effek van hierdie 'magsatmosfeer' wat mense van hulle vrymoedigheid stroop. Die effek van 'n man agter 'n lessenaar, is dikwels 'n herinnering aan 'die baas by die werk' aan wie daar verantwoording gedoen moet word.

Ek sou voorstel dat berading in 'n minder 'formele omgewing' geskied, waar daar byvoorbeeld eerder twee stoele teenoor mekaar geplaas is, sodat die berader en kliënt, mekaar op gelyke vlak ontmoet.

AJ (cont.): *Ek het hom toe so oor die algemeen vertel wat my kant van die saak is, hoe ek voel en hoe ek ons omstandighede ervaar het. **Ek het verwag... toe die ou sy mond die eerste keer oopmaak, toe besef ek hy't nie 'n 'clue' waarom dit gaan nie.***

Mariza: *Wat het jou daardie indruk gegee?*

AJ: *Ek kon sien hy was nie bereid om sekere besluite te neem oor hoe ons die berading gaan doen nie, **ek het die gevoel gekry hy is nie in staat om enige verantwoordelikheid te vat vir die 'counseling' wat moet plaasvind nie, want ek het die idee gekry hy wil eers met 'n ander pastoor die saak bespreek, want die situasie is vir hom te gekompliseerd, en hy moet raad kry hoe om die situasie te benader, en ek was onmiddelik afgesit, want ek het gevoel hy's veronderstel om 'n pastoor te wees, en hy is veronderstel om presies te weet, hoe, waar en wat, in watter rigting en watter kanaal dit moet ingaan en hy't niks gedoen nie.***

In die wyse waarop AJ verwag dat die pastoor sy probleme moet oplos, sien mens hoe gevestig en sterk die diskoers, naamlik dat die pastoor die 'ekspert' moet wees oor hoe om probleme op te los. Kliënte skryf hierdie mag aan die pastoor toe en daar is 'n verwagting dat die pastoor die 'leiding' moet neem. AJ gebruik die woorde: 'hy is veronderstel om presies te weet hoe, waar en wat, in watter rigting en watter kanaal dit moet ingaan'. AJ verwag dat goeie berading met goeie raad gepaard gaan. Dit versterk die magsdiskoers verder omdat mag deur die kliënt aan die berader toegeken word. Wanneer mag dus funksioneer, voel sommige kliënte dat hulle baie goeie berading ontvang, terwyl hulle dikwels verblind is vir enige misbruik van hierdie mag, deur die berader.

AJ (cont.): *Ek kan nie eens mooi onthou wat hy gesê het nie, maar ek was onmiddelik afgesit. Daarna het ons hom nog twee of drie keer gaan sien, want hy't gesê hy wil ons nou saam sien. Dit het op 'n bakleiery uitgeloop, tussen my en Lanie, want omdat ons nie saamstem oor goed nie, eindig ons op met 'n bakleiery daar voor hom, en hy is nie in staat om die ding te beheer nie. Sy sê iets dan 'chip' ek in, en vica versa, en hy kan dit nie beheer nie. Dit was asof die argument wat ons in die verhouding gehad het, by die huis, net so oorgedra is*

voor die pastoor. Plaas dat hy sê, ongeag wat die probleem is, wat gaan ons doen om dit uit te sorteer, kan jy absoluut die onkunde op sy gesig, oor hoe om die situasie te beheer op sy gesig sien.

Wanneer 'n berader nie eerlik is met sy kliënte oor die wyse waarop hy die berading gaan hanteer nie, misbruik hy sy mag as pastoor, deur voor te gee dat hy weet hoe om die probleem te hanteer. Adams (1973:92-97) sê:

People do not lose confidence in a counselor who, when he knows something, speaks with assurance and who, when he does not, says so. They know that they can trust him. Moreover, when he does speak with assurance they are more likely to respond. Bluffing not only is a form of lying, but also breaks down confidence: counselees are very good at detecting such bluffing.

'n Berader behoort dus altyd eerlik te wees oor die feit of hy 'n kliënt kan help of nie, andersins word die kliënt se verwagtinge teleurstel en kom daar 'n breuk in die vertrouensverhouding.

Mariza: *Wat sou jy van hom wou verwag?*

AJ: ***Ek sou wou weet hoe hy die berading gaan hanteer, met ander woorde, in plaas van niks sê of doen nie, vir my sê wat is sy plan met ons, is daar 'n strategie waarvolgens ons gaan werk om die huweliksprobleme op te los, as ons nou by punt A is, hoe gaan ons by punt B uitkom? Gaan ons kyk na die agtergrond, verskille, en ons vat dit en pas dit in die raamwerk in, en ons werk volgens 'n sisteem, sodat ek en sy die indruk kan kry, die ou werk sistematies deur ons probleem, maar hy het ons net heeltemal in die duister gelaat. Hy het net daar gesit en ek kon duidelik sien... dis my tweede keer wat ek hom sien, die eerste keer het hy my glad nie beïndruk nie, so ek het geen respek vir die ou nie, ek is bloot daar onder verpligting en ek het geen hoop dat hy my sal kan help nie, niks nie.***

Daar is altyd by die kliënt 'n verwagting of selfs 'n angstigheid om te weet hoe die berading gaan geskied en of dit suksesvol gaan wees. Wanneer 'n mens met 'n probleem na 'n pastoor gaan, is daar gewoonlik 'n desperaatheid en 'n weerloosheid om jou probleme in die hande van 'n ander persoon te plaas.

Wanneer 'n kliënt dan teleurgestel word in sy verwagting, is die teleurstelling soveel groter.

'n Mens moet miskien tog die vraag vra of die pastoor hulle onwetend in die duister gelaat het, en of hy bloot nie vir hulle wou sê wat sy plan met die berading was nie. Ek sou dink dat hy werklik nie geweet het wat om te doen nie, maar die diskoers van 'die pastoor behoort te weet' het hom gekeer om eerlik te wees en te sê hy weet nie hoe om hulle geval te hanteer nie. Ek vermoed dat hy ook in 'n mate verantwoordelik gevoel het vir sy kliënte se geluk en nie wou erken dat hy nie weet hoe om hulle te help nie.

Die diskoers van 'die pastoor behoort alles te weet', ontnem die pastoor ook van die element van menslikheid wat sê dat 'n pastoor ook soms foute maak en nie *altyd* al die antwoorde het nie. Hierdie magsdiskoers plaas onbewustelik baie druk op die pastoor om altyd 'goeie raad' te gee, aangesien sy reputasie van 'goeie berader' of 'slegte berader' daarvan afhang (Knudson Martin 1997:427).

Deur eerlik te wees en te erken dat hy, as pastoor, nie weet *hoe* om die kliënte te help nie, beteken egter dat hy sy mag prysgee. Wanneer mag funksioneer is dit ondenkbaar van die pastoor om 'n bekentenis te maak, dat hy nie weet hoe om die kliënt te help nie. Die effek hiervan is frustrasie aan beide die pastoor en die kliënt se kant, aangesien daar op hierdie wyse tot geen oplossing gekom kan word nie. Deur bewus te wees van die effek van die magsdiskoerse wat berading beïnvloed, kan die pastoor eerder die kliënt se kennis laat funksioneer en in 'n meer gemoedelike atmosfeer saam met hom/haar na antwoorde soek. Die relevansie van hierdie antwoorde is potensieel soveel groter, omdat dit die kliënt se kennis is, wat tydens die berading funksioneer (MacArthur & Mack 1994:253).

Deur byvoorbeeld vir AJ en Lanie te vra wat hulle van die berading verwag en wat hulle deur die berading wil bereik, gee hulle die kans om hulle eie probleme aan te spreek, sodat die pastoor nie noodwendig al die antwoorde hoef te hê en al die verantwoordelikheid hoef te dra nie (White 1997:20).

AJ (cont.): *Hy het vir my die indruk geskep, dit is nou net nog 'n 'couple' wat met huweliksprobleme hom kom sien. Hy gaan nou maar net aan op sy*

trant, volgens hom is hy reg, maar of hy nou mense help of nie help nie, dit is nou maar 'tough', hy karring nou maar net aan.

Ek dink AJ kon hierdie indruk gekry het omdat hy gevoel het dat die pastoor nie die nodige belangstelling getoon het nie. Die pastoor se kennis het hoofsaaklik gefunksioneer en daar was nie werklik belangstelling in sy kliënte se probleem nie. Die feit dat AJ sê: 'hy karring nou maar net aan', dui op die feit dat hy gevoel het dat die pastoor op sy eie trant aangaan, terwyl hy sy kliënte lankal verloor het.

Die persoon wat die diskoers beheer, beheer ook die kennis wat in 'n gesprek funksioneer en die kliënt ervaar 'n gevoel dat hulle nêrens met die berading gaan nie (Drewery & Winslade 1997:42). Die persoon in die gesagsposisie bepaal dus wie se agenda aangespreek word... die kliënt se agenda of die pastoor se agenda (Freedman & Combs 1996:38).

AJ (cont.): Dit kom toe daarop neer dat ons die storie weer moet uitstel na 'n volgende keer toe, want hy sê toe hy gaan eers met die senior pastoor oor die saak gesels. Dit is hoe ons by die senior pastoor beland het vir berading. Hy het ons soos 'n warm patat gelos omdat hy ons nie met ons probleem kon help nie. Dit het eintlik net my eerste indrukke bevestig.

Mariza: Hoe belangrik was die rol van luister en raad gee van die pastoor vir jou?

AJ: Ek dink albei is baie geweldig belangrik. Hy moes luister na wat ek sê. Ook nie net luister nie, maar insig hê in wat ek sê. Hy moes kon verstaan waarom ek praat en presies verstaan wat my probleem is.

Om die gevoel by die kliënt te bewerkstellig dat die pastoor na sy/haar storie luister en sodoende die gevoel van belangstelling bewerkstellig, moet die pastoor betrokke wees by dit wat die kliënt sê. As hy nie luister na wat die kliënt sê nie, funksioneer die kliënt se kennis nie. Die gevolg is dat die kliënt die gevoel dry dat hy/sy nie verstaan word nie. Selfs die raad wat die pastoor dan potensieel sou gee, kan deur die kliënt as 'sonder substansie' ervaar word, want hoe kan die pastoor raad gee oor 'n probleem as daar by die kliënt die gevoel ontstaan dat die pastoor nie eens genoeg belangstelling toon om in die eerste plek te

luister wat die probleem is nie. AJ se volgende stelling onderstreep hierdie punt...

Mariza: *Hoe weet jy iemand verstaan?*

AJ: *'n Mens kan dit duidelik onderskei. Jy kan ook sien dat die ou empatie en simpatie het met wat jy sê, en dit is die verskil tussen iemand wat verstaan, en wat weet waaroor dit gaan, teenoor iemand wat net daar sit en vir hom is dit net 'n 'job'. Hy weet vyfuur pak hy op om huis toe te gaan. Hy het nie die openbaring gekry van wat 'n roeping is om met mense se probleme te werk nie.*

Mariza: *Hoe sou jy kon sien dat die pastoor 'n roeping het om te 'counsel'?*

AJ: *Jy sien dit gou want daardie persoon stel intens belang in dit wat jy wil sê, in jou as mens, en in jou probleme... hy luister.*

Die pastoor moet dikwels meer ag slaan op dit wat die kliënt wil sê, voordat goedbedoelde raad wil uitdeel. As die kliënt voel hy word nie gehoor nie, sal al die raad op dowe ore val (White 1997:17).

AJ (cont.): *Hy sal jou dan kan help om die probleem op te los of daardeur te werk. Hulle berading is dan nie net altyd bybelse beginsels nie, maar daar is ook praktiese oplossings, soos om die verskille uit te wys tussen 'n man en 'n vrou. Hy maak ook gebruik van sy eie lewe as voorbeeld. Hoe hy byvoorbeeld met sy eie vrou optree en watse resultate dit bewerk. Dit het 'n balans bewerkstellig tussen bybelse beginsels en praktiese wenke.*

Daar is 'n behoefte by die kliënt om met die pastoor te kan identifiseer. Indien mag funksioneer sal daar al hoe meer by die kliënt 'n gevoel gewek word van afstand... 'n gevoel dat hy nie verstaan waaroor die pastoor praat nie, met ander woorde 'n gevoel dat hy/sy met 'n outoritêre persoon praat. Hierdie tipe verhouding ondermyn die beradings-vertrouensverhouding (White 1997:17).

Mariza: *Was hierdie, dinge wat jy in die berading gemis het?*

AJ: *Absoluut, dit is ook die rede waarom ek nie lus was om my samewerking te gee nie.*

Mariza: *Hoe het jy jou samewerking weerhou?*

AJ: *Ek was nie lus om met hom te praat nie. Ek het net die nodigste gesê.* Hier is weereens 'n voorbeeld van 'n kliënt wat deur sy stilsweye weerstand bied teen mag, as gevolg van die feit dat hy voel dat hy nie gehoor word nie (Foucault 1982:220).

Mariza: *Dink jy hy kon agterkom hoe jy voel?*

AJ: *Ja, maar dit het niks van sy kant af juis verander nie. Hy is die pastoor, wat weet ek nou, was sy houding. Tog het hy geweet hy sal ons nie kan help nie.*

In hierdie stelling sien mens duidelik hoe die magsverhouding funksioneer. 'Hy is die pastoor, wat weet ek nou', dui op die afstand wat geskep is tussen berader en kliënt. Die pastoor se houding laat die kliënt voel dat sy stem en opinie onbelangrik is. Die persoon in 'n gemeenskap wat die mag het om die diskoers te bepaal, sal ook die kennis in daardie gemeenskap beheer (Freedman & Combs 1996:38). Die pastoor beheer dus die gesprek om by sy eie diskoerse te pas.

Mariza: *Hy het julle toe na die senior pastoor verwys?*

AJ: *Ja.*

Mariza: *Wat was jou eerste indrukke van die senior pastoor?*

AJ: *Ons het hom die eerste keer saam gaan sien. Hy het ons nie regtig geken nie, die Kerk is te groot. Ons het mekaar totaal op neutrale grond ontmoet. Ek was baie meer positief, omdat hy nie bevooroordeeld was nie. Ons was albei vir hom vreemd. Hy het ook gelyk of hy weet wat hy doen in die sin dat hy met meer gesag gepraat het.*

AJ het gesê dat hy die gesprekke met die eerste pastoor 'bevooroordeeld' ervaar het. In AJ se gesprekke met die eerste pastoor was die magsverhouding meer sigbaar. Mag het egter ook gefunksioneer in AJ se gesprek met die tweede pastoor. Alhoewel die funksionering van mag nie so duidelik sigbaar was nie, was dit tog op 'n meer subtile wyse teenwoordig... 'n Mens kan reeds hierdie afleiding maak deurdat AJ van die pastoor sê: 'Hy het ook gelyk of hy weet wat hy doen, in die sin dat hy met meer gesag gepraat het.' Adams (1980:176) sê van die tweede pastoor se benadering:

A pastor must help the counselee to recognize by his efficient, business-like, take charge (though not officious) approach and by his demand for a commitment to counseling (as well as his own willingness to make it), that the counseling relationship into which they are entering is not a casual take-it-or-leave-it matter.

Wat Adams hier sê is direk van toepassing op die diskoers van 'die pastoor moet altyd die berading onder beheer hê en weet waarheen hy met kliënt oppad is, sodat die probleem effektief opgelos kan word. Hierdie diskoers verskuil die magsverhouding op subtile wyse aangesien hierdie diskoers dikwels deel is van die kliënt se verwysingsraamwerk. Daar word algemeen aanvaar dat hierdie benadering tot berading goeie resultate verseker, omdat die pastoor 'die beste weet'. Wanneer 'n kliënt dus by die beradingskamer instap en die situasie wat Adams hier bo beskryf, ervaar, dink die kliënt dat hy/sy in goeie hande is en dat die probleem deur die pastoor se 'ekspertise' en ervaring opgelos gaan word.

Mariza: *Hoe bedoel jy, hy het met meer gesag gepraat?*

AJ: *Dit was vir my belangrik om te weet, hy het ondervinding, en hy weet hoe om my te help. Dit was ons begin punt.*

Hier sien 'n mens AJ se bereidwilligheid en entoesiasme omdat sy verwagtinge van die berading en van die pastoor wat die berading gaan doen ontmoet word. Geïnternaliseerde diskoerse laat AJ inkoop in die idee, dat 'die pastoor weet hoe om my te help'.

Mariza: *Was jou goeie eerste indrukke blywend van aard?*

AJ: *Ja, hy het ons van die begin af laat verstaan, dat sy berading op bybelse beginsels gegrond was en dit het vir my meer struktuur gegee aan die berading.*

Mariza: *Is dit dus vir jou belangrik om struktuur te hê?*

AJ: *As die pastoor sy strategie van die berading aan my verduidelik, kan ek besluit of ek daarvan hou of nie, anders sit ek daar en weet nie wat is sy intensies met my nie. Ek wil weet hoe hy my gaan help. Dit was die groot verskil tussen die vorige pastoor en die senior pastoor. Die eerste pastoor het vir my geen riglyne gegee om die berading binne te sit nie en die senior pastoor het... hy het sy berading op bybelse beginsels gegrond.*

Dit gaan hier weereens oor wie se kennis gefunksioneer het. AJ het magteloos gevoel wanneer hy nie geweet het wat die pastoor se intensies met die berading is nie, maar die feit dat die tweede pastoor sy planne met die berading met AJ bespreek het, het AJ gemakliker laat voel. Adams (1980:180) sê: 'The counselor, must be a man with a plan who, in humble confidence, sets goals and knows how to reach them, relying upon well-thought-through biblical ways and means.' Wanneer die pastoor egter 'n vooropgestelde plan het oor hoe hy sou wou hê die berading moet verloop, is die moontlikheid dat sy kennis eksklusief funksioneer soveel groter. Die rede hiervoor is dat dit dan die pastoor se agenda is wat gevolg word, en nie die kliënt sin nie (Foucault 1982:212). Wanneer die kliënt, soos ons vroeër gesien het, verwag dat die pastoor se kennis moet funksioneer, funksioneer mag soveel makliker omdat die kliënt weereens die diskoers glo wat sê, 'die pastoor weet die beste'. Wanneer 'die pastoor die beste weet' word alles wat hy sê aanvaar, bloot op grond van sy *posisie* as berader en pastoor. Die feit dat die pastoor se kennis funksioneer laat mag vrylik en minder opmerklik in die verhouding funksioneer, omdat dit wat gesê word selde bevraagteken word. Wanneer dit wat die pastoor sê wel bevraagteken word, internaliseer die kliënt eerder die probleem verder.

Mariza: *Het die eerste pastoor nie riglyne gegee nie?*

AJ: *Hy het seker, maar dit nooit pertinent gesê nie, hy sou seker maar sien hoe dit gaan, ek weet nie.*

Mariza: *Wat het die senior pastoor met bybelse beginsels bedoel?*

AJ: *Een van die eerste vrae wat hy ons gevra het was: 'wat is liefde?' **Ek het toe gesê dit is 'n gevoel dat jy vir altyd saam met daardie persoon wil wees en Lanie het ook so iets gesê. Hy het toe gesê altwee van ons was verkeerd. Hy sê toe liefde is 'n kwaliteitsbesluit.***

Hier sien ons weereens hoe die pastoor se kennis funksioneer. Dit wat AJ en Lanie sê is verkeerd, terwyl die pastoor se idee van liefde reg is. Die pastoor verkry die mag om te beoordeel wie se konsep van liefde reg of verkeerd is. Daar word alleenlik gefokus op die pastoor se kennis van wat liefde is. Omdat die

pastoor in die gesagsposisie is van berader/pastoor, het hy die mag om te besluit wat geldige kennis is, wat as belangrik en as onbelangrik beskou word.

Mariza: *Hoe is dit 'n bybelse beginsel?*

AJ: *Dit spruit uit Korinthiërs waar Paulus sê: 'Mans wees lief vir julle vrouens'. Bybelse beginsels is dus bybelse skrif wat van toepassing is op sekere lewensgebeurtenisse. **Die Bybel het dan die finale sê in hoe ons in sekere omstandighede moet optree. Dit word 'n bybelse beginsel genoem. Dit is soos om jou tiende te gee, jy doen dit bloot uit gehoorsaamheid, nie omdat dit noodwendig lekker is nie.***

Mariza: *Hoe het die Bybel by julle berading gefunksioneer?*

AJ: *Wanneer daar 'n verskil in mening of opinie was, het die pastoor onmiddellik na die Bybel gegaan en gekyk wat die Bybel sê. Dan het hy daardie spesifieke beginsel uitgehaal wat van toepassing was op ons argument en vir ons verduidelik wat die beginsel is en dit het dan die argument geneutraliseer. **Dit het gewerk omdat die Bybel die finale sê in die berading gehad het. Hy het ons dit duidelik laat verstaan.***

Adams (1981:60) sê: With a counseling ministry that depends on the Scriptures for all of its teaching, however, that authority becomes a powerful, vital force that may be used for good.' Hierdie wyse van skrifgebruik is egter nie sonder die funksionering van mag nie. Die vraag wat hier gevra kan word ten opsigte van die kennis/mag verhouding, is: *Wie besluit of 'n 'bybelse beginsel' aanvaarbaar is of nie? Die Bybel het wel verskeie uitsprake, maar die mens is die interpreteerder van hierdie uitsprake. Dus kies die mens watter bybelse beginsels aanvaarbaar en watter onaanvaarbaar is. Kultuur speel 'n groot rol in die keuses van sekere beginsels wat vooropgestel word en beginselwaarde kry, en watter nie.*

So kyk mens byvoorbeeld na die kwessie of varkvlies geëet mag word of nie. Die besluit of hierdie kwessie beginselwaarde het, word nie deur die Bybel vasgestel nie, maar wel deur die interpreteerders van die Bybel, naamlik die mens... Dit lei mens tot by die Jode se geloof, dat varkvlies nie geëet mag word nie, terwyl die Christene varkvlies mag eet. Hierdie interpretasies is ook gegrond op die diskoerse wat in die pastoor se denominasie en gemeenskap prominent

is. Om nog 'n voorbeeld te gebruik kan mens kyk na verskillende diskoerse wat prominent is ten opsigte van die verskillende wyses waarop Christene gedoop behoort te word. In sommige kerke word daar slegs deur besprinkeling gedoop terwyl ander denominasies onderdompel. Dan is daar weer die debat by die onderdompeling, of 'n persoon een maal of drie maal onderdompel behoort te word. Daar is 'n menigte interpretasies net oor die 'doop', en tog lees almal dieselfde Bybel. Wie besluit dan watter interpretasie reg is en watter diskoerse voorkeur moet geniet? Die gevolg is dat ek nie met Adams (1980:174) se stelling saamstem nie: 'The Scriptures contain all of the principles that are necessary for meeting the needs of the sheep. The Bible is the textbook for teaching them how to love God and their neighbors (which is what counseling is all about).'

Om op hierdie manier met die Bybel te werk te gaan, kan enige argument uit die Bybel gevoer en gewen word, omdat elke mens sy/haar eie interpretasie van die Bybel het. In die struweling oor wie se interpretasie reg en wie verkeerd is, is daar dikwels min van die liefde te sien waarvan Adams praat... Dit is eerder 'n geval waar die pastoor se kennis deur Bybelse aanhalings, 'goddelike status' verkry. Op hierdie wyse funksioneer mag. Die kliënt behoort die vryheid te hê om sy/haar interpretasie van die Bybel voor te lê vir bespreking, sonder dat daar teenoor hierdie interpretasies gediskrimineer word.

Wanneer alle outoriteit in die feit lê dat die Bybel die finale sê het oor alle lewensgebeurtenisse, kan die Bybel maklik as instrument van mag gebruik word. Die persoon wat veronderstel, die meeste kennis oor die Bybel het, in hierdie geval die pastoor, word gesien word as ekspert op die gebied van Bybelkennis. Die diskoers van 'die pastoor het absolute kennis aangaande die Bybel' word deur die gemeenskap bevestig en onderhou. Dit het die gevolg dat die pastoor die mag het om te besluit, wat as bybelse beginsels gesien behoort te word en wat nie. Die kliënt het geen ander keuse as om hierdie 'wette' te gehoorsaam nie, anders loop hy/sy die gevaar om 'buite die wil van die Here te wees'. Daar egter 'n nuwe manier is waarop daar na teologie gekyk moet word:

The new mode of theology now permitted and required reflects an acknowledgement that all claims of reality, including those by theologians, are fully under negotiation. Theological discourse is prepared to and capable of participation in these negotiations, no longer pretending to be a privileged insider, no longer willing to be a trivialized outsider. Reality, so far as our social conversation is concerned, is no longer a fixed arrangement inhospitable to theological categories, but it is an ongoing, creative, constitutive task in which imagination of a quite specific kind has a crucial role to play.

(Brueggemann 1993:17)

Die wyse waarop daar na teologie gekyk word, is dus besig om te verander, sodat daar 'n groter buigzaamheid is ten opsigte van wat as 'waarheid' bestempel word. 'Waarheid' rondom die Bybel word onder die soeklig geplaas sodat magsdiskoerse aangespreek kan word. Daar moet dus 'n groter bewuswording wees van die wyse waarop die Bybel byvoorbeeld steeds 'absolute waarheid' verkondig, sodat marginaliserende teologiese diskoerse uitgedaag kan word.

Mariza: *Hoe het dit vir jou gewerk?*

AJ: *Baie goed, maar **ek moet sê dat daar tye was in die berading waar ek gevoel het hulle was besig om my onregverdig te behandel**, omdat Lanie, op daardie stadium, van die begin af by die pastoor gekom het met die uitgangspunt sy is die gekweste bakkie en het baie min skuld in die probleme. Baie beskuldigend.*

Mariza: *Hoe het die pastoor dit hanteer?*

AJ: *Hy het baie aandagtig daarna geluister, maar dan het hy my kans gegee om te reageer. Dit het my beter laat voel, want as ek my saak klaar gestel het, het hy dan na die Bybel gegaan om te kyk wat die Bybel oor die spesifieke punt sê.*

Die feit dat die pastoor na AJ geluister het en hom laat voel het dat sy opinie belangrik is, het die gevolg gehad dat AJ, die pastoor se raad baie makliker aanvaar het. AJ het dus gevoel dat sy kennis wel 'n rol in die berading gespeel het, dit het die gevolg gehad dat die magsverhouding anders gekonstrueer was. Die feit dat AJ die geleentheid gegun is om sy opinie te lug, het 'n verskil gemaak

in die magsverhouding. AJ sê dat hy beter gevoel het omdat hy die geleentheid gegun was om sy kant van die storie te vertel. Die pastoor lewer egter dan uitspraak oor AJ se kennis en so word die pastoor weereens die regter oor wat as 'regte' kennis gesien behoort te word. AJ se interpretasie van wat hy sê word ondermyn deur die pastoor se interpretasie van wat die Bybel oor die spesifieke saak sê. AJ het wel by die pastoor se interpretasie ingeval, maar die implikasie hiervan is dat AJ se kennis nie meer tel nie en dat daar nie regtig na hom geluister is nie. Hy voel dat die pastoor gehoor het wat hy sê, maar in wese het dit geen verskil gemaak aan die voorskrif van watter kennis die 'regte' kennis is nie. Die feit dat die pastoor se kennis op die ou end weer gefunksioneer, kanselleer AJ se kennis uit. So het mag weereens gefunksioneer.

Mariza: *Waarom het jy soms gevoel dat jy onregverdig behandel word?*

AJ: *Ek dink omdat Lanie so oortuigend geklink het, was dit moeilik om haar nie te glo nie. Ek dink as jy nie jouself dophou nie, kan jy baie gou simpatiek voel teenoor die vrou en die man verdink as die moeilikheidmaker. **Ek dink ek het partykeer gevoel dis onregverdig, omdat ek soms meer moes werk aan die verhouding as sy. Ek was nie altyd lus om die bybelse beginsels toe te pas nie, want hulle was dikwels reguit tot die punt toe, soos dat jy moet vergewe, en so gaan dit aan, en dit was nie altyd so maklik nie. Hoe vinniger jy egter die bybelse beginsel aanvaar, hoe vinniger word die probleem opgelos.***

Mariza: *Het jy altyd jou opinie gelug as jy nie saam met 'n beginsel gestem het nie?*

AJ: *Ja, want ek het gevoel die pastoor is op 'n neutrale vlak. So het hy vir my op 'n stadium gesê ek moet na al haar familie toe gaan en vir hulle onverskoning vra vir alles wat ek verkeerd gedoen het en omdat ek hulle teleurgestel het. Dit was vir my ontsettend moeilik gewees. Want ek het gevoel hoekom moet ek dit nou doen.*

AJ sê dat die berading op 'neutrale vlak' geskied het, en dat hy wel die vrymoedigheid gehad het om sy opinie te lug... Tog het hy nie die vrymoedigheid om die pastoor se 'opdrag' te bevraagteken of selfs tõe te staan nie. Die diskoers

dat 'die pastoor die beste weet' verblind AJ om selfs te *dink* dat hierdie voorstel van die pastoor moontlik nie so 'n goeie voorstel is nie, en dat hy, as kliënt eintlik die reg het om die 'opdrag' te weier. Selfs al het die pastoor aan AJ verduidelik waarom hy moes onverskoning vra, kon AJ nie die nut daarvan insien nie, omdat dit nie sy kennis was, wat gefunksioneer het nie. Hy voel hy moet iets doen, maar verstaan nie waarom nie.

Mariza: *Was was die pastoor se rede waarom jy dit moes doen?*

AJ: ***Ek dink dit was deel van sy taktiek, sy praktiese wenke... ek neem aan dit was deel van sy ervaring om mense te beraad. Om te kyk hoe gou hy die situasie kon ontloot wat baie plofbaar was. Ek dink dit was deels ook om bybelse beginsels.***

Selfs al sou AJ en Lanie gedink het dat die berading hulle gehelp het, beteken dit nie dat mag nie gefunksioneer of misbruik was nie. Sekere prominente diskoerse het die vermoë om alle partye betrokke, te verblind vir die effek van daardie diskoers op die magsverhoudinge.

Mariza: *Het hy jou laat verstaan waarom jy dit moes gaan doen?*

AJ: *Nee, want ek het gevoel, op daardie stadium, en jy moet verstaan, my ego het ook nog op daardie tyd 'n groot rol gespeel, maar **ek het vir hom gesê dit was vir my baie moeilik, ek het nie geweet of dit vir my moontlik sal wees om dit te doen nie. Hy het vir my gesê dit is egter 'n vereiste, voordat hy kan aangaan om ons te 'counsel'.***

Om iets van 'n kliënt te verwag, en die kliënt te forseer om iets te doen wat die kliënt nie werklik wil doen nie, is magsmisbruik. Veral om te dreig om die berading te staak indien daar nie samewerking van die kliënt se kant af is nie. Adams (1980:176) ondersteun die gedagte dat vereistes aan die kliënt gestel behoort te word: 'the pastor makes clear to the counselee from the start that he expects things to happen. He communicates the fact that he expects commitment and effort on the part of all concerned.' Die kliënt se wil word totaal ondermyn en hy word die subjek en pion van die berader.

Mariza: *Hoekom het jy dit toe gaan doen?*

AJ: Omdat hy vir my gesê het, anders kan ons nie aangaan met die berading, tensy ek bereid is om sekere goed te doen wat hy van my verwag nie... en wat hy vir my sê om te doen nie.

Hierdie is die uiterste van magsmisbruik, waar die persoon in die magposisie deur dominerende die kliënt letterlik dwing om aan sy/haar vereistes te voldoen (Foucault 1982:212). Die kliënt kan nie anders as om deur hierdie tipe manipulasie aan die pastoor se vereistes gehoor te gee nie. Indien hy nie bereid is om te onderwerp aan die reëls van die pastoor nie, word daar gewaarsku dat die berading gestaak gaan word, omdat daar nie samewerking van die kliënt se kant is nie.

AJ (cont.): Ek dink die rede waarom ek dit spesifiek aanvaar het, wat hy gesê het, was, wanneer ek hom alleen gaan sien het. Hy het vir my gesê as ek nie daardie goed doen nie, kan hy, soos hulle sê, nie vir my 'n 'case' bou, wat in my guns tel nie. Soos hy gesê het, hy het al hierdie negatiewe dinge van my, en om dit in 'n positief te verander, moet ek positiewe dinge doen.

In die stelling wat die pastoor maak, word die diskoers van geslag op die voorgrond gestel. Dit word nou 'n saak tussen AJ en sy vrou, in die sin dat hy vir homself 'n 'case' moet opbou, sodat daar nie meer 'n vinger na hom gewys kan word nie. Dit kan selfs lyk asof die pastoor en AJ teen Lanie saamspan om AJ se saak sterker te maak. Hierdie saak kan baie dinge verteenwoordig, soos byvoorbeeld die feit dat AJ as man bereid is om te verander om die huwelik te red. As AJ kan bewys dat hy verander, hou dit vir hom die voordeel in dat dit nie sy skuld is as die huwelik verbrokkel nie. Die geslagsdiskoers word hier onderstreep omdat die kennis wat funksioneer, die is van die mans wat moet besluit wat gedoen moet word om die huwelik te red. In die patriargale stelsel besluit die mans wat die vrou uit die huwelik wil hê en wat haar gelukkig sal maak. Haar stem word nie gehoor sodat daar saam bepaal word wat nodig is om die huwelik te red nie. Die mans neem vanselfsprekend aan dat hulle 'weet' wat Lanie nodig het, en hoe AJ moet verander om alles weer reg te maak (Kline 1993).

AJ (cont.): *Hy het dit gestel, dat as ons nie ons huiswerk gaan doen nie, is daar niks wat hy vir ons kan doen nie, want daar is dan geen samewerking van ons kant af nie.*

Mariza: *Hoe het jy gereageer op wat hy vir jou gesê het?*

AJ: *Ek het net vir hom gesê dit is vir my ontsettend moeilik.*

Mariza: *Hoe lank het dit jou gevat om te doen wat hy gesê het?*

AJ: *Kyk, ek het geweet ek moet dit doen, anders gaan hy ons nie verder help nie, maar dit het my 'n hele paar weke gevat om dit te verwerk. Dit het my omtrent drie weke geneem om daarvoor te dink en nog so drie weke voordat ek dit kon gaan doen. Dit was vir my 'n baie moeilike ding gewees, so dit het my omtrent ses weke geneem.*

Hierdie is 'n goeie voorbeeld van hoe Foucault se idees oor die sogenaamde 'gaze' funksioneer. AJ was geïsoleer in sy beradingservaring en het hom onderwerp aan die pastoor se versoek, omdat hy gevoel het, dit is wat van hom verwag word. Hy het die pastoor nie bevraagteken nie, omdat hy gedink het die pastoor is in die posisie om hom die beste te kan help (White 1991:24).

Mariza: *Wat positief het uit hierdie aksie van jou voortgespruit?*

AJ: *Ek was baie in die verleentheid gewees, ek was soos voor 'n krygsraad gewees. Hulle het net daar gesit en my met sulke groot oë aangekyk, en hulle kyk my aan, so asof hulle wil sê: 'jy is in elk geval 'n stuk gemors, kyk hoe behandel jy ons dogter'. Ek wou dit nie gedoen het nie. Ek het dit net gedoen omdat ek dit moes gedoen het. Ek het dit net gedoen omdat ek vertrou in die pastoor gehad het en ek het gedink, alhoewel ek dit nie verstaan het nie, het ek geglo in sy strategie en het ek geweet ek sal eendag langs die pad weet waarom ek dit moes doen. So het hy byvoorbeeld vir ons gesê ons moet meer uitgaan, koffie drink, en gesels. Alhoewel ek ook nie lus was om dit te doen nie, het ek geweet dit is deel van die berading en ek kan nie altyd doen waarvoor ek lus is nie.*

Mariza: *Het hy julle probleem goed gediagnoseer?*

AJ: *Ja, ek kon sien hoe die situasie verander, nie tussen my en Lanie nie, maar die negatiewe beeld wat daar van my geskep was, was besig om te verander.*

AJ se negatiewe beeld het by die pastoor verander, maar daar was geen verandering by Lanie self nie, intendeel, hy sê: 'sy het al hoe kouer en kouer geword'. Tog het die pastoor volhard in AJ se transformasie na 'n 'goeie man vir sy vrou', of sal mens eerder sê, dit wat die pastoor *gedink* het, 'n goeie man vir sy vrou behoort te wees? Die transformasie het duidelik nie in Lanie se smaak geval nie, anders sou daar tog 'n verandering in haar houding teenoor AJ gewees het? Of was daar 'n storie aan haar kant, wat nooit die kans gehad het om vertel te word nie?

Dit sluit aan by wat Adams (1980:180) sê: 'When a counselor insists upon setting as the goal nothing less than change, spells out in some detail a biblically based plan for realizing it, he wittingly offers the greatest reason for hope.' Dit is soms die persepsie by sommige pastore dat verandering 'n groot prioriteit is. Die verandering moet egter ook relevant wees op die probleem waarvoor die persone vir berading kom. Dit is 'n voorbeeld waar die pastoor se kennis oor die probleem, die rigting van die berading gestuur het en die kennis nie werklik van toepassing was op die die kliënte nie. Dit is hoe mag funksioneer in die spreekkamer.

AJ (cont.): *Dit was nodig omdat die saak al hoe meer in my guns getel het, sodat al die goed wat Lanie aanvanklik van my negatief gesê het, nie meer van toepassing was nie. Sy het byvoorbeeld gesê ek doen nie dit nie, maar nou het ek dit wel begin doen. Sy kon dus nie sê ek probeer nie my bes om die huwelik te red nie. Deur die beginsels wat ek moes toepas, het al die negatiewe punte nou positief geword.*

Mariza: *Het die berading gegaan oor die strategie om jou beeld te verander of om haar terug te wen?*

AJ: *Kyk, toe ons die eerste keer voor die pastoor sit en hy vra of sy nog lief is vir my, het sy 'nee' geantwoord. Ek dink sy het toe alreeds besluit die huwelik is verby. Die berading was vir haar bloot 'n formaliteit en sy wou hê die pastoor moes saamstem dat ek die probleem was. Die feit dat ek al die negatiewe punte in positiewe punte verander het, kon die huwelik nie meer op daardie stadium red nie. Die pastoor het dus probeer verhoed dat ons skei deur al die dinge wat ek*

verkeerd gedoen het, te verander in positiewe punte, sodat hy vir haar kon sê deur die agt maande van berading het AJ sy samewerking gegee, op grond van wat, wil jy nog steeds skei?

Hier kan mens weer sien hoe die mans bepaal wat in die huwelik van belang is. Hulle word die bepalers van wat reg en verkeerd is. Hulle kennis funksioneer alleen en dit versterk die magsverhoudings. 'n Mens wonder of Lanie ooit die geleentheid gegun is om gehoor te word, ten opsigte van wat sy van AJ verwag het om die huwelik 'n kans te gee.

Mariza: *Sou sy ooit kon sê, jy het al hierdie dinge bloot gedoen omdat die pastoor so gesê het?*

AJ: *Onthou dat sy reeds uit die huis getrek het toe ons met die berading begin het, my doel was dus dat sy moes terug trek in die huis in, sodat ons kon aangaan met die huwelik. Ek het gedurende die berading begin verstaan wat my rol as man in die huwelik is, dat ek my vrou moet lief hê, en daarom het ek al die ander dinge begin doen.*

Mariza: *Hoe het die pastoor dit hanteer dat sy ten spyte van alles wou skei?*

AJ: *Hy het op 'n stadium vir my gesê, ek en hy doen die regte dinge en so kom ons op 'n stadium by 'n punt, waar sy 'n besluit moet neem en ongelukkig is haar wil betrokke by daardie besluit, en kan niks wat hy of ek of die Bybel sê, haar wil verander nie. **Ongeag die frustrasie wat ek ervaar, want jy moet beseef ek doen nou alles wat hy vir my sê ek moet doen...***

Mariza: *Het jy sy raad nooit bevraagteken nie?*

AJ: *Ja, ek het, maar dan het hy gedurig vir my bly sê, kyk, jy moet verstaan, jy het jou vrou verloor, en jy moet sekere dinge doen om haar terug te kry, maar hou net aan en weet deur die feit dat ons aanhou, is ons besig om die regte ding te doen.*

Weereens, die regte ding volgens die pastoor, of die regte ding volgens Lanie? Die feit dat AJ se vrou nooit deel was van hierdie gesprekke nie, het gemaak dat sy nooit deel was van die kennis wat gefunksioneer het nie. Dit veroorsaak dat mag gefunksioneer het in AJ se verhouding met Lanie, omdat gesprekke oor haar plaasgevind het sonder dat sy deel daarvan was.

AJ het ook later vir my gesê dat die pastoor Lanie soms alleen gesien en beraad het. Hierdie situasie versterk die pastoor se mag oor beide AJ en Lanie, omdat die pastoor oor eksklusiewe kennis beskik van albei kliënte afsonderlik. Hierdie 'eksklusiewe kennis' versterk die pastoor se mag, omdat hy die mag het om te besluit watter kennis in verdere beradingsessies aandag sal geniet, om sy agenda te pas. Die kliënte is dus pionne in die pastoor se hand.

Mariza: Was dit vir jou aanvaarbaar wat hy gesê het?

AJ: Nee, dit was moeilik om te aanvaar, maar ek het geweet dit was die realiteit en hy was in voeling met die realiteit. Dit was dus feite. Ek het honderd persent saamgewerk, maar Lanie moes besluit of sy met die huwelik wou aangaan.

Die feit dat AJ so maklik die woord van die pastoor vertrou het, dui dikwels op wat Kotzé (2002:14) beskryf as: 'People with a pre-modernist orientation toward religion regard religious leaders and clergy as leaders with access to 'truth', voicing God, or the Deity's will.' Dit is vir iemand wat deur 'n pastoor beraad word, baie makliker om die pastoor se woord te aanvaar ten opsigte van 'n saak. Daar bestaan die persepsie dat pastore in 'n direkte verhouding met God staan, en dat hulle beter weet wat die beste vir 'n kliënt sal wees. Die moontlikheid is dan soveel groter om eerder jouself te bevraagteken, as die pastoor wat die berading doen.

Op grond van hierdie aanname, kom daar dikwels baie magsmisbruik voor, juis omdat die pastoor selfde bevraagteken word. Hierdie is ook 'n voorbeeld van waar Foucault (1979:187) se idees oor die 'gaze' funksioneer. AJ sê dat hy geweet het, dat dit wat die pastoor sê, waar is, en dat die pastoor beter weet as hy, omdat die pastoor meer in voeling met die realiteit is. Dit dui duidelik op wat White (1991:24) sê van hoe die kliënt hulle eie gedrag beoordeel in terme van wat die berader dink of voorstel: 'They would therefore become ever vigilant of their own behaviour, constantly evaluating their own actions against the norms that are laid down by the "gaze"'.

AJ (cont.): *Ek het eers later, nadat ons geskei is, besef dat daar nog 'issues' in Lanie se lewe was, waarmee sy nie gedeel het nie, in terme van haar vorige huwelik nie.*

Hierdie veronderstelling van AJ dui daarop dat Lanie se kennis, soos in AJ se geval, ook nie gefunksioneer het, wanneer sy alleen na die pastoor vir berading gegaan het nie. Indien daar nog onopgeloste probleme was ten opsigte van haar vorige huwelik, sou dit aangespreek gewees het as Lanie se kennis gefunksioneer het, en nie die pastoor se kennis nie.

Mariza: *Wat was die algehele indruk wat jy van die berading gehad het?*

AJ: *Alhoewel sy op die ou einde tog wou skei en dit nie die vereiste resultate gehad het nie, dink ek dit was baie goeie berading, alhoewel op daardie stadium moet ek sê, was ek baie teleurgesteld. Tog het ek daar weggestap met die wete dat ek alles in my vermoë gedoen het om my huwelik te red.*

4.3 DEKONSTRUKSIE VAN EERSTE GESPREK

Na hierdie gesprek was daar 'n paar vrae wat ek na aanleiding van die berading gehad het. Ek het gedurende my gesprek met AJ die gevoel gekry dat die berading baie eensydig was. As Lanie die een was wat die berading voorgestel het, waarom na tien maande, steeds sê dat sy wil skei? Die vrae wat by my opgekom het was: Hoe het die berading vir Lanie gewerk? Was die dinge wat AJ moes doen om 'n 'case' te bou, Lanie se agenda of die pastoor se agenda? Was dit ooit vir haar belangrik dat hy haar familie moes gaan omverskoning vra? Waarop sou AJ eerder moes fokus om sy negatiewe beeld te verander by haar te verander? Volgens AJ was Lanie in elk geval van plan was om te skei, ten spyte van die berading. Het die pastoor ooit met haar gepraat oor wat sy uit die berading wou hê, behalwe al die dinge wat AJ moes doen om sy beeld te verander? Waarom het die pastoor, AJ nie op hoogte gehou van wat in die beradingsessies bespreek is, as Lanie hom gaan sien het nie? 'n Vereiste van die pastoor aan AJ was dat hy vir Lanie se familie omverskoning moes vra,

anders sou hy nie voortgaan met die berading nie. As dit vir die pastoor moontlik was om ultimatum te stel, waarom was dit nie ook 'n vereiste dat AJ en Lanie hom saam gaan sien vir berading nie. As die doel van die berading, huweliksberading was, waarom het die pastoor hom toegespits op individuele terapie?

4.4 TWEEDE GESPREK MET AJ

Mariza: *As julle vir huweliksberading gegaan het, hoe was die tydsverdeling... Hoeveel tyd het julle saam vir berading gegaan. Hoeveel keer het julle die pastoor apart gesien?*

AJ: *Ons het die pastoor die eerste keer saam gaan sien. Op daardie stadium het ons nie saam gebly nie, dit het gemaak dat Lanie hom op willekeur gaan sien het. Ek het hom ook gereeld alleen gaan sien. Ons het hom omtrent in die eerste drie maande van die 'counseling' vier keer saam gaan sien en in die laaste ses maande nooit saam nie. Verder het ek die pastoor die meeste van die tyd alleen gaan sien, omdat ek die 'accused' was, en omdat Lanie die meeste vereistes aan my gestel het. Ek was dus die een wat sogenaamd die meeste 'counseling' nodig gehad het.*

Mariza: *Sou jy die pastoor eerder saam met Lanie wou gaan sien het?*

AJ: *Ja definitief, **ek het hom aan die begin 'n hele paar keer gevra of ons hom saam kan kom sien, maar dit het net nooit gerealiseer nie.***

Die pastoor se kennis het hier deurentyd die gesprek gerig. 'n Mens moet wonder of hy nie kennis gehad het wat hy doelbewus van sy kliënt weerhou het nie? Deur kennis te hê wat hy nie met sy kliënt bespreek nie, word daar mag misbruik in die sin dat hy nie eerlik met sy kliënt is nie. Die pastoor bevind homself in 'n posisie van mag, waar die kliënt nie van enige bymotiewe bewus is nie. 'All knowledges are associated with and inform practices of power' (White 1997:20). Die wyse waarop die berading gekonstrueer was het die gevolg gehad dat die pastoor na AJ en Lanie afsonderlik geluister het. Sodoende het die pastoor oor kennis beskik van wat elkeen dink, en het dan op grond van hierdie

kennis besluit wat belangrik en wat onbelangrik was om bespreek te word. Hierdie kennis het sy beradingstrategie gerig en hom in 'n belangrike beslissings posisie geplaas, oor wat deurgegee word aan die kliënt, en wat nie. Die effek van hierdie situasie was, dat die pastoor oor baie mag beskik het, waar dit sy kliënte aangegaan het. Hy het toegang gehad tot kennis van Lanie en AJ afsonderlik, en kon hierdie kennis gebruik om die kliënte te manipuleer net soos hy goed gedink het. Die effek van 'privileged information' loop dikwels bewustelik of onbewustelik uit op magverhoudinge. Die pastoor het die mag om slegs dié kennis aan die kliënt bekend te maak, wat hy voel vir hom/haar nodig is om te weet. Hy is in 'n magposisie omdat hy die kennis in die beradingsessies beheer (Foucault 1980:97).

Mariza: *Waarom het dit nooit gerealiseer, dat julle hom saam gaan sien het nie?*

AJ: *Dit het net nooit so uitgewerk nie. Ek weet nie hoekom nie. Ons het maar seker verskillende skedules gehardloop. **Hy het gesê hy sal probeer om dit so te reël. Ek het later seker maar net ophou dink daaraan, en dit so aanvaar dat ons hom nie saam gaan sien nie.** Die paar kere wat ons hom saam gaan sien het, het dit in elk geval geen vrugte afgewerp nie, so ek het dit maar daar gelos.*

Foucault (1980:187) se idees oor die 'gaze' funksioneer hier, omdat AJ nie pertinent daarop aandring dat hy en Lanie saam vir die berading gaan nie. AJ bevraagteken die pastoor net tot op 'n punt, omdat die 'gaze' hom verhoed om die pastoor, wat in die posisie van mag is, verder te bevraagteken. Hy maak eerder verskoning vir die pastoor deur te sê: 'dit het in elk geval geen vrugte afgewerp nie, so ek het dit maar daar gelos.' Hy onderwerp hom aan die pastoor om die besluite te maak en berus daarby wanneer daar nie aan sy versoek gehoor gegee word nie.

Mariza: *Het die pastoor in die eerste sessie wat julle hom saam gaan sien het, vir haar gevra, wat haar vereistes vir die huwelik om te werk, was?*

AJ: *Ek glo nie dit was in die eerste sessie gewees nie, maar ek was by toe hy haar dit gevra het.*

Mariza: *Wat was haar vereistes?*

AJ: *Dit was al daardie negatiewe punte van my wat positief moes geword het.*

Mariza: *Was een van haar vereistes dat jy haar familie moes omverskoning vra?*

AJ: *Nee, dit het van die pastoor se kant af gekom.*

Mariza: *Wat was dan die rede vir hierdie versoek van hom, as dit nie vir haar belangrik was nie?*

AJ: *Ek kan dit nie presies antwoord nie, om die waarheid te sê, ek weet nie, maar ek dink enige iets wat hy aan kon dink wat my in 'n positiewe lig kon stel by haar, het hy voorgestel.*

Mariza: *Terwyl jy al hierdie positiewe dinge gedoen het om haar terug te wen, het jy enige verandering by haar bespeur?*

AJ: *Geen verandering. Inteendeel kan ek amper sê dit het slegter begin gaan.*

Mariza: *Al het jy nou aan haar vereistes begin voldoen?*

AJ: *Ja, ek sou sê die probleem het van my, na haar verskuif. Dit het gevoel asof dit net ek is wat aan die verhouding werk. Dit is waar ek die pastoor miskien negatief ervaar het in die 'counseling', **alhoewel hy baie goed was, sou ek verwag het... en dit is wat bygedra het tot my frustrasie... dat nadat ek gedoen het presies wat hy gesê het ek moet doen, en wat sy wou gehad het ek moes doen, en ek my kant ten volle gebring het, dat hy haar sou begin 'counsel' soos wat hy my 'counsel'. Toe dit egter op daardie punt kom, is al wat vir my gesê was, wel, sy het 'n wil van haar eie en ons kan niks daaromtrent doen nie. Einde van die storie.***

Hierdie tipe magteloosheid, nadat AJ alles in sy vermoë gedoen het om die pastoor se instruksies te volg, lei tot groot frustrasie by die kliënt. Die kliënt is nie altyd daarvan bewus dat mag gefunksioneer nie. Hy besef nooit dat hy bloot 'n rol gespeel het, in die pastoor se storie oor hoe die probleem opgelos behoort te word nie.

Mariza: *Het die pastoor jou op hoogte gehou van wat in die beradingsessies gebeur, wanneer hy Lanie alleen gesien het?*

AJ: Nee, glad nie. Hy het net gesê dat hy haar die vorige week gesien het, en dat sy nog dieselfde voel en dat niks verander het nie. **Omdat die fokus so op my was wat moes verander, het ek nooit regtig die feit dat sy nie saam met my beraad is nie, bevraagteken nie. Ek het dit maar as vanselfsprekend aanvaar dat dit so moes wees, alhoewel dit my gefrustreerd gelaat het.**

Mariza: Jy het vroeër in 'n gesprek met my gesê, dat jy na die egskeiding besef het dat Lanie nog baie 'issues' gehad het oor haar vorige huwelik. Is jy bewus daarvan of sy 'counseling' gekry het oor hierdie 'issues'?

AJ: Nee, sy het nie. Ek weet nie hoekom nie. Miskien was die pastoor nie bewus van hierdie 'issues' nie. Ek het vertrou dat hy weet wat hy doen, en hy weet watse strategie hy volg. Sy was mos nie die probleem nie, ek was.

Mariza: Sou jy van hom verwag het om probleem-punte by haar te identifiseer, en haar ook te beraad?

AJ: Noudat ek terug kyk, weet ek dat daar tog 'n punt moes kom, waar die pastoor besef dat sy nie regtig belang gestel het om die huwelik te red nie. Dit moes al vroeg in die berading gebeur het, want daar was nooit 'n verandering in haar nie. Sy het net kouer en kouer geword. Ek kan nie verstaan waarom ek dan die een was wat al die werk moes doen, as dit in elk geval geen resultate sou hê nie. Waarom dan nie die probleme uitstryk wat sy het nie. Nou dat ek daaraan dink... Dit was tog duidelik, as sy nie positief verander om die huwelik te red nie, wat was dan die probleem met haar? Waarom was dit nooit bespreek nie? As ek daaroor gevra het, waarom sy nie verander nie, het ek gedurig my kop teen 'n muur gestamp, want alles wat ek gedoen het, het nie die verwagte uitwerking of die verlangde resultate in haar gehad nie. So ek doen iets wat hy sê of sy verwag, en niks gebeur nie.

'n Teken dat dit nooit AJ se kennis was, wat tydens die berading gefunksioneer het nie, maar wel die pastoor se kennis. Omdat Lanie egter nooit teenwoordig was in die pastoor se gesprekke met AJ nie, was dit die pastoor se mag wat gefunksioneer het. Die pastoor het nie nodig gehad om aan enige iemand verantwoording te doen vir die feit dat die berading nie vir AJ positiewe resultate

bewerkstellig nie. Hy het gesê dat Lanie 'n wil van haar eie het, en dit het AJ magteloos gelaat om te weet wat Lanie werklik wou hê, want dit was nooit deurlopend bespreek nie. Die pastoor het nooit AJ se vrae beantwoord nie en het nie nodig gehad om die uiteinde van die berading ooit te verantwoord nie (White 1989:26). In AJ se geval, was eindelose frustrasie en magteloosheid, die effek van mag op die beradingsverhouding.

Mariza: *Jy het die pastoor se strategie nooit bevraagteken nie?*

AJ: *Nee, glad nie. Ek het gevoel ek het geen beheer oor haar wil nie, en die raad wat hy my gegee het het absoluut sin gemaak.*

Mariza: *Al het dit nie die verlangde resultate gehad nie?*

AJ: *Ja. Ek het dikwels vir hom gesê ek voel gefrustreerd, moedeloos, mismoedig, niks gebeur nie. Dit is asof ek die een is wat hier gestraf word, ek moet dit doen, ek moet dat doen.*

Mariza: *Wat was sy antwoord hierop?*

AJ: *Hy het gesê ons moet eers my saak uitsorteer, voor ons haar saak hanteer.*

Dit kom baie neer op wat Adams (1980:179) so verduidelik: 'The process of change may not begin until the counselee, before God and man, acknowledges his sin and seeks God's help to right past wrongs and replace sinful patterns by righteous ones.' Hierdie persepsie wat aan kliënte voorgehou word, beperk hulle menswees in so 'n mate dat hulle die pion word van wat die berader as verandering bestempel (Barbieri 1998:373). Dit lê dan ook in die berader se hande om te besluit, wat as sonde beskou word en wat nie. Die kliënt moet bloot aanpas by die berader se planne vir sy lewe.

Mariza: *Dink jy dit sou gehelp het om te weet of die berading vir haar werk as julle hom saam gesien het?*

AJ: *Dit sou definitief 'n positiewe bydrae gehad het, maar dit was nie altyd prakties nie. Dit kon voordelig gewees het...*

Mariza: *Was dit onmoontlik, nie prakties nie?*

AJ: *Ek dink dit was dikwels, gerieflikheidshalwe, nie prakties nie.*

Mariza: *Dink jy die pastoor was altyd eerlik met jou oor die beradingsessies wat hy met haar gehad het?*

AJ: *Wel as ek nou terug kyk, **het hy seker vir homself gesê, as ons nie hierdie huwelik kan red nie, dan stap ons ten minste weg, waar die een verander het, menende ek.***

Mariza: *Maar jy het nie vir individuele berading gegaan nie, die doel was om jou huwelik te red?*

AJ: *Ja, dit was vir my baie frustrerend om geen terugvoer of positiewe resultate te kry nie. Ek dink hy kon miskien beseef het, van die staanspoor af, dat hy nie sukses gaan hê nie. Ek weet nie waarom hy met die berading aangegaan het, as hy geweet het ons gaan skei nie. Miskien het hy gedink Lanie sal verander soos wat ek verander het, en dit is miskien hoekom hy hom so op my toegespits het.*

Mariza: *As jy geweet het dat jy na tien maande van berading nie suksesvol gaan wees nie, sou jy dit weer wou doen?*

AJ: *Nee, ek sou myself die frustrasie, die spanning, die atmosfeer en die drama heeltemal gespaar het. Want ek sou dan sê: 'we just delayed the inevitable'. Ek kon tien maande terug al met my lewe aangegaan het. In plaas daarvan dat ek my hele lewe so 'op hold' gesit het. Nou moet jy weet, dit was my professionele lewe, my emosionele lewe, my persoonlike lewe... Alles was 'op hold' afhangende van die uitkoms van hierdie 'counseling'.*

Mariza: *Hoe het jy gevoel tydens hierdie tien maande van berading?*

AJ: *Emosioneel, fisies, finansieel, basies op elke vlak van my lewe het ek 'n laagtepunt bereik. In plaas dat die berading positiewe resultate oplewer, gaan alles net slegter en slegter. As ek aan die begin geweet het sy is nie van plan om deur 'counseling' haar samewerking te gee nie, en dat sy eintlik reeds besluit het die huwelik is verby, sou ek eerder wou hê dat ons skei en aangaan. Nie maande en maande my tyd mors, met vernedering op vernedering nie.*

Mariza: *Hoe het die berading 'n konklusie gevorm?*

AJ: *Eers hier teen die einde van die tien maande, toe ek aan al die vereistes voldoen het en die pastoor besef het, daar is nou niks meer wat ek moet doen nie, toe word Lanie gekonfronteer en toe wil hy haar begin 'counsel' en uitsorteer. Al wat sy toe vir hom sê, is dat sy wil skei. Hy het toe vir my kom sê dat sy wil skei. Dit was die einde van die storie. Ek het toe al so 'n spesmaas gehad, dat dit is wat sou gebeur, maar ek was tog teleurgesteld.*

Mariza: *Die langtermyn resultate van die berading?*

AJ: *Ek het miskien 'n dip gevat, maar ek het ook baie daaruit geleer, soos wat die rol van 'n man in die huwelik is, en hoe 'n mens verantwoordelikheid moet vat vir jou dade. Dit was vir my 'n baie slegte tyd gewees, maar ek weet ek het 'n beter mens daar uitgestap.*

Mariza: *En die feit dat jou huwelik misluk het?*

AJ: *Wel dis nou al meer as drie jaar terug. Ek het goed herstel, dit agter my gesit, en is nou gelukkig in 'n vaste verhouding.*

4.5 NAGEDAGTE

Dit was opvallend dat AJ nie werklik die berading wat hy ontvang het, aanvanklik bevraagteken het nie. Tog het dit deur die gesprek wat ek met hom gehad het, duidelik geword dat mag in 'n groot mate wel gefunksioneer het. Die feit dat die mag op meer subtiele wyse gefunksioneer het, het die impak van die mag op AJ nie minder gemaak nie. Mag het gefunksioneer in die sin dat dit die pastoor se kennis was, wat oorwegend gefunksioneer het. Hy het wel vir AJ die gevoel gegee dat hy gehoor word, maar in effek, het die kommentaar wat hy daarop gelewer het, AJ se stem weer stil gemaak. Die feit dat die Bybel ook 'n groot rol gespeel het, deurdat daar na bybelse beginsels verwys is, het die magverhoudinge versterk. Om te kyk hoe mag funksioneer deur die Bybel te gebruik, het ek gekyk na die wyse waarop die Bybel geïnterpreteer was. Die persoon in die magsposisie, in hierdie geval die pastoor, se interpretasie van die Bybel was die riglyn wat bepaal het, wat geldig in die berading was, en wat nie. Deur die pastoor se kennis van die Bybel, het mag dus verder gefunksioneer.

Omdat AJ berading ontvang het op 'n wyse wat vir hom aanvaarbaar was, naamlik dat dit op gestruktureerde wyse gefunksioneer het, sou hy nooit sê dat mag wel gefunksioneer het nie. Die wyse waarop AJ die berading ervaar het, bepaal egter nie of mag gefunksioneer het, of nie. Aangesien magsdiskoerse dikwels onsigbaar is vir die persone wat daaraan onderwerp word, kom die negatiewe ervaring van mag dikwels eers na vore wanneer daar na die dieper emosie rondom die berading gekyk word. AJ het die berading aanvanklik gerasionaliseer, maar in my tweede gesprek met AJ het dit meer duidelik geword dat daar baie onbeantwoorde vrae, frustrasie en magteloosheid teenwoordig was tydens die berading.

Mag het ook gefunksioneer ten opsigte van geslagsdiskoerse aangesien die pastoor en AJ (albei mans) bepaal het watse kennis moet funksioneer om vir AJ 'n 'case' op te bou. Lanie, wat nie tydens die berading teenwoordig was nie, het nie 'n stem gehad waarmee sy, as vrou kon sê, wat sy van AJ en hulle huwelik verwag nie. Op hierdie wyse het die mans se patriargale diskoerse, mag uitgeoefen oor die wyse hoe die huwelik gered sou word. Lanie was afwesig en kon nie haar kennis laat funksioneer nie.

Hier wil ek weereens beklemtoon dat hierdie verhandeling nie berading evalueer ten opsigte van 'goeie' berading, teenoor 'slegte' berading nie, maar dat dit hoofsaaklik gaan oor *hoe* mag tydens die berading gefunksioneer het.

Wanneer 'n mens dan ook in meer diepte na die berading kyk wat AJ ontvang het, het mag wel in 'n groot mate gefunksioneer. Hierdie mag was egter, soos reeds genoem, in 'n groot mate vir AJ onsigbaar.

Dit groot rede vir hierdie 'onsigbaarheid' van die funksionerende mag in AJ se berading, kan toegeskryf word aan Foucault se 'normalizing gaze' wat in hoofstuk twee, in detail bespreek word. AJ het aangeneem dat die berading goed verloop, omdat hy vertrou in die pastoor en die pastoor se vaardighede gehad het. As gevolg van sy verwagtinge van die pastoor, wat deur die samelewing en die gemeenskap geskep is, het AJ die berading *selde* bevraagteken. Terselfdertyd kan mens tog sien dat AJ die berading onbewustelik bevraagteken. Hy het egter nooit gedink dat hy nooit antwoorde op sy vrae kry,

as gevolg van mag wat in die berading funksioneer nie. Dit is 'n geval waar die kliënt verblind word deur sy verwagtinge van die berading,, en die aanname dat berading deur 'n pastoor suksesvolle resultate behoort te hê. Alhoewel mag gefunksioneer het, was AJ onbewus daarvan. Hy het gevoel dat dit wat hy ervaar 'normaal' is en so moet so wees... Die pastoor weet mos altyd die beste. Ironies genoeg, is dit die pastoor wat jou slegs 'n paar uur ken, wat lewensbelangrike besluite vir jou neem, sonder dat hy dikwels na die kliënt se volle verhaal luister. Die kliënt aanvaar alles wat aan hom/haar voorgeskryf word, sonder om die pastoor se raad ooit te bevraagteken... Waarom? Omdat hy die pastoor is... Mag funksioneer op hierdie wyse sonder dat dit ooit bespreur word.

HOOFSTUK 5

MARYKE EN VERONICA

5.1 'EK IS NIE MEER 'N KIND NIE'

Veronica en haar man, Vincent, is deur die pastoor van 'n gemeente in Johannesburg ingeroep, nadat hulle negentienjarige dogter, Maryke, as huisselleier bedank het. Hulle het geweet dat Maryke probleme ondervind om met die stywe program wat die Kerk daar gestel het, asook haar studies in kommunikasiekunde, by te bly. Behalwe dat die pastoor van sy leierskap verwag het om albei dienste op 'n Sondag by te woon, was daar ook nog die weeklikse selbyeenkomste, biduur op Donderdae, leierskapvergaderings en besoeke aan die sellede. Verskonings was onaanvaarbaar en Veronica het agtergekom dat Maryke toenemend depressief en ongelukkig raak.

Veronica sê sy het nie besef dat haar dogter so ongelukkig is nie, maar na 'n gesprek wat sy en Vincent een aand met Maryke gehad het, het sy besef dat Maryke hulle ondersteuning, as ouers, nodig het. Hulle het Maryke oortuig dat dit moontlik beter sou wees, indien sy die huissel vir eers bedank, totdat sy met haar studies klaar was.

Maryke het 'n afspraak met die hoofpastoor van die Kerk gemaak om haar voorgenome bedanking met hom te bespreek. Later is Veronica en Vincent ook deur die pastoor ingeroep. Hulle het egter nie geweet wat die afspraak sou behels nie.

Maryke en haar ouers het later uit die Kerk bedank. Ek het die gesin by my ouers se Kerk ontmoet, waar hulle later ingeskakel het. Dit is op hierdie wyse dat ek met Maryke kennis gemaak het.

Maryke en Veronica het ingestem om deel te wees van my navorsing. Ek het my eerste gesprek met Maryke gevoer en daarna, Veronica.

5.2 GESPREK MET MARYKE

Mariza: *Wat het jou laat besluit om die pastoor te gaan sien?*

Maryke: *Ek het probleme gehad met alles waarmee ek besig was op daardie stadium. Ek was besig met my studies in kommunikasiekunde en alhoewel ek by my ma-hulle ingewoon het, was ek ook betrokke by die Kerk. Ons was lank in die gemeente en op daardie stadium was ek reeds vir twee jaar 'n huisselleier. Ek was ongelooflik besig gewees. My studies het al hoe meer van my tyd gevat, en daarby was ek nog by die Kerk ook betrokke.*

Ons moes byvoorbeeld twee keer op 'n Sondag, Kerk toe gaan. Ek onthou ek moes eenmaal toets skryf en het vir my arealeier gevra of hulle my vir die aanddiens sou verskoon, aangesien ek nog werk gehad het om te leer. Sy het nie direk nee gesê nie, maar my so skuldig laat voel en geïnsinueer dat, as ek my prioriteite reg stel, ek by die diens sal wees. Ek het natuurlik te sleg gevoel om by die huis te bly en maar dwarsdeur die nag geleer. Die pastoor was baie streng gewees en hy het geglo dat mens hard moet werk en jou leierskap moet ondersteun.

Ons was ook Woensdag-aande besig met selgroepe, Donderdag-aande was dit biduur, dikwels sosiale geleenthede op Vrydae of kampe vir opleiding. Verder moes die huissellede gereeld besoek word. Ek weet nie waarom dit net ek was wat nie meer kon byhou nie, dit was vir my net te veel.

Ek het met my ma-hulle gepraat en toe het ek besluit om ons hoofpastoor te gaan sien en het met hom 'n afspraak gemaak, omdat ek die feit dat ek nie meer vir die huissel kans gesien het nie, met hom wou bespreek. Ek het hom gaan sien in die hoop dat hy sou verstaan. Miskien kon hy my help om nie sleg te voel oor die feit dat ek nie meer 'n huisselleier wou wees nie. Nie vir altyd nie, maar ten minste totdat ek klaar was met my studies. My ma-hulle het ook vir my gesê hulle dink dat ek besig is om te veel te probeer doen. Ek wou net nie meer so aangaan nie. Die lewe was nie meer vir my lekker gewees nie.

Mariza: *Hoe was julle eerste afspraak?*

Maryke: *Toe ek instap was hy gaaf en vriendelik. Ons ken mekaar nie so goed nie, maar meer net van groet, aangesien ons gewoonlik met ons arealeiers praat oor probleme in die huissel.*

Mariza: *Hoe het jy gevoel om hom te gaan sien?*

Maryke: ***Ek was bietjie bang omdat ek al vir twee jaar 'n huissel leier was en omdat ek geweet het, wat sy siening is en dat hy baie hoë standarde handhaaf met sy leierskap.*** *Hy het vir my vriendelik gevra wat fout was en hoekom ek hom wou kom sien en dat hy eintlik verbaas is dat ek hom wou kom sien. Ek het toe maar my moed bymekaar geskraap en vir hom gesê ek sien nie meer kans om die huissel te behartig nie, omdat ek te besig is en nie meer my studies kan behartig saam met die huissel nie. Dit het vir my gevoel asof sy hele 'attitude' net verander het, toe ek dit vir hom sê.*

Mariza: *Wat bedoel jy daarmee?*

Maryke: ***Dis asof hy skielik verdedig het.***

Toe dit vir die pastoor wil voorkom asof Maryke haar toekoms selfs wil bepaal, het die pastoor onmiddellik negatief gereageer. Maryke sê: 'sy hele 'attitude' het net verander.' Dit kom moontlik neer op wat McBride (1996:182) sê oor mense in magsposisies: 'Any claiming of power by oppressed and marginalized people is perceived as a threat to those with power and is often suppressed in one way or another.'

Maryke (cont.): *Hy het vir my reguit gesê dat daar baie druk is in die gemeente, hy verstaan dit, maar dat hy nie dink dat dit 'n goeie rede is dat ek nie meer 'n huissel leier wil wees nie. Hy het gesê hy dink dit sal miskien beter wees as ek leer om die druk te hanteer, want as ek nie nou leer om die druk te hanteer nie, gaan ek eendag vasbrand, want druk is deel van die lewe.*

Dit is duidelik dat die pastoor se kennis gesentraliseer word as die 'beter' kennis, terwyl Maryke se kennis gedesentraliseer word. Dit toon duidelik hoe mag en kennis saam funksioneer (Foucault 1982:214).

Adams (1980:278) sê: 'Because scriptural counseling is directive, and counsel consists in large measure of having information, direction and advice, by the very nature of the case, teaching must be involved in it.' Dit is opvallend dat daar

aangeneem word dat die kennis van die pastoor deur 'n leerproses aan die kliënt oorgedra moet word. Hierdie aanname is deel van die diskoers van wat die rol van die pastoor beskryf tydens berading.

Mense verwag dikwels dat die pastoor vir hulle moet sê, hoe om hulle lewens te leef. Daar word van die standpunt uitgegaan, dat die pastoor in 'n beter posisie is, om 'direk van God te hoor'. Hierdie diskoers versterk die magsverhoudinge tydens die beradingsproses, aangesien mense glo dat die pastoor oor superieur kennis beskik en dat hierdie kennis toegepas word, om mense se probleme op te los.

Goodrich (1991:53) sê: 'Power can be observed in various forms, including coercive, expert, legitimate, and referent...Expert power is what accrues from a certain level of expertise, degree, or title.' Daar word algemeen aanvaar dat die pastoor se kennis, enige probleem kan oplos, omdat hy 'n sekere vlak van kennis en 'expertise' het. Kennis wat 'gewone' mense nie beskore is nie. Kennis is egter mag en dit kom op die volgende neer: 'power and knowledge are inseparable – all knowledges are associated with and inform practices of power' (White 1997:20). Dit is hierdie diskoerse in die gemeenskap, wat die pastoor se magsposisie in stand hou en selfs versterk (Foucault 1980:98).

Wanneer mense van hierdie 'kennis' van die pastoor verskil, word dit maklik beskou as rebellie en hardkoppigheid, om die 'goeie raad', wat deur die pastoor voorgehou word, te aanvaar. Ek dink egter dat die kliënt die ekspert van sy/haar lewe is, en daarom behoort dit die kliënt se kennis te wees wat tydens berading funksioneer. Maryke het 'n beter 'kennis' oor haar eie lewe, wat haar vermoëns behels. Daarom behoort sy haar eie besluite te neem oor hoe sy haar lewe wil leef. Hierdie besluite hoef nie die pastoor se goedkeuring weg te dra nie (White 1991).

Maryke (cont.): *Op daardie stadium het ek al reeds baie sleg gevoel dat ek bedank het, want ek het al klaar gevoel dat ek die mense in die sel teleurstel en in die steek laat. Sommige van hulle het baie aandag nodig gehad. Ek voel nou nog sleg daarvoor, maar ek dink net hy het nie nodig gehad om my nog slegter te laat voel oor ek bedank het nie. Dit was nie asof ek hom in 'n krisis*

'gedrop' het nie, daar was iemand wat die huissel by my kon oorneem. Maar dit het vir my gevoel asof ek 'n mislukking is.

Dit lyk nie asof die pastoor weet watter effek sy houding op Maryke het nie. White (1997:143) sê: 'As therapists we exempt ourselves from considerations of personal ethics – from an acknowledgement of and a responsibility for the real effects of this work on the lives and relationships of persons who consult us.' Die pastoor as berader, het 'n verantwoordelikheid teenoor sy kliënte, om nie sy kennis op so 'n wyse te laat funksioneer, dat dit die kliënt 'soos 'n mislukking' laat voel nie. Deur nie verantwoordelikheid vir die berading te neem nie en mag te misbruik, gaan die etiese aspek van berading heeltemal verlore (Barbieri 1998:373).

Mariza: Wat het jou soos 'n mislukking laat voel?

Maryke: *Sy manier van praat, die manier waarop hy na my gekyk het...*

Adams (1981:64) sê: 'The very choice of vocabulary coupled with the attitude of the counselor and the expression on his face can be of major significance'. Hierdie eienskappe wat Adams beskryf is juis die elemente wat die magsverhouding versterk. Deur die woorde wat die pastoor gebruik, word sekere stellings en aannames gemaak. Dit is egter nie net die woordkeuse van die pastoor wat mag konstitueer nie, maar ook sy houding en gesigsuitdrukking wat daarmee saamgaan. Die pastoor se liggaamstaal stuur dus 'n boodskap van mag en beheer, selfs kritiek uit, as hy moontlik ontevrede is met die verloop van die berading. Mag kan gevolglik subtiel funksioneer, sonder dat die pastoor Maryke openlik kritiseer. Sy sê dat die manier wat hy vir haar gekyk het en die wyse waarop hy met haar gepraat het, haar soos 'n mislukking laat voel het. Hier is dus 'n voorbeeld waar dit nie noodwendig die pastoor se kennis was, wat mag laat funksioneer het nie, maar wel sy stemtoon en liggaamstaal.

Maryke (cont.): *Ek het gevoel asof ek net goed genoeg kan wees, as ek 'n huissel leier is. Hy het alles in sy vermoë gedoen om my te oortuig dat ek 'n baie groot fout maak, soos om te vra: 'Waar dink ek, gaan ek oor twee jaar wees'.*

Adams (1980:278) sê:

A pastor must not think, therefore, that when he counsels he does not need to teach or that when he teaches he does not need to confront. Christian teaching – because it concerns God’s holiness and man’s sin – always confronts listeners nouthetically; because it is based on the Scriptures – always requires both explanatory and applicatory teaching.

Ek kan nie saam met Adams se stelling stem nie. Hierdie is ‘n tipiese voorbeeld van hoe mag tydens berading funksioneer. Pastore dink dikwels dit is hulle God-opgelegte taak om mense te ‘leer’, *hoe* hulle hul lewens behoort te leef. Op hierdie wyse word die kliënt se eie wil en keuses dikwels ondermyn. Mag funksioneer op so ‘n wyse, dat mens selfs van manipulasie kan praat. As berader is dit belangriker om vrae te vra, as om te interpreteer en te onderrig (Zimmerman & Dickerson 1996:61).

Die aanname oor die algemeen, is dat die pastoor bevoorregte toegang tot die waarheid het, terwyl ‘gewone mense’ nie oor hierdie ‘goddelike kennis’ beskik om goeie besluite ten opsigte van hulle lewens te maak nie. Baie kliënte glo hierdie aannames, omdat die diskoerse oor die pastoor se rol as berader, die wanopvatting beklemtoon. Op hierdie wyse word die pastoor se kennis beoordeel en funksioneer mag dikwels met die mense se goedkeuring, omdat die kennis wat funksioneer, volgens hulle, goeie pastorale sorg beskryf. In hierdie tipe beradingsverhouding word die kliënt se lewe, die objek van die terapeut se kennis en praktyke. Hierdie kennis is wat ons die ‘ekspert’ kennis van die terapeut kan noem (McNamee & Gergen 1992:25).

Maryke (cont.): *Op daardie stadium sou ek opleiding gedoen het om ‘n arealeier te word. Hy het gesê ek gooi my leierskap weg, en dat hy seker is **daar is ‘n ander alternatief wat ons moet probeer, voordat ons net die huissel los.***

Die wyse waarop die pastoor gesê het, ‘voordat ons die huissel los’, het my laat wonder waarom die pastoor se woordkeuse eerder op die woord ‘ons’, as op die woord ‘jy’ geval het? Ek dink, deur die woord ‘ons’ in die sin te gebruik, in plaas van ‘jy’, is ‘n wyse waarop Maryke, deur woordkeuse gemanipuleer word. Deur na ‘ons’ te verwys probeer die pastoor Maryke betrek by sy kennis, omdat hy wil

wil verhoed dat sy uit die huissel bedank. Die pastoor sê die sin, asof hy veronderstel dat Maryke saam met hom stem en dat hulle albei, sy kennis as die 'waarheid' aanvaar. Hierdie is 'n voorbeeld hoe mag deur middel van woordspeling in die beradingsgesprek insluip (Adams 1981:64).

Mariza: *Wat was jou verwagtinge van die berading?*

Maryke: ***Ek wou gehad het dat hy, wat veronderstel is om die leier te wees, my sal verstaan en ondersteun. Hy het miskien gedink ek kan dit goed hanteer, omdat ek ook altyd daardie indruk geskep het, maar dit was maar net 'n front. Ek het probeer om alles te hanteer, maar die oomblik toe ek voel ek kan dit regtig nie meer hanteer nie, het ek na hom toe gegaan, en toe is ek nie meer goed genoeg nie. So ek sou sê ek was teleurgesteld.***

Mariza: *Wat sou jy sê, was sy goeie eienskappe as berader?*

Maryke: ***Aanvanklik het hy baie simpatiek voorgekom en gelyk of hy wou luister na wat ek vir hom wou sê. Dit is baie moeilik om dit te beskryf, want alhoewel hy gelyk het asof hy omgee, het ek die gevoel gekry dat hy nie regtig omgee nie, want as hy regtig omgegee het, sou hy geluister het wat ek vir hom wou sê, en soos wat dit vir my lyk, nie net gedink het ek is nog 'n jongmens wat die 'easy-way-out' soek nie. Dit is die indruk wat hy my gegee het en dit na alles wat ek vir die Kerk gedoen het.***

Mariza: *Hoe het jy die berading oor die algemeen ervaar?*

Maryke: ***Baie gespanne en stresvol.***

Maryke het 'n verandering in die pastoor se houding ervaar, wat my idee versterk het, dat die pastoor sy eie kennis op die voorgrond wou plaas. Hy het nie gehou van die rigting waarin sy gesprek met Maryke verloop het nie. Die idee dat Maryke kennis op die tafel geplaas het, wat die pastoor se kennis teëgestaan het, het die pastoor op so 'n wyse laat optree, dat Maryke hom antagonisties ervaar het. Die veranderde houding wat die pastoor ingeneem het nadat Maryke gesê het sy wil bedank, was 'n duidelike teken van sy verwerping van haar kennis, ten gunste van sy eie kennis. Die feit dat Maryke se kennis gefunksioneer het, het moontlik die effek op die pastoor gehad, dat hy gevoel het, dat hy nie meer in beheer van die beradingsituasie was nie, en dit

verduidelik gevolglik sy veranderde houding teenoor Maryke (Carpenter 1992:63).

Maryke (cont.): *Ek kan dit nie eens eintlik berading noem nie. Aan die een kant, goed, ek het wel vir hom gaan sê dat ek bedank, maar ek het van hom verwag om ten minste 'n bietjie te verstaan. Hy het die gesprek ook na my ma-hulle gedraai, wou weet hoe dit by die huis gaan. Ek het vir hom gesê ons het maar ons 'ups' en 'downs', maar anders gaan dit goed. Ek voel net dit was heeltemal ongevraagd om my ma-hulle in te roep na die tyd, so asof ek 'n probleemgeval is wat hulle moet bespreek. Ek was amper twintig gewees op daardie stadium, en ek kan nie sien hoekom daar so 'n groot 'issue' gemaak was op die ou einde nie. Dit was op die ou end asof dit nou my ma-hulle se skuld was dat ek nie met alles kan 'cope', soos die ander selleiers nie.*

Die pastoor het nie vir Maryke toestemming gevra of hy haar ouers by die berading kan betrek nie. Hy het besluite gemaak wat Maryke raak, sonder om haar opinie te vra, of haar toestemming te kry. Hierdie aksie dui op die pastoor se persepsie dat sy kennis sentraal moet wees en die rigting van die berading moet bepaal. Hierdie tipe berading waar die berader se kennis funksioneer en die die kliënt se kennis onderdruk word, kan nie as etiese berading beskryf word nie (White 1991:27). Die pastoor se kennis bepaal uitsluitlik die besluite wat hy tydens en aangaande die berading maak. Foucault (1980:98) sê dat kennis, mag is. 'n Mens kan sien hoe hierdie mag Maryke beheer. Die effek van hierdie tipe berading is dat Maryke die ervaring het, dat sy geen seggenskap oor haar lewe het nie. Sy voel ook dat sy nie volgens haar ouderdom gerespekteer word nie. In die volgende aanhaling sien mens duidelik Maryke se gevoel van onderdrukking en mislukking.

Mariza: *Hoe bedoel jy?*

Maryke: *Ek was die enigste selleier wat op daardie stadium 'geswot' het, die ander het almal gewerk. Hy moes seker gedink het, wat is dit nou om te 'swot'... Dit is baie meer veeleisend om 'n voltydse werk te hê. Dit het my nog meer sleg laat voel, want as dit die aanname is, dan was ek 'n mislukking.*

Mariza: *Persentasie-gewys, hoeveel dink jy het hy van jou probleem verstaan?*

Maryke: *Soos wat ek nou voel, as ek terugdink, het hy niks verstaan wat ek gesê het nie. Dit was vir hom net meer belangrik om sy Kerk te sien groei as om te kyk na die mense wat sy kerkbanke vol sit.*

Mariza: *Wat het toe gebeur?*

Maryke: *Op die ou einde het hy my huistoe gestuur en vir my gesê ek moet nou maar weer daarvoor gaan dink. Hy aanvaar nie nou al my bedanking nie, ons moet aan 'n plan kom, en dat hy dan minder van my sal verwag as huisselleier, en dat my assistent 'n groot deel van my taak kan oorneem en ek nie al die aktiwiteite hoef by te woon nie. Dit het egter op daardie stadium al vir my so ver gegaan dat ek dit nie meer geniet het om huisselleier te wees nie. **Ek sou dit egter nie durf waag om dit vir hom te sê nie, want hoe kan mens dan nou nie 'God se werk' wil doen nie. Dit sou beteken dat ek dan 'terug geval' het.***

Deur hierdie stelling impliseer Maryke dat die pastoor moontlik in vorige preke of gesprekke, na haar posisie as huisselleier verwys het, as 'God se werk'. Hierdie siening skep by Maryke 'n probleem... Dit was nie 'God se werk' wat sy nie meer wou doen nie, maar die 'werk' wat die pastoor vir haar geskep het. Die pastoor se houding kon Maryke moontlik die gevoel gegee het, dat sy God 'in die steek laat' deur te bedank. Beteken dit vir haar moontlik dat sy dan nie meer God se kind is nie? Alhoewel hierdie 'n eenvoudige voorbeeld is van hoe mag in die beradingsgesprek funksioneer, het dit egter veel groter implikasies op Maryke se geloofslawe. Dit kan die wyse waarop Maryke aan God dink, vir ewig beïnvloed... 'n God wat net belang stel in die werk wat sy vir hom moet doen, en nie omgee hoe sy voel nie? Goodrich (1991:55) haal Goldenberg (1978) aan en beklemtoon die nodigheid om mag in alle fasette te herken:

Of particular relevance is the tendency of power to become theology, the tendency of power to drive intelligence underground, the tendency of power to create its own language and system of communication, the tendency of power to spawn imitators, and the tendency of power to create a favorable environment for itself.

Deur hierdie aanhaling wou ek net illustreer hoe die effek van mag baie wyer kan uitkring en baie meer areas kan beïnvloed as wat soms op die oppervlak gesien

kan word. Ons sien in hierdie voorbeeld hoe mag Maryke se lewe potensieel kan beïnvloed. Om die effek van mag egter tot een mens te beperk, word die gevaar van die effek van mag in die hele samelewing onderskat.

Maryke: ***Ek moes miskien vroër gaan praat het, maar ek het nie geweet dit gaan so 'n bohaai afskop nie en ek was bang.***

Hier sien ons weer dat baie vrouens eerder sal swyg oor hulle probleme, as om moontlik veroordeel te word. Baie vrouens het 'n probleem met die rol wat hulle as vrou in die huwelik, familie of werksplek moet speel. Dit skep egter 'n dilemma wanneer die rol van die vrou as 'heilig' voorgehou word, en volgens voorskrif van die Bybel nagevolg moet word. Die patriargale stelsel interpreteer die Bybel volgens *hulle* spesifikasies, en die vrou moet daaraan voldoen. Baie vrouens aanvaar hulle lot, omdat hulle voel dat hulle nie mag kla nie (Bons-Storm 1996:11). Maryke het haar rol as selleier ernstig opgeneem en die feit dat haar motiewe om te bedank, bevraagteken was, het op haar selfsugtigheid gesinspeel. Sy het selfs gevoel dat haar verhouding met God bevraagteken word. Hierdie vorm van mag kraak 'n persoon se selfbeeld af, veral omdat daar ook uit die Bybel geargumenteer word.

Maryke (cont.): ***Ek dink nie ons het op 'n ooreenkoms gekom nie, want hy wou hê ek moes sy punt insien, en ek wou hê hy moet my punt insien. Nou hoe kry jy daardie twee punte bymekaar uit. Ek kon net sowel my asem gemors het.***

Die feit dat Maryke haar so sterk uitspreek oor haar ervaring van die pastoor se kennis wat bo haar kennis voorkeur geniet het, dui duidelik op Foucault (1982:214) wat tussen mag en dominansie onderskei. Dit is duidelik dat Maryke voel dat sy in elk geval nie gehoor sal word nie, waarom dan haar asem mors? Wanneer 'n kliënt op 'n punt kom waar hy/sy voel sy/haar kennis glad nie meer funksioneer nie, word daar van dominansie gepraat. Die pastoor se kennis maak Maryke se kennis heeltemal waardeloos.

Mariza: *Was daar ooit in julle gesprek 'n punt waar hy iets gesê het, wat vir jou nuut was, of sê maar 'n openbaring?*

Maryke: *Alles wat hy gesê het, het vir my sin gemaak, ek het gevoel hy weet waarvan hy praat. Die feit dat ek onder druk is, ek weet ek moet die druk hanteer, maar vir die een of ander rede het ek net nie gesien hoe ek dit gaan regkry nie. Dit was op daardie stadium nie meer 'n fisiese ding nie, maar 'n geestelike ding.*

Mariza: *Wat bedoel jy?*

Maryke: *As dit fisies was, sou sy raad, om minder betrokke te wees, gehelp het, maar dit was ook my gees wat moeg was, die plesier het nou 'n goor 'job' geword.*

Mariza: *Hoe het die feit dat hy 'n pastoor was, jou beïnvloed?*

Maryke: *Dit het my nie veel gepla nie. Ek was meer bang oor die feit dat ek hom teleurgestel het. Dit was maar net asof ek sy verwagtinge van my gefaal het. Aan die begin was ek bang om met hom te praat, maar eintlik het ek meer moed gekry, miskien omdat ek gesien het hy wil net hê, ek moet soos hy dink.*

Maryke het gevoel dat die pastoor haar probleem ondiplomaties hanteer, dat hy nie omgee hoe sy voel nie. Hierdie ervaring het Maryke laat besluit om weerstand te bied teen die mag wat die pastoor op haar uitgeoefen het. Sy was nie noodwendig daarvan bewus dat sy die mag tēestaan nie, maar die feit dat sy die 'moed gekry' het om haar eie hart te volg, dui op Foucault (1982:220) se idees oor 'resistance of power' (kyk Hoofstuk 2).

Mariza: *Wat het jou die moed gegee?*

Maryke: *Miskien die feit dat ek besef het ek sal vir myself moet veg, want hy sou dit beslis nie doen nie. Vir hom was sy gemeente meer belangrik.*

Mariza: *Het jy tydens die berading iets nuut geleer oor jouself?*

Maryke: *In 'n mate het ek iets geleer. Dit is nie in my aard om wederstrewig te wees nie, veral nie teenoor iemand in 'n leiersposisie nie, maar ek weet nie of ek net so ver verby myself was, dat ek op my punt gestaan het nie. Gewoonlik gee ek toe, maar ek dink ek was hier desperaat. Noudat ek terug kyk, is ek bly ek het my nie laat intimideer om langer 'n huissel leier te wees nie. Jy moet weet, ek het nie op een dag besluit om te bedank nie, dit het*

my al my moed gekos. Gelukkig het my ma-hulle my ondersteun. Miskien was dit hulle ondersteuning wat gemaak het dat ek by my punt gebly het, ek het geweet hulle het ook gedink, ek kan nie meer nie.

Mariza: *Hoe so?*

Maryke: *Ek dink as dit nie vir my ma-hulle was nie, **sou ek makliker geglo het wat hy sê.***

Mariza: *Soos wat?*

Maryke: ***Soos dat ek net moeg is en natuurlik dat ek net moet leer om die druk te hanteer. Ek was die fout en moes verander.***

Mariza: *Het hy geweet dat jy by jou punt bly om nie meer selleier te wees nie?*

Maryke: *Nee, hy was nog onder die indruk dat ek daaroor gaan dink, al het ek klaar my 'mind' opgemaak.*

Mariza: *Hoekom het jy nie vir hom gesê wat jou besluit was, voordat jy geloop het nie?*

Maryke: ***Ek het nie gedink ek wou my verder in die posisie sit, waar hy in elk geval my net verder oortuig ek maak 'n fout nie.** Ek het klaar gesê wat ek wou sê, hy was die een wat dit nie wou aanvaar nie.*

Mariza: *Wat het gebeur nadat jy weg is?*

Maryke: *Miskien het hy gesien ek stem nie saam met wat hy sê nie. Hy het my ma-hulle laat inkom en ek moes saamgaan. Ek moes seker dankbaar wees dat hy soveel vir my omgee, maar ek dink die melk was toe reeds suur, van my kant af altans. **Wat sy doel daarmee was, sal ek ook nou nie weet nie?***

Mariza: *Het hy jou die indruk gegee dat hy dit doen omdat hy omgee?*

Maryke: *Ja, hy het dit baie duidelik aan my ma-hulle gestel, dat hy hulle laat kom omdat hy vir my omgee en die beste vir my wil hê.*

Mariza: *Hoe het dit jou laat voel?*

Maryke: ***Hy het my definitief nie die gevoel gegee dat hy omgee, toe ek hom gaan sien het nie.** Hy moes seker aan 'n rede dink waarom hy my ouers wou sien.*

Mariza: *Wat het toe gebeur?*

Maryke: *Ek het maar net by gesit terwyl hy met my ma-hulle gepraat het.*

Mariza: *Waaroor het dit gegaan?*

Maryke: *Ag, niks anders as sy gesprek maar met my nie, ek dink hy het maar net 'n oorsaak vir my 'probleem' probeer soek, en sy volgende oplossing was om te kyk wat doen my ouers verkeerd. **Ek weet ook nie eintlik hoekom hy hulle juis wou sien nie. Dit was heeltemal onnodig, ek was nie meer 'n kind nie.***

Mariza: *Hoe dink jy het hy jou anders gesien, beter geken, na die berading?*

Maryke: *Ja, anders, maar definitief nie in 'n goeie lig nie.*

Mariza: *Hoe so?*

Maryke: *Waar ek eers een van sy ster-leiers was, wat nooit probleme gegee het nie, was ek nou skielik 'n 'problem case'. **Ek was altyd gehoorsaam, het dinge op die letter uitgevoer, hy het my die indruk gegee, ek is nou 'n rebel, wat nie na goeie raad wil luister nie.***

Uit wat Maryke sê, kan mens die afleiding maak, dat sy trots was op haar rol as selleier. Sy het gevoel dat sy 'n goeie leier was en sy het haar leierskap ernstig opgeneem. Die wyse waarop die pastoor egter sy kennis laat funksioneer het, het Maryke die indruk gegee dat hy haar nie meer in 'n positiewe lig sien nie. Sy het gevoel dat sy siening oor haar negatief verander het, asof sy 'n rebel was.

Berading behoort nooit by die kliënt die gevoel te wek dat hy/sy tydens die berading ondersoek, geweeg, gekritiseer en geïsoleer word nie (White 1991:138). Hierdie ervaring van die kliënt vergroot net die gevoel van mag wat funksioneer, omdat die pastoor die regter word wat tussen reg en verkeerd oordeel. Die kliënt ervaar mag gewoonlik baie negatief omdat hy/sy, hom/haarself wil verdedig, maar terselder voel hulle, hulle kennis mag nie funksioneer nie. Hulle voel ook dikwels of hulle in elk geval nie gehoor sal word nie vanwee die dominante posisie wat die pastoor inneem.

Mariza: *Hoe het dit jou laat voel?*

Maryke: *Dit was glad nie wat ek wou gehad het toe ek hom aanvanklik gaan sien het nie. Ek wou net hê hy moet my posisie verstaan. Dit was onnodig dat dit in 'n krisis ontaard het.*

Mariza: *Hoeveel het jy meer van die pastoor geweet na die berading?*

Maryke: *Ek het besef, hy gee nie soveel om soos wat hy altyd gesê het nie. Hy het altyd gesê ons moet ons lewens vir mekaar aflê. Ek besef nou, dit het hy bedoel, **solank dit sy 'way' was**, solank die Kerk gegroei het, solank hy as 'n suksesvolle pastoor gesien is, deur sy mede-pastore.*

Wanneer die pastoor se kennis funksioneer en sy 'way' die enigste aanvaarbare opsie word, is dit 'n teken dat mag misbruik word. Ander lede in die Kerk, se stemme word ook stil gemaak, aangesien die pastoor se kennis, alle ander kennis ondermyn. Die kennis van die pastoor word verkondig as 'waarheid', en wanneer hy berading doen, verwag hy dat hierdie 'waarheid' deur die lidmate as aanvaar moet word. Op hierdie wyse behou die pastoor sy magsposisie in die gemeente. Hy sien homself in 'n dominante posisie, as 'n persoon met gesag wat gehoorsaam moet word (Du Toit 1994:948).

Mariza: *Hoe het die Bybel 'n rol gespeel in die berading?*

Maryke: *Hoe bedoel jy?*

Mariza: *Het die pastoor die Bybel, of tekse aangehaal toe julle gepraat het?*

Maryke: *Hy het gepraat van Jesus wat ook moeg geword het, maar nooit opgegee het nie, want wat sou van ons geword het, as Jesus moes toegee aan die druk. Hy het ook gesê baie mense in die Bybel het deurgedruk in tye van moeilikheid en dit is waar hulle karakter gebou het. In tye van druk bou God aan ons karakter en as ons op Hom vertrou, kom ons aan die anderkant, 'n beter mens uit.*

Die pastoor maak die bybelse vergelykings as motivering, sodat Maryke die 'uitdaging' om 'n selleier te bly, aanvaar. Hy maak die insinuasie dat Maryke nie in die tyd wat God aan haar karakter bou, behoort te bedank nie. Haar verhouding met God kom weer in die gedrang, want as sy nie 'n huisselleier bly nie, verhoed sy dat God in haar lewe kan werk, en 'karakter bou'. Deur hierdie aanmerking van die pastoor, gebruik hy weereens God om sy 'kennis' substansie en mag te gee. Hy maak die aanname dat Maryke haar toekoms weggooi en slegter daaraan toe gaan wees, indien sy sou bedank.

Mag funksioneer hier op 'n baie subtiele manier, omdat die pastoor Jesus gebruik as voorbeeld om sy argumente te staaf. Hierdie verwysing na Jesus gee

sy woorde outoriteit. Hierdie tipe verwysings het dieselfde effek as wanneer daar uit die Bybel aangehaal word, om standpunte te bewys. 'n kliënt kan tog nie met die Bybel stry nie. Om na God of Jesus te verwys, het dus dieselfde effek as om na die Bybel te verwys. Pattison (1993:117) sê: 'The direct quotation of scripture may add an authority to the utterances of a pastor which they do not really possess or deserve.'

Mariza: *Hoe het dit wat hy gesê het jou laat voel?*

Maryke: *Die ergste, dink ek, was die feit dat hy die hele tyd ware dinge gesê het. Tog het dit vir my indirek gesê, ek vertrou nie op die Here nie. Dit het my laat sleg voel, so asof ek dan nie hard genoeg probeer nie.*

Adams (1981:60) sê: 'To motivate couselees, it is imperative, especially when they resist good counsel, to be able to assert God's authority. Apart from an objective, revealed authority from God, there is no way to counsel effectively.' Die manier waarop Adams verwys, hoe God se outoriteit uitgevoer behoort te word, sluit aan by my vorige punt van bespreking. Wanneer 'n uitspraak in die naam van God gesê word, laat dit die kliënt geen keuse as om sleg te voel oor die feit dat hy/sy, potensieel nie met die raad saamstem nie. 'n Mens kan tog nooit van God, wat die bron van alle ware kennis is, verskil nie.

Maryke (cont.): *As dit nie was dat ek by die 'end of my rope' gekom het nie, sou ek definitief sy woorde ernstig opgeneem het en nog maar probeer het. Maar ek kon nie.*

Mariza: *Wat het na julle gesprek gebeur?*

Maryke: *Dit was vir my baie erg daarna, ek het deur 'n baie moeilike tyd gegaan, veral die volgende twee maande wat ons nog in die gemeente was.*

Die effek van die berading op Maryke, het haar deur 'n 'baie moeilike tyd' laat gaan. Die effek van berading behoort *positief*, en nie negatief te wees nie. Ek sou sê dat die emosies wat Maryke na die berading ervaar het, 'n direkte nagevolg van die mag was, wat tydens die berading gefunksioneer het.

Mariza: *Hoe so?*

Maryke: *Ek het, soos ek gesê het, gevoel ek is 'n mislukking.*

Wanneer 'n persoon se eie kennis gemarginaliseer word en ander mense se kennis beheer neem, is daar dikwels 'n gevoel van mislukking, soos wat Maryke hier ervaar. Die berader in die posisie van mag, laat die kliënt dikwels voel dat hulle onbekwaam is. White (1997:132) beskryf die kliënt as 'n persoon wat volgens die pastoor: 'gaps in their knowledges, skills and personal qualities' het, en verder: 'that can only be addressed through recourse to the skills, knowledges and qualities of the therapist'. Hierdie 'verhewe' houding van die pastoor, gee Maryke die gevoel van mislukking, omdat sy nie meer aan sy verwagtinge voldoen nie. Die feit dat sy nie die pastoor se raad aanvaar nie, intensifiseer haar gevoel van mislukking. Indien Maryke nie na die pastoor se raad luister nie, voel sy, dat sy deur haar optrede die negatiewe dinge wat hy van haar dink, bevestig.

Maryke (cont.): *Ek het nie meer by die leiers ingepas nie, ons het altyd baie vergaderings gehad wat konfidensieel was, en ook nie eintlik by die gewone sellede nie, want in hulle oë was ek nog 'n selleier. Nie dat dit reg was nie, maar dit is maar hoe ek gevoel het. Behalwe vir die feit dat ek nie meer 'n selleier was nie, was ek, so het dit vir my gevoel, gebrandmerk as iemand wat nie gehad het wat dit vat, om 'n selleier te wees nie.*

(Kyk vorige kommentaar)

Maryke (cont.): *Na twee maande het ek besluit om by 'n ander kerk in te skakel, soos hulle sê 'n 'clean slate'. Ek het net gevoel die omstandighede in die vorige Kerk, het nie my verhouding met God bevorder nie, en dit is tog waarvoor mens kerk toe gaan, en natuurlik die 'fellowship'. Daarvan was daar maar min sprake. Ek is nie spyt ek het 'gewaai' nie. Ek is nou doodgelukkig in my nuwe Kerk, waar ek aan niemand se verwagtinge hoef te voldoen nie, ek kan net myself wees.*

Mariza: *Wat was die blywende waarde van die berading?*

Maryke: *Ek weet net dat as ek ooit 'n probleem het, dat ek nooit na iemand toe sal wil gaan vir berading, wat my net slegter sal laat voel oor myself nie. Dit was vir my 'n baie onaangename, negatiewe ervaring. Om die waarheid*

te sê, ek weet nie of ek ooit weer in 'n leierskap posisie by 'n kerk wil wees nie. Ek was daar en dit was nie vir my lekker nie.

5.3 GESPREK MET VERONICA

Mariza: *Hoe het dit gekom dat julle die pastoor gaan sien het?*

Veronica: *Dit het van die pastoor se kant af gekom. Nadat Maryke hom gaan sien het, het sy sekretaresse gebel om te hoor of ons, ek en my man Vincent, by hom 'n draai sou kom maak. Hy het gevra dat Maryke ook sal saamkom. Ek het maar aangeneem dat dit oor Maryke gaan. Ons het geweet waarom alles gaan en sy het ons vertel wat gebeur het met die afspraak wat sy met die pastoor gehad het. Ek en Vincent is redelik betrokke by die Kerk en ons ken die pastoor ook redelik goed, nou nie op vriendskapsvoet nie, maar soos mens die pastoor maar ken.*

Mariza: *En hoe sou dit wees?*

Veronica: *Wel, mens ken hom seker maar deur die manier waarop hy preek en wanneer mens maar 'n woordjie of twee gesels tydens byeenkomste.*

Mariza: *So julle het nie geweet waarom hy julle wou sien nie?*

Veronica: *Nee, nie spesifiek nie, net aangeneem dis oor Maryke.*

Mariza: *Hoe het hy julle ontvang?*

Veronica: *Hy was regtig baie gaaf en vriendelik...behulpzaam. Dit het geklink of hy Maryke graag wou help. **Ek kon sien sy het bietjie ongemaklik gevoel om by te sit.***

Maryke het geen keuse of sê gehad in die saak nie. Die pastoor het haar nooit gevra wat sy daarvan sou dink, as haar ma-hulle saam met haar sou gaan vir berading nie. As die pastoor haar hieroor uitgevra het, sou hy geweet het dat dit vir Maryke eerder 'n verleentheid sou wees om haar ouers daar te hê. Veronica sê in die volgende aanhaling, dat die Maryke se beradingservaring saammet hulle, as haar ouers, haar 'soos 'n kind laat voel' het.

Maryke is die ekspert van haar eie lewe en behoort dus te bepaal of sy haar ouers saammet haar vir berading wil hê, of nie. Hierdie aspek behoort nie die pastoor se besluit te wees nie (Freedman en Combs 1996:278).

Mariza: *Hoekom dink jy het sy ongemaklik gevoel?*

Veronica: ***Ek dink sy het gevoel ons praat oor haar, sonder om haar in ag te neem. Miskien het dit haar soos 'n kind laat voel.***

Maryke se ma dekonstrueer self Maryke se gevoel, deurdat sy sê die pastoor het haar dogter 'soos 'n kind laat voel'. Hier word 'n hele nuwe diskoers in die magsituasie ingebring, naamlik dat 'kinders gesien, maar nie gehoor moet word nie'. Die effek van hierdie diskoers onderstreep Maryke se hulpelose gevoel, dat haar kennis nie funksioneer nie. Parker (1989:63) sê: 'The knowledge that circulates in discourse is employed in everyday interactions in relations of submission and domination.' Die diskoerse en kennis wat die pastoor se realiteite inkleur, beïnvloed die keuses wat hy maak ten opsigte van Maryke se berading. Omdat hy heel moontlik dink dat sy nog maar 'n kind is, besluit hy om haar ouers te betrek by die berading. Die pastoor sou moontlik eerder met Maryke se ouers wou 'onderhandel' oor die feit dat sy kennis nie deur Maryke aanvaar word nie (Freeman, Epston & Lobovits 1997).

Hierdie diskoerse en kennis bepaal die verhouding tussen berader en kliënt as een van dominansie en onderwerping (Foucault 1982). As die pastoor glo dat kinders 'gesien, maar nie gehoor moet word nie', sou Maryke in elk geval 'n verlore stryd gevoer het, indien sy haar kennis sou wou laat funksioneer.

Mariza: *Waaroor het die gesprek toe gegaan?*

Veronica: *Hy wou weet of ons bewus was van Maryke se spanning en dat sy wou bedank. Ons het gesê, ja, ons weet daarvan, en dat ons haar besluit ondersteun.*

Mariza: *Hoe het hy daarop gereageer?*

Veronica: ***Hy het gesê hy verstaan ons bekommernis, en dat hy ook kinders het, en dat ons graag die beste vir ons kinders wil hê. Hy het ook gesê dat wat ons soms vir ons kinders wil hê, nie altyd in hulle beste belang is nie.***

Soos wat ek vroeër in 'n voorbeeld met Maryke gesê het, gebruik die pastoor weereens die woord 'ons' in die bogenoemde stelling wat Veronica maak, in plaas van 'julle'. Hierdie verwysing maak ek spesifiek ten opsigte van die sin: 'dat *ons* graag die beste vir *ons* kinders wil hê'. Hierdie is weereens 'n wyse van manipulasie deur woordkeuse, sodat die pastoor se kennis bevoordeel word en mag funksioneer. 'Of particular relevance is the tendency of power to create its own language...to create a favorable environment for itself' (Goldenberg 1978, aangehaal deur Goodrich 1991:55). Deur die pastoor se woordkeuse maak hy Veronica en Vincent deel van sy kennis. Hy maak die aanname dat hulle as ouers saammet hom stem, oor die feit dat hulle, soos hy, 'die beste' vir sy kinders wil hê. Hy, as pastoor, dra tog Maryke se beste belange op die hart en weet die beste wat goed is vir Maryke se toekoms... omdat hy ook kinders het, en ook die beste vir sy kinders wil hê.

Die pastoor maak aanspraak daarop, dat hy beter as Maryke se ouers weet, wat Maryke nodig het... Tog sê hy, in 'n volgende aanhaling dat hy nie bewus was dat daar probleme met Maryke is nie. Die diskoers dat 'die pastoor die beste weet', maak selfs die pastoor blind vir die gebrek aan kennis wat hy oor Maryke se lewe en omstandighede het.

Veronica (cont.): *Hy het gesê hy dink as Maryke se skedule aangepas word, dit miskien dan nie nodig sal wees dat so 'n drastiese stap geneem hoef te word nie. Hy het ook gesê die rede waarom dit hom bekommer, is dat dit so onverwags gekom het. Hy was nie bewus van enige probleme nie.*

Dit feit dat die pastoor onbewus was van Maryke se probleme, gee hom nie 'n verskoning om mag te laat funksioneer nie. Ten spyte van die feit dat hy noem dat hy 'nie bewus' was van enige probleme nie, gee hy Maryke nie kans om haar kennis te laat funksioneer nie. Aangesien Maryke se kennis nie funksioneer nie, vind die pastoor nooit regtig uit, waarom sy nie met die werklading, die pas kon volhou nie. Die pastoor wil egter nie ruimte maak vir Maryke se kennis nie, omdat sy kennis dan nie kan funksioneer en sentraal staan in die beradingsgesprek nie. Deurdat die pastoor sorg dat sy kennis sentraal bly staan, is daar nie vir hom 'n potensiële bedreiging, in die vorm van Maryke se kennis nie. Op hierdie wyse

behou hy sy posisie van mag, waarvan hy nie afstand wil doen nie, in die minste voor Maryke se ouers (Knudson-Martin 1997:427).

Mariza: *Wat het jy gedink van wat hy gesê het?*

Veronica: *Wat hy gesê het, het sin gemaak, Maryke is nie 'n groot prater nie, in elk geval nie sommer as sy 'n probleem het nie. Sy probeer altyd maar eers haar probleme self uitsorteer. So, ek kan dink dat dit vir hom 'n skok was. Tog weet ek sy sou nooit net bedank het, tensy sy werklik gevoel het, dat sy geen ander uitweg het nie. **Ek het ook gevoel dat Maryke se besluit op daardie stadium persoonlik was en dit nie nodig was om ons in te roep nie. Ek dink dit het haar verneder. Sy was 'n volwassene wat haar eie besluite kan neem. Ek kon egter verstaan as hy sê dat dit 'n onverwagse besluit was wat hom onverhoeds betrap het.***

Mariza: *Hoe het julle gereageer op wat hy gesê het?*

Veronica: *Ons het maar net vir hom gesê, wat ek glo, Maryke toe reeds vir hom gesê het, en dat ons haar besluit respekteer.*

Mariza: *Hoe het hy daarop gereageer?*

Veronica: *Ek moet sê ek kan nie onthou hoe ons op die onderwerp gekom het nie, maar skielik was ons besig om oor my en Vincent se huwelik te praat. Ek weet nie of hy die rede vir Maryke by ons probeer soek het nie, **maar hy het ons skielik vertel wat die rol van die man en die vrou in die huwelik was. Ons het meer oor my en Vincent gepraat op die ou end, as oor Maryke.***

Die persone wat in die posisie staan om te besluit wat as diskoers geld en wat nie, in hierdie geval die pastoor, oefen mag uit in verhoudinge. Hulle word deur mag bevoordeel in die sin dat hulle besluit wat gesê gaan word en waaroor gepraat gaan word. 'n Mens kan dit hier sien in die wyse waarop die gesprek verloop... Die pastoor besluit waaroor gepraat gaan word, ten spyte van die relevansie van die gesprek vir Maryke se ouers. Hulle het geen keuse as om deel te neem aan die gesprek nie, omdat die pastoor se mag funksioneer. Die persoon wie se kennis funksioneer, is in die posisie van mag om die gesprek te rig volgens sy/haar kennis.

Mariza: *Wat het jy daarvan gedink dat hy oor julle huwelik gepraat het?*

Veronica: *Ons het juis daarvoor gepraat terwyl ons huis toe gery het. Dit is hoekom ek dit onthou. Wat hy ook al daarmee probeer bereik het, sal net hy weet. **Ons al langer as drie jaar in sy gemeente en as hy nie geweet het ons is gelukkig getroud nie, wel dan weet ek nie? Dit was seker maar sy werk om te vra, maar dit het vir my so gevoel asof hy aanames maak.***

Dit was nie vir Veronica 'n probleem dat die pastoor oor hulle huwelik uitvra nie, maar die manier waarop hy 'aannames' gemaak het, was vir Veronica 'n probleem. Mag funksioneer dikwels waar die kliënt op 'n wyse behandel word, waar dit vir hom/haar voel asof hy/sy in die beskuldigde bank sit (White 1997:21).

Mariza: *Dink jy hy het aanames gemaak?*

Veronica: *In 'n mate, ja, hoe is dit dan moontlik dat ons huwelik ter sprake gekom het, terwyl Maryke nogal by sit. Dit het mos niks met haar storie te doen nie.*

'n Berader kom dikwels onder 'n valse indruk, of voel dat 'n sekere saak ondersoek nodig het. Dit is egter belangrik om by die kliënt se agenda te bly, soos om te vra of die beradingsgesprek relevant vir die kliënt is. MacArthur & Mack (1994:262) sê:

I have seen some counselors prepare beforehand what they are going to say to a counselee, and then proceed to share that instruction without confirming that it is relevant to the person's needs. This is a waste of time, because even though the counsel may have been biblical and accurate, it did not contribute to the process of change in that particular case.

Daar mag dalk relevansie gewees het in die gesprek met Veronica en Vincent oor hulle huwelik, indien hulle vir huweliksberading gekom het, maar dit was nie op Maryke se probleem van toepassing nie. Omdat die pastoor se kennis gefunksioneer het, het hy bepaal waaroor gepraat sou word en wie mag praat. Omdat hy dus in 'n posisie van mag is, besluit hy wat relevant vir die berading is en wat nie, wie se kennis mag funksioneer en wie se kennis nie mag funksioneer nie. Die bogenoemde aanhaling beklemtoon egter die feit dat hierdie tipe berading nie goeie resultate meebring nie, aangesien daar 'n gevoel van onderdrukking is. Nie Veronica, of Vincent, het die vrymoedigheid om te vra wat

die gesprek oor hulle huwelik met Maryke te doen het nie. Wanneer die pastoor sy kennis eksklusief laat funksioneer, word daar 'n konteks gevorm waar die kliënt se ervaring van sy/haar lewe, deur 'professionele ekspert kennis' geobjektiveer word (Mc Namee & Gergen 1992:38).

Mariza: *Wat was die pastoor se goeie eienskappe as berader?*

Veronica: *Dit het gelyk of hy darem regtig graag wou help, **sy inligting was seker net bietjie misplaas.** Dit was eintlik ek en Maryke wat bietjie vies was vir hom. **My man het hom nog verdedig en gesê hy probeer sy bes.***

'n Mens moet die vraag hier vra, of Maryke se pa die pastoor bloot toevallig verdedig het en of dit die geslagsdiskoers is wat hier aan die woord is. Ek spekuleer deur te sê dat Maryke se pa voel, dat hy by die pastoor moet staan. Geslagsdiskoers sê dat een man, nie 'n ander man in die steek kan laat nie, allermens voor die vroue?

Mariza: *Hoekom dink jy het hy dit gesê?*

Veronica: *Ek dink hy het dit seker maar uit 'n man se perspektief gesien, bietjie minder emosioneel en meer logies.*

Hier is die meer tradisionele geslagsdiskoers aan die woord, in die sin dat daar veronderstel word dat vroue meer emosioneel as mans is, en dat mans meer rasioneel as vroue optree.

The moral development of men and women differ, for males tend to mediate 'impersonally through systems of logic and law', while females tend to mediate 'personally through communication in relationship'

(Gilligan 1982:29)

By hierdie aanname word rasionaliteit bevoordeel bo emosionaliteit. Selfs vroue word gekoöpteer om die diskoers te glo, in stand te hou, en te reproduseer.

Veronica (cont.): ***Vir my het dit egter gelyk of die pastoor die hele spulletjie bietjie persoonlik opneem.***

Mariza: *Hoe so?*

Veronica: *Hy het net gelyk of hy die storie uit verband ruk, ek het nie gedink dit sal so 'n ernstige saak afgee nie. Maryke wou maar net die huissel bedank.*

Mariza: *Het Maryke bygedra tot die gesprek?*

Veronica: *Nee, sy het omtrent niks gesê nie, ek weet nie hoekom hy wou hê sy moes daar wees nie? Sy was na die hele storie baie ontsteld dat hy nie net wou aanvaar dat sy wil bedank nie. Ons het hom nie baie lank gesien nie, hy het 'n ander afspraak gehad, en ons was soortvan 'n noodgeval.*

Die feit dat die pastoor van Maryke verwag het om teenwoordig te wees toe hy haar ouers wou sien, kan ook geïnterpreteer word, as sy manier om mag uit te oefen en Maryke te beheer. Wanneer Maryke aan sy vereistes voldoen, voel hy dat sy nog onder sy mag en beheer is. Solank sy kennis funksioneer, voel hy dat hy kontrole het oor die situasie (Foucault 1980).

Mariza: *Wat was die resultate van die afspraak?*

Veronica: *Ek kan nie sê dat dit enige doel gedien het nie, Maryke het toe tog in elk geval bedank. Dit was tog haar besluit. Hy moes maar net aanvaar dat sy bedank.*

Wanneer die kliënt se kennis nie funksioneer nie, is daar 'n ervaring dat die berading geen doel gedien het nie. Dit is vanweë hierdie faktor dat pastore nie altyd die resultate sien, wat hulle sou wou nie.

Mariza: *Wat het Vincent van alles gedink?*

Veronica: *As jy my man ken sal jy sien hy raak nooit juis betrokke in konfliksituasies nie, hy is ook nie baie uitgesproke nie. Maryke het wel geweet hy ondersteun haar, maar hy het maar net geluister wat die pastoor gesê het. Ek dink sy is in 'n groot mate soos haar pa. Sy hou ook nie van konflik nie. Oor die algemeen sal sy eerder stilbly as om met iemand te verskil. Hy is ook so. Hy het vir Maryke oppad huis toe gesê, sy moet doen wat sy in haar hart voel is reg.*

Mariza: *As jy nou terug dink, wat sou jy graag wou hê die pastoor moet weet, wat jy nie vir hom gesê het nie?*

Veronica: *Ek is nou spyt ek het nie meer vir Maryke opgekom nie. Ek dink hy het oor haar gestoomroller, en ek en Vincent moes sterker standpunt*

ingeneem het, want die skade wat hy aan my dogter gedoen het, maak my baie kwaad. Hy het haar behandel asof sy iets verkeerd gedoen het. Ek moes sterker Maryke se part gevat het, sy het dit nodig gehad.

Die woord 'stoomroller' is 'n sterk woord wat deur Veronica gebruik word om aan te dui hoe hulle die pastoor se berading ervaar het. Wanneer die berader se kennis funksioneer, ervaar die kliënt dikwels dat hulle nie gehóór word nie.

Die pastoor bevind hom egter binne groter diskoerse, soos, wat sy rol as pastoor konstitueer. Hierdie diskoerse rig die wyse waarop hy sy kennis aan die kliënt hoorbaar maak. Dit is egter die verhouding tussen kennis en mag, wat die gevoel by Veronica wek dat die pastoor hulle geensins simpatiek behandel het nie.

Die effek van mag is ook, die feit dat dit Veronica laat stilbly het, terwyl sy eerder vir haar dogter sou wou standpunt inneem (Gergen 1994:272). Die gevolg hiervan is skuldgevoelens en woede omdat sy toegelaat het dat die pastoor se houding (van mag en outoriteit) haar stil gemaak het.

Dit mag ook die geslagsdiskoers wees, wat hier 'n rol speel en verhoed dat 'n vrou, nogal in die teenwoordigheid van haar man, 'n ander man kritiseer. Die magteloosheid om haar frustrasie uit te spreek, maak Veronica verder kwaad oor hoe haar dogter behandel is. Die effek van magsverhoudinge is hier dus duidelik sigbaar, soos Veronica se volgende woorde ook bevestig...

Veronica (cont.): *Ons het haar aangemoedig om te bedank, nadat sy eendag vir my gesê het sy wil nie meer leef nie, het ek besef, ek moet nou ingryp, want sy is die tipe kind wat eerder in die afgrond sal val voor sy haarself help, as dit by ander mense kom. Ek het nie besef sy was so ongelukkig nie, ek het met my man gepraat en een aand die 'selstorie' en 'swottery' met haar bespreek. Sy het definitief te veel hooi op haar vurk gehad. Geen wonder sy kon nie byhou nie.*

Mariza: *Hoe dink jy sou die pastoor gereageer het, as jy hom teëgestaan het?*

Veronica: ***Hy sou seker met my gemaak het soos hy met Maryke gemaak het, net hoor wat hy wil hoor en nog steeds net sê wat hy wil sê.***

Veronica was bewus van die feit dat die pastoor, as berader, veronderstel is om te hoor wat die probleem is, voordat hy uitsprake maak. In 'n mate het sy ook geswyg omdat sy gevoel het, dat hy haar net so gaan behandel, as wat hy

Maryke behandel het, naamlik om oor haar te 'stoomroller' (Bons-Storm 1996:11). As die kliënt die gevoel kry dat hy/sy nie gehoor word nie, en dat die 'raad' dus nie relevant is nie, onttrek die kliënt omdat hy/sy voel die berader verstaan nie hulle situasie nie.

Mariza: *Het die Bybel 'n rol gespeel in die berading?*

Veronica: *Nee nie regtig nie, ons het maar meer gesels, hy het 'n paar versies aangehaal oor die rol van die man en vrou in die huwelik, maar niks besonders nie, nee.*

Mariza: *Wat was die blywende waarde van die berading?*

Veronica: *Ons het na twee maande uit die Kerk bedank. Dit klink miskien drasties, maar ons het dit vir Maryke gedoen. Sy was nie meer gelukkig nie, en ons het gedink ons moet dit as gesin doen.*

Hierdie is die uiterste vorm van weerstand teen mag (Foucault 1982:216). Maryke en haar familie was so ongelukkig met die wyse waarop die pastoor die berading hanteer het, dat hulle besluit het om eerder uit die Kerk te bedank. Hierdie aksie, sou ek sê, is die direkte gevolg van mag wat tydens die berading gefunksioneer het. Die feit dat die familie gevoel het dat die pastoor nie empatie met Maryke gehad het nie... die gevoel dat hy nie geluister het na haar probleem nie... dui op die pastoor se kennis wat alleen gesentreer was, terwyl Maryke se kennis glad nie gefunksioneer het nie. Die gevolg is dat hulle, as gesin, nie bereid was, om te voel dat hulle menswaardigheid ondermyn word nie. Mag het die effek op die kliënt dat hulle van die mag wil ontsnap, en dit is waar weerstand so 'n groot rol speel. Die feit dat Maryke en haar familie bedank het, was bloot 'n manier om hulle weerstand teen die magmisbruik van die pastoor te benadruk. Hoe groter die magsmisbruik, hoe harder probeer mense van hierdie mag ontsnap. In Maryke-hulle se geval het dit beteken dat hulle uit die Kerk bedank (Foucault 1982:221).

Mariza: *Is dit hoekom julle bedank het?*

Veronica: *Ja, ek sou sê dit was die hoofrede.*

Mariza: *Het sy nie weer met die pastoor gaan praat nie?*

Veronica: *Nee, ek dink sy het so 'n slegte ondervinding gehad, dat haar vertroue in hom geskok was, sy wou niks meer weet nie.*

Dit kan wees dat Maryke ervaar het, dat die pastoor nie onderhandelbaar is nie. Dit gebeur dikwels dat 'n pastoor die gevangene van sy eie kennis is, en nie in staat is om verder te kyk as die diskoerse wat sy realiteite inkleur nie. Wanneer iemand dan hierdie diskoerse bevraagteken, voel die pastoor dadelik onseker, omdat sy posisie van mag indirek bevraagteken word en gevolglik voel hy, dat hy sy kennis moet beskerm. Dit veroorsaak 'n rigiditeit wat verhoed dat hy die mens se werklike probleem raaksien. Wanneer die pastoor se kennis dus bevraagteken word, ervaar hy, dat sy posisie as 'goeie pastoor' bevraagteken word, want die diskoers wat sê dat die pastoor 'altyd die beste weet' kom in gedrang. Dit raak dan vir die pastoor meer as net 'berading', maar dit word 'n persoonlike saak, waar hy sy rol as pastoor, ten alle koste moet beskerm.

Mariza: *Waar is julle nou?*

Veronica: *Ons is nou reeds een en 'n half jaar by 'n nuwe gemeente, waar ons baie gelukkig is. Maryke is amper klaar met haar studies en dan sal sy besluit wat sy wil doen. Sy is net meer ontspanne, die kind wat sy vroeër was. Ons is nou baie gelukkig.*

5.4 NAGEDAGTE

Maryke se geval was vir my 'n voorbeeld van waar mag op 'n baie prominente wyse gefunksioneer het. Maryke was bewus daarvan, asook haar ouers. Dit het die gevolg gehad dat hulle uit die Kerk bedank het. Dit is net 'n bewys van hoe vernietigend mag in die hande van 'n pastoor kan wees wanneer hy nie bewus is van hierdie aspek van berading nie. 'n Mens kan net wonder waar hierdie verhaal kon geëindig het as Maryke nie die ondersteuning van haar ouers gehad het nie?

Terwyl ek die onderhoud met Maryke gevoer het, was ek bewus van baie onderliggende pyn, asook woede in haar stem. Sy het gesê dat sy verneder gevoel het... Alhoewel Maryke nou in 'n ander gemeente is, en ooglopend

gelukkig is, kon ek in die onderhoud sien dat die herinneringe van die effek van die berading wat sy ontvang het, steeds 'n groot invloed op haar het. Ek kon sien dat Maryke 'n meisie met groot drome en verwagtinge vir haar toekoms is. 'n Meisie wat die lewe ernstig opneem en haar besluite met oorleg maak. Ek kan glo dat Maryke 'n goeie selleier was, en dit verklaar ook vir my waarom die pastoor so hard probeer het, om te verhoed dat sy bedank het.

Sy het vir my gesê, dat sy voor haar gesprek met die pastoor van plan was om wel eendag weer 'n huissel te hê, of 'n 'arealeier' te word. Sy was egter uitgebrand en het op daardie stadium, toe sy die pastoor gaan sien het, vir niks meer kans gesien nie. Maryke sê, sy het net nodig gehad dat die pastoor sou verstaan hoe sy voel... Sy is egter nou vasbeslote dat sy nooit weer 'n selleier in 'n kerk wil wees nie.

Is Maryke 'n 'leier' van die toekoms, wie se stem vir ewig stil gemaak is? Hoe het hierdie ervaring haar verhouding met God beïnvloed? Hierdie is vrae waarop slegs die toekoms antwoorde sal gee...

Ek glo dat hierdie ervaring vir sommige mense nie so traumaties sou gewees het nie. Maryke sê egter dat dit haar hele lewe verander het, asook die manier waarop sy na die kerk kyk. Sy het gesê: 'Ek sal my nooit weer so laat misbruik nie.'

Ek het gedink dit is 'n jammerte dat so 'n jong vrou, reeds so sinies moet wees oor die kerk, terwyl sy nog op die drumpel van haar toekoms staan. Dit het my weereens laat beseef, dat die effek van mag in berading, dikwels nie net korttermyn skade op 'n persoon het nie, maar definitief die res van sy/haar lewe kan beïnvloed.

Hierdie gesprek met Maryke en Veronica het my laat beseef hoe nodig dit is, dat pastorale beraders bewus moet word van die onderliggende magdiskoerse wat mense se lewens beïnvloed en vernietig, sonder dat die berader dikwels daarvan

bewus is. Ek voel dat die effek van magmisbruik in pastorale berading so groot is en tog so onaangespreek in pastorale kringe, dat dit skrikwekkend is. Hierdie mag is so lank deur prominente diskoerse ondersteun, dat dit nodig is om Maryke se verhaal te vertel, om die effek van magmisbruik in berading op een mens se lewe te kan sien.

HOOFSTUK 6

SUNET

6.1 VASBESLOTE OM HAAR FAMILIE TE RED...

Sunet is 'n 37-jarige vrou, getroud met twee kinders, 'n seun van nege en 'n dogter van twaalf. Te midde van baie verbale misbruik, en aanvanklike fisiese geweld deur haar man, Martin, het sy in 'n verhouding betrokke geraak met 'n man saammet wie sy gewerk het. Hierdie verhouding was egter van korte duur.

Sunet het in haar hart gevoel dat God van haar verwag om met haar man oor die buite egtelike verhouding te praat, en hom om vergifnis te vra. Sy het eerstens 'n afspraak met haar pastoor gemaak, wat haar afgeraai het om die buite egtelike verhouding aan Martin bekend te maak. Die pastoor het gevoel dit was goed genoeg om by God vergifnis te vra, daardeur sou sy nie haar huwelik in gevaar te stel, deur te bieg nie.

Sunet het egter na drie weke besluit om Martin tog te vertel. Hy was soos verwag baie kwaad oor wat gebeur het, en dit het haar genoop om weer vir berading by die pastoor te gaan. In die eerste beradingsessie het sy die pastoor alleen gaan sien. 'n Tweede afspraak saammet Martin en 'n derde afspraak saammet die hele gesin, het gevolg.

6.2 GESPREK MET SUNET

Sunet: *Ek het eers met die een pastoor gaan praat. Hy het net vir my gesê hy dink dit sal die beste wees as ek net stilbly. Ek is die tipe mens wat altyd voor die Here wil skoon wees. Ek wil nie bagasie hê en goed vir ander mense wegsteek nie. Ek voel ek het dan geen vrymoedigheid met die Here nie, en ook nie met my man nie. Toe ek dus na die pastoor toe gaan en vir hom sê wat gebeur het... **Hy was die eerste mens met wie ek daarvoor gepraat het. Hy het vir my gesê, hy dink die beste ding om te doen is om eerder nie met***

Martin daaroor te praat nie, want dit gaan baie meer skade doen. Dit is genoeg om by die Here vergifnis te kry. Die manier waarop hy dit egter gesê het, het my amper laat voel asof ek die reg gehad het om te doen wat ek gedoen het... en dit was verkeerd, ek het geweet dit was verkeerd wat ek gedoen het.

In hierdie gesprek met Sunet, maak die pastoor die aanname dat dit beter sal wees as Sunet nie met haar man oor die buite egtelike verhouding praat nie. Die wyse waarop die pastoor sy kennis laat funksioneer het, veroorsaak dat Sunet haar eie kennis bevraagteken: 'hy het my amper laat voel asof ek die reg gehad het om te doen wat ek gedoen het... en dit was verkeerd'.

Wanneer die pastoor se kennis funksioneer, gebeur dit dikwels dat die kliënt sy/haar kennis ondergeskik stel aan pastoor se kennis, omdat hulle die diskoers aanvaar dat die pastoor oor 'beter' kennis as hulle beskik, wanneer dit by lewenswysheid kom. Elke individu se idees oor die lewe word egter sosiaal en kultureel deur diskoerse gekonstrueer (Burr 1995:4). Aanvanklik het die pastoor se kennis vir Sunet aanloklik gelyk om te aanvaar, maar oneerlikheid, wat 'n prominente diskoers in haar lewe is, veroorsaak dat die pastoor se kennis en realiteite, nie vir haar baie lank geldig klink nie. Alhoewel Sunet dus aanvanklik saam met die pastoor se kennis stem, is dit van korte duur en kom haar 'onderdrukte' kennis weer op die voorgrond (Botha 1998:84,85).

Sunet (cont.): *Ek het toe huis toe gegaan, maar ek kon dit net nie meer uithou nie. Omtrent drie weke later het ek vir my huissel leier vertel wat gebeur het. Ek het vir haar gesê, aanvanklik het ek 'fine' gevoel, want ek het van die pastoor af gekom, wat gesê het ek moenie vir Martin sê nie. Dit was veronderstel om amper alles weer reg te maak, maar die Heilige Gees het die hele tyd vir my gesê dit is verkeerd, ek moet my lewe skoonmaak. Ek dink dis hoe Satan mens in 'n 'trap' hou. Hy hou jou stil. **Die 'trap' wat ek in was, was dat ek moes stilbly.***

Sunet bevraagteken die feit dat sy moet stilbly omdat oneerlikheid vir haar 'n bepalende diskoers is. Sy bevraagteken wat die pastoor gesê het, maar wag drie weke voordat sy die pastoor se kennis 'uitdaag' en met haar man praat. Die

diskoers wat sê dat 'die pastoor die beste weet', verhoed Sunet om dadelik met haar man te praat.

Sunet het nie presies geweet waarom die pastoor sê dat sy eerder nie vir Martin moet sê van die verhouding nie. Sy het verwag dat eerlikheid belangrik behoort te wees. Geen kliënt kan sy/haar berader se wyse van denke noodwendig ontleed of verstaan nie. Wat wel nodig is in die beradingsituasie, is om Sunet toe te laat om van haar eie manier van denke te laat funksioneer (Freedman en Combs 1996:9). Sunet se eie betekenis en emosies, is die kennis wat die beste in haar verwysingsraamwerk sou inpas en wat die beste resultate sou hê op haar spesifieke situasie. Dit mag dalk vir die pastoor *gelyk* het, of dit beter sou wees dat Sunet nie vir Martin van die verhouding sê nie (en vir my maak dit miskien ook meer sin). Dit wys egter weereens, dat die pastoor se kennis wat funksioneer, nie relevant was vir die kliënt se unieke, spesifieke, individuele probleem nie (Knudson-Martin 1997:427).

Sunet: *Toe ek Martin vertel het, was dit was soos 'n bom wat ontplof. Hy was verskriklik kwaad om die minste te sê. Ek het saam met die kinders by my ma gaan slaap. Ek het net besef ek sal met iemand moet praat. Toe het ek met my selleier gaan praat. Sy het voorgestel dat ek en Martin die ander pastoor gaan sien. Sy het gesê hy doen baie 'marriage counseling', en dit is hoe ek by hom uitgekom het. Ek het hom toe gebel en vertel wat gebeur het met die ander pastoor. Hy het toe gesê ek moet hom eers kom sien, dat hy presies kan hoor wat is fout, maar dat ek en Martin hom dan later saam moet kom sien.*

Mariza: *Waarom het jy nie weer na die eerste pastoor toe terug gegaan nie?*

Sunet: *Ek dink nie hy sou my kon help nie, nie as sy oplossing was, dat ek moet stilbly nie. **Hoe kan ek iemand vertrou met my lewe, want dit was my lewe, as hy nie dieselfde glo as ek nie. Hy wou hê ek moet lieg.***

Sunet het haar eie kennis aanvanklik tweede gestel en later besef dat haar eie kennis vir haar belangriker is. Sy het haar eie kennis dus vertrou, teen die advies (kennis) van die pastoor. Op die langeduur het Sunet haar eie kennis laat funksioneer. 'n Mens kan hierna kyk as 'n daad, van weerstand teen mag. Hierdie tipe weerstand wat die kliënt bied is dikwels onbewus, maar gebeur

wanneer die persoon in die posisie van mag, se kennis bevraagteken en verwerp word. Sodoende tree die kliënt se eie kennis op die voorgrond (Foucault 1982:218).

Mariza: *Kan jy sy raad verduidelik?*

Sunet: ***Hy het seker gedink dit sal makliker wees. Party mense sou seker saammet hom gestem het, maar ek is net nie so 'n mens nie. Ek is te eerlik. Elkeen moet seker self besluit hoe om met sy eie probleem te deel. Sy raad was net nie vir my goed nie. Dit het vir 'n rukkie verligting gebied, maar op die langtermyn sou dit my dood maak het.***

Hierdie is 'n voorbeeld, van waar Foucault (1979:187) se idees oor die 'normalizing gaze' funksioneer. Sunet het 'n behoefte om haar egbreuk met haar Martin te bespreek, maar omdat sy aanvaar dat 'die pastoor die beste weet', aanvaar sy sy raad aanvanklik. Die gevolg is dat sy nie eens meer skuldig voel nie. Die 'gaze' het die effek op 'n mens dat jy jou onderwerp aan die bron van die mag, alhoewel jy nie noodwendig met hom/haar saamstem nie.

Sunet (cont.): *Ek sê nie dit was noodwendig maklik om vir Martin te vertel nie, maar ek is die een wat met my gewete moet saamleef.*

Mariza: *Het die tweede pastoor kommentaar gelewer op sy kollega se raad?*

Sunet: *Nee. Op daardie stadium het ek klaar vir Martin vertel en dit was hoofsaak... Hoe om nou die hele probleem te hanteer?*

Mariza: *Jy sê jy het die pastoor die eerste keer alleen gaan sien?*

Sunet: *Ja, ek het toe vir hom vertel van alles wat gebeur het, en dat ek nie weet wat om met Martin te doen nie. Martin was verskriklik kwaad vir my, en ek het hulp nodig gehad. Ek het nie geweet hoe om hom te hanteer nie.*

Mariza: *Martin het toe die tweede keer saam gegaan vir 'counseling'?*

Sunet: *Ja.*

Mariza: *Hoe het dit vir jou gegaan?*

Sunet: ***Ek was net baie stil.** Ek dink ek was baie teruggetrokke. Almal het van my geweet. Ek het op daardie stadium by myself gehou. Ek het gedink as die pastoor in elk geval nou weet waaroor dit gaan, hoekom moet ek verder iets sê.*

Ek het gevoel ek is die outsider, en hulle (die pastoor en Martin) ***bespreek my.***

In die patriargale sisteem gebeur dit dikwels dat mans *vir* vroue wil praat, omdat daar soms die persepsie is, dat vroue nie vir hulleself kan dink of besluite maak nie. Hierdie is deel van 'n diskoers wat al jare in verskeie kulture prominent is (Kline 1993).

Die mans bespreek Sunet as vrou, terwyl haar stem nie werklik deel is van die gesprek nie. In pastorale berading behoort die vrou gelykwaardig behandel te word. Die stilsweye van vrouens in 'n patriargale sisteem, veral in pastorale berading, moet in berekening geneem word (Gergen 1994:272). Daar is baie werk wat deur pastore gedoen moet word op hierdie gebied. Dit vereis dat die dinge wat soms nie so sigbaar is nie, gesien behoort te word, en dat dit wat deur vrouens nie gesê word nie, gehoor behoort te word (Bons-Storm 1996:138).

Mariza: ***Dink jy hulle het jou uitgesluit?***

Sunet: ***Nee, ek dink nie dit was bewustelik nie, ek het net so gevoel.***

In hierdie stelling kan mens Foucault (1980) se idees oor die 'gaze' weereens sien werk. In die patriargale samelewing maak vroue gedurig vir mans verskoning wanneer mag funksioneer. Die geslagsdiskoerse wat in werking is in gemeenskappe, veroorsaak dat vroue in 'n groot mate magteloos voel en eerder sal kompromieer as om hierdie diskoerse te kritiseer.

Geslagsdiskoerse is baie moeilik om aan te spreek, aangesien dit al eeue lank gevestig is. 'n Mens sien dat Sunet eerder verskoning maak vir die mans se misbruik van mag, as wat sy dit kritiseer. Die rede daarvoor is ook grotendeels omdat sy vasgevang is in die 'gaze', wat haar 'blind' maak vir die magsmisbruik.

Sunet (cont.): *Martin het eintlik die meeste praatwerk gedoen, want hy het al hierdie aggressie gehad. Hy het al sy aggressie op my probeer uithaal voor die pastoor. Ek het net gesit en luister.*

Mariza: *Hoe het die pastoor dit hanteer?*

Sunet: *Hy het geluister wat Martin alles sê, en dan so nou en dan my kommentaar daarop gevra.*

Die pastoor het wel Sunet se opinie gevra, maar indien Sunet nie deel van die gesprek gevoel het nie, sou sy steeds 'n buitestaander gewees het. Dit was die pastoor se verantwoordelikheid om 'n gemeensame atmosfeer te skep sodat Sunet haar kennis met vrymoedingheid kon laat funksioneer. Indien *nie*, sou sy gevoel het dat sy nie 'n stem het nie, en dit sou haar verder laat onttrek het.

Mariza: *Hoe het jy gereageer?*

Sunet: ***Ek het eintlik glad nie deelgeneem nie. Ek het net gesê wat ek moet sê, en geantwoord op dit wat my gevra is. Ek dink ek was baie bot. Ek het al hierdie seer binne my gehad en niemand wou eintlik my kant van die storie hoor nie. Ons het net oor die probleem gepraat.***

Hier sien mens hoe Sunet weerstand bied teen die mag wat oor haar uitgeoefen word. Sy het nie werklik saamgewerk om die probleem op te los nie. Sy sê: 'Ek dink ek was baie bot.' Dit is 'n reaksie op die feit dat sy nie gevalideer gevoel het nie. Wanneer 'n persoon se kennis nie funksioneer nie, voel die kliënt dat die pastoor nie werklik in hom/haar belangstel nie... Die pastoor het homself hoofsaaklik op Martin toegespits. Sunet het die gevoel gekry dat die pastoor nie omgee wat sy dink nie, gevolglik het sy nie werklik haar samewerking gegee nie. Hierdie aksie is nie noodwendig 'n bewustelike besluit nie, maar 'n blote respons op die mag wat funksioneer (Foucault 1980:95).

Mariza: *Het jy nie oor jou seer gepraat toe jy die pastoor die eerste keer alleen gaan sien het nie?*

Sunet: *Nee, ons het net oor Martin gepraat en hoe hy die storie verwerk. Dit was oor die feit dat ek 'n 'affair' gehad het en hoe dit ons huwelik beïnvloed het. **Daar was nooit gevra waarom dit gebeur het nie. Ek het net toe ge-'clam'. Ek kon glad nie oopmaak nie. Ek dink as ek op my eie eers oopgemaak het, my oë uitgehuil het en die hele storie kon vertel, waarom dit gebeur het, sou ek soveel beter gevoel het. Dan sou ek alles uit my uitgekry het. Ek het nie die vrymoedigheid gehad om dit met die pastoor te doen, toe ek hom alleen gaan sien het nie. Ek was mos die slegte een wat rondgeloop het.***

Bons-Storm (1996:11) sê:

Many women find it difficult to tell a pastor or counselor about their problems. They are not sure they can find the right words, and frequently they have a vague or even acute sense of embarrassment in referring their problems to a pastor or counselor. Women often ask themselves, 'Isn't this problem somehow my own fault?' or 'Is this problem even worth discussing?' Consequently, women fall silent.

Hierdie 'silence' is, soos ek reeds gesê het, 'n manier om weerstand te bied teen mag wat funksioneer. Deur 'n vrou se stilswye, probeer sy dikwels haar eie posisie bevestig en hierdeur wys dat sy nie deel is van die onderdrukkende praktyke nie (Burstow 1992).

Sunet (cont.): *Ek het maar basies vir die pastoor vertel, dat ek vir Martin vertel het van die verhouding en dat ek en hy nie alleen die probleem kan oplos nie. Ek het vir hom vertel dat Martin baie kwaad is, en dat ek nie weet wat hy gaan doen nie. **Die 'counseling' het nooit oor my gegaan en die seer wat ek het nie. Ek was die beskuldigde. Martin wou niks van my weet of hoor nie.***

Ek kan verstaan dat Martin baie aandag nodig gehad het van die pastoor, aangesien hy tog die 'slagoffer' van Sunet se egbreuk was. Ek kan selfs verstaan waarom die pastoor in die beradingsgesprek soveel aandag en tyd aan hom bestee het. Die probleem wat ek egter het, is dat Sunet nooit die kans gekry het om haar kennis te laat funksioneer nie. Die pastoor kon alternatiewe tyd daarvoor ingeruim het, aangesien Sunet se kennis net so belangrik, as Martin se kennis was. Die patriargale diskoers maak Sunet, as vrou, die beskuldigde wat eintlik gestraf behoort te word. Hierdie diskoers maak Martin die belangrikste persoon wat hulp nodig het. Hy word as die 'slagoffer' in die verhaal geskets. Belangrike inligting, wat die idee van Martin as die enigste slagoffer in die huwelik skets, kom nooit na vore nie, omdat Sunet se kennis nooit die kans kry om te funksioneer nie. Dieperliggende probleme, kennis wat Sunet in baie opsigte ook die 'slagoffer' van haar man se geweld en verbale misbruik gemaak het, was glad nie in die berading aangespreek nie. Die feit dat Sunet die 'slagoffer' was voordat sy egbreuk gepleeg het, was nie in die berading van toepassing nie. Ek glo die wyse waarop die funksionering van mag, Sunet se kennis stil gemaak het, het veroorsaak dat die berading opsigself in 'n grote mate nie die verlangde

resultate gehad het nie. Slegs sekere 'privileged information' was tydens die berading bespreek, inligting waar slegs die mans se kennis gefunksioneer het, inligting wat slegs die mans gepas het...

Mariza: *Wie het jou beskuldig?*

Sunet: *Nie die pastoor nie. Hy was baie 'non-judgemental', maar Martin en die hele gemeenskap het my beskuldig, so het ek gevoel. Ek moes die hele tyd net die vrede bewaar, want Martin wou na niks luister wat ek sê nie. Ek kan hom nie blameer nie, want ek sou seker dieselfde gevoel het. Maar hy het nie eens probeer luister nie. Dit is waarom ek ook nie in die berading gepraat het nie. Hoekom sou ek, hy wou in elk geval nie hoor wat ek sê nie.*

Daar is bepaalde diskoerse in gemeenskappe, wat bepaal wat as moreel en immoreel, gedefinieer kan word. Moraliteit behoort vanuit 'n relasionele perspektief beskou te word en morele standpunte as sosiale manifestasies. Immoraliteit word gesien as verskillende groepe mense se standpunte, sodat daar verskille is, in wat mense as reg en verkeerd sien (Fillingham 1993:8). Hierdie diskoerse bepaal byvoorbeeld in watter lig 'n buite-egtelike verhouding gesien behoort te word. Hierdie diskoerse het ook verder die effek dat 'n oortreder se stem dikwels stil gemaak word (Wessels 1999).

Die 'skuldige' se stem word stil gemaak omdat hy/sy verantwoordelik is om 'reg te maak' waar hy/sy verkeerd gedoen het. Die onus rus dus op Sunet om weer die vrede te bewerkstellig. Hierdie diskoerse laat Sunet se man egter toe om 'oorlog' maak, omdat hy nie die skuldige is nie. Hierdie benadering help nie om die probleme op te los nie. Die effek van hierdie diskoerse, veral as die berader daardeur beïnvloed word, het geen probleemoplossing tot gevolg nie, maar veroorsaak eerder dat een persoon die blaam dra, terwyl die ander een skotvry daarvan afkom. Ek sou dink dat die egbreuk in hierdie geval 'n simptome was van 'n reeds gekwelde huwelik, waar beide partye 'n aandeel gehad het in die verbrokkeling.

Gergen(1991:244) bevraagteken individuele verantwoordelikheid en skuld. Hy vervang dit eerder met sosiale verantwoordelikheid. 'n Oortreding van 'n individu word nie net aan homself toegeskryf nie, maar aan die netwerk van die sosiale

verhoudinge waarvan hy/sy van deel vorm. Op hierdie wyse word Sunet se hele sosiale konteks in berekening gebring en is sy nie alleen verantwoordelik vir die egbreuk nie. Op hierdie manier moet Martin ook verantwoordelikheid aanvaar vir sy aandeel in die rede waarom Sunet 'n buite-egtelike verhouding gehad het.

Mariza: *Wou die pastoor hoor wat jy sê?*

Sunet: *Ja, maar ek dink, hy het gedink hy't nou klaar die storie gehoor, van my kant af was daar nou nie veel meer te sê nie. Hy het hom meer op Martin toegespits.*

Mariza: *Dink jy die pastoor het die volle prentjie gekry deur wat jy gesê het?*

Sunet: *Ja, ek dink hy't 'n goeie prentjie gekry van wat gebeur het, **ek voel net hy moes langer aangegaan het, en nie net na die derde sessie met ons gestop het nie. Ek onthou die laaste sessie, die derde een, was dit so asof hy nou sy finale sê, sê. Hy het amper die indruk geskep dat die berading nou klaar is, en dat hy glo ons het nou die regte stappe gekry om mee aan te gaan.***

Dit is duidelik dat Sunet nog behoefte gehad het aan berading, omdat al haar vrae nog nie beantwoord was nie (McLemore 1985:720-722). Adams (1980:287) sê 'n pastoor behoort ondersoek in te stel of die berading suksesvol was, en of die kliënt die berading as suksesvol ervaar het:

Survey the whole period of counseling, bringing the whole into perspective, giving an evaluation of the entire situation from the vantage point of hindsight. Misinterpretations previously made may be corrected, partial or fuzzy understandings now may be sharpened and fleshed out, disconnected observations may be woven together into the whole. No counselor should miss this opportunity (although many do).

Hierdie wyse waarop 'n pastoor die berading by die kliënte evalueer, behoort as baie belangrik gesien te word. So kan 'n pastoor kyk of die kliënte se agenda aangespreek was. As die pastoor die kliënt se agenda gevolg het, sal daar nie soveel onbeantwoorde vrae wees wanneer die berading by die konklusie kom nie (White 1989:26). Hierdie evaluasie kan dus 'n aanduiding te wees van wie se kennis gedurende die berading gefunksioneer het. Die berader en die kliënt kan

saam die berading konstrueer, dit wil sê albei deel die verantwoordelikheid van die uitkoms van die gesprek (Botha 1998:114,115). Hierdie tipe berading is 'n etiese verantwoordelikheid. '[I]t links up with pastoral therapy as an ethical enterprise' (Botha 1998:11).

Die pastoor het 'n verantwoordelikheid dat hy/sy nie met die berading ophou voordat die kliënt werklik gelukkig is met die toedrag van sake nie. Om die berading net te staak, sonder dat daar eens 'n gesprek was oor hoe die kliënt die berading ervaar het, is om oneties met die kliënt te werk te gaan.

Mariza: *Wat was dinge wat jy graag wou sê, maar nie gesê het nie?*

Sunet: *Ek wou vir hom sê dat ek altyd die pa en die ma moes wees. Dat Martin nooit daar was nie. Dat hy my nooit gewys het hy is lief vir my nie. Ek moes verantwoordelikheid vir alles in die huis neem, en hy het net nooit vir my 'n goeie woord gehad nie.*

Hierdie aanmerking dui op die vorige kommentaar, waar mens nou beter kan sien dat Martin wel 'n aandeel gehad het in die probleem en nie heeltemal so onskuldig is, as wat voorgegee word nie. Sy aandeel in die probleem word egter nie aangespreek nie, want die diskoerse betrokke by buite-egtelike verhoudings, brandmerk net die persoon wat die misstap begaan het. Die diskoers dat immoraliteit 'n individuele oortreding is, word versterk deurdat die pastoor in sy posisie van mag, die diskoers nie aanspreek nie.

Mariza: *Het die pastoor vir julle gesê wat die stappe moet wees om die probleem op te los?*

Sunet: *Ja, hy het byvoorbeeld vir Martin gevra waarvan hou hy... Wat wil hy hê moet ek vir hom sê en hoe moet ek hom opbou as 'n man. So het hy vir my probeer wys, dit is wat ek vir Martin moet doen om sy vertrouwe terug te wen. Hy het 'n hele storie gehad oor wat ons moet doen. Wat ek moet doen en wat Martin moet doen. Ek dink dit is soos 'n formule wat hy met almal doen... 'this is the way you work it out, and that's that'. Die probleem verskil van die mense wat hom kom sien, maar die oplossing wat hy vir almal gee is dieselfde.*

Sunet ervaar dat die pastoor hulle probleem net soos al die ander gemeentede se probleme hanteer en dat hy dieselfde oplossing vir al die mense gee wat hom oor dieselfde probleem kom sien. Sy ervaar dus nie dat hy werklik in hulle belangstel nie. Die rede hiervoor kan moontlik wees as gevolg van die pastoor se kennis wat alleen funksioneer. Hy gee Sunet se kennis geen kans om te funksioneer nie. In hierdie effek is mag besig om te funksioneer. Sy voel nie dat die pastoor haar situasie, konteks en ervaring in ag neem nie. Die veralgemeende weergawe van die probleem is sentraal. Die pastoor gee 'n veralgemeende oplossing vir die probleem. Adams (1980:284) stel dit soos volg: 'It is possible to jump to conclusions about the nature and causes of specific problems. "Your problem is easily explained: just last week there was someone who had a similar situation" – what at first seems similar, at length may be seen to be quite different'. Dit is juis hierdie verskillende kennis oor verskillende probleme wat mense se probleme uniek maak en die gevoel by die kliënt skep dat sy/haar kennis belangrik is.

Pastore dink kliënte kom nie agter as hulle kitsoplossings voorskryf nie, maar kliënte kan dadelik aanvoel as hulle probleem nie individueel aangespreek word en die oplossing nie by hulle eie ervaring van hulle probleem pas nie. Dit is die gevolg van 'n kliënt wat voel dat hy/sy nie gehoor word nie. Die berading volg die pastoor se agenda en die raad klink baie maklik oppervlakkig.

Sunet (cont.): *Ek dink ook die feit dat ek 'n redelike sterk Christen was, het ook gemaak dat die pastoor outomaties aangeneem het dat ek kan 'cope'.*

Dit is ook hoekom hy meer gefokus het op Martin. Ek dink nie hy het besef dat ek net so 'n moeilike tyd het nie.

Uit my gesprek met Sunet kon ek aflei dat sy graag haar storie aan die pastoor wou vertel, maar dat daar nie ruimte daarvoor geskep is nie, aangesien daar baie op Martin gefokus was. As die pastoor egter in dieper gesprek gegaan het met Sunet, sou sy graag met hom wou praat oor die pyn waardeur sy ook gaan. Om 'n aanname te maak sonder om met die kliënt oor daardie aanname te konsulteer, is om mag uit te voer oor die kliënt. Wat as kennis voorgehou word, word deur 'n individu gedefinieer, maar dit wat toegelaat word om te tel, is

gedefinieer deur diskoers. Wat gesê word en wie mag praat, is die gevolg van magsverhoudings (Shotter & Gergen 1989:61). 'n Berader mag nooit aanneem dat hy weet wat 'n kliënt nodig het nie, al is hy/sy hoe ervare in die veld van berading. Om aan te neem jy weet wat 'n kliënt nodig het, is om jou eie kennis te bevoordeel en sodoende mag te laat funksioneer.

Sunet (cont.): *My en Martin se probleme was miskien verskillend. Hy was kwaad en ek het skuldig gevoel, maar dit het nie die een erger as die ander gemaak nie.*

Mariza: *Hoe het die Bybel 'n rol gespeel in die berading?*

Sunet: *Die Bybel was die hele tyd ingebring. Hy het vir ons Skrif gegee vir alles wat ons moes doen.*

Mariza: *Het dit jou gehelp?*

Sunet: *Nee. Dit is maklik om 'n 'skriffie' voor te gooi oor hoe 'n mens dinge moet doen, maar in die praktyk werk dit nie altyd so maklik nie. Wanneer 'n probleem oor soveel jare gaan, is dit maklik vir hom om te praat, doen dit of doen dat. Hy was nie daar nie. Hy weet nie hoe dit voel nie. Dit is nie iets wat outomaties weggaan net omdat jy doen wat die Bybel sê nie.*

Na aanleiding van wat Sunet sê kan mens sien dat, wat in teorie na 'n baie aanvaarbare oplossing vir 'n probleem klink, nie in die praktyk so eenvoudig is nie... Die Bybel maak baie uitsprake oor die wyse waarop daar na sommige probleme gekyk behoort te word. MacArthur & Mack (1994:252) sê: 'The Bible is trustworthy. Our instruction should be based solely on the Bible because it is the only book that deals with the practical problems of life in an absolutely reliable and trustworthy fashion.' Daar moet egter noukeurig gelet word op die behoeftes van die kliënt voordat bybelse oplossings voorgelê word.

Die wyse waarop die Bybel geïnterpreteer word, wek ook soms in 'n mate kommer. Spreek die teks werklik die behoeftes van die kliënt se probleem aan of is die raad 'n 'quick fix' wat alle probleme van dieselfde soort oor dieselfde kam skeer. Om Skrif te gebruik in berading, moet die individuele behoefte van die kliënt eers duidelik verstaan word. Sunet het gesê: 'Hy het vir ons Skrif gegee vir alles wat ons moes doen.' Die pastoor was egter onbewus van Sunet se

emosionele toestand. Die vraag wat ek wil vra is: 'Hoe is dit moontlik om met Skrif probleme op te los, en effektiewe raad te gee, wanneer die pastoor onbewus is van die probleme wat werklik aangespreek behoort te word? Wanneer mag funksioneer, spreek die pastoor probleme aan wat nie vir die kliënt relevant is nie en dit het op die langeduur 'n effek gehad op die resultate van die berading.

Beraders mag dink hulle weet hoe 'n terapeutiese verhouding funksioneer, maar as hulle nie self ervaar hoe dit voel om die kliënt in 'n magsverhouding te wees nie, mag hulle dikwels onbewus wees van houdings en emosies wat die klient binne die spreekkamer kan ervaar (Ballard 1994:295).

Sunet (cont.): *Ek het gesit met 'n klomp skuldgevoelens, en dit is iets wat ons glad nie eens bespreek het nie.*

Barbieri (1998:373) sê: 'our agency consists in our ability to shape our character through metaphors and stories we inherit from our social setting, but only as they are received and interpreted in the descriptions which we embody in our intentional action'. Die pastoor het 'n verantwoordelikheid gehad om Sunet se skuldgevoelens aan te spreek. Die gevolg dat die skuldgevoelens nie aanspreek is nie, veroorsaak dat Sunet die buite-egtelike verhouding internaliseer. Die wyse waarop die pastoor nie diskoerse aanspreek wat Sunet marginaliseer as die 'alleen-oortreder' nie, veroorsaak dat sy die 'boodskappe' van skuld, moeilik verwerp. Hierdie 'boodskappe' het die mag om Sunet se karakter te vorm en te verander deur die sosiale omgewing waarin sy haar bevind. In Sunet se geval word haar karakter gevorm deur die diskoerse wat sê dat die persoon wat hom/haarself in 'n buite-egtelike verhouding bevind, die alleen-skuldige is, en grootliks verantwoordelik is vir die verbrekking van die huwelik. Die ander eggenoot word dikwels in 'n simpatieke lig gestel, waar hy/sy nie noodwendig skuld het aan die oorsaak van die probleem nie.

Wessels (1999:35) sê verder: 'As a social construct, the ethics narrative does not exist in isolation, but defines a discourse of right and wrong in society.' Dit is hierdie diskoerse wat onderskei tussen reg en verkeerd en wat Sunet as skuldig of onskuldig verklaar.

Sunet (cont.): *Hoe kan jy met 'n teksvers 'n probleem reg maak, as 'n groot probleem wat ek gehad het, nie eens bespreek was nie.*

Sunet erken self dat skuldgevoelens 'n groot probleem vir haar is. Die pastoor het die vermoë om hierdie skuldgevoelens aan te spreek omdat hy vanuit 'n posisie van mag berading doen. Hy is egter onbewus van haar skuldgevoelens, omdat haar kennis nooit in die berading gefunksioneer het nie.

Sunet (cont.): *Daar is baie keer wat ek myself tot vandag toe nog blameer, en dan moet ek myself herinner dat die Here my vergewe het. Daar is baie dae wat ek sit en dan kom daar 'n verskriklike skuldgevoel oor my, en ek weet dit is iets wat ek nog nooit met iemand bespreek het nie. Iets wat hy nie ge-'cover' het nie. Hulle het die probleem bespreek maar na die tyd sit jy steeds met 'n klomp bagasie, wat ons glad nie bespreek het nie.*

Hier is dit duidelik dat Sunet voel dat haar probleem nie werklik aangespreek is nie. 'n Mens kan sien hoe haar kennis gemarginaliseer is en sy nooit haar stem werklik kon laat hoor nie. Die wyse waarop die Bybel gebruik was, was soos 'n handleiding waarvan die raad nie noodwendig Sunet en Martin se probleem aangespreek het nie.

Mariza: *Sou jy sê die pastoor het 'n verantwoordelikheid gehad om hierdie gevoelens te ondersoek?*

Sunet: *Ja, ek sou so sê, dit is tog deel van die probleem, en dit is deels waarom ek en Martin nie verby die verlede kan kom nie. Hy moes tog geweet het dit gaan oor veel meer as net 'n buite egtelike verhouding. Dit is nie asof ek dit nie genoem het nie. Hy het net nooit enige iets daarvoor gesê nie. Daar was baie goedjies wat ons nie bespreek het nie, ons het gepraat oor hoe die probleem begin het, maar dinge soos, hoe deel ek met myself na dit wat gebeur het, en wat gaan Martin doen as ons huis toe gaan, en hoe gaan hy die volgende tien, vyftien jaar met my leef as daar al hierdie gedagtes is wat nog by hom opkom. Die pastoor het dit glad nie bespreek nie en die Bybel gee nie antwoorde oor hierdie dinge nie. Dit is goed wat ons maar by onself moes 'uitsort'.*

Mariza: *Waarop sou jy graag antwoorde wou gehad het?*

Sunet: *Ek weet wat die Bybel sê, ek ken die Bybel oor die huwelik, en die rol van die man en die vrou. Ek wou praktiese raad gehad het.*

MacArthur & Mack (1994:251) sê:

The Bible is God's chart for you to steer by, to keep you from the bottom of the sea, and to show you where the harbor is, and how to reach it without running on rocks and bars. Scripture should be the sum and substance of our counseling instruction, because it deals with all the issues of life that are necessary for us to understand.

Ek dink hierdie is 'n stelling wat baie gewild is onder pastore wat berading doen. Ons sien egter uit Sunet se ervaring dat die gebruik van die Bybel slegs as riglyn gebruik behoort te word voordat die prentjie in detail ingekleur word. As daar net op die Bybel staat gemaak word om berading vanuit te doen, loop mens die gevaar dat dit weereens die pastoor se kennis oor die Bybel is, in stede van die kliënt se probleem wat die gesprek rig. Berading gaan oor veel meer as net 'n aanhaling uit die Bybel om 'n probleem mee op te los. Die Bybel behoort slegs een van die instrumente te wees wat in berading gebruik word, en dan ook nie vir die doel van onderrig nie, maar eerder vir die begeleiding van beide die berader as kliënt se tog tot bevryding van die probleem (Zimmerman & Dickerson 1996:61).

Sunet (cont.): *Ons was glad nie toegerus om dit te doen nie. Ek was eintlik binne myself kwaad, want ek het gedink, hier sit 'n man, dit is maar net wat deur my kop gegaan het... Hy sit hier, hy het nog nooit deur so iets gegaan nie, hy het hierdie 'happy' gesin, 'the perfect family', en nou wil hy hier vir my kom vertel... ek was nogal kwaad daaroor. As mens self deur die probleem gegaan het, kan dit jou miskien help om vir iemand te verduidelik wat om te doen. Die probleem is dat ek nie gevoel het dit kom uit sy hart nie. Dit kom uit 'n boek uit en mense mis die punt. Wanneer jy huis toe gaan, is daar niemand wat jou kan help nie, niemand wat vir jou kan sê wat om te doen as jy kwaad raak vir jou vrou nie, of jy lê in die bed en besef sy het by 'n ander man geslaap nie. Hoe deel jy met daardie emosies en gevoelens?*

Hy het dit nie vir ons gesê nie en dit is wat hy gemis het. Die probleem word uitgesorteer, waarom dit gebeur het... maar nie wat gebeur as jy huis toe gaan, wat doen jy nou nie. Dit is juis wanneer mens huis toe gaan dat die meeste families opbreek, wanneer jy huis toe gaan en jy probeer dit op jou eie uitsorteer. Baie mense kry dit nie reg nie.

Adams (1980:281) sê:

How many times have members returned home to make things right with one another and with God, only to end up three days later in deeper discouragement than before, in large measure because they did not know how to do so? Indeed, their well-meaning (but poorly executed) attempts may have led to new and more serious difficulties.

Ek stem saam met Adams wanneer hy sê dat mense na berading dikwels hard probeer om te doen wat aan hulle voorgestel is om te doen deur die pastoor, maar dikwels na 'n paar dae moet verloor en dikwels ook hulleself dieper in die probleemsituasie bevind.

Ek glo dat dele van die kliënt se probleem wel aangespreek word, maar dat daar baie onuitgesproke probleme is wat nie aandag kry nie... Probleme wat die kliënt dikwels graag aangespreek sou wou sien, maar as gevolg van die magverhoudings wat funksioneer eerder verswyg. Die rede hiervoor is die pastoor se kennis wat gedurende die berading funksioneer. Wanneer die pastoor se kennis funksioneer kry die kliënte gewoonlik 'goeie raad' wat hulle by die huis moet toepas om hulle probleme op te los, maar wanneer die kliënt by die huis kom, het die pastoor se raad nie noodwendig hulle spesifieke probleem aangespreek nie.

Dele van die probleem het verskuil gebly, omdat die kliënt se kennis nooit werklik gefunksioneer het nie. Die gevolg van 'n pastoor se kennis wat eksklusief funksioneer is dat die kliënt eerder stil bly as om van die pastoor te verskil. Die goeie intensies waarmee die kliënt dus huis toe gaan na die 'goeie raad' wat hulle van die pastoor ontvang het, is van korte duur, omdat dit juis hierdie onuitgesproke probleme is, wat die probleemsituasie se lewe verleng en versterk.

Sunet (cont.): *Jy kry al die reëls van hoe dit moet wees, maar hoe pas jy dit toe? Dit is die probleem wat ek het. Dit is teoreties goed en wel, maar prakties, wat moet jy doen?*

Adams (1980:281) raak verder 'n belangrike punt aan wanneer hy sê:

Instruction has two basic kinds of content: What-type content and how-type content. Most Bible believing pastors and churches are strong on the what, but weak on the how. Possibly as much discouragement exists among the members of Christian churches because of this failure as it does for any other.

Daar moet deurentyd seker gemaak word dat die kommunikasielyn tussen kliënt en berader oop is. Dit kan slegs geskied as die berader deurentyd vra of daar enige iets is wat die kliënt nie verstaan nie. Dit is egter belangrik om te weet dat die kliënt miskien kan weet wat met sekere stellings bedoel word, maar dat hy/sy nie weet hoe om dit prakties toe te pas nie. Die berader moet dus deurentyd bewus wees en in kontak bly met die kliënt se posisie in die berading sodat daar nie misverstande of vrae is, wat nie aangespreek word nie.

Sunet (cont.): *Jy sit teoreties die man in sy hokkie, die vrou in haar hokkie, maar hoe kry jy hierdie twee mense, wat deur seer is, weer bymekaar uit. Vergewe, vergewe, dis makliker gesê as gedaan. Hy het ons ge-‘counsel’ en dit is dit. Hy het toe net verdwyn. Hy het sy job klaargemaak.*

Ek dink daar ontstaan 'n ontsettende gevoel van mislukking wanneer daar met verwagting vir berading na 'n pastoor gegaan word, maar die berading is onsuksesvol. Ek dink 'onsuksesvol' is in hierdie geval die resultaat van die raad wat deur die pastoor gegee is, naamlik 'vergewe, vergewe'. 'n Mens kry die gevoel dat die probleem met 'n kitsoplossing aangespreek is. Wanneer mag funksioneer veroorsaak dit baie teleurstelling omdat die probleem nooit werklik aangespreek word nie (Kotzé 1992:10). Dit kos juis moed om jou probleem met 'n vreemdeling te bespreek en wanneer die resultate teleurstel, veroorsaak dit moedeloosheid, wat dikwels geïnternaliseer word, omdat die 'raad' nie help nie.

Mariza: *Het die pastoor gevra of julle dink die probleem is opgelos?*

Sunet: Nee, dit was net, that's it', en nou weet julle wat om te doen... Ons het met ons probleem gekom, 'n 'teaching' gekry oor wat om te doen, en nou moes ons dit net gaan toepas.

Om berading af te handel, vir watter rede ook al, sonder dat die probleme werklik opgelos is kan geen goeie resultate bewerk nie. Die kliënt sal voel die berading was afgeskeep omdat die pastoor 'n kortpad metode neem om die probleem op te los. Bybelse voorskrifte word byvoorbeeld gebruik ('teachings') om 'n persoon te oortuig van, hetsy sonde, of veranderinge wat in sy/haar lewe moet plaasvind (Collins 1989:16). So funksioneer mag deurdat die pastoor se kennis bepaal of die kliënt se probleem opgelos is of nie.

Sunet (cont.): Dit is presies hoe dit was. Ek is die een wat verder moes leef met die 'label' as slegte vrou en Martin moet my vergewe. Ek het niemand om mee te praat nie en hy het niemand om mee te praat nie. Ek glo ons het net deurgekom op genade. As dit nie vir die Here was nie, was ek definitief nie meer getroud nie. Dit is al hoe ons bymekaar is vandag.

Die effek van magsverhoudinge op kliënte in berading, is dat die realiteite en behoeftes van die kliënt opgeoffer word, terwyl die pastoor die gesprek domineer.

Mariza: Nie as gevolg van die berading nie?

Sunet: Nee. Net op genade van God. Ek dink ook omdat ek vir die Here gesê het, ek sal vir Martin sê van die verhouding, maar dan moet Hy my huwelik red. Dit is net 'n wonderwerk dat ons nog saam is. Daar was geen ondersteuning van niemand nie, geen familie, geen vriende.

Mariza: Het jy vrymoedigheid gehad om vrae te vra as jy iets nie verstaan het nie?

Sunet: Ja, maar ek het nie. Ek was baie kwaad. Ek was kwaad vir myself, kwaad vir Martin, wat geen verantwoordelikheid wou vat vir die rede waarom ek 'n verhouding gehad het nie, ek was kwaad omdat dit gebeur het.

Aangesien Sunet as die 'beskuldigde' gesien is tydens die berading, was haar woede oor die onreg wat aan haar gedoen was, nie aangespreek nie. Ek dink dit

was, soos reeds genoem, die pastoor se verantwoordelikheid om te sorg dat Martin bewus gemaak word van sy verantwoordelikheid in die probleem, sodat die resultate van die berading nie net van Sunet afgehang het nie, maar ook van Martin se samewerking, deur verantwoordelikheid te neem vir sy aandeel in die probleem. Die funksionering van mag het sy verantwoordelikheid stil gemaak.

Mariza: *Was die pastoor daarvan bewus dat jy kwaad was?*

Sunet: *Ja, ek dink so, jy weet my houding... my 'don't-care-attitude'.*

Mariza: ***Dink jy hy het geweet waarom jy so 'n houding ingeneem het?***

Sunet: ***Nee, glad nie. Omdat ek stil gebly het, het hy dit net gelos. Ek weet nie hoekom nie. Hy doen berading tog vir jare, dis nie dat hy 'n groentjie is wat nie weet nie... Ek het die gevoel gekry ons is een van baie wat hom oor dieselfde probleem kom sien.***

Hier sien ons weer die verwagting dat die pastoor moes luister om by die antwoord van Sunet se probleem uit te kom. Die feit dat hy haar nie gevra het hoe sy voel oor die berading, en of dit vir haar werk nie, het haar laat voel hy het nie geluister en belang gestel nie.

Mariza: *Wat was vir jou positief van die berading?*

Sunet: *Hy was baie reguit, hy draai nie doekies om nie, hy sê 'n ding soos hy is. Dit was goed vir Martin, want hy het gevoel hy kan sy kant van die saak stel en 'blunt' wees... sê hoe dit is. **Wat ek van die pastoor gehou het was die feit dat hy mens nooit veroordeel laat voel het nie.***

Hierdie is 'n voorbeeld van Foucault (1979:20) se idee oor die 'normalizing gaze'. Wat Sunet hier sê, is in 'n mate teenstrydig met die ervarings waarvan sy praat. Sunet het nie ervaar dat die pastoor haar kennis laat funksioneer het nie, sy het gevoel hy het nie vir haar man ook verantwoordelikheid gegee vir die probleem nie en het ook nie haar eie skuldgevoelens aangespreek nie. Die feit dat die pastoor nie verbaal gesê het dat hy dink sy was immoreel en verkeerd om 'n buite-egtelike verhouding te hê nie, sê *nie* dat hy haar *nie* geoordeel het nie. Hy het dit nie noodwendig verbaal gesê nie, maar ek sou sê dat mens dit moontlik kan aflei uit wat *nie* gesê is nie, soos ek hier bo verduidelik.

Sunet (cont.): *Martin het baie geswets. Ek verstaan dit, want hy was kwaad, maar dit was asof die pastoor dit nie eens gehoor het nie. Hy het gesien ek het verleë gevoel, maar hy het my gerus gestel dat daar niks was wat nog nie op sy pad gekom het in die spreekkamer nie. Dit het my bietjie meer op my gemak laat voel... O ja, iets wat ek nou net onthou... Ek het hom eendag gebel nadat ons vir die 'counseling' gegaan het, en vir hom gesê, ek weet nie of ons gaan 'cope' nie, want Martin het soveel aggressie in hom. **Hy het toe vir my gesê, seker maar omdat hy so 'n reguit mens is, baie mense wat deurgaans wat ons deurgaans, kom nie anderkant uit nie. Dit was sy presiese woorde aan my: 'Julle is een van die gelukkiges as julle dit kan maak...'***

Mariza: *Hoe het dit jou laat voel?*

Sunet: *Glad nie goed nie, juis omdat dit van die pastoor kom wat my 'counsel', en hy is veronderstel om te weet waarvan hy praat.*

Uitsprake wat op die pastoor se kennis gegrond is kan baie skade aanrig en 'n persoon se moed breek, terwyl die pastoor dikwels onbewus is daarvan. Gelukkig het hierdie uitspraak van die pastoor Sunet aangespoor om aan hom die teenoorgestelde te bewys en het sy haarself onderneem om die probleem te oorkom (Falzon 1998:52). Deur die uitspraak wat die pastoor maak, skuif die pastoor alle verantwoordelikheid van die probleem op Sunet en Martin se skouers. Daar is geen gesamentlike aanvaarding van verantwoordelikheid van die probleem nie. Die kennis wat dikwels by pastore funksioneer is dat hulle in berading 'n persoon 'tot by die water kan bring, maar hom nie kan maak drink nie'. Dit behoort egter nooit die doel van pastorale berading te wees om enige kliënt tot by 'die pastoor se water' te bring nie. Dit is wanneer mag funksioneer en probleme onopgelos bly wat die pastoor nie verantwoordelikheid wil aanvaar vir die kliënt se situasie nie (Freedman & Combs 1996).

Sunet (cont.): *Maar dit was die hele tyd asof daar hierdie twee kante in my was: God se woord wat sê Hy het belowe Hy gaan my deurbring, waaraan ek die hele tyd vashou ten spyte van al die omstandighede wat die teenoorgestelde bewys.*

Mariza: *Waarom dink jy het die pastoor dit gesê?*

Sunet: *Dit was seker omdat dit maar waar is. Miskien is dit so dat min mense deur so iets kom en dit oorleef, miskien het hy nie vir ons lig gesien nie. Ek weet nie. Ek weet nie wat die statistieke is nie. **Maar ek sou eerder wou hê dat hy my moes bemoedig. Ek het al klaar so skuldig gevoel, want ek het geweet dit is net my skuld dat ons in die situasie was. Maar ek dink dit is juis dit wat hy gesê het, wat my aangespoor het om anderkant uit te kom.***

Mariza: *Hoe het dit jou aangespoor?*

Sunet: ***Ek het by myself gedink, dit sal die dag wees. Ek gaan alles in my vermoë doen om die huwelik te red. Ek gaan nie een van daai klomp wees wat dit nie gaan maak nie. Dit is asof hy ook klaar besluit het, daar is nie regtig hoop nie, en ek het gedink, 'ek sal jou wys'.***

Hierdie is 'n goeie voorbeeld van wat Foucault beskryf as 'resistance of power' (Foucault 1982:223). Die feit dat die pastoor gesê het dat baie min families so 'n probleem oorleef, het Sunet aangespoor om aan hom die teenoorgestelde te bewys. Dit was haar manier om nie aan die mag van sy woorde te onderwerp nie, maar aan haarself te bewys dat sy wel haar familie kan red. Hierdie woorde van die pastoor was 'n dryfkrag wat Sunet laat opstaan het, nadat sy reeds moed opgegee het. Haar weerstand teen dit wat volgens die pastoor, die norm was in families wat deur sulke trauma gegaan het, het gemaak dat sy volhard het om haar familie te red.

Mariza: *Wat het jy gedoen?*

Sunet: *Ek het besluit om Martin 'unconditionally' lief te hê, alhoewel hy my nie lief het nie, dit vir hom te wys en alles in my vermoë te doen, om wanneer ek kan, die minste te wees.*

Mariza: *So dit wat hy gesê het, het jou gemotiveer.*

Sunet: *Ja, absoluut. Dit beteken nie dat dit noodwendig nou goed gaan nie, Martin het nog baie woede teenoor my. **Maar ek weet as ek nie so hard probeer het nie, sou ons nie nou nog getroud gewees het nie.***

Mariza: *En die laaste keer wat julle die pastoor gaan sien het?*

Sunet: ***Hy het gevra dat ons die kinders moet saambring, wat ek nie gedink het, was vir my goed nie. Ek weet nie, ek het nie daarvan gehou nie. Jy***

weet, daar was soveel geskree in die huis op mekaar en dan moet jy nog na 'counseling' toe gaan en alles verder oopmaak voor die kinders. **Hulle het nie nodig gehad om te weet nie, ek weet nie, ek het net so gevoel.**

Hierdie is vir my 'n voorbeeld van hoe mag funksioneer. Sunet en Martin het geen seggenskap gehad het oor die kinders wat betrek is by die berading, asook wat met die kinders bespreek sou word nie. Die pastoor het dit nooit met hulle bespreek nie, nog minder 'n keuse gegee of hulle die kinders wou betrek of nie. Mag het die effek dat dit mense stil maak. Daar word ook aangeneem dat die pastoor 'die beste weet' en nie iets sal doen wat *nie* positiewe resultate in die berading sal bewerkstellig nie. Hierdie diskoers 'dat die pastoor die beste weet' verhoed kliënte ook om van die pastoor te verskil. Alhoewel Sunet ongemaklik was met die reëling dat die kinders by die berading betrek word, het die funksionering van mag haar verhoed om hierdie ongemak uit te spreek.

Sunet (cont.): *By die berading het hy gesê die kinders kan op ons skote sit, en ons moet nou vir hulle sê ons is jammer, en hulle moet vir ons sê hulle is jammer, Martin moes vir hulle sê hy is jammer oor wat hy gesê het by die huis, ensovoorts. Ek was teen dit. Melissa was so nege, en Bradley was toe sub A.*

Mariza: *Het die kinders op daardie stadium 'n idee gehad waarom dit gaan?*

Sunet: *Ja, want hulle het alles gehoor as ek en Martin baklei het. Ek dink die kinders het 'n baie skewe beeld gehad van wat aangegaan het. Ek dink nie hulle kon die omvang verstaan van waarom dit gegaan het nie, maar hulle het definitief 'n idee gehad dat daar groot fout was.*

Mariza: *Hoe het die kinders die berading beleef?*

Sunet: *Hulle het gehuil. Ek kon dit nie vat nie, want ek het nooit bedoel om my kinders seer te maak in die eerste plek nie. Ek is die 'peacekeeper' in die huis en ek het probeer om hulle so ver as moontlik weg te hou van dit wat hulle kon seermaak, omdat hulle nog klein was. As Melissa vir my vrae vra as sy ouer is, sal ek met haar daaroor praat, maar ek het net gedink op daardie stadium moes my kinders nie betrek word nie.*

In vandag se samelewing is daar 'n diskoers wat kinders in 'n mate verhoed om enige seggenskap te hê oor wat met hulle gebeur, omdat 'kinders aan hulle ouers moet gehoorsaam wees'. Die kinders was dus glad nie in die proses gekonsulteer nie. Dit wys ook hoe die kennis- en magsverhouding werk. Die kinders word gesien as jonk, sonder kennis en ervaring en wat *hulle* van die berading dink, is irrelevant. Hulle het geen seggenskap in die berading nie, wat die berading in 'n mate oneties maak (Freeman, Epston & Lobovits 1997).

Mariza: *Waarom dink jy het hy die kinders betrek?*

Sunet: *Ek dink hy het die indruk gekry dat die kinders baie verward moes wees oor die manier waarop Martin gepraat het. **Hy het seker gedink dat die kinders, omdat hulle omtrent al ons argumente gehoor het, en altyd om ons was, uitgesorteer moes word. Ek weet 'n mens kan hulle verduidelik op hulle vlak dat ons probleme het, maar dit was nie nodig om hulle deel te maak van die 'counseling' nie. Hy kon eerder vir ons riglyne gegee het oor hoe ons met die kinders te werk moet gaan. Die hele vreemdheid van die 'counseling' dink ek was vir hulle te erg.***

Nie die kinders of die ouers was geken in die saak of die kinders deel behoort te wees van die berading nie. Die pastoor het mag laat funksioneer omdat hy nooit by die ouers uitgevind het of dit aanvaarbaar was, dat die kinders betrek sou word by die berading nie. As die pastoor gevra het of dit die ouers se goedkeuring wegdra dat die kinders by die berading betrek word, sou Sunet miskien die kans gehad het om haar vrese ten opsigte van die voorstel, te lig. Tog wonder ek of die diskoers wat sê 'die pastoor weet die beste' Sunet nie van haar voorneme om te protesteer sou ontnem nie.

Sunet het glad nie geweet wat om te verwag nie en het ook te magteloos gevoel om haar kinders te beskerm teen die 'beradings gesprek' wat gevolg het. Volgens die pastoor was dit 'n goeie idee om die kinders te betrek, maar volgens Sunet het dit 'net skade gedoen'. Indien die pastoor dit wat hy met die kinders wou bespreek eerder met die ouers bespreek het, kon daar heel moontlik tot 'n ander vergelyking gekom het. Die pastoor het die gesprek met die kinders dus glad nie saam met die ouers beplan nie. Dit is vir my vreemd want die ouers ken

tog hulle kinders en weet hoe so 'n gesprek hulle sou beïnvloed. Daar behoort altyd gesprek te wees oor dit wat in die berading gaan plaasvind. Dit is 'n deelname in diskoers, waar *die* wat selde uit die diskoers van bemagtigdes voordeel trek, 'n kans gegun word om hulle stemme te laat hoor. 'Participation of all, is a primary commitment if in any way, we aspire to being ethical' (Kotzé 2002:18). Dit het hier te doen met die etiese wyse waarop die pastoor sy beradingsgesprekke voer.

Sunet (cont.): *Kyk, die kinders was nie die hele derde sessie saam met ons in die spreekkamer nie. Hulle het buite gespeel totdat die pastoor hulle ingeroep het. Ek is egter seker dat hulle baie van ons gesprek moes gehoor het, want Martin het so 'n harde stem en as hy nog kwaad word ook, dan kan mens maklik alles deur 'n toe deur hoor. Ek kon sien hulle was klaar bang toe hulle moes inkom. Hulle het geweet iets is fout, maar nie presies wat nie.*

Mariza: *Het die pastoor verduidelik waarom alles gaan?*

Sunet: *Nie regtig nie, maar soos ek sê dink ek hulle het baie deur die deur gehoor. Hulle het geweet ek het by 'n ander man geslaap, maar nie presies geweet waarom dit gaan nie of wat dit behels nie. **Die pastoor het maar gepraat dat ons mekaar seer gemaak het en mekaar moes vergewe.***

Die pastoor het nooit vir die gesin gevra of dit vir hulle belangrik is om mekaar te vergewe nie. Die pastoor sê dat daar vergifnis moet wees, amper soos 'n opdrag wat uitgevoer moet word. Dit dui op die pastoor se kennis en agenda wat gevolg moes word. Vergifnis is nie noodwendig vir hierdie familie 'n realiteit nie, daar is heel waarskynlik nog te veel 'issues' wat aangespreek moet word voordat hulle by vergifnis kan kom. Hulle 'vergewe' mekaar in opdrag van die pastoor. Die mag wat funksioneer verhoed hulle om nie saam te stem nie, asook die diskoers dat die pastoor die beste weet hoe om hulle probleem op te los. Die wyse waarop vergifnis deur die pastoor vereis is, het die vergifnis voorskriftelik gemaak. Die terapeutiese gesprek is veronderstel om 'n gemeenskaplike soeke en verkenning van die dialoog, 'n kruisvergelyking van idees te wees, waar nuwe idees en betekenis, voortdurend rondom die oplossing van die probleem sentreer (Tomm 1988:172). Mag sou minder gefunksioneer het as Sunet en Martin saam met die

pastoor na die oplossing vir hulle probleem kon soek, juis omdat hulle beter weet wat nodig is om hulle huwelik te red. 'People become experts about their own lives and actively tailor their therapy to their own desires' (Freedman en Combs 1996:278).

As vergifnis die oplossing was vir die familie se probleme, sou Sunet nie na die berading gesê het, dat hulle nie 'praktiese raad' ontvang het om die probleem op te los nie. Dit was moontlik dat die raad wat die pastoor vir hulle gegee het, hulle nie op 'n 'praktiese vlak' aangespreek het nie, maar wel op 'teoretiese vlak', sodat Sunet nie werklik gevoel het dat vergifnis die oplossing vir hulle probleem was nie. MacArthur & Mack (1994:262) sê:

I have seen some counselors prepare beforehand what they are going to say to a counselee, and then proceed to share that instruction without confirming that it is relevant to the person's needs. This is a waste of time, because even though the counsel may have been biblical and accurate, it did not contribute to the process of change in that particular case.

Dit is duidelik dat die pastoor se kennis oor vergifnis gefunksioneer het, terwyl die familie se kennis onderdruk was. Vergifnis het moontlik vir ander mense met hierdie probleem gewerk, maar hierdie aanname het geen resultate vir Sunet en haar familie gehad nie.

Mariza: *Het hy vir die kinders gevra hoe hulle gevoel het?*

Sunet: *Nee, hy het net vir hulle gesê ons gaan deur 'n moeilike tyd en dat ons mekaar moet vergewe vir die seer. Ek kon sien hulle was absoluut verskrik. Hoekom anders sou hulle huil? Ek dink die hele storie het hulle laat voel asof hulle iets verkeerd gedoen het. Ek het so magteloos gevoel.*

Die etiese aspek van berading is belangrik omdat die effek van berading nie emosionele skade behoort te veroorsaak, soos wat baie moontlik met hierdie tipe berading die geval was nie (Zimmerman & Dickerson 1996). Die kinders was deur hierdie voorval erg getraumatiseer. Die ouers het egter magteloos gevoel om die situasie te beheer, juis as gevolg van die pastoor se gesagsposisie, en omdat daar aanvaar word dat hy die beste weet. Die mense wat direk deur

hierdie tipe magsverhoudings beïnvloed word, het dikwels min of geen sê in die deelname van die diskussies oor reg en verkeerd nie (Kotzé 2002:12).

Hierdie optrede van die ouers is 'n voorbeeld van Foucault (1979:21) se idees oor die 'normalizing gaze'. Die kliënte, in hierdie geval die ouers, evalueer hulleself dikwels in die lig van hulle omstandighede, en doen hulleself dan voor as gewillig en tevrede met die berading wat hulle ontvang, ten spyte van die onsekerhede wat die tipe berading by hulle na vore bring (Parker 1989:63).

Mariza: *Het jy nie gesê jy wil nie die kinders deel maak van die berading nie?*

Sunet: *Nee. Ek dink nie ek het presies geweet wat hy met die kinders wou doen nie. Ek het nie gedink hy wil hulle betrek by die 'counseling' nie, ek het gedink hy wou maar net met hulle praat oor wat gebeur het om enige misverstande op te klaar wat hulle mag hê. Ek is baie vies.*

Mariza: *Het jy gewys dat jy vies was?*

Sunet: *In 'n mate, maar hoe wys jy nou dat jy kwaad is oor die manier wat hy jou kinders hanteer. Dit was toe klaar gedoen. **Onthou ek is die skuldige, so in 'n mate voel ek self skuldig, want as dit nie vir my was nie, sou my kinders nie nodig gehad het om daar te wees nie. Hoe kon ek hom daar en dan kritiseer, dit het klaar gebeur..***

Die feit dat Sunet die situasie veroorsaak het, het haar magteloos laat voel. Sy het gevoel dat sy, wat die oorsaak van die hele probleem was, omdat sy 'n buite egtelike verhouding gehad het, nie die reg gehad het om te protesteer nie. Dit het haar in 'n magtelose stilswye laat verval. Sy het nie gevoel sy het die reg om iets te sê nie. Stilswye was haar enigste manier om weerstand te bied teen die aantygings wat na haar rigting gekom het.

Sunet se ervaring kan baie vergelyk word met wat Foucault (1982:218) beskryf as die 'normalizing gaze'. Soos reeds bespreek beskryf hy dit as 'n situasie waar die persoon geïsoleerd voel in sy/haar onderwerping aan die samelewing se reëls en regulasies. Daar is 'n gevoel dat hy/sy onder 'n vergrootglas geplaas word, onder die wakende oog van die samelewing, ingeval hy/sy sou oortree.

'n Gevolg van die 'normalizing gaze' is: 'They would therefore become ever vigilant of their own behaviour, constantly evaluating their own actions against

the norms that are laid down by the 'gaze' (White 1991:24).' Sunet het haar reaksie teenoor die pastoor opgeweeg teen haar skuldgevoelens en besluit om stil te bly ten spyte van haar ongemak met die situasie. Soos reeds genoem, is kliënte dikwels geneig om hulleself te evalueer en in die lig van hulle omstandighede, tevrede te lyk met die berading, terwyl hulle eintlik in opstand kom teen die mag wat funksioneer (Parker 1989:63).

Mariza: *Was julle probleem opgelos na die berading?*

Sunet: *Ek dink nie so nie, want nadat ek en Martin hom gaan sien het, het Martin vreeslik tekere gegaan in die kar. Hy't gesê hy gaan nooit weer soontoe nie. Die tweede keer wat ons gegaan het, wou hy nie eens uitklim om in te gaan nie.*

Mariza: *Waarom nie?*

Sunet: *Hy het baie van sy aggressie uitgehaal, wat goed was, maar dit het hom nie gehelp nie. **Ek dink nie die pastoor kon hom help nie, want twee jaar later toe sit ons nog steeds met 'n probleem.***

Die effek van die pastoor se mag wat alleen gefunksioneer het in die berading, het die gevolg gehad dat Sunet en Martin se probleme nooit werklik aangespreek was nie.

Mariza: *Hoe sou jy eerder wou gehad het, die berading moes verloop?*

Sunet: ***Ek sou eers alleen vir berading wou gaan. Ek weet ek het hom die eerste keer alleen gesien, maar ek sou hom meer kere alleen wou gaan sien, sodat ek myself kan uitsorteer.***

Mariza: *Waarom het jy nie vir hom gevra of jy hom eers vir 'n ruk alleen kan sien nie?*

Sunet: *Ek het so skuldig gevoel op daardie stadium. Ek het gevoel Martin moet aandag kry. Ek het te sleg gevoel om te vra vir 'counseling' vir myself. Ek was baie deurmekaar en verward.*

Mariza: *Het die pastoor gevra hoe jy oor die saak voel?*

Sunet: ***In 'n mate, maar ek het nie gevoel hy stel regtig belang in die seer wat ek voel nie. Alhoewel ek nooit ge-'judge' by hom gevoel het nie, was dit asof hy onbewus was van my seer en het hy net op Martin gefokus. Ek***

blameer hom nie, want dit is tog waarom ek gesê het, ek wil hom kom sien... Om my en Martin se verhouding te help.

Mariza: *Sou jy van hom verwag het om meer in jou seer belang te stel?*

Sunet: *Ja, miskien. **Ek sou daarvan gehou het as hy kon agterkom dat ek ook baie seer het en dat ek ook nodig het om met goed te deel.***

Sunet hou nie die pastoor verantwoordelik vir die feit dat hy haar probleem nie aanspreek nie. 'n Mens kan dit sien deurdat sy die pastoor se gebrek aan belangstelling nie bevraagteken nie, omdat sy aanneem dat hy weet wanneer en waar om die nodige vrae te vra. Wanneer daar 'n ongebalanseerde magsverhouding is, voel mense maklik dat hulle nie mag praat nie, omdat die pastoor weet wat belangrik is en wat nie (Kotzé 2002:12).

Die geslagsdiskoers is ook hier aan die werk deurdat die pastoor Sunet gedurende die berading grotendeels ignoreer. Hy voer die beradingsgesprek hoofsaaklik met die man. Gedurende huweliksberading behoort die man en die vrou se stem, ewe veel gewig te dra. Albei se stemme behoort eweveel gehoor te word. Hierdie faktore lei alles daartoe dat Sunet die ervaring het dat sy nie gehoor word nie.

Sunet (cont.): *'n Mens is nie twaalf jaar getroud, en so iets gebeur, en dan maak mens dit reg binne een sessie nie. Nie volgens my nie. Dis 'n lang ding. Dis soos ek sê, drie jaar later toe sit ek nog steeds met die probleem, toe het almal al vergeet van wat gebeur het... toe probeer ons nog 'cope'... probeer nog regkom. Martin probeer nog om te vegewe, ek probeer om nie so hard te wees nie, om meer oop te maak, so dis nie 'n 'one-off' ding en nou kan jy twee mense se opgebroke lewe weer herstel nie. **Nog 'n ding wat my baie gepla het, is die feit dat hy ons nooit weer gebel en belang gestel om te hoor hoe dit gaan nie.** Goed, as ons mekaar gesien het, het hy gevra hoe gaan dit nou, maar jy weet mos wanneer iemand regtig wil weet hoe dit gaan, en of dit maar net 'n verbygaande, 'hoe gaan dit' is nie. Ons het hom by die Kerk gesien en dit was dit.*

Mariza: *Sou jy iemand met julle probleme na hom verwys vir berading?*

Sunet: *Ek sou, maar ek sou dan voorstel dat hy die mense opvolg na die tyd. Hy moet besef dat mense steeds seer het na die 'counseling'. Dit is nie waar dit stop nie. Ek het hom 'n paar keer na die 'counseling' gebel vir raad, maar **hy het dan net vir my vinnig gesê hoe en waar. Dit is nie wat ek wou gehad het nie.***

Mariza: *Waarom het jy nie nog 'n afspraak met hom gemaak nie?*

Sunet: *Ek is 'n snaakse mens. As ek in jou stemtoon hoor, en jy stel nie voor dat ek jou kom sien nie, al hoor jy dat daar steeds probleme is, dan sal ek dit net los. **Hy het nie regtig voorgestel dat ons hom weer kom sien nie en ek wou nie vra nie. As ek juis bel vir raad, en hy kan nie self agterkom dat ons nog 'counseling' nodig nie, dan los ek dit eerder, al sou ek wou praat. 'n Mens kan dit dadelik hoor.** Ek verstaan hy het baie werk, en ander mense wat ook ge-'counsel' moet word, so ek het dit maar net gelos.*

Mense wat kom vir berading voel dikwels sleg dat hulle 'n pastoor ophou met hulle probleme, wanneer daar nie uitgereik word van die pastoor se kant af nie, voel die kliënt minderwaardig om die pastoor se 'kosbare tyd' te mors en vir meer berading te vra. Hoe groter die gevoel van magsverskille, hoe moeiliker sal voorstelle van die kliënt se kant af kom (Gallagher 1996:119).

Mariza: *Hoe gaan dit nou met julle na drie jaar?*

Sunet: *Ons was hierdie 'happy' family wat nooit iets verkeerd gedoen het nie. Ek het nooit uitgegaan nie. Ek was altyd stil en ewe skielik het ons nou hierdie swart kol, dit is soos 'n wolk wat oor my hang. Party dae gaan dit baie goed en almal is gelukkig en dan kom ander dae wat ek voel ek het hierdie lelike kol op my familie gesit, wat ek nie kan uitwis nie. Maar tog weet ek dit is die Here wat die kol uitwis. Ek moet net glo hy het dit weggevat, maar dis moeilik.*

Mariza: *Voel jy dat jy nog 'counseling' nodig het?*

Sunet: *Ja. Ek dink veral ten opsigte van die skuldgevoelens. Ek dink ook dis omdat Martin my nooit laat vergeet wat ek gedoen het nie. Net as dit goed gaan gebeur iets en dan word dit weer uitgehaal. Hy het my nog nie vergewe nie. Nie diep in sy hart nie. Soms gaan dit goed, maar daar is maar altyd die skaduwee.*

Die feit dat Martin nog nie vir Sunet vergewe het wys dat die pastoor se raad om 'te vergewe' nie op daardie stadium vir Martin 'n realiteit was nie. Daar was ander

gedagtes en vrae wat eerder vir hom beantwoord moes word. Die magsverhouding het hierdie vrae en gedagtes verborge gehou. Die werklike probleme was nooit aangespreek nie.

Mariza: *En die kinders?*

Sunet: *Ek dink hulle sal my miskien daarvoor vra as hulle ouer is, maar ons praat nooit daarvoor nie. Ek dink hulle het aanbeweeg.*

Na hierdie onderhoud het ek aan Sunet voorgestel dat sy welkom was om verder met my, onder die supervisie van my studieleier, te praat oor enige vrae of probleme wat sy graag sou wou bespreek. Sy is ook die keuse gelaat om 'n berader van haar keuse te gaan sien. Sy het gesê sy sal die moontlikheid sterk oorweeg.

6.3 NAGEDAGTE

Daar was veral twee aspekte van Sunet se berading wat my baie laat dink het aan haar ervaring. *Eerstens*, die gevoel wat sy gehad het dat sy nie met vrymoedigheid oor haar probleem met die pastoor kon praat nie. Gevolglik het sy in stilswye verval en nooit werklik haar mening gelug nie. *Tweedens*, die wyse waarop die Bybel gefunksioneer het, het haar met baie 'antwoorde' gelaat, sonder dat dit prakties van enige hulp vir hulle huwelik was.

Dit het my baie beteken om te hoor hoe Sunet die moed en deursettingsvermoë gehad het om, ten spyte van die eerste pastoor se raad, wel vir haar man te vertel van haar ontrou en ten spyte van die tweede pastoor se negatiewe aanmerkings, haar voor te neem om haar huwelik te laat slaag, ten spyte van al die struikelblokke en teëstand.

Hierdie onderhoud met Sunet het my baie kwaad laat voel omdat ek magteloosheid ervaar wanneer ek dink hierdie tipe berading kom baie algemeen voor. Ek kan aan geen positiewe aspekte dink in hierdie berading behalwe dat dit Sunet aangespoor het, in haar weerstand teen die mag, om haar voor te

neem om haar huwelik te laat slaag nie. Die wyse waarop Foucault se teorie oor die 'resistansie of power' gefunksioneer het in Sunet se beradings ervaring, was die groot dryfkrag agter Sunet se deursettingsvermoë.

Hierdie tipe berading is vir my 'n voorbeeld van die etiese ondermyning van die kliënt se menswees, soos die wyse waarop Sunet se kinders by die berading betrek was. Hierdie tipe berading dui op magsmisbruik en die resultate van hierdie tipe berading is selde suksesvol.

Was dit nie vir Sunet se vasberadenheid nie, sou hierdie huwelik heel moontlik reeds in die skeihof beland het. Ek het baie respek gekry vir hierdie vrou, wat te midde van soveel diskriminasie en veroordeling steeds die goeie stryd stry en veg vir dit wat vir haar belangrik is.

HOOFSTUK 7

RHONA

7.1 TWEE VERSKILLENDE ERVARINGS...

Rhona is 'n vriendin van my wat tien jaar gelede saam met my in die sendingskool Y.W.A.M., in Muizenberg was. Ons het kontak verloor en mekaar onlangs weer raakgeloop. Sy het my vertel dat sy intussen getroud was en wat met haar gebeur het. Ek het haar later genader om deel te wees van my navorsing.

Rhona is 'n 31 jaar oud wat vir drie jaar getroud was met Leon. Volgens haar was hulle huwelik reeds van die begin af moeilik. Sy is op vyf-en-twintig met hom getroud en is intussen nou reeds drie jaar geskei.

Na hulle egskeiding het Rhona uitgevind dat Leon betrokke was in 'n buite-egtelike verhouding terwyl hulle getroud was. As gevolg van die feit dat sy onbewus was van die buite-egtelike verhouding, het sy alles in haar vermoë gedoen om die huwelik te red. Die egpaar het aanvanklik op Rhona se aandrang hulle pastoor gaan sien vir berading in die gemeente waar hulle betrokke was. Aangesien die pastoor 'nie veel gedoen het om hulle te help nie', het Rhona haar ma se raad gevolg en 'n pastoor van 'n ander AGS gemeente gaan sien. Nadat hy hulle beraad het, het sy uiteidelik aanvaar dat die huwelik nie gered kon word nie.

7.2 GESPREK MET RHONA

Mariza: *Hoe het dit gebeur dat julle vir berading gegaan het?*

Rhona: *Ek het gegaan omdat ek uitgeroep het 'Here, asseblief tog help ons!' en Leon het net gegaan om vir die pastoor te sê hy is nie lief vir my nie, en hy is spyt dat hy met my getrou het.*

Ons het deur hel gegaan op daardie stadium. Ons het een Sondag na kerk vir ons pastoor gaan sê ons wil hom graag sien, hy het gesê ons moet in die week kom.

Mariza: *Hoe het jy gevoel toe jy in sy kantoor instap?*

Rhona: ***Ek het 'vulnerable' gevoel want ek het geweet Leon is teen my. Dit was vir hom 'n geleentheid om vir die pastoor te sê hoe hy voel. Ek het nie vir die pastoor gesê wat Leon alles verkeerd doen nie, ons was al verby daardie stadium.***

Mariza: *Dink jy die pastoor het geweet dat jy 'vulnerable' voel?*

Rhona: *Nee, ek dink nie so nie.*

Mariza: *Sou jy graag wou hê hy moes weet hoe jy voel?*

Rhona: *Ja, in 'n mate sou ek dan miskien minder 'gestres' het. Dit sou net gevoel het asof hy so bietjie meer aan my kant is, en my nie ook net wil beskuldig soos Leon nie.*

Mariza: *Het hy gevra hoe julle voel?*

Rhona: ***Nee. Hy het net gevra waarmee hy ons kan help.***

Taal het die funksie dat dit ervaringe skep, vorm en konstitueer. Die presiese taal wat gebruik word kan ook magsverhoudinge skep (Freedman & Combs 1996). Die wyse waarop die pastoor taal formuleer by die aanvang van 'n beradingsgesprek bepaal of mag gaan funksioneer of nie. Taal kan die idee skep dat die pastoor as ekspert op die gebied van berading wéét hoe om die probleem op te los. Dit kan ook voorstel dat beide berader en kliënt saam na 'n oplossing vir die probleem gaan soek. Magsverhoudings is altyd teenwoordig, daarom moet daar gesoek word na *hoe* om berading eties te laat geskied, sodat beide die berader sowel as die kliënt se stemme eweveel waarde het.

Wanneer mag deur middel van taal funksioneer word magsverhoudinge geskep. Die berader het 'n etiese verantwoordelikheid om die effek van mag so ver moontlik te reduceer. Die verantwoordelikheid van die berader word in die volgende aanhaling beskryf:

The identification of these relations of power, and this monitoring of their real effects, provide therapists with the opportunity to engage in acts that are limiting of the excesses of these power relations, that challenge those aspects of them that are determined to be toxic in their effects...These are the acts and practices that structure the therapeutic context as more egalitarian than it would otherwise be...It is this scrutiny of our work that makes it possible for us to assume an ethical responsibility for the real effects of this work in the constitution of life.

(White 1997:233)

Mariza: *Wat het jy vir die pastoor gesê?*

Rhona: *Niks... Wat sê ek?*

Die pastoor het die geleentheid het om uit te vind presies wat die verwagtinge van die kliënt is. Dit is reeds op hierdie vlak waar die effek van magsverhoudings vermeerder of gereduseer word.

Mariza: *Wat het julle op daardie stadium van hom verwag?*

Rhona: *Hy moes help dat dinge regkom. Leon het reguit vir hom gesê hy is nie lief vir my nie. Hy het gesê dit was die Here wat vir hom gesê het, hy moet met my trou, hy wou nooit met my getrou het nie.*

‘n Mens kan sien hoe patriargale diskoerse hier funksioneer in die sin dat dit die man is wat God se stem ‘hoor’. Die man het God se stem aan sy kant, solank dit sy ervaringe en verwagtinge pas. Hy neem nie verantwoordelikheid vir sy dae nie, want dit was God wat hom voorgesê het om te trou.

Mariza: *Hoe het die pastoor daarop gereageer?*

Rhona: *Wat kan hy regtig sê?*

Die feit dat die pastoor nie weet wat om te sê nie kan daarop dui dat hy onder die geslagdiskoers swig. Sodoende word Leon se standpunt en die geslagdiskoers versterk.

Mariza: *Het jy die indruk gekry dat hy julle wou help?*

Rhona: *Ja..nee. Kyk hy kom uit ‘n agtergrond waar hy baie mense beraad wat wil skei. Ek het dus verwag dat hy meer insig en diepte moet hê in die onderwerp, maar dit het net nooit regtig gebeur nie. Hy het net goed gesê soos wat hy dink ons moet doen, soos dat ons nie moet probeer om kinders te hê nie, en sulke goed. Op die ou end het hy gesê ons sal hom*

weer moet kom sien en nog 'n afspraak moet maak. Daarna was dit die week van seminare wat hulle aangebied het en toe ons weer by hom uitkom, **was dit asof hy so half vermydend was. Hy het nooit weer vir ons gevra hoe gaan dit of so iets nie. Hy het geweet ons moes hom kom sien, maar dit was asof daar geen belangstelling van sy kant was nie.** Ons het dit maar gelos, en ons is toe in elk geval so drie maande daarna uit die Kerk uit. **Ek dink dit het net nie gevoel of hy belang stel nie.** Want van daar af was dit net afdraande.

Mariza: *Het die afspraak vir julle enige nut gehad?*

Rhona: **Nee, glad nie.** Hy het eers vir ons gevra wat het ons na mekaar aangetrokke laat voel het. **Ek het toe goed probeer sê, soos diep goed, wat ek my aangetrek het na Leon toe.** Ek weet voor ons getroud was, was Leon emosioneel kinderlik, maar ek het daarvan gehou. Ek het nie geweet dit gaan emosioneel teen my draai as ons eers getroud is nie. **Ek het vir die pastoor gesê hy moet vir Leon vra oor sy betrokkenheid by goed voor ons getroud was. Ek was simpel, ek het gedink dis nodig om by emosionele wortels uit te kom, sodat hy kan uitvind wat fout is. Dit was vir my baie belangrik omdat ek gedink het dit is die rede waarom Leon is soos hy is.**

Mariza: *Hoe het hy hierop gereageer?*

Rhona: **Ek het seker iets verkeerd gesê. Miskien is dit verkeerd om oor sulke goed te praat, ek weet nie eens nie. Hy het dit net heeltemal geïgnoreer.**

As mens nie bewus is van die teenwoordigheid van magsverhoudinge en hoe magsverhoudinge funksioneer nie, is dit baie maklik dat die kliënt se agenda heeltemal verlore raak. Dit wat die kliënt sê mag moontlik nie belangrik klink nie, maar vir die kliënt is dit baie belangrik om die gevoel te kry dat dit wat hy/sy sê van waarde is. McBride (1996:183) sê:

To exercise the power of leadership, rather than to have 'authority over' another, means to facilitate, to enable, to energize and to empower others to articulate their intuitions, to discover and to develop their capabilities, to make their contributions, while simultaneously making one's own.

Dit is dus die pastoor se taak om die kliënt te bemoedig om sy/haar kennis te laat funksioneer (Knudson Martin 1997:427).

Aangesien die pastoor Rhona ignoreer, geïnternaliseer sy die ervaring en sê dat sy seker iets verkeerd gesê het. Dit was egter die funksionering van mag wat Rhona beïnvloed om hierdie uitspraak te maak. Deurdat Rhona se kennis geïgnoreer word en die pastoor se kennis alleen funksioneer, word die magsverhouding versterk (McBride1996).

Rhona kon die magsverhouding nie identifiseer nie, aangesien dit deur die diskoers, die 'pastoor weet die beste' en die geslagsdiskoers verberg was.

Rhona (cont.): *Hy het seker gesien hy gaan nie êrens met ons heen nie, en het seker by Leon die indruk gekry dat Leon nie regtig belang stel om die verhouding te red nie. Hy het gesê hy wil bietjie alleen met Leon gesels en ek moet buite wag.*

Rhona het nie veel van 'n keuse gehad anders as om die spreekkamer te verlaat nie. Die pastoor het ook nie verduidelik *waarom* sy moes uitgaan nie. Bons-Storm (1996:117) sê: 'It could be that male pastors, socialized in the dominant sociocultural narrative, also easily feel personally threatened if 'ordinary' women start asking poignant theological questions. Do these women know their proper place?' Alhoewel Rhona nie noodwendig 'n teologiese vraag gevra het nie, kan dieselfde aanmerking tog op haar van toepassing wees. Haar persepsie van wat Leon se probleem is, word moontlik gesien as 'n uitspraak wat onbelangrik is. Daar is geen gesprek rondom Rhona se kennis nie. Sy word eerder gevra om die vertrek te verlaat.

Die feit dat Rhona 'n vrou is behoort nie haar ervaring van wat sy beleef het, onbelangrik te maak nie. Haar opinie van hulle probleem is net so waardevol as enige man se opinie van die probleem. Indien die pastoor wel alleen met haar man wou praat, is daar ander maniere om die saak te benader, sodat dit 'n gesamentlike besluit is, nie 'n opdrag soos wanneer jy 'n stout kind uitstuur nie. Die magsverhouding kom hier duidelik na vore.

Rhona (cont.): *Ek het dit aanvaar want hy weet seker die beste, en daar was seker 'n rede waarom ek moes uitgaan, alhoewel ek nooit die rede uitgevind het nie. Ek het bietjie uit gevoel, asof ek iets mis...*

Die feit dat Rhona aanvaar dat die pastoor 'seker maar die beste weet' is 'n voorbeeld van wat Foucault beskryf as die 'normalizing gaze' waar Rhona konformeer aan die pastoor se opdrag, sonder om hom te bevraagteken. Die rede hiervoor is omdat die pastoor in 'n diskoers van mag gesitueer is (Foucault 1979:187).

Rhona (cont.): *Toe ek uit is, het die pastoor seker vir Leon gevra waarom hy regtig wil skei, en Leon het toe seker vir hom gesê, hy voel niks vir my nie. Hy het natuurlik toe reeds die ander 'girl' met wie hy 'n 'affair' gehad het, in sy kop gehad. As ek dit net toe op daardie stadium geweet het. Ek probeer die huwelik red, en hy probeer van my ontslae raak as gevolg van die 'girlfriend' van hom.*

Mariza: *Hoe het die feit dat die pastoor jou uitgestuur het, jou laat voel?*

Rhona: *Ek het eintlik gevoel dit was onnodig, want ons het tog saam gekom vir 'counseling'. Dit was my reg om te hoor wat hy vir Leon wou sê. Dit was in elk geval so half asof hy kwaad was dat ek oor Leon se verlede wou praat praat. Amper asof ek by die berading wou inmeng.*

'n Mens kan spekulêr waarom die pastoor Rhona uitgestuur het, maar die feit dat haar ervaring ter syde geskuif was, herinner aan wat Graham (1996:173) sê oor die ervarings van vroue:

The gospel imperative of the 'bias to the poor'- including women as a marginalized and oppressed group - thus involves practising pastoral strategies which deny the foreclosure and stereotyping of sexism, racism and other forms of discrimination, and celebrate and affirm the diversity integrity and significance of women's experience.

Hierdie aanhaling beklemtoon net weereens dat die ervarings van vroue as belangrik beskou behoort te word.

Mariza: *Wat het die pastoor vir jou gesê toe jy teruggaan in die spreekkamer?*

Rhona: *Hy het met my na die tyd gepraat. Hy het vir my gevra, wat doen mens met 'n persoon wat hard is? Toe gebruik hy die voorbeeld van*

Nebukadneser, wat ook 'n harde mens was, en moes op die ou end gras vreet en klippe kou. Dit kom daarop neer dat ek vir Leon in die Here se hande oorgee. Hy gaan wel 'suffer' en nog klippe kou. Ek moet hom heeltemal uitlos.

Om 'n probleem in 'n bybelse raamwerk te plaas om gewig aan jou woorde te sit, is om menslike woorde outoriteit te gee. 'It is equally bad and unhelpful to theologize a 'case' from the outset, putting it in a biblical frame of reference' (Bons-Storm 1996:141).

Rhona (cont.): *Die pastoor het nie vir my gesê daar is iemand anders nie. Hy kon dit nie vir my sê nie. Hy het my toe probeer oortuig dat Leon nie die man vir my nie. Hy het my ook probeer oortuig dat dit reg is om Leon te laat gaan. Hy het gesê ek moet vashou aan die Here. Wat help dit hy sê ek moet probeer maar hy weet dit gaan nie werk nie. Hy moes my beskerm en my terselfdertyd heel uit die situasie probeer kry. Kyk hy sien soveel mense, 'n mens kan maar net vertrou dat die Here in beheer is.*

Rhona het ook die gevoel gehad dat die pastoor baie mense vir berading sien, en dat sy nie werklik alleen op sy 'aandag' aanspraak kon maak nie. Haar stelling: "n Mens kan maar net vertrou dat die Here in beheer is", gee mens die indruk dat Rhona nie werklik saamgestem het met wat die pastoor gesê het nie. Daar is onsekerheid by Rhona, maar sy sê nie direk dat sy die pastoor se raad bevraagteken nie. Die diskoerse van mag en Foucault se idees oor die 'gaze' funksioneer en maak dat Rhona nie die pastoor se optrede en uitsprake kritiseer nie.

Mariza: *Hoe het dit daarna met jou gegaan?*

Rhona: *Ek dink ek het geweet ons gaan nêrens heen nie, maar dit was nog te moeilik om te 'let go'. Die pastoor het gesê dat ons miskien weer bymekaar kan uitkom.*

Mariza: *Was dit nie valse hoop nie?*

Rhona: *Miskien, maar miskien is dit waar. Dit is nie dat ek nou regsit en wag vir Leon nie. Hy is toe met die meisie getroud, maar hy bel my so nou en dan, so ons is nog vriende.*

Mariza: *Sou jy wou hê die pastoor moes harder probeer om julle huwelik te laat werk?*

Rhona: ***Ek kon sien hy dink dis 'n erge saak, dit het nie gelyk of hy kans sien vir dit nie. Hoe verander jy 'n man wat klaar sy 'mind' opgemaak het. Kyk, hy het nie gelyk of hy regtig hoop vir ons gehad het nie.** Ek weet hulle was besig met 'n klomp seminare op daardie stadium, maar ek dink hy kon minder vermydend gewees het. Ek dink dis ook 'n rede waarom ons die Kerk kon los. Dis nie dat mens nou iets persoonlik teen die ou het nie, maar die deure was toe, hier het ek geweet gaan mens geen hulp kry nie. Dit is in elk geval die indruk wat ek gekry het.*

*Ons het tog probeer om iets te doen, al was Leon se 'mind' opgemaak, maar niemand het regtig belanggestel om te help nie. **Ek glo tot vandag dat iemand anders ons sou kon help. As iemand net bereid sou wees om met ons emosionele probleme te werk.***

As die pastoor belang gestel het in wat Rhona wou sê, kon dit hom moontlik van waardevolle inligting verskaf het, wat moontlik kon help om die probleem in 'n groter mate aan te spreek.

Rhona (cont.): *Ek dink verwerping was my grootste probleem en Leon het ook 'n hele klomp 'issues' gehad uit sy kinderjare. Ek dink as iemand dit kon raaksien, was daar 'n groter kans om die huwelik te red.*

Mariza: *Was die pastoor goed opgelei om 'counseling' te doen?*

Rhona: *Wel die Kerk het nie regtig 'counselors' gehad nie, so kom ek sê 'counseling' was nie hoog op die prioriteitslys nie. Hy doen wel voor-huwelikse berading. Hy het dit met ons ook gedoen. Dit was niks so wat wonders nie. Van die ses keer wat ons daar was, het hy omtrent twee keer nie gekom nie, want hy was besig met ander goed.*

Die pastoor het sy afspraak met Rhona en Leon twee keer nie nagekom nie. Dit skep die indruk dat die berading baie eensydig was, in die sin dat dit lyk of hy nie regtig belang stel om die kliënte te help nie. Dit het ook die effek, dat die kliënte mag dink dat hulle nie werklik belangrik is nie en dat die pastoor belangriker dinge het om te doen as om hulle afspraak na te kom.

Mariza: *Het die voorhuwelikse berading julle gehelp?*

Rhona: *Nee wat, dit het gegaan oor hoeveel kinders julle wil hê, stem julle saam oor sekere dinge, die rol van die man en die vrou... Dit het my definitief nie voorberei op die huwelik nie. Hy het seker maar 'n programmetjie wat hy uitgewerk het. Hy was nooit so betrokke by ons nie.*

Dit gebeur dikwels dat daar voorhuwelikse berading plaasvind, sonder dat die voornemende huwelikspartjie besef waarom die huwelik weklik gaan. Hart (1992:21) sê: 'I will often miss the mark with Scripture. In fact most of the time, I start with the Bible, telling people to "love" or "submit to one another" or "serve one another" without probing how they understand these biblical ideas'.

Voordat 'raad' gegee word oor hoe 'n huwelik moet werk, moet eerstens vasgestel word, wat die partjie se idees is van wat hulle dink 'n huwelik behoort te wees. Dit is goed om 'n verwysingsraamwerk te gebruik, maar uiteindelik behoort die kliënte se kennis te funksioneer en gevolglik het die berading vir hulle meer waarde.

Rhona (cont.): *Die punt is nie veronderstel om te wees, ons gaan trou, onthou om dit en dat te doen nie. Die punt moet eerder wees, gaan hierdie twee mense bymekaar pas wat met mekaar wil trou.*

Mariza: *Het die pastoor jou probleem aangespreek tydens die berading?*

Rhona: *Ja, hy het seker, maar hy kon my nie regtig help nie, want Leon het my as persoon verwerp. Dit was nie dat ek iets verkeerd gedoen het, wat ek moes regmaak nie. Leon het gesê hy vind my nie aantreklik nie. Ek is nie mooi genoeg nie, hy voel niks vir my nie. So waaraan moes ek werk?*

Die geslagsdiskoers funksioneer hier. Dit stel voor dat vroue aan 'n sekere standaard moet voldoen om aanvaarbaar te wees. Wanneer 'n vrou nie aantreklik genoeg is nie, is hulle nie 'goed genoeg' nie. Die feit dat die pastoor hierdie diskoers nie aanspreek nie, sê dat hy self deur die diskoers verblind is. Hierdie onbetrokkenheid versterk die diskoers en die patriargale mag wat Rhona onderdruk en marginaliseer. Uit Rhona se woorde kan mens sien dat sy self die diskoers geïnternaliseer het. Sy sê dat sy in elk geval niks aan die feit kan doen dat sy nie aantreklik is nie en daarom aanvaar sy dat Leon nie meer vir haar lief

kan wees nie. Die pastoor behoort aan Leon uit te wys dat voorkoms nie die maatstaf is waaraan liefde gekoppel behoort te word nie.

Mariza: *Hoe het die **Bybel** 'n rol gespeel in die berading?*

Rhona: *Die pastoor het oor baie ding **gepraat**. Ek weet hy het op die ou einde die meeste praatwerk gedoen. Goed soos waarom die huwelik gaan ensovoorts...*

Mariza: *Het dit gehelp?*

Rhona: *Wel, as hy sê doen so en doen so, dan gaan Leon tog nie môre oggend wakker word en skielik met nuwe oë na my kyk nie? Die 'issues' was te groot. Doen dit, doen dat, sou nie vir ons gewerk het nie.*

Die berader moes in hierdie omstandighede geweet het, blote riglyne uit die Bybel sou nie alleen effektief wees om die huwelik te red nie. Daar is dikwels 'n miskonsep dat die Bybel die antwoorde gee op elke probleem. Adams (1980:282) sê: 'How often have Christians concluded that the Bible is a fine book for Sunday use, from which to retrieve information to aid them...but is irrelevant to most of what they do on Mondays through Saturdays.' Pastore gebruik die Bybel dikwels as 'n 'outoriteit' om kliënte te 'motiveer' om sekere dinge te doen, of nie te doen nie. Hulle neem aan dat wanneer die Bybel voorgehou word as rede waarom iets gedoen behoort te word, dat die kliënt harder sal probeer om die Skrif te gehoorsaam. Ek sien dit as 'n tipe manipulasie waar mag funksioneer. Daar word nooit by die kliënt se persepsie van hoe 'n sekere Skrif verstaan word, uitgekóm nie.

Rhona (cont.): *Hy kan hom nie forseer om te verander nie. Ek het nie die probleem gehad nie. Leon wou met my trou, hy wou gou trou. So wat ook al sy motief was, wat ook al sy verwagting was, dit het nie vir hom gerealiseer nie.*

Mariza: *Hoe sou jy iemand anders beraad het, as hulle jou met dieselfde probleem kom sien het?*

Rhona: *Kyk, die eerste ding wat jy moet doen is om vas te stel of altwee die partye dit wil laat werk? Hy kon niks vir my gedoen het nie.*

Mariza: *Wat het daarna gebeur?*

Rhona: *Ek dink my ma het gesien niks kom van die berading nie, toe stel sy voor ons gaan sien haar pastoor. Hy het baie meer berading gedoen en my ma het gedink hy kan miskien meer help.*

Ons het mekaar nie regtig geken nie, ek het van hom geweet, en hy het my al ontmoet as my ma se dogter. Ek dink ook ek het hom oorweeg vir verdere hulp omdat dit my laaste poging was. Onthou ek het op daardie stadium steeds nie geweet 'n derde party is betrokke nie, anders sou ek dit lankal gelos het. Ek was nog nie emosioneel heeltemal reg om Leon te los nie. Op daardie stadium was dit reeds 'n uitgemaakte saak dat hy wou skei.

Mariza: *Jy het haar pastoor toe eers alleen gaan sien?*

Rhona: *Dit was in 'n mate ook maar vir 'counseling' vir myself. Ek het aanvanklik gegaan vir ons huwelik. Ek weet nie wat ek wou gehad het nie, ons 'counseling' met ons pastoor was baie onbevredigend en ek dink ek wou net voel ek het my bes probeer. Ek wou weet of hy enige nuwe lig op die saak kon gooi. **Ek dink dit was uit pure desperaatheid. Ek dink daar was nog steeds soveel onbeantwoorde vrae.***

As die kliënt se kennis gefunksioneer het tydens die vorige berading, sou daar nie noodwendig onbeantwoorde vrae gewees het nie. Dit kliënt sou dan die geleentheid gehad het om sy/haar vrae aan die pastoor te stel. Onbeantwoorde vrae is 'n duidelike voorbeeld van waar die pastoor in onderwys-styl beraad. Die kliënt se agenda bereik nooit die punt van bespreking nie. Die pastoor se waarhede en kennis is die enigste punt van bespreking (Gallagher 1996:118).

Mariza: *Waar het jy die tweede pastoor gaan sien?*

Rhona: *Ek het hom eers alleen gaan sien by sy huis, na werk. Hy werk ook van die huis af, want hy het 'n spreekkamer daar.*

Mariza: *Hoe het jy daar gevoel?*

Rhona: *Baie beter.*

Mariza: *Hoe was dit anders?*

Rhona: *In die eerste plek dink ek dit was baie meer persoonlik. Hy het my baie meer op my gemak laat voel. As mens by 'n kerk 'counsel' is daar altyd so 'n baie koue atmosfeer. Jy voel nie belangrik nie, jy voel asof jy*

indring maak op hulle tyd. By sy huis het hy my gemaklik laat voel. Dit was by sy huis en ek het sy vrou ontmoet. Sy was besig daar rond, 'n baie meer ontspanne atmosfeer. Die hele 'vibe' was net anders.

Mariza: Hoe het julle by die saak uitgekom?

Rhona: Hy het vir my gevra waarom gaan dit, en ek het toe vir hom die storie vertel, agtergrond gegee, en toe het hy iets baie interessant gesê, **wat ek in die eerste plek reeds vermoed en probeer sê het by ons pastoor. Hy het gesê elke persoon, waar hy op daardie stadium in sy lewe is, is 'n produk van sy verlede.** Ons is dus die produk van keuses en besluite in ons lewens. Baie keer is die keuses en besluite egter verkeerd en dit is wat vir ons die moeilikheid veroorsaak. Hy het ook gesê die enigste manier om uit daardie situasies uit te kom is deur bevryding. Die eerste stap om jou slegte situasie te verander, is bevryding.

Die diskoers wat sê 'die pastoor weet die beste', verhoed Rhona om die bevryding te bevraagteken. Dit is steeds die pastoor se kennis wat funksioneer, ten spyte daarvan dat hy die voorstel van bevryding op 'n meer 'beradingsvriendelike' manier voorgestel het.

Die gedagte dat bevryding nodig is in die berading spruit waarskynlik uit die pastoor se diskoerse oor hoe om berading te doen en hierdie diskoerse beïnvloed sy beradingstyl. Die berading word op die pastoor se kennis gebaseer. Die gevolg is dat die pastoor se kennis funksioneer terwyl Rhona daardeur meegevoer word. In hierdie geval funksioneer mag steeds. Die feit dat gewillig is om aan die berading deel te neem verander nie die magsverhouding nie. Alles wat verder in die berading geskied volg in die bevrydingskonteks. Dit is dus nie Rhona se kennis wat funksioneer nie. Haar kennis eindig nadat sy haar storie vertel het en die pastoor die bevrydingsproses oorneem.

Mariza: As die pastoor gesê het 'bevryding', wat het dit vir jou beteken?

Rhona: Min, maar ek weet wat dit is. Daar word soms daarvoor in die Kerk gepraat, ek het al selfs baie jare tevore mense gehad wat vir my gebid het op 'n bevrydingsmanier. Ek het nie regtig veel kennis daarvan gehad nie.

Mariza: Het hy vir jou verduidelik waarom dit gaan?

Rhona: *Ja, hy het vir my presies verduidelik wat dit is en hoe dit werk. Deel van die bevryding is om sekere stellings agter hom aan te sê.*

Mariza: *Was jy gemaklik om stellings te herhaal?*

Rhona: *Ja, dit het vir my sin gemaak.*

Mariza: *Wat het hierdie stellings behels, was dit van toepassing op jou, of op jou huwelik?*

Rhona: *Kyk die bevryding het eintlik oor my gegaan, alhoewel ek hom gaan sien het oor my huwelik. Hy moes eers bevryding met my doen, voor ons kon aangaan met my huwelik. Dit was algemene bevryding, nie spesifiek in verband met my huwelik nie. **Hy het gesê, voor hy kan begin met sy berading moet ons eers bevryding doen, omdat elke mens is waar hy is, as gevolg van hulle verlede. Hy het gesê dit help nie om berading te doen as daar nie eers bevryding plaasgevind het nie.***

Die kennis van die pastoor het bepaal dat daar eers bevryding gedoen word voordat 'berading' kon plaasvind,. Dit is dus weereens die pastoor se kennis wat bepaal wat die verloop van die berading gaan wees.

Mariza: *Wat het die bevryding behels?*

Rhona: *Dit gaan oor jou verlede. Spreek byvoorbeeld jou ma vry, of jou pa vry, goed wat met jou gebeur het.*

Mariza: *Het hy spesifieke vrae gevra oor jou verlede?*

Rhona: *Ja, byvoorbeeld hoe was my verhouding met my pa en ma, en my familie. Ander vrae was, watse tipe persoon is ek, hoe reageer ek in sekere situasies ensovoorts. In my geval was verwerping 'n groot 'issue'. Ek het inderdaad 'n paar weke later uitgevind dat my ma-hulle moes trou, en dit het vir my sin gemaak, waar die verwerping vandaan gekom het.*

Ek wonder of die idee van verwerping die pastoor se kennis was wat gefunksioneer het, of Rhona se kennis?

Mariza: *Dink jy hy kon 'n goeie prentjie van jou vorm as gevolg van die gesprek wat julle gehad het.*

Rhona: *Ek dink so ja. **Ek het die hele tyd die gevoel gehad hy weet waarvan hy praat, en dit het my op my gemak laat voel.***

'n Mens kry die indruk uit Rhona se stelling, dat die pastoor die hele gesprek gelei het en dat Rhona baie min voorstelle gemaak het oor waarvoor sy wou praat. Rhona was bloot 'n deelnemer aan die pastoor se agenda vir die beradings gesprek. Indien dit wel die geval was, ten spyte daarvan dat Rhona die gesprek positief ervaar het, het mag gefunksioneer. Dit gaan nie vir my oor die keuse van bevryding of nie bevryding nie, maar oor wie die dominante posisie in die gesprek inneem.

Mariza: *Hoe het Leon by die berading ingepas?*

Rhona: *Nog nie op daardie stadium nie. Ek het die pastoor eers alleen gaan sien om net sy opinie en advies te kry en daarna het ek hom saam met Leon gaan sien. Hy het bevryding met my gedoen en vir my gebid toe ek hom die eerste keer gaan sien het.. Daar was nie vreeslike verwagtinge nie, maar ek het verstaan dat daar in die geestelike realm goed plaasgevind. Vir die eerste keer het ek verstaan dat ek dieselfde foute weer sou maak met Leon as ek nie vir bevryding gegaan het nie en dan sou die berading nie veel gehelp het nie.*

Mariza: *Het jy die berading hulpsaam gevind?*

Rhona: *Ek het besef dat ek nooit voel Leon is lief vir my nie. Ek het myself altyd voor hom afgekraak en dit het hom geleer om nie vir my respek te hê nie. Ek was soos 'n bodemlose put. Al het hy my hoeveel liefde gegee, dit sou nooit genoeg wees nie. Noudat ek bewus is daarvan kan ek daaraan werk, al is ons nie meer saam nie.*

Mariza: *Was daar ooit tye wat jy ongemaklik was met die bevryding?*

Rhona: *Ek sou eerder sê daar was tye wat ek eerder bang was vir die onbekende. Kyk, ek het nie geweet wat gaan gebeur as hy vir my bid nie. Ek was nie seker wat kon gebeur nie. Hy het vir my gesê tydens die bevrydingsproses sal ek sekere gevoelens ervaar, of sekere emosies... wat ek tog wel ervaar het... en ek dink as hy dit nie vir my verduidelik het nie, sou dit vir my vreemd gewees het.*

Mariza: *Wat is die moontlikheid dat jy sekere ervarings gehad het, omdat hy voorgestel het dat jy dit moontlik mag ervaar?*

Rhona: *Nee, ek glo darem nie, ek sou anders nie soveel beter gevoel het nadat ek daar weg is nie. **Selfs gedurende die bevryding het ek soms gewonder... snaakse goed gaan deur mens se gedagtes, maar ek het net gedink wel dis seker maar hoe dit moet gebeur...so dit moet nou maar gebeur.***

'n Mens kan sien hoe Foucault (1982:214) se idees oor die 'normalizing gaze' funksioneer in die sin dat Rhona sê dat sy wel gewonder het oor haar ervaring van die bevryding, maar dat sy gedink het 'dit is seker maar hoe dit moet gebeur'. Sy het nie regtig 'n sê gehad oor wat met haar gebeur nie, tog het sy haar aan die bevryding onderwerp. Die pastoor het die proses wel verduidelik maar sy agenda was steeds beslissend dat Rhona bevryding moet ontvang. Omdat Rhona glo dat die pastoor weet wat hy doen, neem sy deel aan die bevryding. Magsdiskoerse wat die pastoor in 'n posisie van bevoordeelde kennis plaas, verblind Rhona om die bevryding te bevraagteken.

Mariza: *Soos wat?*

Rhona: *Wel, ek het gewonder of ek my nie maar verbeel nie. Ek het nie geweet wat om te verwag nie.*

Mariza: ***Dink jy hy het vir jou genoeg inligting gegee om die proses te verstaan?***

Rhona: ***Ja, ek dink so.***

Mariza: *Het hy enige iets gedoen om jou ongemaklik te laat voel?*

Rhona: *Nee, hy het net begin met 'n gebed, en toe het hy gesê ons kom teen die gees van dit en dat, en dan het hy my vrygespreek. Toe het ek goed agter hom aan herhaal soos, dat ek my pa vergewe en mense wat my seergemaak het. Toe het hy vir my gebid.*

Dit wys waarop Rhona agter die pastoor sekere dinge aan moet herhaal, plaas die pastoor in 'n posisie van mag in die sin dat Rhona nie noodwendig 'n keuse het in wat sy herhaal nie. Dit is nie haar kennis wat funksioneer nie. Sy mag wel saamstem dat sy haar pa moet vergewe, maar dit is nie haar kennis wat funksioneer nie. Dit veroorsaak dat die pastoor in beheer is van die berading en nie die kliënt nie. Die pastoor is die ekspert wat die berading beheer.

Mariza: *Het jy saamgestem met alles wat hy gebid het?*

Rhona: *Ja. Hy het wel vir my gesê daar mag miskien goed wees wat ek moet herhaal wat nie op my van toepassing is nie, maar ons maak maar seker dat ons niks mis nie, dit kan nie skade doen nie. Nee, oor die algemeen was daar niks wat my gepla het nie.*

Mariza: *Was daar enige berading, of was dit net bevryding?*

Rhona: *Dit was genoeg vir my, ek was so twee ure daar. Hy het net gesê hy wil ons in die volgende sessie graag saam sien.*

Mariza: *Hy het geen praktiese raad gegee nie?*

Rhona: *Nee, maar daar was eintlik geen raad wat hy kon gee nie, want Leon het klaar sy 'mind' opgemaak om te skei.*

Mariza: *Hoe het dit gekom dat Leon toe saam met jou gegaan het vir berading by hom?*

Rhona: *Ek het presies vir Leon vertel wat gebeur het, van die bevryding, en hy het toe ingestem om saam te gaan. **Ek dink die pastoor se plan was, as Leon gewillig was, om ook met hom bevryding te doen. Dan kan daar miskien iets positief gebeur... 'n deur kan dalk net oopgaan.***

Mariza: *Was Leon gemaklik met die hele situasie?*

Rhona: *Nee, glad nie gemaklik nie.*

Mariza: *Sou dit beter gegaan het as hy miskien meer op sy gemak was?*

Rhona: *Nee, ek glo nie. Hy het sy 'mind' klaar opgemaak en om saam met my na die pastoor toe te gaan, was seker maar sy gevoel van verpligting.*

Mariza: *Hoe het hy Leon verwelkom?*

Rhona: *Hy het hom baie welkom laat voel, vir hom vertel dat ek hom kom sien het, dat hy bevryding met my gedoen het, vertel wat gebeur het. Hy het ook vir hom gesê almal maak keuses wat ons op die plek bring in ons lewens, waar ons is. Hy het gesê hy wil ons graag beraad en dat hy graag met Leon bevryding wil doen. Dit sal in elk geval vir hom goed sal wees en dan vat ons dit van daar af. Ons is toe daar weg. Leon het hom toe op sy eie gaan sien vir bevryding. Ek was nie by nie. Ek weet nie of Leon oor sy verhouding gepraat het nie, maar dit was die laaste gewees. Ons het hom nie weer gaan sien daarna nie.*

Ek het die pastoor nog een keer gaan sien om te hoor wat met Leon gebeur het. Hy het vir my gesê dat elke mens 'n wil het en dat hy alles in sy vermoë gedoen het met Leon, maar dat Leon wil skei. Hy het vir my gesê 'n mens kan bevryding doen, 'counsel', wat ook al, as daardie persoon wil skei, dan is dit sy keuse. Dit is toe dat ek besef het, dit is vir my duidelik dat ek my moet vry maak van Leon.

Mariza: *Hoe so?*

Rhona: *Ek dink ek het net 'n beter idee gehad van waarom alles gaan. Ek was meer bewus van my aandeel, hoe ek ook verantwoordelik was vir die verbrokkeling van die huwelik. Waar ek vroeër gevoel het ek is magteloos, want hy het my nie meer lief nie, het ek besef ek het miskien te veel van hom verwag, en hom so onbewustelik weggestoot omdat ek so op myself gefokus was.*

Het Rhona self tot hierdie slotsom gekom, of was dit eerder die pastoor se kennis wat gefunksioneer het?

Mariza: *Dit was nie asof jy nou die sondebok was nie?*

Rhona: *Nee, glad nie, ek het net besef wat my aandeel in die verbrokkeling was. Waar ek eers heeltemal 'n buitestaander was, wat geen aandeel gehad het nie, het ek ook nou verantwoordelikheid gevat vir my huwelik.*

Mariza: *Het jy die berading dus positief ervaar?*

Rhona: *Ja, al was die uitkoms negatief. Ek dink ek het dit besef, maar die berading het vir my baie beteken, persoonlik.*

Mariza: *Daar was uiteindelik geen huweliksberading nie?*

Rhona: *Nee, ek dink hy het besef dit was nie nodig nie.*

Mariza: *Het hy die Bybel gebruik in die berading?*

Rhona: *Nee, hy het niks met die Bybel gedoen nie.*

Mariza: *Het hy die bevryding nie uit die Bybel verduidelik nie.*

Rhona: *Ja, maar dit was so min, ek kan nie eens onthou wat hy oor die Bybel gesê nie. Die bevryding self was tog alles Bybels. Dit was maar irrelevant. **Jy weet, dit was nie nodig om die Bybel aan te haal nie, ons het albei geweet waarom dit gaan.***

Rhona het aanvanklik gesê dat sy nie heeltemal verstaan waaroor die bevryding gaan nie. Die feit dat sy nou sê dat beide sy en die pastoor geweet het waaroor dit gaan, skep die indruk dat die pastoor se kennis Rhona se kennis geword het. Sy vertrou die pastoor in die outoriteitsposisie in so 'n mate dat sy sê: 'Ons het albei geweet waaroor dit gaan'. Sy vertrou dat die pastoor die regte ding doen en op hierdie wyse funksioneer Foucault se idee oor die 'gaze' (Foucault 1979).

Mariza: *Wat was die verskil tussen hierdie berading en die vorige berading?*

Rhona: *'n Groot verskil, al het ons steeds geskei. **Die tweede pastoor het my gehelp, ek kon voel hy wou my help. Ek het dinge van myself geleer, ek is nou 'n gesonde mens.** Ek het die egskeiding verwerk en ek is regtig gelukkig. Ek dink as ek nie by die laaste pastoor uitgekóm het nie, sou ek nog baie 'unresolved issues' gehad het. Nou is dit 'n boek wat ek kon toemaak, ek is 'n ander mens, met baie meer ervaring en wysheid oor my lewe.*

Rhona se ervaring van die twee pastore wat haar beraad het was baie verskillend gewees. In die eerste geval waar Rhona vir berading gegaan het, het mag op 'n meer 'agressiewe' manier gefunksioneer, deurdat die pastoor *nét* sy kennis laat funksioneer het. Die geslagsdiskoers het ook 'n rol gespeel en Rhona het hom nie positief ervaar nie. Mag het hier baie duidelik gefunksioneer.

Mag het in die tweede geval baie anders gefunksioneer as in die eerste pastoor se geval. Die feit dat die tweede pastoor aan Rhona verduidelik het waaroor die bevryding gaan, het haar die berading baie meer positief laat ervaar. Uit Rhona se ervarings kan mens duidelik die verskillende maniere sien waarop mag kan funksioneer.

In die tweede pastoor se spreekkamer het sy gemaklik gevoel, sy het gevoel daar is werklik belangstelling in haar probleem. Selfs die omgewing het bygedra tot haar positiewe ervaring van die berading. In die tweede geval het mag ook gefunksioneer, maar op 'n meer subtiele manier. Die pastoor was self nie noodwendig bewus van die mag wat funksioneer nie, omdat hy dink hy help bloot iemand met 'n probleem en aangesien bevryding in sy verwysingsraamwerk pas. Mag het egter wel gefunksioneer soos wat ek reeds deur die loop van die

onderhoud gemeld het, dit was net nie so duidelik sigbaar as in die eerste pastoor se geval nie.

Dit is nodig om op die verskillende wyses waarop mag funksioneer te let, ten einde dit in alle fasette van berading aan te spreek.

Mariza: *Jy het hom nie weer daarna gaan sien nie?*

Rhona: Nee, dit was nie regtig nodig nie. Ek het gevoel dit is 'n hoofstuk in my lewe wat verby is. Dit was natuurlik moeilik en dis maklik om nou te praat na drie jaar, maar oor die algemeen het alles goed uitgewerk. Leon is nou met die 'girl' getroud, maar hy bel my nog af en toe en ons is goeie vriende.

7.3 NAGEDAGTE

Die eerste pastoor het Rhona nie op haar gemak laat voel nie, sy het gevoel asof sy haarself moes verdedig. Hy het baie raad gegee ten op sigte van die verhouding en tog was die raad nie vir Rhona relevant nie. Sy het gevoel asof hy die raad wat hy vir hulle gee, vir enige paartjie kon gegee het, wat hom kom sien vir berading.

Die wyse waarop die eerste pastoor haar bydrae tot die berading geïgnoreer het en haar uit die spreekkamer gestuur het, was ook 'n voorbeeld van mag wat gefunksioneer het. Rhona het gesê dat sy seker was dat 'n ander berader meer vir hulle sou kon beteken. Dit dui daarop dat die pastoor nooit werklik Rhona se kennis laat funksioneer het nie.

Die tweede pastoor het 'n ander beradings benadering gehad. Die vraag of Rhona noodwendig *goeie* berading by die tweede pastoor ontvang het is nie die punt van die bespreking nie, maar wel hoe mag tydens die berading gefunksioneer het.

Mag het wel gefunksioneer, maar op 'n meer subtiele wyse. Die pastoor het Rhona nooit ongemaklik laat voel nie en selfs wanneer hy vir haar verduidelik het wat hy in sy berading wou bereik, het hy haar betrek en gevra of sy verstaan

waaroor alles gaan. Rhona het gesê dat dit vir haar gevoel het of hy haar wou help en dat sy na die berading 'n meer gesonde mens is. Die tweede pastoor se kennis het wel die beradingsproses gerig deur die bevryding, maar daar is 'n tog 'n duidelike onderskeid tussen Rhona se ervaring van die twee pastore. Selfs al het haar huwelik steeds nie uitgewerk nie, was sy tevrede met die berading wat sy ontvang het.

Rhona se ervaring van die twee pastore was vir my baie interessant omdat mag wel in albei situasies gefunksioneer het, in die een wel in 'n mindere mate, maar Rhona het die berading waar sy gevalideer gevoel het baie meer positief ervaar. Haar kennis het by die tweede pastoor in 'n groter mate gefunksioneer omdat sy gevoel het sy kon die vrymoedigheid neem om vrae te vra. Alhoewel haar kennis nie baie gefunksioneer het nie, het sy tog gevoel dat sy enige tyd iets kon sê indien sy sou wou en dat die pastoor haar werklik wou help.

HOOFSTUK 8

SLOT: BEWUSTHEID SKEP VERANTWOORDLIKHEID

In die vorige hoofstukke het ek gepoog om die deelnemers se stories te vertel, die konteks waarin die narratiewe plaasgevind het en die kompleksiteit van die deelnemers se sake ondersoek sodat ek kon bydra om die begrip van mense en hul ervarings uit te brei. In hierdie slothoofstuk wil ek graag reflekerend op die navorsing terug kyk.

Vanuit hierdie perspektief is die rol van die deelnemers se stories nie om 'n spesifieke oplossing te vind wat veralgemeen sal word ten opsigte van soortgelyke situasies nie, maar hierdie stories vermeerder die interpretasies, kennis en ervarings beskikbaar, wat verandering teweeg kan bring (Clandinin & Connelly 1991:263).

Die implikasie hiervan is dat ons, die gemeenskap bewus word van belangrike, relevante situasies waarmee ons kan identifiseer, en verder, om ondersoek in te stel na dit wat vir ons belangrik is binne 'n gemeenskap. Ek het die magspraktyke wat deur die pastore wat bybelse berading beoefen, krities ondersoek en ge-evalueer, sodat die navorsing 'n positiewe rol kan speel in die ontwikkeling van pastorale berading in die AGS Kerk (White 1995:14). Hierdie navorsing kan dan moontlik gebruik word om by ander bybelse beraders 'n bewustheid te skep van hoe sekere kliënte die terapeutiese proses ervaar en daaruit leer om terapie meer optimaal te maak.

Deur die loop van die navorsingsgesprekke, het ek bewus geword van die stories van die deelnemers, hoe hulle ervarings deur hierdie navorsing 'n stem kry en deur grense kan breek sodat ander in die gemeenskap met hulle kan identifiseer of hulle stemme kan hoor (Ballard 1994:23,24). Nadat ek die stories van die deelnemers gehoor het, wou ek die diskoerse van mag wat die kliënt stil gemaak het, onder die soeklig stel, sodat die wat stil geword het in pastorale berading, se stemme deur hulle stories gehoor kan word (Clegg 1994:171).

8.1 REFLEKSIE OOR DIE NOODSAAKLIKHEID EN BELANG VAN DIE STUDIE

Ek het hierdie navorsing geïdentifiseer as 'n studie wat 'n bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van pastorale werkswyses. Die studie het binne die AGS Kerk geskied en was eties en epistemologies verantwoordbaar. Hierdie punt word later in die hoofstuk meer volledig bespreek. Ek wou graag uitvind hoe mense pastorale berading ervaar om te sien hoe mag binne die beradingsgesprek funksioneer, in die hoop om meer insig te kry van hoe magsverhoudings pastorale berading beïnvloed.

Tweedens was dit ook vir my belangrik dat pastorale berading nie stagnant raak nie. In die navorsing wou ek 'n bydrae lewer tot berading binne die AGS Kerk deur na die ervarings van die deelnemers van my navorsing te luister. Sodoende kan daar 'n bewustheid geskep word van magspraktyke in pastorale berading, wat moontlik tot verdere navorsing kan lei op 'n gebied wat tot dusver nog min aandag geniet het.

Ek dink die feit dat ek self by die AGS Teologiese Seminarium gestudeer het en aan die AGS Kerk behoort, sê dat ek nie 'n buitestander is wat die Kerk se pastore en die wyse waarop hulle berading doen, bloot wil kritiseer nie. Ek is eerder 'n mede-pastorale berader wat ander pastore bewus wil maak van magsfunksionering wat beradingsresultate binne die pastorale praktyk kan beïnvloed. In die proses van die navorsing wou ek mag dekonstueer om die transformering van die pastorale praktyk te bewerkstellig sodat lidmate van alle kerke daaruit kan baat en daar alternatiewe metodes van pastorale praktyk ondersoek kan word. Ek wil dus 'n positiewe rol speel in die ontwikkeling van pastorale berading (Foucault 1982:215).

Wanneer ek bestaande praktyke bevraagteken met die oog op verandering, wil ek myself nie in die 'ekspert' posisie plaas, waar ek krities staan teenoor pastorale berading nie. Wanneer ek pastorale berading bevraagteken doen ek dit met behulp van die stories van die deelnemers van my navorsing, juis omdat

hulle eerstehandse ervaring het van hoe magfunksionering ervaar word in bybelse berading. Met die hulp van hierdie mense se stories wou ek 'n bewuswording te weeg bring, met die oog op transformasie in die pastorale praktyk.

8.2 REFLEKSIE OOR DIE PROBLEEM- EN DOELSTELLING VAN DIE STUDIE

In die onderhoude wat ek gevoer het, het deelnemers se vertellings getoon hoe mag gefunksioneer het in hulle beradingservarings. Dit het duidelik geblyk uit die gesprekke dat sommige deelnemers selfs getraumatiseer gevoel het na die berading wat hulle ontvang het. Een deelnemer (Joyce) het byvoorbeeld die volgende gesê van haar beradingservaring: 'You know this was an experience that happened to me, and it stayed with me. You know, it was two years ago, but I can remember everything that had been said. Untill now, I will think twice before going for counseling'.

Ander deelnemers, soos AJ, was nie so bewus van die magsverhouding wat gefunksioneer het nie, maar uit ons gesprekke het dit duidelik geblyk dat mag wel gefunksioneer het, alhoewel nie so opsigtelik soos in ander deelnemers se gevalle nie (sien hoofstuk 4).

Ek glo dat ek wel kritiese evaluasies kon maak uit die gesprekke met die deelnemers (Denzin & Lincoln 1994:4). Op grond van die literatuur wat ek omtrent magsfunksionering in berading bestudeer het, het mag in al die beradingservarings wat ek bespreek het gefunksioneer.

8.3 REFLEKSIE OOR DIE KONSEPTUELE EN TEOLOGIESE RAAMWERK

In die navorsing het ek die epistemologiese uitgangspunte onderskei wat vervolgens bespreek word om 'n basis te lê vir die navorsing en om die navorsing wetenskaplik verantwoordbaar te maak (Botha 1998:44).

Die studie oor hoe mag in pastorale berading funksioneer, het kennis aan die lig gebring deur die wyses waarop die deelnemers mag in pastorale berading ervaar het. In die prosessering van hierdie kennis kan ek die aanname maak dat magsfunksionering wel 'n probleem is wat aangespreek behoort te word in die AGS Kerk. Dit was duidelik dat sommige deelnemers bewus was van die effek van mag in die beradingsproses op grond van die ervarings wat hulle in die berading gehad het. Hulle het egter nie die kennis gehad om die ervaring van magsverhoudings korrek uit te druk of aan te spreek nie, en selfs al het hulle die kennis gehad oor hoe mag funksioneer, wonder ek of hulle die vrymoedigheid sou hê om die diskoerse van mag uit te daag, omdat die pastorale beradingsstelsel waarbinne mag funksioneer deur reedsbestaande diskoerse beheer word (Meier et. al. 1991:338-340). Hierdie diskoerse en die effek wat dit op kliënte het, is reeds in meer detail in vorige hoofstukke bespreek.

Epistemologie gaan oor die relasie tussen *hoe* en *wat* die mens dink, waarneem en besluit. Die deelnemers het emosies beleef wat hulle geïnternaliseer het omdat die diskoerse van mag hulle verhoed het om die pastoor se berading te kritiseer, en hulle nie toegelaat het om die berading te bevraagteken nie (Parker 1989:63).

Om hierdie punt te illustreer haal ek weereens Joyce aan: 'I think maybe I don't have the ability to express myself very well, so I don't know if it was because of that, that he couldn't understand what I was feeling'. Joyce het die magsverhouding geïnternaliseer en het gedink dat sy die oorsaak was dat die pastoor nie kon verstaan hoe sy voel nie. Aangesien Joyce gesê het dat sy nie werklik kans gekry het om die dinge aan te spreek wat haar gepla het nie, kan

mens sê dat Joyce se eie kennis nie werklik gefunksioneer het nie. (Drewery & Winslade 1997:42).

Die pastoor met wie Joyce gepraat het, het nie haar vrae beantwoord nie, maar eerder die dinge bespreek wat hy as belangrik vir die berading gesien het. Joyce het onder andere gesê: 'We never got to the issue [of my problem]'. Wat Joyce hier sê bevestig die onderdrukkende en ontkennde funksionering van mag in die berading. Joyce het ook verder gesê: 'I felt a bit intimidated', aangesien hy haar byvoorbeeld nie in die oë gekyk het terwyl hulle die onderhoud gevoer het nie. Sy het hierdie gebaar van die pastoor ook geïnternaliseer (McBride 1996:182) en gesê: 'You don't know what a pastor has knowledge of...'. Dit dui op die diskoers waar algemeen aanvaar word dat die pastoor oor kennis beskik wat nie vir die gewone mens op straat tot beskikking is nie (Goodrich 1991:53). (Die funksionering van mag in Joyce se geval word in hoofstuk drie bespreek.)

Epistemologie het verder 'n invloed op hoe mense die navorsing lees. Ek het gepoog om 'n goeie refleksie te gee van die ervarings van die deelnemers en het op hulle gesprekke gereageer met kommentaar. Dit beteken dat die leser van die navorsing 'n beeld kan kry van hoe mag in pastorale berading funksioneer. Daar het ook by my 'n groter bewuswording ontstaan oor die funksionering van mag, in die sin dat ek deur die stories en ervarings van die deelnemers, tot 'n groter kennis gekom het oor die ervaring van mag in pastorale berading (Freedman & Combs 1996:11). Deur die deelnemers se oë kon ek beter verstaan hoe dit voel om berading te ontvang, waar die persoon nie gehoor word nie en die effek van mag wat onderdrukkend funksioneer.

Aangesien mag oral teenwoordig is in die mag/kennis verhoudinge waarin mense betrokke is (Foucault 1980:98) gaan dit eerder oor die wyse waarop mag funksioneer. Die fokus van my studie was hoofsaaklik op die invloed en effek van onderdrukkende magspraktyke binne pastorale berading wat 'n negatiewe uitwerking op berading tot gevolg het. Ek het egter ook gekyk na die wyse

waarop mag op 'n positiewe wyse kan funksioneer, deurdat dit onder andere 'n bewuswording skep van onderdrukkende magspraktyke.

Ek het deur die navorsing gesien, dat die pastoor se kennis hoofsaaklik in al die gevalle van my deelnemers se gesprekke primêr gefunksioneer het. Dit beteken dat die pastoor die rigting van die beradingsgesprek bepaal het, en nie noodwendig die kliënt se bekommernisse en vrae aangespreek het nie. Dikwels was die kliënt se vrae oor die hoof gesien en dit het die beradingservaring net meer negatief gemaak. Die pastoor was as die ekspert gesien en in 'n paar deelnemers se gevalle het hulle die pastoor se 'raad' glad nie bevraagteken nie, maar aanvaar dat hy die beste weet. Dit het gedui op die diskoers waar die pastoor oor 'goddelike kennis' beskik, wat nie bevraagteken mag of behoort te word nie (Rossouw 1993:900).

Epistemologie het verreikende implikasies ten opsigte van die etiese verantwoordelikheid van die mens, juis omdat dit die mens is wat moet besluit of iets moreel verantwoordbaar is, al dan nie (Barbieri 1998:369). Dit is my hoop dat ek deur die navorsing 'n bewustheid sal skep by die leser, dat mag 'n faktor is in pastorale berading wat ontbloot behoort te word, sodat ons moreel verantwoordbaar kan wees vir die kliënte wat vir pastorale berading kom, en onbewus is van mag wat in pastorale berading negatief kan funksioneer. Hierdie magsfunksionering het die potensiaal om die positiewe effek van berading totaal en al te ondermyn (Rossouw 1993:902).

8.3.1 Die rol van die Bybel in AGS pastorale berading

Die AGS Kerk se berading berus hoofsaaklik op 'n konfessionele praktiese teologie. By konfessionele berading word die praktyk ondergeskik gestel aan die gesag van die Bybel. Die Bybel word as die finale bron van kennis gesien in die berading van probleme en bybelse 'waarhede' word die riglyn vir berading. Ek het gewonder of die konfessionele benadering tot praktiese teologie nie meer

geneig is om baie geïsoleerd te wees in die oplossing van probleme nie. Ek het hierdie aanname gemaak omdat daar dikwels in konfessionele berading, 'eenvoudige' moontlikhede oorweeg en voorgestel word, wat Bybel-gesentreerd is, maar nie die kompleksiteit van kliënte se probleme in al die fasette ondersoek nie. Dit het my verder laat dink dat die wyse waarop die Bybel in konfessionele berading gebruik word, in heroorweging geneem moet word (Botha 1998:136). Die wyse waarop die Bybel as 'beradings-instrument' gebruik word, beklemtoon die vraag: Is die raad wat vanuit die Bybel gegee word altyd relevant en van toepassing op die kliënt se probleem? (Botha 1998:137).

Uit die navorsing het dit duidelik geblyk dat die voorskriftelike manier waarmee daar met die Bybel omgegaan is, die deelnemers dikwels laat voel het dat hulle probleme nie aangespreek was nie (Collins 1989:22). So het Sunet byvoorbeeld gesê: 'Die Bybel was die hele tyd ingebring, hy het vir ons Skrif gegee vir alles wat ons moes doen. Dit is maklik om 'n skriffie voor te gooi oor hoe 'n mens dinge moet doen, maar in die praktyk werk dit nie altyd so maklik nie. Dit is nie iets wat outomaties weggaan net omdat jy doen wat die Bybel sê nie.'

Dit het verder uit die navorsing geblyk dat sosiale probleme en hedendaagse dillemas soms nie in konfessionele berading deur die Bybel aangespreek was nie, vandaar die frustrasie by die deelnemers dat die raad wat vanuit die Bybel gegee is, nie op hulle probleme relevante antwoorde verskaf het nie (Bobgan en Bobgan 1979:11). MacArthur & Mack (1994:262) sê:

I have seen some counselors prepare beforehand what they are going to say to a counselee, and then proceed to share that instruction without confirming that it is relevant to the person's needs. This is a waste of time, because even though the counsel may have been biblical and accurate, it did not contribute to the process of change in that particular case.

Dit het ook gelyk of die interpretasies van die Bybel, deur die pastoor se kennis beoordeel was. Die gevolg was dat die deelnemers se kennis as ongeldig

verklaar was. Pattison (1993:117) sê: 'The direct quotation of scripture may add an authority to the utterances of a pastor which they do not really possess or deserve.' Hierdie wyse waarop die Bybel gebruik is, het dit vir my duidelik gemaak hoe maklik die Bybel as magsinstrument in die hand van die pastoor kan funksioneer (Lindsay 1984:95).

Die wyse waarop mag gefunksioneer het, het die gevolg gehad dat die kliënt die pastoor se woord aanvaar, sonder om die pastoor se interpretasie van die Bybel ooit te bevraagteken. Die ervaring van die deelnemers het my laat wonder hoe dit moontlik is om konfessionele praktiese teologie toe te pas sodat die funksionering van mag in berading meer sigbaar kan wees, met die gevolg dat berading meer eties en verantwoordbaar kan geskied (Kotzé 2002).

Die ervaring van konfessionele berading by die deelnemers het my laat wonder of die Bybel eerder op die kontekstuele teologiese wyse 'n rol in berading behoort te speel. Die beradingsgesprek sal dan in 'n groter mate op die kliënt se unieke probleem van toepassing wees.

Ek besef wel dat mag ook 'n rol sou speel in kontekstuele berading, soos in alle verhoudings (Foucault 1980:82), maar omdat die kliënt se omstandighede en gemeenskap, sy politiese, ekonomiese, ontwikkelings, ekologiese, en mediese probleme in ag geneem word in kontekstuele berading, kan hierdie tipe berading meer eties verantwoordbaar wees, omdat die kliënt deel is van die beradingsproses sonder dat sy/haar kennis en omstandighede verlore gaan (Botha 1998:138).

In kontekstuele pastorale berading word al die verskillende aspekte wat die kliënt as belangrik beskou, in ag geneem en geïnkorporeer tydens die berading. Sodoende word 'n 'kits-Bybel-oplossing' nie op alle kliënte met dieselfde probleme van toepassing gemaak nie. Die kliënt se unieke omstandighede word in perspektief gebring (Walker 1998:9).

8.3.2 Die invloed van geslags- en patriargale diskoerse op die funksionering van mag

Uit die navorsing het dit geblyk dat 'the greatest concentration of power rests in the hands of the elites of...ecclesial hierarchies' (McBride 1996:182). Ek het hierdie aanname gemaak op grond van die feit dat die pastore hoofsaaklik die posisie van mag tydens die berading beklee het. Uit die gesprekke met die deelnemers het dit geblyk dat die 'mag' waarna McBride verwys, geïntensifiseer het wanneer dit 'n manlike pastoor was wat 'n vrou beraad het. Joyce het byvoorbeeld die volgende gesê oor haar ervaring met 'n manlike pastoor: 'There was no warmth. There was no, "I can feel with you what you are going through". Maybe I was expecting too much.' Later het sy berading ontvang by 'n vrou. Ek het vir haar gevra hoe sy hierdie ervaring anders ervaar het. Sy het dit as volg beskryf: 'It was much more relaxed, we sat in her lounge, we made coffee, she told me a bit about herself.... she encouraged me.'

Joyce se openbaring het my laat dink dat vrouens wel berading anders ervaar wanneer hulle deur vrouens beraad word. Daar is minder magsfaktore betrokke, soos die patriargale diskoers 'n groot rol speel in ons gemeenskap.

Bons-Storm (1996:137) ondersteun hierdie stelling:

Most pastors will declare that they are not patriarchal... however, they also have to look at the assumptions undergirding the psychological and theological theories they use in their work. These assumptions, which are nearly always patriarchal because they fit in the dominant belief system, easily betray their avowed emancipatory attitudes.

Ek het ook gedink dat mans dikwels saam staan om die patriargale diskoers te beskerm (Gilligan 1982:29). Ek het hierdie aanname onder andere gemaak op grond van wat Maryke se ma, Veronica, gesê het (sien hoofstuk 5). Sy het genoem dat haar man, Vincent, die pastoor verdedig het, deur te sê dat die pastoor sy bes probeer in die berading. Ek het vir haar gevra waarom dink sy het hy dit gesê. Sy het geantwoord: 'Ek dink hy het dit seker maar uit 'n man se perspektief gesien, bietjie minder emosioneel en meer logies.' Hierdie stelling

onderstreep die effek van die patriargale diskoers en magsverhoudings binne die beradings proses (Bruner 1990:114).

In die navorsing het dit ook geblyk dat vroulike deelnemers, dikwels eerder in stilswye sou verval as om deur die manlike pastoor gekritiseer te word (Bons-Storm 1996:9). Maryke het byvoorbeeld gesê: 'Ek moes miskien vroër gaan praat het, maar ek het nie geweet dit gaan so 'n bohaai afskop nie en *ek was bang.*' Sunet het ook gesê: 'Ek was net baie stil. Ek het gevoel ek is die "outsider", en hulle (die pastoor en Sunet se man) bespreek my.'

Bons-Storm (1996:11) sê:

Many women find it difficult to tell a pastor or counselor about their problems. They are not sure they can find the right words, and frequently they have a vague or even acute sense of embarrassment in referring their problems to a pastor or counselor. Women often ask themselves, 'Isn't this problem somehow my own fault?' or 'Is this problem even worth discussing?' Consequently, women fall silent.

Ek het gedink dat hierdie 'stilswye' deurlopend in die deelnemers van die navorsing gesien kon word. Joyce het ook gesê: 'I didn't come out of it feeling good'. Dit was hierdie tipe onthulling in my gesprekke met die deelnemers, wat my laat besef het dat ek met 'n baie belangrike saak besig was. Ek wou 'n bewustheid skep, sodat pastore kan besef hoeveel impak hulle woorde en dade binne die spreekkamer het (Meier et.al. 1991:338-340).

Die wyse waarop hierdie deelnemers opgetree het, deur in stilswye te verval dui op patriargale mag wat funksioneer, waar die man (pastoor) se kennis as superieur gesien is (Kline 1993). Die wyse waarop vrouens gereageer het in magsituasies was uiteenlopend ten opsigte van hulle ervarings en verwagtinge ten opsigte van die berading (Kotze & Kotze 1997:4).

Deurdat ek die negatiewe effek van patriargale diskoerse op berading kon sien, wou ek die implikasies van die etiese verantwoordelikheid van die pastoor as berader teenoor vroulike kliënte onderstreep. Ackermann (1996:45) sê:

The role of the theologian is but one strand in this web of accountability. The theologian stands alongside the prophets, poets, artists, writers and other visionaries, one in a band seeking to express the spirit and experience of people searching for healing and freedom.

McLean(1994:2,3) vat dit verder saam deur te sê:

[Accountability structures] offer a practical way forward. They start from the recognition of the centrality of structured power differences in our society, and develop means of addressing them, so that groups that have been marginalised can have their voices heard... accountability... is primarily concerned with addressing injustice. It provides members of the dominant group with the information necessary for them to stand against the oppressive practices implicit within their own culture, of which they often be totally unaware.

8.3.3 ‘Die pastoor weet die beste...’

‘n Diskoers wat in ‘n groot mate in die gesprekke na vore gekom het, was die diskoers wat bepaal dat ‘die pastoor die beste weet’ hoe om probleme op te los en dus oor kennis beskik wat ‘gewone mense’ nie het nie. ‘People with a pre-modernist orientation toward religion regard religious leaders and clergy as leaders with access to “truth”, voicing God, or the Deity’s will.’ Kotzé (2002:14) beskryf dit: ‘Hierdie diskoers het die effek gehad dat die kliënt heeltemal onbewus was van mag wat in die berading kon funksioneer. Dit was asof die pastoor in direkte kontak met God is om die perfekte oplossing voor te skryf vir probleme.’ Goodrich (1991:53) sê: ‘Power can be observed in various forms, including coercive, expert, legitimate, and referent...Expert power is what accrues from a certain level of expertise, degree, or title.’ Die gevolg is dat die pastoor nie baie bevraagteken word nie, wat onderdrukkende magsverhoudinge versterk (White 1991:24). Die effek van hierdie diskoers wat gefunksioneer, is dat die ontevredenheid met die berading wat ontvang is, geïnternaliseer word. Die kliënte het die fout dus by hulleself gesoek, eerder as om die pastoor te kritiseer. Deur hierdie tipe diskoerse is die kliënt se stem stil gemaak in die berading en

het die pastoor se kennis gefunksioneer wat die onderdrukkende magsverhouding soos wat Foucault (1980:101) dit beskryf, verder versterk het.

Aangesien ek die navorsing vanuit 'n post-modernistiese benadering benader het, wou ek dit wat as waarheid aanvaar word, bevraagteken - spesifiek diskoerse - in die lig van die funksionering van mag. Ek het byvoorbeeld die diskoers bevraagteken wat voorstel dat die pastoor die ekspert is, van hoe kliënte se probleme aangespreek behoort te word (McNamee & Gergen 1992:25).

Ek het uit die gesprekke met die deelnemers gevind dat die pastoor *nie* die ekspert op die gebied van die kliënt se probleem is nie, omdat die kliënte oor die algemeen ervaar het, dat die pastoor nie verstaan wat hulle probleem werklik was nie. Ek het gevind dat die kliënt self die ekspert van sy/haar eie lewe is en dat die pastoor se verantwoordelikheid nie sentreer rondom die 'goeie raad' wat hy gee nie, maar eerder moet wees om hulle te begelei om hulle probleme self aan te spreek (Mc Namee & Gergen 1992:38).

8.3.4 Die rol van taal in die magsdiskoers

Vir my as postmodernis word die werklikheid geskep deur dit wat mense met mekaar skep deur taal en gesprek. Dialoog binne die gemeenskap is dus van uiterse belang, omdat sogenaamde waarheid sy oorsprong daar het. Die mens as die interpreteerder van kennis en 'waarheid' word 'n baie belangrike instrument in die aannames van wat ons as waarheid en kennis beskou (Foerster 1994:288). So is dit die diskoerse van 'n gemeenskap wat bepaal watter kennis as waarheid bestempel word, asook wat as reg en verkeerd bestempel word (Freedman & Combs 1996:38).

Ek het in die navorsing besef hoe 'n belangrike rol taal speel in die wyse waarop die deelnemers na hulle beradingservarings verwys het. Dit was duidelik dat die diskoerse wat in hulle lewens prominent is, soos wat hulle van 'n pastorale

berader verwag, hulle ervaring van die berading wat hulle ontvang het, ingekleur en bepaal het. Hierdie realiteite het werklike effekte in die deelnemers se lewens gehad (Kotzé 1992:71).

Ek het byvoorbeeld in die navorsing gesien hoe taal nuwe realiteite deur sosiale konstruksie skep. 'n Voorbeeld hiervan is waar Joyce dievolgende oor haar beradingservaring gesê het: 'I got to listen to what I said. I always thought something was wrong with me, when I went to see those pastors, but today's discussion actually made me realize I couldn't have been that bad.'

Ek het dus uit die navorsing gesien dat die mens voortdurend kies hoe hy homself, sy omgewing en gemeenskap wil verstaan (Freedman & Combs 1996:29-30).

Vanuit 'n postmodernistiese benadering is die werklikheid, *dit* wat mense met mekaar skep deur taal en gesprek. Taal is 'n interaktiewe proses (Freedman & Combs :28). Dit wat die deelnemers ervaar het tydens hulle gesprekke met die pastoor, is geskep deur die taal wat tydens die gesprekke gebruik is (Hare-Mustin en Marecek 1988:459). Ek het gevind dat woorde soms vir die kliënt onverstaanbaar was omdat die pastoor op 'n vlak gekommunikeer het wat die kliënt laat voel het, dat die pastoor nie verstaan wat hy/sy wil sê nie. Deur die gebruik van 'pastorale taal', waar die kliënt nie verstaan wat gesê word nie, kan mag funksioneer en sodoende word die kliënt geïsoleer in sy ervaring van moedeloosheid en pyn.

Maryke het byvoorbeeld gesê: '...dit het vir my gevoel asof ek 'n mislukking is. Sy manier van praat, die manier waarop hy na my gekyk het...'. Adams (1981:64) sê: 'The very choice of vocabulary coupled with the attitude of the counselor and the expression on his face can be of major significance'. Wat Adams hier beskryf is juis die elemente wat ek gevoel het, die magsverhouding versterk. Deur die woorde wat die pastoor gebruik, was sekere stellings en aannames gemaak wat bepaal het hoe mag funksioneer.

8.4 REFLEKSIE OOR DIE BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Aangesien slegs ses persone aan die navorsing deelgeneem het, kon ek onmoontlik 'n ware spieëlbeeld gee van die algemene praktyk van pastorale berading in die AGS Kerk en die ervaring van mag binne beradingsituasies. Die motivering vir die studie was om bloot ondersoek in te stel of daar wel 'n ervaring van mag in pastorale berading kan wees en in watter mate hierdie magsverhoudings ervaar is deur die kliënt. As mens egter uit die navorsing se oogpunt kyk hoe berading in die praktyk geskied, is die navorsing relevant vir die bewusmaking van negatiewe magspraktyke wat moonlik 'n realiteit in sommige pastorale praktyke is (Meier et. al. 1991:338-340).

Alhoewel die funksionering van magsverhoudings in al die beradingservarings van die deelnemers opmerklik was vir my as navorser, is dit so dat nie al die deelnemers die pastore negatief ervaar het nie.

Rhona was byvoorbeeld baie positief oor die berading wat sy by die laaste pastoor ontvang het. Sy was ook nie daarvan bewus dat mag gefunksioneer het in haar gesprek met die laaste pastoor nie. Sy het gesê: 'Ek het die hele tyd die gevoel gehad hy weet waarvan hy praat, en dit het my op my gemak laat voel.' Dit het dus duidelik geword in die navorsing dat die ervaring van mag in pastorale berading nie noodwendig negatief beleef word nie. Rhona het die wyse waarop die pastoor leiding geneem het in die gesprek baie positief ervaar. Die ervaring van hoe mag funksioneer kan dus van persoon tot persoon op verskillende maniere ervaar word (Foucault 1984:92).

8.5 REFLEKSIE OOR DIE ALGEMENEN BESKRYWING EN MOTIVERING VIR DIE NAVORSINGSBENADERING

Hierdie navorsing was kwalitatief van aard, wat beteken het dat die klem op die navorsingsproses, die deelnemers en dit wat ondersoek was, geplaas is. Ek het ondersoek ingestel na die ervaring van mag in die beradingsverhouding tussen die kliënt en die pastoor wat die berading doen (Bannister et al:1994). Kwalitatiewe navorsing het vir my beteken dat elke persoon wat aan die

navorsing deelgeneem het, 'n konteks verteenwoordig wat in een of ander aspek varieer (White 1995:14). Dit is egter hierdie variasies wat belangrike implikasies kan hê. tog is die deelnemers toegelaat om hulle eie verstandhouding, interpretasie, toepassing en evaluasie rondom die onderwerp te ontwikkel.

Alhoewel die deelnemers aan die navorsing verskil van plek, persoonlikheid en konteks, was die aspekte van hoe mag funksioneer het, vir my as navorser deurlopend sigbaar. Ek het ervaar dat klein variasies belangrike implikasies gehad het soos dat verskillende deelnemers die magsverhouding verskillend ervaar het. Deurdat ek na die stories van die deelnemers geluister het, kon die ervarings van mag gedekonstrueer word en hierdie verskillende aspekte ondersoek word (Freedman & Combs 1996:11).

Ek het die kwalitatiewe navorsing gesien as deel van 'n debat, eerder as 'n vasgestelde waarheid. Die deelnemers se lewens het nie net rondom eksterne, feitelike 'realiteite' gedraai nie, maar eerder rondom dit wat hulle as werklikheid ervaar het. Hierdie werklikheid word bepaal deur hulle kultuur, waardes, geloof en geslag (Denzin & Lincoln 1994:8).

Kwalitatiewe navorsing het die platvorm geskep vir die navorsing wat die ervaring van mag kon ondersoek in die beradingsproses. Wanneer kwalitatiewe navorsing gedoen word, is daar 'n interpretasie proses wat dikwels die gevolg het dat daar 'n verskil sal wees tussen dit wat ons weergawe van die werklikheid is, en die dinge wat ons wil verstaan. 'n Deelnemer kan dus 'n ander ervaring hê, as wat die navorsing wil 'bewys'. Deur hierdie verskille aan die lig te bring kan 'n debat geskep word oor die onderwerp van mag in die spreekkamer, en sodoende word 'n groter bewuswording van mag geskep (White 1995:15). Dit was ook die rede vir die keuse van hierdie tipe navorsing.

8.6 REFLEKSIE OOR DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE

In die kwalitatiewe navorsing het ek een tipe navorsingsmetodologie gebruik, naamlik bevrydende aksie navorsing (Zuber-Skerritt 1996:3). Bevrydende aksie navorsing was baie relevant vir my navorsingstema omdat dit baie bewus is van hoe mag binne die navorsingsverhouding aanwesig kan wees. Dit is baie moeilik om in 'n gespreksituasie te verhoed dat mag glad nie funksioneer nie (Foucault 1980:99). Hierdie tipe navorsing het nie noodwendig verhoed dat mag in die gesprekke wat ek met die deelnemers gehad het, funksioneer nie. Zuber-Skerritt (1996:132) sê: 'obviously, power cannot be excluded from the research process and is reproduced in various forms rather than reduced: it is a constitutive feature of every social relationship.' Die feit dat ek bewus was van die wyse waarop mag kan funksioneer het my egter versigtig gemaak om dit so ver moontlik aan te spreek.

Ten spyte daarvan dat ek die funksionering van mag sover moontlik probeer reduceer het in my gesprekke met die deelnemers, het dit tog gefunksioneer. Dit het veral gebeur wanneer ek my kennis laat funksioneer het, en nie die kennis van die deelnemer verder ondersoek het nie. Dit kan gesien word waar ek soms 'n vraag gevra het ten opsigte van 'n volgende punt van bespreking, terwyl die deelnemer miskien nog iets wou sê wat op die vorige punt van toepassing was. Deur my kennis te laat funksioneer het mag gefunksioneer. Dit het my weereens laat besef presies hoe maklik mag 'n ander persoon se stem kan stil maak (Webb 1996:156).

Om hierdie punt te illustreer kan ek na my gesprek met Rhona verwys, waar ek vir haar gevra het of die pastoor haar probleem aangespreek het tydens die berading. Sy het daarop geantwoord: 'Ja, hy het seker, maar hy kon my nie regtig help nie, want Leon het my as persoon verwerp. Dit was nie dat ek iets verkeerd gedoen het wat ek moes regmaak nie. Leon het gesê hy vind my nie aantreklik nie. Ek is nie mooi genoeg nie, hy voel niks vir my nie, so waaraan moet ek werk?'

Rhona het in hierdie antwoord 'n baie pynlike openbaring gemaak, naamlik dat haar man haar nie aantreklik gevind het nie, en dat dit vir haar 'n groot deel van die rede was waarom hy haar verlaat het. Haar vraag aan my: '...so waaraan moet ek werk?' kon 'n noodkreet gewees het om na antwoorde te soek vir die situasie waarin sy haar bevind het. Ek het egter geensins op hierdie openbaring van Rhona gereageer nie, en gevolg met die vraag: 'Hoe het die Bybel 'n rol gespeel in die berading?' Hierdie is 'n tipiese voorbeeld van hoe mag in my gesprek met Rhona gefunksioneer het... Ek het by die 'onderwerp' van *my* navorsing gebly deur met 'n vraag te volg wat op die navorsingsonderwerp van toepassing was. Rhona het nodig gehad om oor haar pyn en teleurstelling te praat, terwyl ek dit oor die hoof gesien het en eerder op die onderwerp van *my* keuse en belang gefokus het. Op hierdie wyse het mag gefunksioneer deurdad my kennis die gesprek gerig het.

Dit het my laat besef dat die bewuswording van hoe mag in terapeutiese gesprekke funksioneer, prioriteit behoort te geniet, juis omdat dit so maklik 'n terapeutiese gesprek kan domineer, soos in my gesprek met Rhona.

Diskoers dekonstruksie het vir my baie goed gewerk in die navorsing omdat mag dikwels verskuil gelê het in die gesprekke met die deelnemers en deur diskoers analise het magsaspekte sigbaar en identifiseerbaar geword, sodat ek dit kon aanspreek (Bannister et. al. 1994). Ek was aanvanklik nie bewus van die wyse waarop mag ook in my gesprekke met die deelnemers gefunksioneer het nie, maar deur diskoers dekonstruksie kon ek sien dat ek dikwels nie die kennis van die deelnemer voorkeur gegee het nie. Diskoers dekonstruksie het my laat fokus op die wyse waarop ek die gesprekke met die deelnemers gerig het (Jennings & Graham 1996:173). Ek kon ondersoek instel na die wyse waarop mag in my gesprekke gefunksioneer het, asook hoe mag gefunksioneer het in die gesprekke tussen die deelnemers en die pastore wat hulle onderskeidelik gaan sien het (Webb 1996:156).

8.7 REFLEKSIE OOR DIE GESPREKKE MET DIE DEELNEMERS...

In refleksie kon ek deur die stories van die deelnemers nadink oor hoe mag gefunksioneer het (Ballard 1994:24). Ek het op grond van die literatuur wat ek bestudeer het na sekere ervarings van die deelnemers opgelet wat my gehelp het om ondersoek in te stel na die wyse waarop mag gefunksioneer het in die berading wat ontvang was.

8.7.1 Refleksie oor die ervaring van mag deur die deelnemers

Dit was vir my baie belangrik om onderskeid te maak tussen mag wat tydens die berading funksioneer en swak berading oor die algemeen. Dit was nie my doel om berading te kritiseer nie, maar om aspekte van mag meer sigbaar te maak.

Ek het die aspekte van mag meer sigbaar gemaak deur die deelnemers se ervarings van mag te ondersoek. Nadat ek literatuur bestudeer het, veral die werke van Foucault (1979, 1980, 1981), het ek bewus geword van die wyse waarop mag prakties ervaar word (sien hoofstuk twee). Ek het ondersoek ingestel na die ervaring van die deelnemers hoofsaaklik op grond van wie se kennis tydens die beradings sessies prioriteit geniet het. Hierdie werkswyse was vir my baie sinvol omdat dit my laat nadink het oor die teoretiese aspekte wat nou ook 'n praktiese ervaring geword het. Deur my gesprekke met die deelnemers het die teoretiese aspekte vir my 'n 'gesig' gekry.

Hiermee bedoel ek dat die ervarings van die deelnemers nie net teorieë gebly het wat ek bestudeer het nie, maar dat ek deur hulle stories 'n nuwe insig gekry het vir die wyse waarop hulle die berading ervaar het.

Ek het hulle teleurstelling 'gevoel' wanneer hulle byvoorbeeld teleurgesteld uitgestap het na 'n beradingsessie wat hulle as hulle enigste hoop beskou het. Maryke het byvoorbeeld die woorde gebruik, 'ek het gevoel soos 'n mislukking' na haar beradingsessie, terwyl Sunet gesê het, 'maar ek sou eerder wou hê dat

hy my moet bemoedig. Ek het al klaar so skuldig gevoel, want ek het geweet dit is net my skuld.'

Die ervaring en verwagtinge van die kliënt noodsaak dat pastore en predikante nie moet uitgee dat hulle berading kan doen as hulle nie die nodige opleiding ontvang het nie. Pastore behoort te besef dat 'n kursus in christelike berading nie altyd voldoende is om 'n pastoor op te lei vir berading in die praktyk nie. Praktiese pastorale berading behels dikwels veel meer toewyding en vaardighede as wat besef word. Pastore mag dalk dink dat hulle opgelei is om berading te doen, maar daar is baie aspekte van berading, soos juis die mag- en etiese aspekte van berading wat nie altyd die voldoende aandag binne opleidingskursusse geniet nie.

Ek sou graag wou hê dat pastore in die lig van hierdie navorsing die opleiding wat hulle ontvang het, asook die wyse waarop hulle berading beoefen, bevraagteken.

Mense verwag as gevolg van die diskoerse wat pastore in posisies van mag hou outomaties dat die pastore opgelei is om berading te doen. Diskoerse soos byvoorbeeld dat pastore 'altyd die beste weet' en 'dat hulle enige probleem kan oplos' versterk die pastoor se posisie van mag (Goodrich 1991:53).

Indien daar nie die nodige opleiding ontvang is om berading te doen nie, kan pastore wetend en onwetend skade berokken. Die pastoor aanvaar die magsposisie wat saam met die titel gepaard gaan, maar kan die berading nie op konstruktiewe wyse uitoefen nie, omdat die opleiding onvoldoende was. Relevante opleiding is dus noodsaaklik om verdere magsmisbruik te verhoed veral in die lig van die effek wat mag op kliënte se lewens kan hê (Collins 1989:12).

Om hierdie punt te benadruk kan mens kyk na Joyce wie se selfmoordgedagtes nooit aangespreek was nie. Joyce wou gehad het dat die pastoor haar noodkreet moes hoor, maar omdat haar kennis bitter selde gefunksioneer het, het die

pastoor nie geweet dat sy desperaat was vir hulp nie en het hy oor dinge gepraat wat vir haar irrelevant was. Sy sê: 'I was actually feeling suicidal, and even though speaking to him, in my mind, I was thinking, the only way out is to die.'

Hierdie stelling van Joyce onderstreep die belang van my onderwerp vir pastorale berading en die funksionering van mag, omdat dit, soos in Joyce se geval, die verskil kan maak tussen lewe en dood. Pastorale beraders behoort te weet wat die effek van swak berading potensieel kan wees en eties verantwoordelikheid neem vir die kliënte wat hulle beraad. White (1997:143) sê: 'As therapists we exempt ourselves from considerations of personal ethics – from an acknowledgement of and a responsibility for the real effects of this work on the lives and relationships of persons who consult us.'

8.7.2 Weerstand teen mag

Die gesprekke wat ek met die deelnemers gevoer het, het ek baie leersaam gevind, veral omdat dit my laat nadink het oor hoe sommige kliënte weerstand gebied het teen die magsfunksionering wat hulle ervaar het (Falzon 1998:52). Hierdie 'weerstand' teen mag het soms in werking getree wanneer sommige deelnemers ervaar het dat die berader nie werklik in hulle as mens, of hulle probleme belang gestel het nie. Die kliënt se stem was dikwels deur hierdie tipe magsfunksionering stil gemaak (Bons-Storm 1996:11). AJ het in effek oor sy gesprek met die pastoor die volgende gesê: 'Ek was nie lus om met hom (die pastoor) te praat nie. Ek het net die nodigste gesê.'

In my gesprekke met die vroulike deelnemers het ek ervaar dat patriargale mag, wat reeds vroeër in die hoofstuk bespreek is, bygedra het tot die stilswye van die vrouens wat beraad is. Uit die navorsing het geblyk dat patriargale mag 'n groter rol speel in pastorale berading as wat ek verwag het (Bird 1994). Ek het gewonder oor patriargale mag wat by die vroulike kliënte meer sigbaar was en die wyse waarop hulle deur stilswye weerstand gebied het teen hierdie mag wat hulle ervaar het. In die lig van Foucault se idees oor mag en weerstand het ek

gedink dat die wyse waarop kliënte in stilswye verval tydens berading 'n manier was van weerstand wat hulle teen die effek van mag gebied het (Foucault 1982:225). Dit was die deelnemers se manier waarop hulle die pastoor ontnem het van mag deur kennis oor hulle spesifieke probleem van hom te weerhou.

Ek het verder ervaar dat kliënte ook kennis van die pastoor weerhou en in stilswye verval het wanneer hulle gemarginaliseer gevoel het (Gergen 1994:272). Dit het veral gebeur wanneer 'n kliënt gevoel het dat die pastoor nie hulle storie hoor nie, maar hulle wel van raad wil bedien. Sunet het gesê: 'Ek dink dit is soos 'n formule wat hy met almal doen... "this is the way you work it out, and that's that". Die probleem verskil van die mense wat hom kom sien, maar die oplossing wat hy vir almal gee is dieselfde.'

8.7.3 Refleksie oor die 'normalising gaze'

Ek het ook nagedink oor hoe Foucault (1979:186) se idees oor die 'normalizing gaze' of 'normaliserende blik' funksioneer deurdad die kliënte dikwels opgetree het volgens wat hulle gedink het aanvaarbare gedrag in die berading sou wees. Dit het my laat dink oor hoe die 'gaze' 'n effek op hulle het, waar hulle aan die bron van die mag onderwerp het, in hierdie gevalle die pastoor, alhoewel hulle nie noodwendig met hom saamgestem het nie. White (1991:24) verduidelik die ervaring van die 'normaliserende blik' as volg:

Not only did each person feel under scrutiny at all times in relation to the rules and norms of the organization, but each person was also isolated in their experience of scrutiny; in their subjugation to normalizing judgement.

(White 1991:24)

Om hierdie punt verder te illustreer kan ek Rhona se ervaring as voorbeeld gebruik, waar die pastoor haar uit die beradingsvertrek gestuur het om alleen met haar man, Leon te praat, sonder om aan haar te verduidelik waarom dit gegaan het, of haar gevoelens daaromtrent in ag te neem. Sy het op grond van hierdie ervaring gesê: 'Ek het dit aanvaar want hy (die pastoor) weet seker die beste, en daar was seker 'n rede waarom ek moes uitgaan (uit die vertrek uit),

alhoewel ek nooit die rede uitgevind het nie. Ek het bietjie uit gevoel, asof ek iets mis...’.

Rhona sê dat sy ‘uit gevoel’ het, maar bevraagteken nie werklik die pastoor se optrede nie omdat sy aanvaar dat hy weet wat hy doen. Die feit dat Rhona nie die pastoor bevraagteken nie kan mens laat wonder of sy miskien wel vrae rondom hierdie ervaring gehad het wat sy aan hom sou wou stel om sy optrede aan haar te verduidelik. Sy vra egter nie vrae nie omdat dit teenstrydig sou wees met aksies en dade wat sosiaal of kultureel aanvaarbaar is binne die spreekkamer (White & Epston 1992). Sy moet aanvaar wat die pastoor voorstel alhoewel dit haar isoleer in haar negatiewe ervaring.

Nog ‘n voorbeeld was waar Sunet was baie ontsteld was omdat haar kinders by die berading betrek was, tog het sy die pastoor nie bevraagteken en hom daarvoor gekonfronteer nie, want sy het gevoel dat sy die oorsaak was dat hulle vir berading moes gaan in die eerste plek. ‘n Ander deelnemer, AJ, het ook ‘n soortgelyke stelling gemaak, nadat hy nie saamgestem het met wat die pastoor gesê het nie. AJ sê: ‘Ek dink dit was deel van sy taktiek, sy praktiese wenke. Ek neem aan dit was deel van sy ervaring om mense te beraad. Hoe kon ek hom daar en dan kritiseer?’

Ek het ook nagedink oor geïnternaliseerde persoonlike diskoerse wat deur Foucault (1979:185) gesien word as ‘n manier van selfkontrole om by die sosiale norme en standaarde te pas. Hy sluit by White (1991) aan en sê dat mense hulleself monitor en optree volgens hulle interpretasie van die voorgestelde kulturele en sosiale norme. ‘They would therefore become ever vigilant of their own behaviour, constantly evaluating their own actions against the norms that are laid down by the “gaze”’ (White 1991:24).

Joyce was een van die deelnemers waar Foucault se idees oor die ‘normalizing gaze’ deur geïnternaliseerde persoonlike diskoerse gefunksioneer het. Joyce het byvoorbeeld gesê: ‘Maybe I was expecting too much’, en ‘n ander keer het sy gesê: ‘I think maybe I don’t have the ability to express myself very well’. Dit het

my weereens laat besef hoe maklik kliënte deur dit wat in die spreekkamer gesê of ervaar word, bepaal wat hulle van hulleself dink in die pastoor se teenwoordigheid en dan later wanneer hulle by die spreekkamer uitstap (Foucault 1979:187).

Ek het die deelnemers ook gevra hoe hulle die navorsingsgesprekke beleef het wat ek met hulle gevoer het. Hulle het gesê dat hulle nie daarvan bewus was dat mag gefunksioneer het nie. Ek weet egter dat mag in alle gesprekke funksioneer (Foucault 1982:213). Die 'normaliserende blik' het hulle dus ook verblind vir enige mag wat in ons gesprekke kon funksioneer. Die vraag aan hulle of hulle 'mag' voel funksioneer het in ons gesprekke, was dus irrelevant omdat hulle nie noodwendig van mag bewus sou wees nie, al het dit gefunksioneer (Parker 1989:63).

Uit die ondersoek het dit nie gelyk of die funksionering van mag die kliënt aanvanklik negatief gestem het oor die berading wat hy/sy ontvang het nie. AJ het byvoorbeeld gesê dat hy dink die berading wat hy ontvang het was goed en dat dit hom gehelp het. Ek het vir hom gevra hoe die berading vir hom was, waarop AJ geantwoord het: 'Baie goed, maar ek moet sê dat daar tye was in die berading waar ek gevoel het hulle (die Kerk) was besig om my onregverdig te behandel'. Wanneer daar meer in diepte ondersoek gedoen is en waar ek meer aspekte van mag ondersoek het en die ervarings rondom hierdie magsaspekte (soos byvoorbeeld dat die kliënt se kennis nie gefunksioneer het nie) het dit duidelik geword dat die kliënt gefrustreerd gevoel het met die berading, maar as gevolg van die 'gaze' die frustrasie geïnternaliseer het (Foucault 1979:186).

8.8 REFLEKSIE OOR DIE ETIESE ASPEK VAN DIE NAVORSINGSGESPREEKKE

Aangesien ek voorsiening gemaak het vir potensiële negatiewe effekte van die onderhoude met die deelnemers, omdat dit nie uitgesluit kon word dat pynlike ervarings in die onderhoude kon opduik nie, het ek Sunet weereens genader vir moontlike berading oor skuldgevoelens wat haar steeds verhinder om haar probleme totaal te oorkom. Sy het gesê dat dit defintief op haar agenda is en dat sy van die aanbod gebruik sal maak as sy 'n kans kry.

Die ander deelnemers het egter gesê dat hulle die gesprekke en die kommentaar interessant gevind het, en nie deur die navorsing ontstel was nie. Die deelnemers het die kommentaar gelees wat ek gemaak het op grond van die gesprekke wat ons gehad het. Hulle het nie beswaar gehad oor wat geskryf is nie. Hulle het almal saamgestem dat dit defintief 'n aspek is wat hulle graag aangespreek sou wou sien in pastorale berading, aangesien hulle vroeër onbewus daarvan was dat mag moontlik in 'n beradingsgesprek kan funksioneer.

Alhoewel die deelnemers nie bewus kon wees van mag wat in ons navorsingsgesprekke kon funksioneer nie, en ek dit in ag neem, het almal genoem dat die gedagte van mag wat in die beradingsgesprek ongesiens funksioneer, vir hulle 'n 'interessante' onderwerp is en dat hierdie 'kennis' waaroor hulle nou beskik, hulle in die toekoms met ander oë na berading sal laat kyk.

Ek het gevra presies *hoe* die deelnemers 'anders' oor berading sou dink? Almal was dit eens dat hulle besef dat hulle meer vrae sou vra oor die manier waarop hulle berading ontvang, en dat hulle nie so bang sal wees om vrae te vra indien hulle nie sou saam stem met die berader nie. Ek dink die deelnemers het besef dat geen kliënt sy terapeut se wyse van denke hoef te ontleed of verstaan nie. Hulle het gesê dat hierdie gesprekke met my, hulle in die vervolg sal laat weet dat hulle eie opinies en uitsprake baie belangrik is. Hulle het verder ook besef dat hulle eie betekenis en emosies die beste in hulle spesifieke verwysingsraamwerke gaan inpas wanneer dit by berading kom (Freedman en Combs 1996:9).

Die deelnemers het verder gesê dat hulle graag sou wou sien dat pastore meer bewus sal wees van hulle as mense, en nie bloot kliënte wie se probleme hulle moet oplos nie. Daar was 'n behoefte aan pastoor-kliënt verhouding wat minder koud en onpersoonlik was. Hulle het saamgestem dat hulle 'n groot bewondering het vir die werk van pastore as beraders, omdat hulle besef dat dit 'n geweldige 'moeilike' werk moet wees om mense se probleme op te los, maar dat 'n bietjie meer empatie en 'belangstelling' miskien hulle taak kan verlig, voordat 'raad' so vinnig bedien word.

Hulle het ook saam gestem dat die pastoor 'n verantwoordelikheid het. Die pastoor moet nie met die berading ophou voordat die kliënt werklik gelukkig is met die afloop van die berading nie. Om die berading net te staak, sonder dat daar eens 'n gesprek was oor hoe die kliënt die berading ervaar het, is oneties met die kliënt te werk te gaan.

Deur hierdie gesprek het ek weereens besef hoe belangrik die etiese aspek van berading is, juis omdat daar soveel onkundigheid bestaan van wat etiese pastorale berading behels as gevolg van diskoerse wat magsverhoudings binne pastorale berading bevorder. Ek het 'n gevoel van verantwoordelikheid ervaar om mense bewus te maak van die effek van mag in 'n beradingsverhouding omdat dit so 'n wesentlike invloed op berading het (Botha 1998:11).

White (1997:143) het die etiese aspek van berading vir my onderstreep deur te sê: 'The priority is one that is, in the first place, determined by the ethics of practice – it is an ethical commitment'. Verder het hy ook gesê: 'As therapists we exempt ourselves from considerations of personal ethics – from an acknowledgement of and a responsibility for the real effects of this work on the lives and relationships of persons who consult us.' Die etiese verantwoordelikheid berus dus by die pastoor wat die berading doen, en om hierdie etiese verantwoordelikheid werklik ernstig op te neem moet die berader bewus wees van die effek van mag in die beradingsverhouding (McLean 1994:2,3)

8.9 REFLEKSIE OOR DIE PAD VORENTOE...

Die dekonstruksie van die ervarings van die deelnemers wil ek gebruik om pastore bewus te maak van hoe kliënte pastorale berading ervaar sodat hulle hul eie berading daarvolgens kan evalueer en daaruit leer om pastorale terapie meer suksesvol te maak. Ek wil graag hierdie navorsing aan alle pastore beskikbaar stel, ook buite die AGS denominasie, omdat ek glo dat daar onkunde bestaan oor die effek van mag in pastorale berading in die breë spektrum van die Kerk. Ek sal graag 'n kopie van hierdie verhandeling aan die prinsipaal van die AGS Teologiese Seminarium wil gee om sodoende 'n moontlike bewustheid te wek in die geval van verdere opleiding van pastore in pastorale berading. Alhoewel die studie op die AGS Kerk toegespits was, glo ek dat magsverhoudinge in berading in alle denominasies aangespreek behoort te word. Ek sal graag hierdie verhandeling in 'n artikel wou verwerk en dit beskikbaar stel aan 'n groter leeskring van pastorale leiers wat in hulle onderskeidelike kerke berading doen.

Ek dink in verdere navorsing sou dit vir my interessant gewees het om onderhoude met die pastore te voer wat die deelnemers beraad het, en hulle ervarings te verwerk en vrae te vra na aanleiding van hulle siening oor magsverhoudinge in pastorale berading. Ek sou byvoorbeeld wou kyk presies hoe bewus hulle van die funksionering van mags tydens berading is, al dan nie. Die vraag is of pastore bewus is van hoe magsverhoudinge funksioneer in hulle berading en veral die effekte van mag in die spreekkamer.

8.10 NAGEDAGTE

In hoofstuk een het ek my beywer om 'n fondasie te lê vir my navorsing. Hier het ek ook die rede vir my navorsing gemotiveer as gevolg van my persoonlike ervaring. Ek het kortliks 'n verduideliking gegee van die noodigheid van die studie, die navorsingsvraag, die doel van die studie, die teoretiese en konseptuele raamwerk en hoe die navorsing gaan geskied en die stappe wat gevolg sou word wat die etiese inagneming insluit.

Hoofstuk twee was 'n literatuurstudie wat die funksionering van mag en kennis vir die doel van my navorsing beter beskryf en gedefinieer het. Die daaropvolgende hoofstukke drie tot sewe, was die gesprekke wat ek met die deelnemers gevoer het met my kommentaar om die funksionering van mag beter sigbaar te maak en te evalueer.

In die laaste hoofstuk het ek in refleksie my persoonlike ervarings en algemene gevolgtrekking van wat die navorsing vir my beteken het, opgesom. Dit is vir my belangrik omdat ek verder wil leer uit hierdie ondervinding ten einde goeie effektiewe pastorale terapie te beoefen en te konstrueer.

Hierdie navorsing het vir my baie beteken in die sin dat ek as mens gegroei het. Ek glo dat die teoretiese aspekte van magsmisbruik, vir my 'n realiteit geword het in my gesprekke met die deelnemers. Die pyn wat magsverhoudings potensieel kan skep het ook in 'n mate my pyn geword. Dit het my meer vasbeslote gemaak om kerkleiers wat berading doen, bewus te maak van die skade wat mag aan mense se lewens kan doen. Ek wil my beywer om mag te ontbloot as die gevaarlike element van pastorale berading wat dikwels verskuil lê.

Ek glo dat hierdie navorsing 'n bewustheid sal skep by pastore, naamlik dat mag 'n aspek is waarmee rekening gehou behoort te word binne die beradingsproses. Sodoende kan 'n verantwoordelikheid geskep word om daadwerklik op te tree sodat berading binne die pastoraat meer eties kan geskied ten einde beter resultate te lewer, wat 'n positiewe effek sal hê op beide die kliënt sowel as die pastoor.

Om magsverhoudinge aan te spreek is 'n taak wat voor alle pastorale beraders se deure lê. Dit is 'n verantwoordelikheid wat stilgemaak word deur die diskoerse wat persone in magsposisies bevoordeel. Om 'n verskil te maak en 'n bewuswording te skep van die effek van magspraktyke in pastorale berading is 'n taak wat alle pastorale beraders ernstig behoort op te neem. 'Participation of all,

is a primary commitment if in any way, we aspire to being ethical' (Kotzé 2002:18).

BIBLIOGRAFIE

Ackermann, D.M. 1996. Engaging freedom. A contextual feminist theology of praxis. *Journal of Theology for South Africa* 94, 32-49.

Ackermann, D.M. & Bons-Storm, R. 1998. *Liberating faith practices. Feminist practical theologies in context*. Pretoria: Peeters Uitgewery.

Adams, J.E. 1972. *The big umbrella*. Philadelphia: Presbyterian and Reformed Publishing Company.

Adams, J.E. 1973. *The christian counselor's manual*. Grand Rappids: Zondervan.

Adams, J.E. 1976. *Your place in the counseling revolution*. Baker Book House: Michigan.

Adams, J.E. 1980. *Shepherding God's flock. A preacher's handbook on pastoral ministry, counseling, and leadership*. Philadelphia: Presbyterian and Reformed Publishing Company.

Adams, J.E. 1981. *The language of counseling and the christian counselor's wordbook*. Grand Rappids: Zondervan.

Adams, J.E. 1986. *The christian counselor's casebook*. Grand Rappids: Zondervan.

Adams-Westcott, J. & Isenbart, D. 1996. Creating preferred relationships. *Journal of Systemic Therapies* 15(1).

Anderson, H. & Goolishian, H.A. 1988. Human systems as linguistic systems: Preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. *Family Process* 27(4).

Ballard, K. (ed.). 1994. *Disability, family, whanau and society*. Palmerston North: The Dunmore Press Limited.

Bannister, P. Burman, E. Parker, I. Taylor, M. & Tindall, C. (eds.). 1994. *Qualitative methods in psychology: A research guide*. Buckingham: Open University Press.

Barbieri, W.A. 1998. Ethics and the narrated life. *The journal of religion* 78(3), 361-387.

Bird, J. 1994. Talking amongst ourselves. *Dulwich Centre Newsletter* (1), 44-46.

Bobgan, M. & Bobgan, D. 1979. *The psychological way/the spiritual way*. Mineapolis: Bethany House.

Bons-Storm, R. 1996. *The incredible woman: Listening to women's silences in pastoral care and counseling*. Nashville: Abingdon Press.

Botha, A. 1998. Pastoral therapy and extra-marital affairs: a narrative approach. Unpublished PhD thesis. University of South Africa, Pretoria.

Brueggemann, W. 1993. *Texts under negotiation: the Bible and postmodern imagination*. Minneapolis: Fortress Press.

Bruner, J. 1990. *Acts of meaning*. Cambridge, MA: Harvard University Press.

- Burr, V. 1995. *An introduction to social constructionism*. London: Routledge.
- Burstow, B. 1992. *Radical feminist therapy. Working in the context of violence*. Newbury Park, CA: Sage.
- Carpenter, J. 1992. What's the use of family therapy? *Australian & New Zealand journal of family therapy* (13).
- Clandinin, D.J. & Connelly, F.M. 1991. *Narrative and story in practice and research*. New York: Teachers College Press.
- Clegg, S.T. 1994. Social theory for the study of organisation: Weber and Foucault. *Organization* 1(1), 149-78.
- Cochrane, J.R., DeGruchy, J.W. & Petersen, R. 1991. *In word and deed: Towards a practical theology for social transformation*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- Collins, G.R. 1989. *Christian counseling. A comprehensive guide*. Dallas, Texas: Word Incorporated.
- Coyle, A. 1995. Discourse analysis. In Breakwell G. (ed.). *Research methods in psychology*. London: Sage.
- Deleuze, G. 1988. *Foucault*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (eds.). 1994. *Handbook of qualitative research*. London: Sage Publications.

Dill, J. 1996. 'n Basisteorie vir pastorale terapie in die lig van postmoderne epistemologie. Ongepubliseerde D.D. Proefskrif. Universiteit van die Oranje Vrystaat. Bloemfontein.

Dill, J. & Kotzé, D.J. 1996. Verkenning van 'n postmoderne epistemologiese konteks vir die praktiese teologie. Artikel voorgelê vir publikasie in die *Acta Theologica*.

Dixon, G. 1999. Narrative, journalling, therapy and abuse: Co-searching some women's lives. Unpublished PhD thesis. University of Otago, Dunedin, New Zealand.

Dockery, D.S. 1995. *The challenge of postmodernism. An evangelical engagement*. A Bridgepoint Book.

Drewery, W. & Winslade, J. 1997. The theoretical story of narrative therapy. In Monk, G. Winslade, J. Crockett, K. & Epston, D. (eds.). *Narrative therapy in practice. The archaeology of hope*. San Francisco: Jossey-Bass.

Dreyer, J.S. 1998. The researcher and the researched. Methodological challenges for practical theology. Unpublished PhD thesis. University of South Africa, Pretoria.

Du Toit, C. 1994. A theological response to new cosmology. The Christian faith in the light of new ideas on the origin of the universe. In Du Toit, C.W. (ed.). *Theology and the new physics*, 13-30. Pretoria: University of South Africa.

Efran, J.S. Lukens, R.J. & Lukens, M.D. 1985. The world according to Humberto Maturana. *The family therapy networker* 9(3), 23-28.

Egan, G. 1994. *The skilled helper. A problem-management approach to helping*. California: Brooks/Cole Publishing Company.

Eybers, I.H. König, A. & Stoop, J.A. 1982. *Inleiding in die teologie*. (derde uitgawe). Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Fairclough, N. & Wodak, R. 1997. Critical discourse analysis. In van Dijk, T. (ed.). *Discourse as social interaction. Discourse studies: A multidisciplinary introduction (2)*. London: Sage.

Falzon, C. 1998. *Foucault and social dialogue. Beyond fragmentation*. London: Routledge.

Fillingham, L.A. 1993. *Foucault for beginners*. New York: Writers and Readers.

Fiske, J. 1992. British cultural studies and television. In Alen, R. (ed.). *Channels of discourse reassembled*. London: Sage.

Foucault, M. 1972. *The archaeology of knowledge*. London: Routledge.

Foucault, M. 1979. *Discipline and punish. The birth of the prison*. Harmondsworth: Penguin.

Foucault, M. 1980. *Power/knowledge. Selected interviews and other writings, 1972-1977*. New York: Pantheon Books.

Foucault, M. 1981. *The history of sexuality. An introduction*. Harmondsworth: Penguin.

Foucault, M. 1982. Afterword by Michel Foucault. In Dreyfus H.L. & Rabinow, P. *Michel Foucault. Beyond structuralism and hermeneutics*, 208-226. Chicago: University of Chicago Press.

Freedman, J. & Combs, G. 1996. *Narrative therapy. The social construction of preferred realities*. New York: Norton.

Freeman, J. Epston, D. & Lobovits, D. 1997. *Playful approaches to serious problems. Narrative therapy with children and their families*. New York: Norton.

Gallagher, D.J. 1996. A Long Road Ahead. Contemplating the future from the perspective of a young interpretist. In Hethusius, L. & Ballard, K. (eds.). *Positivism to interpretivism and beyond. Tales of transformation in educational and social research*. London: Teacher College Press.

Gergen, K.J. 1985. *The social constructionist movement in modern psychology*. Swarthmore College: The American Psychologist.

Gergen, K.J. 1991. *The saturated self*. New York: Basic Books.

Gergen, K.J. 1994. *Realities and relationships: Soundings in social construction*. Cambridge, MA: Harvard University Press.

Gerkin, C.V. 1986. *Widening the horizons*. Philadelphia: Westminster Press.

Gilligan, C. 1982. *In a different voice. Psychological theory and women's development*. Cambridge: Harvard University Press.

Goldsmith, J.S. 1960. *The art of spiritual healing*. London: George Allen & Unwin Ltd.

Goodrich, T.J. 1991. *Women and power. Perspectives for family therapy*. New York: Norton & Company.

Graham, E.L. 1996. *Transforming practice. Pastoral theology in an age of uncertainty*. London: Mowbray.

Halperin, D.M. 1995. *Saint Foucault. Towards a gay hagiography*. New York: Oxford University Press.

Hare-Mustin, R.T. 1994. *Discourses in the mirrored room. A postmodern analysis of therapy*. *Family Process* 33(1), 19-35.

Hare-Mustin, R.T. & Marecek, J. 1988. *The meaning of difference. Gender theory, postmodernism, and psychology*. *American Psychologist* (43), 455-464.

Hart, A.D. Gulbranson, G.L. & Smith, J. 1992. *Mastering pastoral counseling*. Oregon: Multnomah.

Hoffman, L. 1990. Constructing realities. An art of lenses. *Family Process* 29(1), 1-12.

Hoffman, L. 1992. A reflexive stance for family therapy. In McNamee, S. & Gergen, K. (eds.). *Therapy as social construction*. London: Sage.

Isherwood, L. & McEwan, D. 1993. *Introducing feminist theology*. Sheffield: Sheffield Academic Press.

Isherwood, L. & McEwan, D. (eds.). 1996. *An A to Z of feminist theology*. Sheffield: Sheffield Academic Press.

Jennings, L.E. & Graham, A.P. 1996. Exposing discourses through action research. In Zuber-Skerritt (ed.). *New Directions in Action Research*, 165-188. London: Falmer Press.

Keane, M.H. 1998. Feminist and womanist theology. In Maimela, S. & König, A. (eds.). *Initiation into theology. The rich variety of theology and hermeneutics*, 121-135. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Kearins, K. 1996. Power in organisational analysis: Delineating and contrasting a Foucauldian perspective. *EJROT* II(2).

Keeney, B. 1983. *Aesthetics of change*. New York: Guilford.S.

Kirwin, W.T. 1984. *Biblical concepts for christian counseling*. Grand Rapids: Baker.

Kline, N. 1993. *Women and power. How far can we go?* London: BBC Books.

Knudson-Martin, C. 1997. *Journal of marital and family therapy* 23(4). Bozeman: Montana State University.

Kotzé, D.J. 1992. Verantwoordelikheid as Antropologiese Essensie. Ongepubliseerde D.D. Proefskrif. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Kotzé, D. 2002. Doing participatory Ethics. In Kotzé, D. Myburg, J. Roux, J. & Associates. *Ethical Ways of Being*, 1-32. Pretoria: Ethics Alive.

Kotzé, E. & Kotzé, D.J. 1997. *Social construction as a postmodern discourse. An epistemology for conversational therapeutic practice*. *Acta Theologica* 17(1), 27-50.

Kvale, S. 1996. *InterViews: An introduction to qualitative research interviewing*. Thousand Oaks, CA: Sage.

Lindsay, G. 1983. *The charismatic ministry*. Dallas, Texas: Christ for the Nations Incorporated.

Lowe, R. 1991. Postmodern themes and therapeutic practices. Notes towards the definition of family therapy: Part 2. *Dulwich Centre Newsletter* (3), 41-52.

MacArthur, J.F. & Mack, W.A. 1994. *Introduction to biblical counseling. A basic guide to the principles and practice of counseling*. Dallas, Texas: Word Publishing.

McBride, M. 1996. Power. In Isherwood & McEwan (eds.). *An A to Z of feminist theology*, 182-183. England: Sheffield Academic Press.

MacDonald, J. 1998. *Narrative Therapy in Action: The Problem, not the Person, is the Problem*. [online] <http://onthenet.com.ay@pict/mentnarr.htm> [accessed 4 February 1998].

McGoldrick, M. 1993. Ethnicity, cultural diversity, and normality. In Walch, F. (ed.). *Normal Family Processes*. New York: Guilford.

McLean, B. 1997. Co-constructing narratives: A postmodern approach to counselling. Unpublished MEd (counseling) Dissertation. Dunedin: University of Otago.

McLemore, C. 1985. Moral and ethical issues in treatment. In Brenner, D. (ed.). *Baker encyclopedia of psychology*. Grand Rapids: Baker.

McNamee, S. & Gergen, K.J. (eds.). 1992. *Therapy as Social Construction*. London: Sage

Madigan, S. 1996. The politics of identity. Considering community discourse in the externalising of internalised problem conversations. *Journal of Systemic Therapies* 15(1).

Maturana, H.R. & Valera, F.J. 1988. *The tree of knowledge. The biological roots of human understanding*. Boston: Shambhala.

Meier, D.M. Minirth, F.B. Wichern, F.B. & Ratcliff, D.E. 1991. *Introduction to psychology and counseling. Christian perspectives and applications*. (second edition). Grand Rapids: Baker

Miller, W.R. & Jackson, K.A. 1985. *Practical psychology for pastors*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

Möller, F.P. 1991. *Woorde van lig en lewe. 'n Dogmatiese studie: Deel 1*. Westdene: AGS Drukkers.

Monk, G. 1997. How narrative therapy works. In Monk, G. Winslade, J. Crocket, K. & Epston, D. (eds.). *Narrative therapy in practice. The archaeology of hope*. San Francisco: Jossey-Bass.

Monk, G. Winslade, J. Crocket, K. & Epston, D. 1996. *Narrative Therapy in Practice*. San Francisco: Jossey-Bass.

Myerhoff, B. 1982. Life history among the elderly. Performance, visibility an remembering. In Ruby, J. (ed.). *A crack in the mirror. Reflexive perspectives in anthropology*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

Nelson, P.C. 1981. *Bible doctrines*. Springfield: Gospel Publishing House.

Oates, W.E. 1959. *An introduction to pastoral counseling*. Nashville: Broadman.

Parker, I. 1989. Discourse and power. In Shotter, J. & Gergen, K. (eds.). *Texts of identity*. London: Sage.

Pattison, S. 1993. *A Critique of Pastoral Care*. (second edition). London: SCM Press.

Pieterse, H.J.C. 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Pretoria: RGN.

Rossouw, G.J. 1993. *Theology in a post-modern culture: ten challenges*. *Hervormde Teologiese Studies* 49(4), 894-907.

Shotter, J. & Gergen, K.J. 1989. *Texts of identity*. London: Sage.

Snyman, J.J. & Du Plessis, P.G.W. (eds.). 1987. *Wetenskapsbeelde in die geesteswetenskappe*.

Pretoria: RGN.

Tomm, K. 1988. Interventive interviewing. Intending to ask lineal, circular, strategic, or reflexive questions? *Family Process* 27(1), 1-5.

Townley, B. 1994. *Reframing human resource management. Power, ethics and the subject at work*. London: Sage.

Walker, M.U. 1998. *Moral understandings. A feminist study in ethics*. New York: Routledge.

Webb, G. 1996. Becoming critical of action research for development. In Zuber-Skerritt, O. (ed.). *New directions in action research*, 137-164. London: Falmer Press.

Wessels, F. 1999. Career resilience: A pastoral narrative approach. Unpublished MTh dissertation. University of South Africa, Pretoria.

White, M. 1989. The process of questioning. A therapy of literary merit? In White, M. *Selected papers*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

White, M. 1991. Deconstruction and therapy. *Dulwich Center Newsletter* (3), 21-40.

White, M. 1995. *Re-authoring lives: Interviews and essays*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

White, M. 1997. *Narratives of therapists' lives*. Adelaide: Dulwich Center Publications.

White, M. & Epston, D. 1990. *Narrative means to therapeutic ends*. New York: Norton and Company.

White, M. & Epston, D. 1992. *Experience, contradiction, narrative and imagination*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Wolvaardt, J.A. 1993. *Practical theology. Only study guide for PTA301-4*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Zimmerman, J.L. & Dickerson, V.C. 1996. *If problems talked. Narrative therapy in action*. London: Guilford.

Zuber-Skerritt, O. 1996. *New directions in action research*. London: Falmer Press.

APPENDIX

1. NAVORSINGSINLIGTING VAN BELANG VIR DIE DEELNEMER

Baie dankie vir u belangstelling in my navorsingsprojek. Die navorsing wat ek onderneem is ten einde my Meestersgraad in Pastorale Terapie te voltooi. Met hierdie brief wil ek u graag uitnoui om aan my navorsingsprojek deel te neem. Graag wil ek die volgende inligting verskaf omtrent die omvang en die doel van my navorsing.

2. DIE DOEL VAN DIE NAVORSING

Ek het vir 'n lang tydperk op die bybelse wyse pastorale berading beoefen, waar 'n mens op 'n baie voorskrywende wyse berading doen, met die Bybel as handleiding van hoe om probleme op te los. Ek het later met 'n alternatiewe manier van berading te doen gekry, waar die Bybel ook gebruik word, maar op 'n ander manier. In hierdie berading is die kliënt baie meer betrokke in die beradingsproses en word die Bybel nie so voorskriftelik gebruik nie.

Die doel van die projek is om saam met jou die ervaring van berading te ondersoek ten opsigte van die magsverhouding tussen pastoor en kliënt. Die doel is om te kyk hoe mag binne berading funksioneer. Die pastoor word dikwels gesien as die ekspert wanneer dit by berading kom. Dit gaan hier nie soseer om vir my te vertel waarom jy vir berading gegaan het nie, maar eerder oor die *hoe* jy die berading ervaar het. Hieruit kan mens dan leer hoe om berading op 'n meer optimale wyse te beoefen, met die oog op sinvolle pastorale terapie wat 'n effektiewe bydra kan lewer tot die lewens van mense, asook die wyse waarop baie pastore berading doen.

3. DIE TIPE DEELNEMERS BENODIG

Persone word benodig wat deur 'n pastoor beraad is, waar die berading reeds afgehandel is. Die rede waarom berading ontvang was, is nie soseer van belang nie. Ek wil net graag luister na jou storie om sodoende van jou ervaring van pastorale berading te hoor, en daaruit te leer. Jou bydrae mag 'n groot rol speel in die ontwikkeling van pastorale berading in die toekoms.

4. WAT VAN DIE DEELNEMERS VERWAG WORD

Ek wil graag een of meermalige gesprek met jou voer. Die plek van die onderhoud kan tussen ons gereël word indien jy sou toestem tot die onderhoud. Hierdie gesprek sal hoofsaaklik handel oor jou ervaring van bybelse pastorale berading. Vrae soos: Wat was jou indrukke van pastorale berading, sal gevra word.

Na ons gesprek sal ek 'n verslag saamstel in samevatting oor die inhoud van ons gesprek, wat ek dan daarna vir jou sal gee. Jy kan dan na die samevatting kyk om seker te maak dat dit 'n getroue weergawe is van ons gesprek, al dan nie. Andersins kan ons met 'n tweede afspraak verder gesels om enige misverstande uit die weg te ruim (miskien iets wat jy wou sê, maar vergeet het tydens die onderhoud of om my reg te help indien ek jou verkeerd verstaan het. Hierdie kommentaar, terugvoer en korreksies sal gebruik word vir die finale verslag.

Indien daar enige pynlike sake gedurende die gesprekke na vore mag kom waarvoor jy graag verder sou wou gesels, kan jy met my, onder die supervisie van my studieleier, Prof. Dirk Kotzé verder gesels, of jy kan na 'n sielkundige van jou keuse verwys word, wat jou verder sal help.

Ek wil graag die gesprek op band opneem, bloot vir my eie gebruik en om te sorg dat waardevolle inligting nie verlore gaan nie. Hierdie band sal vertroulik hanteer word en indien jy die band later self wil hê, kan dit so gereël word dat jy dit kan kry. Andersins sal ek dit by my in 'n geslote plek bêre sodat niemand anders daartoe toegang kan kry nie. Die bande sal na twee jaar vernietig word.

5. WAT GEBEUR MET DIE INFORMASIE TEN OPSIGTE VAN DIE NAVORSINGSGESPREEKE

Die informasie wat ek uit ons gesprek bekom, sal ek met my studieleier, Prof. Dirk Kotzé bespreek, ten einde my te help met die samestelling van my navorsingsprojek. Die resultate sal in my MTh verhandeling vervat word. Jou naam sal op geen wyse met die inligting in die projek verbind sal word nie. Jy bly dus anoniem vir die beskerming van jou identiteit en mag 'n skuilnaam van jou keuse voorstel.

6. INDIEN DAAR ENIGE NAVRAE SOU WEES?

Indien daar vrae in verband met die navorsingsprojek is, moet asseblief nie huiwer om my of my studieleier te kontak nie:

Mariza Troskie	of	Prof. Dirk Kotzé
Posbus 3114		Posbus 12412
North Riding		Hatfield
2162		0028
Tel: (011) 679 9577		Tel: (012) 460 6704

7. TOESTEMMINGSBRIEF

Hiermee verklaar ek dat ek die navorsings-inligtingsblad gelees en verstaan het, en stem toe om 'n deelnemer te wees aan die navorsing. Ek verstaan ook dat:

1. Ek op vrywillige basis aan die navorsing deelneem, en te enige tyd kan besluit om nie meer deel van die navorsing te wees nie.
2. Die navorser geen druk op my plaas om deel te neem aan die navorsing nie.
3. Enige vrae wat ek ten opsigte van die navorsing mag hê, deur die navorser beantwoord sal word.

4. Ek enige vrae, waarmee ek ongemaklik voel, nie hoef te beantwoord nie.
5. Alle informasie wat ek verstrek, streng vertroulik beskou sal word, en dat ek annoniem sal bly in die navorser se verhandeling.
6. Die navorser sal die onderhoude op audiokaset opneem, wat slegs gebruik sal word vir navorsingsdoeleindes.
7. Indien ek voel dit is nodig, mag ek van die navorser gebruik maak vir verdere beradingsgesprekke onder die toesig van die studieleier, Prof. Dirk Kotzé, of mag ek na 'n sielkundige van my keuse verwys word.

Deelnemer se handtekening

Navorser se handtekening

Dankie vir u belangstelling in hierdie studie en vir u bereidwilligheid om daaraan deel te neem. U tyd en moeite word waardeer.

Mariza Troskie (navorser)

8. SEMI-GESTRUKTUREERDE VRAELYS AAN DEELNEMERS OP GROND VAN DIE NAVORSING

'n Mens wil 'n deelnemer nie negatief beïnvloed oor die berading wat hy of sy ontvang het nie. Dit is dus belangrik dat die vrae wat gevra word, so ver moontlik neutraal bly. Hier is 'n paar vrae wat neutraal is, maar uit die gesprekke wat daaruit vloei, sal dit duidelik kan blyk, wie die dominante rol tydens die berading gespeel het. Ek wil graag die vrae insluit, aangesien dit 'n belangrike deel uitmaak van die navorsing, dit dien egter bloot as riglyn en nie 'n formaat waarvolgens die gesprek gehandel het nie.

- Wat het jou laat besluit om hierdie spesifieke pastoor te gaan sien?
- Wat het jou laat dink dat hierdie pastoor jou met jou probleem sou kan help?
- Wat het jy van die pastoor gedink toe jy hom die eerste keer ontmoet? Wat was jou eerste indrukke?
- Hoe het hy jou op jou gemak gestel?
- Hoe het hy jou laat weet wat om van die berading te verwag?
- Het hy opgeleef na jou verwagtinge?
- Wat was jou verwagtinge?
- As jy nou terug kyk, sou jy sê dat jou verwagtinge vervul was?
- Was daar verwagtinge wat nie vervul was nie?
- Het jou opinie deur die loop van die berading verander?
- Wat sou jy sê was goeie eienskappe van die beradingsproses?
- Wat het hy gesê/gedoen/gebeur om jou so te laat dink?
- Wat sou jy sê was minder goeie eienskappe van die beradingsproses?
- Wat het hy gesê/gedoen om jou so te laat dink?
- Hoe het jy die berading oor die algemeen ervaar?
- In watter mate het jy baat gevind by die berading?
- Hoeveel keer het jy die pastoor gaan sien vir berading?

- Het jy daarna uitgesien om terug te gaan vir volgende sessies? Waarom wel of waarom nie?
- Hoe het hy jou gehelp met jou probleme?
- Tot watter mate was jou probleem na die eerste sessie opgelos?
- Tot watter mate was jou probleem na die algehele proses opgelos?
- Hoe sou jy iemand beskryf wat mense se probleme oplos?
- Hoe het die pastoor aan hierdie beskrywing voldoen?
- Watter kwaliteite as berader het by hom uitgestaan?
- Aan watter kwaliteite behoort hy as berader te werk?
- Hoe het jy hom reggehelp as hy jou miskien verkeerd verstaan het?
- Hoe het hy daarop gereageer?
- Hoeveel dink jy het hy van jou probleem verstaan?
- Hoe het hy jou laat voel as jy oor negatiewe dinge gepraat het, byvoorbeeld slegte gewoontes ensovoorts.
- Wat was sy reaksie op hierdie negatiewe dinge ?
- Wanneer was die tye wat jy gevoel het hy luister en verstaan jou?
- Wanneer het jy gevoel hy weet presies waarvan jy praat? Wat het jou so laat dink?
- Wanneer het jy gevoel hy weet nie waarvan jy praat nie?
- Wanneer het jy spesiaal gevoel?
- Hoeveel van die oplossings vir jou probleem het jy self gekry?
- Het jy ooit die gevoel gekry dat die pastoor al die antwoorde op al jou probleme het?
- Het 'n oplossing vir die probleem soms soos 'n openbaring gevoel?
- Hoe het jy by die openbaring uitgekom?
- Het jy iets nuut geleer tydens die berading van jouself? Hoe?
- Hoe het dit jou laat voel?
- Het jy tydens die berading iets nuut geleer oor die probleem? Hoe?
- Hoe het die berading jou as mens, oor jouself laat voel?
- Hoeveel het die pastoor van jou as mens geleer tydens die berading?

- Dink jy die pastoor het jou na die berading, beter geken as voor die berading?
- Sou die pastoor ook jou vriend kon wees? Waarom?
- Hoeveel het jy van hom as mens te wete gekom tydens julle sessies saam?
- In watter mate en hoe het die Bybel 'n rol gespeel in die beradingsgesprek?
- Hoe het die feit dat hy die Bybel beter as jy ken, jou laat voel?
- Het die Bybel jou ooit laat skuldig voel?
- Hoe het die wete dat die pastoor ook ander mense beraad jou laat voel?
- Wat was die blywende waarde van die berading wat jy ontvang het?
- Waarom sal jy hom by ander aanbeveel?